# Afdeling 1 :

# SAGES EN GEBEURE

# Afdeling 1 :
# SAGES EN GEBEURE

## 1.1 WORTELS, WORDING EN OORLEWING

1.1.1 Proloog

1.1.2 “Wie verag die dag van klein dinge …?”

1.1.3 “De Heere heeft ons bewaard!”

1.1.4 Van Burgersdorp na Potchefstroom

1.1.5 “My doodkry is min!”

# 1.1 Wortels, wording en oorlewing

## 1.1.1 PROLOOG

Potchefstroom, Donderdag 20 Mei 1869.

'n Klomp jillende kinders hardloop die straat af, al skreeuende: "Die 'Doppers' neem die dorp in! Die 'Doppers' neem die dorp in!"

Dit was sinodetyd vir die konserwatiewe groep mense wat tien jaar tevore onder meer weens besware teen die strekking van sekere gesange weggebreek en van onder die wydverspreide takke van 'n reuse Rustenburgse seringboom hul eie heil onder die vaandel van 'n nuwe Gereformeerde Kerk gaan soek het.

Só, en dáár op Potchefstroom dié Donderdag, is die saadjie geplant waaruit die PUK later sou groei: die besluit van die sinode om 'n eie teologiese skool vir die opleiding van predikante op te rig, en sommer ook breër opleiding aan te bied.

*Kyk 1.1.2. "Wie verag die dag van klein dinge ...?"*

Tussen Burgersdorp en Potchefstroom lê die Anglo-Boereoorlog, wat 'n geweldige impak op die Teologiese Skool en Literariese Departement (latere PUK) gehad het:

- Die gryse rektor, twee "raadslede" (kuratore) en 'n prominente studenteleier is in hegtenis geneem, op aanklagte van hoogverraad!
- Die inrigting moes sy deure 'n tyd lank sluit.
- 'n Vyftal studente en oudstudente sneuwel in gevegte teen die Britse magte.
- 'n Verdere aantal studente word gevange geneem en as krygsgevangenes na verre eilande verban; andere bevind hulle weer in vrywillige ballingskap in daardie populêre toevlugsoord vir uitgewekenes, Amsterdam in Nederland.

*Kyk 1.1.3. "De Heere heeft ons bewaard!" en ook volume 2 van Sages en Legendes*

Die kinderkrete, daardie Donderdag in Mei 1869 en wat bloot net betrekking had op die paar dae se sinode destyds, sou meer as dertig jaar later bewaarheid word, toe die Teologiese Skool, nou met 'n sterk literariese departement in sy midde, man en muis vanaf Burgersdorp in die noord-oos-Kaap na Potchefstroom verskuif het. Die 'Doppers' het inderdaad "die dorp ingeneem" en gekom om te bly.

Ook dit – die verskuiwing of oorplasing na Potchefstroom – was 'n sage op sy eie, vanweë die beslissende rol wat dr JD du Toit (Totius), die plaaslike predikant, in die verskuiwing gespeel het maar ook vanweë die impak van hierdie traumatiese gebeurtenis op die studente. Student JJA (Ad) Coetzee herinner hom: "Ons het daar op die bult, waar die schoolgebouwe nou staan, net twee flinke gebouwe gekrij: die Theologiese skool en 'n professors woning. Daar was nog nie bome geplant nie, en die twee gebouwe was omring deur hoë gras, wat 'n mens se broekpijpe tot aan die knieë nat gemaak het so vroeg in die môre."

Waar verblyf in Burgersdorp se “duiwehokkies” ‘n groot probleem was hoor die studente by hul aankoms “dat ‘n paar studente in ‘Dampies Hall’, reg voor die kerk, tuis was, en ‘n paar ander in die pastorie, waar ook ‘n professor was, en dat hulle deur die kamer van die professor moes gaan om in hul kamer te kom, maar dat die kamer gelukkig ‘n mooi groot venster gehad het ...”

*Kyk 1.1.4. Van Burgersdorp na Potchefstroom*

Die Teologiese Skool / PUK het nie net die Anglo-Boereoorlog oorleef nie, maar sou dikwels in sy geskiedenis voor groot krisismomente te staan kom waartydens en waardeur sy voortbestaan ernstig bedreig is. Toe dit maar broekskeur gaan en dit wou lyk asof die universiteit-in-wording maar by voorbaat die aftog kon blaas, kom Sarel Yssel in 1911 met die blink gedagte: “Skenk ‘n koei … en red die ‘PUK’!” Met 100 koeie, redeneer hy, sal berge versit kan word. Dié skema het vrugte gedra – oftewel, die koeie het kalwers gekry en die kalwers is verkoop en die “PUK” het bly voortbestaan!

Verskeie ander unieke vorme van geldinsameling het die PUK-wa telkens weer deur die drif getrek – selfs nadat die regeringsbenoemde “Stellenbosch-georiënteerde” VanderHorst-kommissie blatant die sluiting van die PUK in 1928 aanbeveel het.

Die sage van PUK se oorlewing is mooi verwoord in die triomfante like slotakkoorde van Totius se gedig oor die taai en geharde Karoo-plant, die besembos: “Ek leef en sal lewe; my doodkry is min!”

*Kyk 1.1.5 “ My doodkry is min!”*

## 1.1.2 "WIE VERAG DIE DAG VAN KLEIN DINGE…?"



'n Klein, eenvoudige kerkgeboutjie ...


**"Want wie verag die dag van klein dinge … ?"**

**Hierdie aanvangswoorde van Sagaria 4 vers 10 is heel dikwels op die totstandkoming van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk en sy uitspruitsel, die latere Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, van toepassing gemaak, onder meer ook deur die afgeleefde professor Jan Lion Cachet in sy professorale afskeidsrede op 14 April 1911 waarin hy bevestig het dat die stigters in 1869 'n Christelike universiteit ("hooge school") in gedagte gehad het.**

**Donderdag 20 Mei 1869 was een so 'n dag van kleine dinge ...**

Van ver en met groot opoffering het die 38 afgevaardigdes van die op daardie stadium taamlik gediskrediteerde Gereformeerde Kerk, na wie ietwat spottenderwys as "Doppers" verwys is, enkele dae tevore reeds op Potchefstroom in sinode byeengekom in 'n klein, eenvoudige kerkgeboutjie: "Klein, vier gewone muurtjes, zonder versiering, kleine venstertjies, strooidak, grondvloer, zelfgemaakte preekstoel, stoelen met riempies … dat is alles."

Watwonderse geriewe was daar ook nie: "Ze moeten zich hier maar behelpen. Zij zijn thuis, als ik dit woord gebruiken mag, in tenten, stalletjies en huisjes. Sommige ouderlingen moesten te paard hierheen komen. Zij slapen des nachts, met het hoofd op de zadels rustend in de kerk. Anderen kwamen met wagens en hebben een beter leven. De plaatselijke gemeente gaf vlees en beschuit, en ieder kookt zijn eigen potjie. Uit de Kaapkolonie en Vrijstaat kwam men vooral met paardewagens. Toen deze door de lange hoofdstraat het dorp inreden, schreeuwden de kinders: 'Die doppers neem die dorp in!"




Ds Dirk Postma: het alles begin.

Op hierdie Donderdag is daar uiting gegee aan 'n sterkgevoelde behoefte by die jong kerkgenootskap, wat op 'n ewe klein dag tien jaar tevore deur 'n klompie kerklik gegriefdes onder leiding van die simpatiekgesinde besoekende Hollandse predikant Dirk Postma onder 'n reuse seringboom in Rustenburg




Kerkstigting ... onder ‘n seringboom!



Jan Lion Cachet: saam met Postma die eerste “leeraars”.

sy beslag gekry het, om eie predikante op te lei. Met ‘n gekollekteerde £411 ter beskikking (£11 meer as die salaris van ‘n professor enkele jare later), word besluit “dat met ‘s Heeren hulp de Theologisch School zal opgerigt worden”.

Nee, meer nog: die sinode besluit ook dat die kweekskool te Burgersdorp so ingerig sal word dat nie net predikante opgelei sal word nie, “maar ook jongelingen zich kunnen bekwamen tot onderwijzers der jeugd, ja dat ook jongelieden, zonder een bestemd doel te hebben, gelegenheid gegeven wordt, naar hunne vatbaarheid gebruik van de school te maken …”.

Siedaar, soos Cachet later erken het: die visioen van ‘n Christelike universiteit, ‘n sentrum vir hoër opleiding binne die voeë van die kerk. Die Teologiese Skool het amptelik op 29 November 1869 sy deure geopen. Predikantsopleiding sou deur ds Postma (wat as rektor opgetree het) en die Nederlands-gebore bekeerde Jood en “dopper”-gesinde leerling van Postma, ds Jan Lion Cachet, as “leeraars” behartig word.

Sewe jaar later is dit toe ook so, word vergestalting gegee aan die visioen van 1869 toe die sinode in 1876 ‘n Literariese Departement in die lewe roep, kompleet met ‘n eie literariese professor. Cachet het hom in 1875 tot die kansel begeef en ‘n seun van die rektor, Petrus Postma, is vroeg in 1877 in dié pos aangestel.

Daar was ‘n mate van omstredenheid rondom die persoon van Petrus Postma, wat as onderwyser aan die Paarl Gimnasium kort tevore opspraak verwek het toe hy, stresgedrewe, op ‘n dag summier verdwyn en eers etlike dae later naby Malmesbury opgespoor is. ‘n Paar maande later, na die vertrek van Cachet, word Petrus as assistent aan die Teologiese Skool aangestel, maar bedank kort hierna weer weens “ongesteldheid”.


Hoewel die pos van literariese professor geadverteer was, was daar net een aansoek, dié van Petrus Postma, wat pas in 1876 sy BA-graad verwerf het. Die vier kuratore se stemme het gestaak – twee vir en twee teen – en na gebed is met die lot ten gunste van Petrus Postma besluit.

Die jong Postma het op 1 Februarie 1877 sy werksaamhede as professor in die pasgestigte Literariese Departement van die Teologiese Skool te Burgersdorp aanvaar. Te midde van die feestelikheid wat met sy ontvangs en diensaanvaarding



Petrus Postma, eerste literariese professor.

In hierdie klein ou geboutjie het die Literariese Departement in 1877 op gang gekom.



gepaard gegaan het, kon 'n trotse vader Dirk nie sy trane keer nie – trane van geluk en dankbaarheid dat sy seun weer sy voete kon vind.

Petrus Postma self het nie weer teruggedraai nie en het sy voete stewig geplaas op 'n pad van onvermoeide en onbaatsugtige diens aan kerk en gemeenskap, sowel as aan die latere universiteit wat uiteindelik uit die Teologiese Skool sou ontwikkel.

Die instelling van die Literariese Departement in 1876 en veral die diensaanvaarding van Petrus Postma in Februarie 1877 was inderdaad die geboorte-uur van daardie Christelike Universiteit wat as vergesig by die stigting van die Teologiese Skool dáár in die klein ou kerkie te Potchefstroom in Mei 1869 in die vooruitsig gestel is, al het hierdie "bevalling" dan ook in 'n eenvoudige ou geboutjie in die agterplaas van die pastorie in Burgersdorp plaasgevind.

**20 Mei en 29 November 1869 maar veral die sinodebesluit in Mei 1876 en die instelling van die Literariese Departement op 1 Februarie 1877 was inderdaad dae van klein dinge wat nie verag sou kon word nie …**

## 1.1.3 "DE HEERE HEEFT ONS BEWAARD!"



Calman Cachet (vierde van links, middel ry) en mede-kommandolede.

**Die bejaarde rektor, twee "raads"-lede en 'n prominente studenteleier in hegtenis, op aanklag van hoogverraad!**

**Die "universiteit" gesluit!**

**'n Vyftal studente en oudstudente sneuwel in gevegte met die vyand!**

**Nog 'n aantal word gevange geneem en as krygsgevangenes na verre eilande verban; 'n paar ander bevind hulle in vrywillige ballingskap in daardie populêre versameloord van uitgewekenes, Amsterdam in Nederland.**

Dit kon net sowel die hoofopskrifte van eietydse Burgersdorpse koerante tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 gewees het. Want, inderdaad: die Teologiese Skool met sy Literariese Departement is "feitelik uitmekaar geruk deur die woedende Anglo-Boere Oorlog".

Eers net, 'n kort perspektief.

Hoewel nie juis skouspelagtig nie, het die Literariese Departement sedert sy totstandkoming as onderdeel van die Teologiese Skool tog konstante groei getoon. By tye is inderdaad groot ongemaklikheid by die eerwaarde kerkvaders veroorsaak, as dat dié afdeling dalkies die teologiese afdeling, waaroor dit tog in die eerste instansie gegaan het, sou doodgroei. Veral in die negentigerjare van die 19de eeu het dit tot groot polemieke in kerkverband aanleiding gegee en 'n effense skaduwee oor die toekoms van die Teologiese Skool as geheel gegooi. Teen die einde van die eeu het die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog die inrigting met geweld getref en sy voortbestaan aan 'n dun draadjie laat hang.

Die Kaapkolonie was Britse-beheerde gebied, maar Afrikanernasionalisme het veral in die laaste kwart van die eeu sterk na vore gekom en groter erkenning vir die Afrikaner en sy taal geëis. Dosente en studente van die Teologiese Skool te Burgersdorp het hulle ten volle met hierdie strewe vereenselwig en selfs leidende rolle ter bevordering van dié nasionalisme gespeel. In die



Dirk Postma en mede-krygsgevangenes op Bermuda.



Ferdinand Postma op pad na die oorlogsfront, met familie wat hom kom afsien het.

proses is daar noue aansluiting gevind met en solidariteit betoon jeens die twee Boererepublieke in die noorde wat in ‘n titaniese ideologiese en diplomatieke magstryd met Brittanje gewikkel was.




Student WJ de Klerk ... vir ‘n tyd lank uit die gemeenskap verwyder.

Toe die oorlog wel in Oktober 1899 uitbreek, het etlike studente vanuit die republieke hulle dadelik na hulle tuistes begeef, waar die meeste van hulle hul gewig by die republikeinse strydmagte ingooi. “Ons wat agter gebly het”, getuig Willem J de Klerk later, “het in die gees met hulle saamgegaan.”

Vir ‘n tyd lank gaan die lesings voort met die paar oorblywende studente. Met die besetting van die dorp deur Vrystaatse magte in November 1899, word lesings opgeskort en word dosente en studente in ‘n ambulanskorps georganiseer om hulp aan oorlogslagoffers te verleen.

Na die ontsetting van die dorp deur die Britse magte het die Teologiese Skool weer op 1 April heropen onder uiters moeilike omstandighede, maar in Februarie 1901 moet al die studente van elders op las van die Britse bestuur hulle uit die voete maak. Pas hierna word rektor Jan Lion Cachet in hegtenis geneem op aanklag van hoogverraad. Ook twee van die kuratore van die Teologiese Skool en teologiese student Willem de Klerk word kort hierna op dieselfde aanklag aangekeer.

Inderdaad, ‘n aanslag op die hart van die inrigting!



'n Blik op die tronk in Burgersdorp, waar rektor Cachet 'n tydjie moes deurbring.

Van die aanklagte teen Cachet en die twee kuratore het op die ou end niks gekom nie, maar De Klerk, wat na byna vier maande op borgtog van £5 000 vrygelaat is, is later uit die gemeenskap verwyder en vir ses maande te Kingwilliamstown ingeperk – sonder dat daar 'n formele klag teen hom ingebring is.


Die hoogverraadklag teen Cachet het gespruit uit sy geestelik versorgende preke aan Boerekrygers en 'n ontmoeting met Vrystaatse president MT Steyn. Na ses weke in die tronk is hy op borgtog van £3 000 vrygelaat en moes hy hom óf te Oos-Londen óf te Port Elizabeth gaan vestig. 'n Sterk gemotiveerde petisie van die inwoners van die dorp, almal Britse onderdane, het hom dié ongerief gespaar en hy is kort hierna weens gebrekkige bewyslewering vrygespreek.

'n Verdere terugslag het die gryse rektor getref deurdat sy geliefde seun Calman, 'n oudstudent, in 'n skermutseling met die vyand die lewe gelaat het. Hy moes ook sterwensbegeleiding doen vir Piet Willem Klopper, wat as Kaapse rebel ter dood veroordeel is. Klopper is gevange geneem toe sy boesemvriend, student Jan Kruger, naby Steynsburg in 'n hinderlaag die lewe gelaat het.

**Na afloop van die oorlog rapporteer rektor Cachet só aan die kuratore: "Meer as eenmaal het dit in die drie jaar wat agter ons lê, gelyk asof kerk en skool sou ondergaan, deur die geweld van die storms wat ons dierbare land geteister het. Die Here het ons egter bewaar, en hoe donker die toekoms ook mag wees, dit is in vertroue op Hom dat ons dit waag om voort te gaan."**

## 1.1.4 VAN BURGERSDORP NA POTCHEFSTROOM

Klien dorpie êrens, op pad na nêrens ...



**Burgersdorp – daardie klein dorpie êrens, op die pad na nêrens … Met 'n finansieel sukkelende Teologiese Skool, vér van alles af …**

**Pas twee jaar na afloop van die Anglo-Boereoorlog is die Teologiese Skool inderdaad man en muis, biblioteek inkluis, vanaf Burgersdorp na Potchefstroom oorgeplaas. Vir etlike betrokkenes 'n nogal traumatiese ervaring …**

Die gedagte aan verskuiwing vanaf Burgersdorp het reeds 'n klompie jare tevore beslag begin kry, veral vanweë gebrekkige akkommodasie maar ook oor vrese dat veral die Afrikaanse karakter nie meer veilig was in die Engels-beheersde Kaapkolonie nie. In die debatsvoering hieroor het daar harde woorde geval en is die ontleedmes diep ingesteek. Rektor Jan Lion Cachet, wat heel eerste met die gedagte van verskuiwing (na Pretoria) vorendag gekom het, het nou koue voete gekry en wou opsluit agterbly met die teologiese studente…

As moontlike setels vir 'n nuwe bedeling is onder meer genoem Middelburg (Kaap), Steynsburg en Pretoria. Op die nippertjie het dr JD du Toit, gereformeerde predikant van Potchefstroom, namens sy kerkraad en met sterk steun van elders in Transvaal, met 'n onafwysbare aanbod vorendag gekom.

Teenoor die dorheid en vaalte van Burgersdorp in die Karoo, het die jong, pas-gedoktoreerde predikant van Potchefstroom uit sy pad gegaan om die skoonheid en sjarme van Potchefstroom as voorgestelde nuwe setel vir die Teologiese Skool met sy Literariese Departement te besing: die sagte klimaat, die kristalhelder water van die leivore uit die Mooirivier, fraai villas, pragtige blom- en groentetuine, die park met sy kwekery en sportgeriewe, nuwe winkels, en so meer. Al was daar ander gewigtiger oorwegings, moes hierdie idilliese prentjies tog 'n rol gespeel het in die besluit om na Potchefstroom te verskuif.

Die sage van die verhuising vanaf Burgersdorp is in beeldende taal in verskeie tydgenootlike herinneringe vasgelê.



Idilliese Potchefstroom

Latere ds ID Krüger skryf 40 jaar later onder meer só daaroor:

"Die teenstelling tussen die twee dorpe was vir óns, Kaaplanders, baie groot: die Karoo-dorp en die Mooirivier-dorp, oud-hoofstad van Transvaal. Die één lê weggesteek in 'n hol diepte aan die voet van 'n bergreeks, die ander oop en bloot, onder skoot van die eerste sonstrale; die één is geleë in 'n droë streek, die ander langs die some van die Mooirivier met sy byna onafsienbare rye treurwilgers; die één met dig bymekaar geboude huise, die ander met groot erwe, dun uitgerek, al langs die Mooirivier af; die één met stowwerige strate, die ander met grasbegroeide of –omsoomde strate.

"Maar … hoe groot die teenstelling in die guns van laasgenoemde ook al was, tóg was daar heimwee na die ou tuiste in die hart, en het meer as een student destyds gesug: Oos, Wes, Tuis Bes!"

Die aanvanklik ontredderde studente se waarnemings van die nuwe omgewing het nie juis geklop met die vroëere idilliese prentjie van Totius, waarmee hy die inrigting Potchefstroom toe gelok het nie. Krüger onthou: "Toe ons studentekwartiewe aangewys is, vlak aan die kant van 'n moeras, dáár half buitekant die dorp, êrens aan die suidoos-end van Retiefstraat … toe het Burgersdorp se seuns mekaar voorbodeagtig met groot oë begin aanstaar. Dit is nie soos by ou tante Koba, soos op Burgersdorp nie! In hulle binneste het dit begin rommel en … daar was 'n vraende fluistering: Wat moet dit word? Hier waar muskiete in die modder-biesiewater wremelend broei en gons en miljoenagtig vermenigvuldig by dag en nag, hier in die sinkhuisie en sinkkamers … Hier, van waar net 'n smal kronkelende voetpaadjie deur die hoë gras na Retiefstraat lei … heenvoerend na Kerkstraat. En … dan … via Kerkstraat noordwaarts voetslaan … Bult-toe!"

Maar met die aanblik van die twee geboue – die skoolgebou en die rektorswoning – wat "dáár eensaam op die kaaihaai grasbult tussen die ontelbare regimente van heen-en-weer swaaiende grashalms" staan gemaak is, het nuwe perspektiewe gekom. Veral toe die groot nuwe koshuis kort hierna betrek kon word. Die verlange na Burgersdorp sou weldra soos mis voor die son verdwyn …

Die Teologiese Skool se gebou pas na voltooiing.



JJA Coetzee se herinneringe, twaalf jaar later opgeteken, gee ‘n raak beskrywing van die tydsgees en omstandighede destyds. Hy en ‘n paar studente het pas ‘n dag voor die opening van die Teologiese Skool per trein in Potchefstroom aangekom:

“Van die stasie af het ons direk naar die pastorie van die Geref. Kerk gegaan om daar een en ander omtrent losies te verneem. Daar verneem ons dat onder in Rivier Straat ‘n huis tijdelik gehuur was, en dat ons daarheen moes gaan.

“Daar ontmoet ons toe ‘n paar ou bekendes van Burgersdorp se daë, wat al ‘n paar daë vroeër aangekom het, en ons enige biesonderhede omtrent die nuwe woonplek kon meedeel. So hoor ons o.a. dat ‘n paar studente in ‘Dampies Hall’, reg voor die kerk, thuis was, en ‘n paar ander in die pastorie, waar ook ‘n professor was, en dat hulle deur die kamer van die professor moes gaan om in hul kamer te kom, maar dat die kamer gelukkig ‘n mooi groot venster gehad het. Die venster het dan ook later baje gerieflik ingekom as die dominee soms per vergissing die voordeur Vrijdag aande ‘n bietjie vroeg toegesluit het.

“So’s ‘n mens kan verwag, was ons baie nuwskierig om die skool te sien …

“ ‘Ou Seur’ se woning, volgens Burgersdorpse pastoriemodel gebou. Die skool se verplasing was vir hom soos ‘n hoë berg waaroor hy heen moes worstel. Kón hy tog sy woning meeneem! O, dit sou ‘n soet druppel in die beker wees. Aan hierdie begeerte is gevolg gegee deurdat die Potchefstroomse woning ‘n facsimilé van dié van Burgersdorp sou word.” [Daar is al gewonder en gevra of dié huis, wat vandag as “Totiushuismuseum” bekend staan, nie minstens ook as “Rektorswoning” bekend moet staan nie, desnoods in verbinding: “Rektorswoning/ Totiushuismuseum”.]





Ingebruikneming van die Teologiese Skool, 1905.

Ons het daar op die bult, waar die skoolgebouwe nou staan, net twee flinke gebouwe gekrij: die Theologiese skool en 'n professors woning. Daar was nog nie bome geplant nie, en die twee gebouwe was omring deur hoë gras, wat 'n mens se broekpijpe tot aan die knieë nat gemaak het so vroeg in die môre.

"Nadat ons die skool vol bewondering beskouw het, want ons het in Burgersdorp nie so 'n mooi skool gehad nie, het ons huis toe gegaan en die dag verder in bepeinsing deur gebreng."

Die opening van die Teologiese Skool die volgende dag word só beskryf:

"Dit was 'n plegtige oomblik. Daar werd hartelik gespreek, gebid en vierstemmig gesing. Na die plegtigheid moes ons klompie nader staan om met die werk te begin. Daar was toe net twee studente vir Intermediair, twee vir Matriek, drie vir Theologie, en nog vier vir Litteraries. Dan was daar nog sowat tien vir die laëre klasse.

"Ons was min, maar vol moed, want dit was mos alles nuwt, ja selfs was die leerplan vir Intermediair nuwt. Bij die gewone vakke van die eksamen was daar nog Bijbelse Geskiedenis, Kerk Geskiedenis, Vaderlandse Geskiedenis, Kosmografie, ens., en ook was daar twee nuwe leerare wat hoog Hollands gepraat het. Dit het maar moeilik gegaan om die twee here goed te verstaan, want ons het nie die nasie in Burgersdorp geken nie, en daarbij kom nog dat een so biesonder vinnig kon praat.

"Vaderlandse Geskiedenis was vir ons 'n splinternuwe vak, want ons het in die Kaap Kolonie moes 'Cape History' geleer, en dit is heeltemaal iets anders. En O! die Kosmografie van Frakers bij die meneer, wat vinnig kon praat. Hij het ons so effentjies beduie dat dit so iets is als die 'Physical Geography', wat ons in die Kaap Kolonie 'n bietjie geleer het, maar toe hij van die 'Grote Beer' en die 'Steenbok' begin te praat, toe wou ons hom nie glo nie, want toe het ons aan die gevare van die bosveld van Transvaal gedenk. Ons het die onderwerp later laat staan, want ons het uitgevind, dat hij nie met Intermediair akkerdeer nie. Algemene Geskiedenis was vir ons ook nie maklik nie, want die 'English History van Meiklejohn' moes plek maak vir 'n lijwige Hollandse boek.

" 'Geometry' het ons ook maar lastig geval, want die vreemde meneer het dit deur medium Hollands onderwijs, en dan het hij vir ons ander dinge geleer, as wat in Euclid staan. Waar ons in skool so swaar gekrij het, het ons dit buite skool tog probeer aangenaam te maak.

"Ons het so teen die wintertijd met voetbal 'n begin gemaak, d.w.s. met Soccer, want Rugby was vir ons toe nog 'n bietjie te vinnig. Ook het ons 'n tennisbaan gemaak, waar die ou Voorbereidende skool nou staan. Ons het ook gouw kennis gemaak met 'n paar famielies in die dorp met die gevolg, dat pertij kêrels met die huisvader in botsing gekom het, omdat hulle in plaas van 'ten to ten, ten to twelve' afskeid geneem het.

"Ons verenigingslewe het dadelik opgebloei. Die Geref. Studente Korps en die Studente Letterkundige Vereniging het gere'eld hulle vergaderinge gehou.

"In die loop van die jaar is 'n logieshuis gebouw, sodat daar teën die end van die jaar drie goeie gebouwe op die bult te sien was. So was dit ongeveer twaalf jaar gelede …"

**Drie geboue op die Bult, vir die Teologiese Skool en die immer groeiende Literariese Departement (die latere universiteit): die begin van 'n nuwe era, vir die inrigting self maar ook vir die dorp …**

Drie geboue op die bult ...



## 1.1.5 "MY DOODKRY IS MIN!"




Die kunstenaar Erich Mayer se weergawe van die besembos.

**Die PUK en sy moederinstansie, die Teologiese Skool, het van meet af aan dit nie breed gehad nie en die hele wordingsgeskiedenis van eersgenoemde inrigting tot so laat as selfstandigwording in 1951 staan in die teken van die stryd om te bestaan en voort te bestaan.**

**Prof JD du Toit oftewel Totius, die Teologiese Skool en PUK se "onze dichter" en later volksdigter by uitnemendheid van die Afrikanerdom, het in een van sy gedigte die lof van die besembos, daardie kanniedood veldplant uit Burgersdorp en die Karoo-wêreld, só besing:**

*"… al slaan om my stam die woedende vlam*

*wat knett'rende vonke saai;*

*al kom al die winde, die kwalik gesinde,*

*om my as uit die wêreld te waai;*

*al kom ook die dier om sy eetlus te vier;*

*al word ek gekap en gekloof;*

*al word ek gestowe deur die son daarbowe*

*wat my laaste sappe wil roof –*

*… ek leef en sal lewe; my doodkry is min!"*

Die Gereformeerde Kerk, wat tot 1919 die vernaamste finansier van die inrigting was, het by tye ook maar noustrop getrek en met verloop van tyd het ontevredenheid en onrus ontstaan oor die steeds groter-wordende geldelike las wat die kerklike gemeenskap moes dra. Van tyd tot tyd is egter bepaalde inisiatiewe geloods om oorlewing en voortbestaan te verseker.

Een van hierdie inisiatiewe het bekend gestaan as die "koeistelsel", afkomstig van 'n onderwyser aan die Potchefstroom Gimnasium wie se herkoms diep in die boerderygemeenskap van die land ingebed was: die Yssel-familie van Ventersdorp.



Sarel Yssel ... "Skenk 'n koei, en red die PUK!"

Middel-Mei 1911 verskyn daar 'n brief van SG (Sarel) Yssel in *Het Kerkblad*. Hy het dit oor die geldelike nood waarin die kerk verkeer en oor die kopseer oor die steeds groter-wordende finansiële eise wat die Literariese Departement stel. En hy kom met 'n blink idee:

"Die gedagte is dit: "Laat elke lidmaat, wat dit kan doen, aan die kerk 'n jong koe of vaars afgeef. Laat die dier ver die kerk gemerk word en al die voortbrengst van zo'n dier is dan de kerk z'n tesaam met die moeder."

Hy motiveer en inspireer: "In saam-werk lig ons krag. Dit ziet ons in die lewe. Ons span saam om professore en predikante te onderhou … Ons het 'n behoefte aan Zendinggeld. Aan de Theologische School word meer professore geeis. Ver die Voorbereidende School en Gymnasium is meer onderwijzers nodig. En als ons denk op die gebied van 'n Normaal School ver Geref. onderwijzers, dan zal ons zien dat daar zoveel **nodig** is. Net die **geld** kom kort."

Yssel het die saak goed deurdink, sy sommetjies vooraf gemaak: "En dit staat bij mij vas als ons eenmaal die besluit geneem het om 'n 3 jarige koe of vaars te ge dat ons dan die **helfte** meer kan doen dan tegenwoordig. In Zuid-Afrika is ons lidmatetal 17000 d.i. belijdende lidmate. Kan uit die 17000 nou nie 1000 opstaan en zeg: Ik geef 'n bees! Dan het die kerk 1000 koeien. En wat beteken dit nie! Ons zal daarmee berge kan verzet!"


Sy berekening loop só: met 1000 koeie kan daar elke drie jaar minstens 350 aanteel teen £5-15 verkoop word en wat 'n bedrag van iets meer as £2000 gee. Wat sal so 'n jaarlikse inkomste nie vir die kerk beteken nie. As iemand dalk bang is dat op hierdie manier te veel geld geïn sal word, "dan koop ons plase ver die kerk en laat die arme daarop woon en die grond bewerk!"

Yssel se suggestie het goed aanklank gevind en veeskenkings is uit alle oorde ontvang. Teen April 1912 het gemeentelede vanuit Potchefstroom reeds 39 beeste geskenk. Die plaaslike predikant, ds WJ de Klerk, is deur die senaat van die Teologiese Skool belas met die administrasie van die fondse wat op hierdie wyse en as geldelike skenkings ingekom het, aanvanklik vir die instelling van 'n professoraat in Opvoedkunde en later bloot ter uitbreiding aan die Teologiese Skool in die algemeen.

Hoewel die "koestelsel" gaandeweg afgeplat en feitlik heeltemal doodgeloop het, onder meer deur ander veldtogte soos die Jubileumfonds en ander meer direkte vorme van geldinsameling, bly dit 'n baie besondere en effektiewe skema wat op 'n kritieke tyd in die bestaan van die Teologiese Skool/Literariese Departement die wa deur die drif gehelp het. Selfs so laat as 1941 het hierdie skema nog vrugte afgewerp, soos blyk uit die meegaande kwitansie/faktuur vir koeiverkope.

'n Paar jaar na die loodsing van die koeistelsel het prof Ferdinand Postma 'n fonds ter viering van die 50-jarige bestaan van die Teologiese Skool in 1919 geloods. Hierdie keer het 'n skaapboer uit Steynsburg se wêreld, Gert HJ Kruger van Kalkoenkrans, die stimulus verskaf met 'n voorwaardelike £100-skenking: tien andere moet hom dit nadoen, en 250 moet elk £20 bydra. Die bal was aan die rol en nog voor die jubileumvieringe in November 1919 is die mikpunt van £10 000 verbygesteek.

Gert Kruger, op sy dag 'n tydlank student aan die Teologiese Skool voordat sy pa dit nie meer kon bekostig nie en hy plaastoe moes kom, was die vader van



Witbank
P.K. Carolina.
17.3.41

Prof.
S du Toit Registrateur
Geagte Prof
Ingesluit vind u
en tjek vir di bedrag van
£4.6.3. wat opgebring is vir één
Koei met Kalf wat deur mnr
Willie Skeepers van Carolina
gegee is aan Prof Postma las Hy
in Carolina gekollekteer het
vir di P.U.K. Boufonds.
Mnr T. W. van der Walt het di
Beeste verkoop en my gevra
om dit aan te stuur
wat ek hiermee doen.
Met hartelike Groete
Van Huis tot Huis.
U Dienstw.
G. Mel.

Ontvangs erken
19/3/41

Die "koeistelsel" was tot in die veertigerjare in swang.

twee bekende persooonlikhede in die PUK se geskiedenis, naamlik prof DW ("Daantjie Donder") Krüger – 'n legende in eie reg – en mnr Willem de K Kruger, uitblinker Theos-rugbyspeler en later jarelange Raadslid.



Mej CM Oosthuizen – bereid om Raadsmedalje te "skenk"!

Maar steeds het die PUK dit nie breed gehad nie, moes daar as 't ware om aalmoese gevra word. As die bank nog help, moes Raadslede in hul persoonlike hoedanigheid borg teken. As die boeke weer nie wil klop nie, doen personeellede vrywillig afstand van 'n deel van hul salarisse (begin en einde dertigerjare). En as dit kan help, is daar die aanbod van mej CM Oosthuizen, 1939 se ontvangster van die Raadsmedalje, dat die medalje teruggehou en die kostes daaraan verbonde gespaar word! Verder moes 'n massa-tennistoernooi, musiekaande, toneelopvoerings en vertonings deur die ontluikende Alabama




Patriarg GHJ Kruger van Kalkoenkrans met sy gesin. Links en regs agter staan die seuns en bekende Puk-persoonlikhede, Willem en DW ("Daantjie Donder").

Boere-orkes van tyd tot tyd help om die PUK-wa deur die drif te trek.

In die donkerste oomblik van sy bestaan, toe die Universiteitskommissie (ook bekend as die Vanderhorstkommissie) in 1928 aan die hand gedoen het dat die PUK vanweë onder meer sy swak finansiële posisie sy deure moes sluit, het rektor Ferdinand Postma die veld betree en onverpoosd oor die lengte en breedte van die land gereis om die PUK se saak om voortbestaan te stel en om fondse te in. Die totstandkoming van PUK-komitees landswyd het in hierdie opsig waardevolle hulp verleen.

Dit het gewerk en binne twee jaar het die sierlike hoofgebou wat op die kampus verrys het, as 't ware die PUK se voortbestaan verseël. Die stelsel van kamerverkope, waardeur persone en instansies vertrekke in die hoofgebou en ander geboue geborg het, het die PUK 'n verdere hupstootjie gegee en groei en ontwikkeling verseker.

Die hoofgebou, 1930 – het PUK se voortbestaan verseël.



# Afdeling 1 :

# SAGES EN GEBEURE

## 1.2 UIT HERINNERING SE WEI …

1.2.1 Proloog

1.2.2 “Mij Studiejare, 1883-1895” (Burgersdorp) – JA van Rooy

1.2.3 “Vanselewe” (Burgersdorp) – DP du Plessis

1.2.4 “Die Teologiese Skool kort na die Vryheidsoorlog” – JJA Coetzee

1.2.5 “Begin van die Twintigerjare” – W de K Kruger

1.2.6 “Vyftig jaar gelede” (1923) – Sophie Spoelstra

1.2.7 “Enkele herinneringe, 1931-1934” – Anna M Kruger

1.2.8 “Onthou jy nog?” – Kona d’Assonville en JA van der Walt

1.2.9 Van “kollege” na “Universiteit” – VE d’Assonville

# 1.2 Uit herinnering se wei...

## 1.2.1 PROLOOG

**Wat weet ons nog lewende Pukke van die wel en wee van die vroegste en vroeëre geslagte? Vér terug, tot in die Burgersdorp-era? Toe die getalle nog maar skraps was, studente mekaar almal nog geken het, almal alles saam beleef het? Die tyd toe studente nog so min was dat 'n georganiseerde studentelewe, met studenteverenigings of kultuur- en sportklubs, beswaarlik op gang gekry kon word?**

Ja, stel julle voor, het **JA van Rooy [1.2.2.]** gesê: 'n twaalftal studente, waarvan 'n derde al getroud en 'n ander derde al verloof was …! Geen wonder nie dat die "hemelho'e ideale" van 'n beterweterige Hollandertjie vanuit Amsterdam se Vrije Universiteit, om hier teen 1885-86 'n verteenwoordigende studentevereniging op gang te probeer kry, 'n kolossale flop was!

'n Mens kan jou byna nie indink hoe karig geriewe en fasiliteite destyds was nie. JA van Rooy vertel van sy verblyf in "'n binnekamertje van 'n voorkamertje, tussen 'n sesperrestal en 'n pakkamertjie", met grootte 3 x 2 x 2 meter; en dat hy minstens agt keer verhuis oftewel "verkamer" het.

En om te dink dat studente destyds verplig was om kerktoe te gaan! Doen hulle dit nie, haal hulle hul die gramskap van die kwaai en eerbiedwaardige rektor op die hals!

Vir die jongmans was kerknaweke gulde geleenthede vir kontak met die ander geslag. "Kon jij op Saterdag en Sondag middag lang spanne jongmense van beide sekse sien paar en streep trek al kante toe, maar meestal naar die mooi parkkerkhof, waar banje banke staan".

Daar is vertellinge oor die voor- en na-oorlogste toestande (Anglo-Beoreoorlog), oor die verhuising na Potchefstroom, oor die studentegemeenskap vanself en oor die dosente, die op-gang-kry van die studentelewe en studentebedrywighede. **DP du Plessis [1.2.3.]** skets die voorkoms- en kleredragpatrone rondom 1899 só: "Sonder uitsondering wou elkeen 'n baard dra, tenminste 'n behoorlik gekrulde snor. Verdere kentekens: 'n uitverkore swart strikkie om die stick-up boordjie en 'n wye wit borshemp, die silwer hartvormige speld op die baadjie met ingegraveerde letters F. en S. (Fac et Spera) op die speld. Ongehoede studente? Rara Avis! Dit sou 'n luide 'basta'-geroep onder die ganse wêreld ontlok het. Die hoed – 'n strooi hoed met kleure onder die jonges, tot 'n kuil toe vir die seniors."

Ook **JJA (Ad) Coetzee [1.2.4.]** wys op die netjiese kleredrag van die studente as hy na die groepfoto van kort na die Anglo-Boereoorlog kyk: " 'n Deftige groep – mooi strooihoede, borshemde, swart dassies en silwer borsspelde in die vorm van 'n hart." Interessant ook dat hulle self vir hulle 'n tennisbaan moes bou – en in die proses 'n deel van 'n randjie se voet met graaf en pik moes wegkap!

Talle verdere kostelike gegewens tree na vore uit die ryke verskeidenheid herinneringe wat van tyd tot tyd opgeteken is en bewaar gebly het. Dit is goed gedink dat dié sages sover moontlik uit eie mond of pen vertel word.

Enkele herinneringe oor die laattiener-, twintiger- en dertigerjare verplaas die leser weer na ander eras met ander gebruike en gewoontes, herinneringe waarin onder meer ook die toenemende teenwoordigheid van dames aan die PUK verreken is.

**Willem de Klerk Kruger, bygenaamd "Ponna" of "Willem Bliksem" [1.2.5.],** praat van 'n rekord-studentetal van 40 in 1918 – waaronder net een dame! Hy verswyg egter haar naam: sy verloofde, Martha Lugtenburg, die PUK se eerste dameslegende, wat 'n paar jaar tragies verongeluk het. **[Kyk 2.7]** Hy vertel van die losiessituasie destyds, karakteriseer van sy studentemaats, herinner hom die dosente en klassituasies en verlang "met weemoed" terug na die "groot rugbydae" van weleer.


**Sophie Spoelstra [1.2.6.]**, later getroud met Frikkie Robbertse (eerste SVR-voorsitter in 1923) het gereeld aan haar ma geskryf oor toestande op die PUK. In dié briewe, waarvan enkele uittreksels hier geplaas word, word die gees en atmosfeer op die PUK in die vroeë twintigerjare mooi onder woord gebring. Sy vertel onder meer van die groot Nederlandse Boerevriend en skrywer, Louwrens Penning, wat die PUK so goedgesind was, se besoek aan die PUK; ook oor die leë plek gelaat met die afsterwe van prof APC Duvenage. Sy het haar losies betaal, maar nie 'n kwitansie gekry nie. Hulle sal darem seker nie kul nie, glo sy …

**Anna M Havinga (néé Kruger) [1.2.7.]** weer, vertel van die vroeë dertigerjare: een van tien eerstejaarsdames in 1931, inwoners van Postmahuis, eet saam met die mans in Heimat en speel korfbal met lang swart kouse wat gedurig vol steekgras is soos hulle die bal tussen die gras en klippe moes gaan haal. En van die effek van inwonende koshuispa Wikus du Plessis se "Moonlight and Roses"-singery in die badkamer !

Insiggewend en aanvullend is die herinneringe van **Kona d'Assonville en JA ("Jan Tandjies") van der Walt, [1.2.8.]** 'n eerstejaar en 'n SR-voorsitter wie se paaie later saamgeloop het. 'n Lekker vrystorie oor "Dollie" de la Porte agter in assistant-registrateur Vaatjie du Toit se motor en ds Jan du Plooy se unieke manier om hekkies te oefen figureer onder andere ook hier.

Herinneringe oor die veertiger- en latere jare is nie so volop nie, maar dit is goed gedink om ook **VE d'Assonville se huldeblyk aan twee vername voorgangers as SR-voorsitter, [1.2.9.]** op te neem, nie alleen omdat dié twee, Willem de Klerk en Bouke Spoelstra, die studentelewe tydens die oorgangsfase van 1950-51 bestuur het nie, maar ook omdat dit verdere lig werp op ander bydraes in ***Sages en Legendes.***

## 1.2.2 "MIJ STUDIEJARE, 1883-1895" (Burgersdorp) – JA van Rooy



Ds JA van Rooy


**In die annale van die PUK beklee ds JA van Rooy 'n besondere posisie, synde nie net 'n skoonseun van prof Dirk Postma, die "stigter" van die Teologiese Skool nie, maar ook as stigter van Korps Veritas Vincet (1894), 'n vereniging wat 'n bepalende rol in die studentegemeenskap gespeel en oor die behoud van die besondere karakter van die inrigting gewaak het. Van Rooy, wat as kurator van die Teologiese Skool en jarelange Raadslid van die PUK groot bekendheid verwerf het, het oor jare heen sy herinneringe opgeteken en só bygedra tot die PUK se skat aan sages en legendes. Sy herinneringe, wat 'n tydspan van 13 jaar omvat, verskaf in menige opsigte ook 'n beeld van die omstandighede waaronder die PUK sy beslag gekry het dáár in Burgersdorp op die rand van die Groot Karoo in die noord-oostelike uithoek van die destydse Kaapkolonie.**

**Meegaande dan, uittreksels uit sy herinneringe wat in 1915 onder die titel "Mij Studiejare, 1883-1895" in *Veritas Vincet* verskyn het.**

**"Mij eerste Kamertje:** 10 x 8 x 8 [voet] is 'n binnekamertje van 'n voorkamertje, tusse 'n sesperrestal en 'n pakkamertjie, wat almaal saam op 'n streep vanself die skeiding maak tusse die agterplase van die woning van mij broer bij wie ik board en die dorpshuis van sij skoonvader, mij peetoom … Mij kamervenster was van vier ruite 6 x 8 duim en het mij uitsig gegee op die meestijds geslote kombuisdeur van mij oom s'n dorpshuis. Is dit 'n wonder, dat ik mij skoolwerk net so gou mo'entlik afgemaak het om die cricket- of voetbalfield op te soek? Was ik nie blij toe ons later verhuis na 'n lekkere woning in die noordelike uitpunt van die dorp, frank en vrij bij die speelgronde en met 'n paar stappe die heerlike koppies uit en die wije veld in? …

"Ik het nie minder dan *agt maal moet verhuis,* of liewer verkamer, voordat ik 'n vroutjie getrou en self 'n huis bewoon het. Eers bij 'n broer, toe bij 'n swa'er, next bij 'n aanstaande swa'er, voorts in 'n gewese agentekantoor met 'n medestudent, wat 'n aanstaande swa'er was van my aanstaande swa'er; toe weer met hom saam bij 'n dokterswedevrou, wat 'n tante was van 'n ander swa'er van mij; daarna bij 'n Hollander, die man van 'n aangetroude niggie van mij; toe weer bij mij aanstaande skoonmoeder. (Foei, het haar een dogter nie die studie vir my lastig gemaak?), en toe weer met 'n stuk of zes ander studente saam in één huis, waar ik banje moes sukkel om die spul in orde te hou. Toe was ik moeg en trou maar die nooi, wat al enige jare op mij klaarkom gewag het – te'en die versekering in, vroe'er aan haar vader gesê, dat ik nie plan het om te trou voor ik kant en klaar gestudeer het, mij sakies agtermekaar en goeie verdienste het. …

**"Bij en om die skool:** Ons het destijds geen logieshuis in verband met die skool gehad en mij ei'e ondervinding kenmerk die studentelewe toen, wat board en logies betref. Stel julle nou voor 'n twaalftal studente, van 12 tot wel 26 jaar oud, van omtrent standaard 7 tot B.A. en Theologie en vraag julle self af van hoedanige gees die esprit des corps was, in aanmerking nemende, dat 'n derde van die getal al getroud en 'n ander derde al verloof was … Ik glo dit was eers na die oprigting van die V.C.Skool [1886] , dat sports onder die studente en leerlinge voortgang gekrij het, maar toe was mij speeltijd ok so te sê virbij. Tog werd een en ander van die studente dikwels ingeroep als daar 'n match van



Burgersorp Gereformeerde Kerk. “Sondags moes ons gereeld naar die kerk ...”

die dorp aan die gang was, wat hulle laat gelde het. O.a. het ons ook ‘n boxer gehad wat daartoe uitgetart een dag voor ‘n groot publiek ‘n sterke smidsgesel so toegetakel het, dat hij moes handsup.

**[Kerklike lewe]:** “Hoewel nie konsentries … was die skool tog ‘n sirkel in die gemeentekring … Dit is begrijpelik vir iedereen, wat Burgersdorp in die vroeëre dae geken het en weet hoe die menigte, anders leegstaande, dorpshuisies rondom die Kerk vol buitemense was, dat die groot kerkgeleenthede die aangenaamste geselskapstije was van die studente. Dan wemel dit in die dorp en deur die menigte van jongmense vleg die bietjie fijner opgeknapte studentjies. Waar daar nie juis maats of nooiens was, was daar tog wellig koek en vrugte te krij.

“Dan kon jij op Saterdag en Sondag middag lang spanne jongmense van beide sekse sien paar en streep trek al kante toe, maar meestal naar die mooi parkkerkhof, waar banje banke staan. En moenie praat, saans naar die jongelingsvereniging toe! Verskeie studente het ook van hulle buitemaats gebruik (soms misbruik) gemaak om Vrijdags naar de nabijgelege plase uit te gaan, om tot Maandag soms buite rond te kuier.

“Wie kan dan help als jij op Maandag jou les nie ken? Wie kan dan ‘n gewoon student kwalik neem, als hij Maandag mores, als de theol. Studente proefpreke hou in die kerk en daarna in die konsistorie gekritiseer word, die tijdje gebruik om ‘n meetkundig probleem uit te werk, soms met ‘n swaar hoof van al die slapeloosheid en met ‘n deurgeskuurde sitgedeelte van al die perdrij? Foei, wat is die kerk- en skoolbanke dan hard!

“Sien julle: die gemeente moes kerk toe kom en ons moes kerk toe gaan. Só het ons ontmoet, want ander kermisse was daar die daë nog nie en deesdaagse ijdelhede ook nie.”


Dit was die tyd toe kerkgang nog verpligtend was vir studente:

“Soos gesê: Sondags moes ons gereeld naar die kerk, of ons kan seker wees van ‘n gedugte bestraffing deur die Rektor met die eerste Hollandse les op sij studeeerkamer. In die kerk had ons ons eie sitplakke vlak naas die preekstoel op ‘n paar kort bankies, waarvan die uitgange bewaak werd deur die hooggeleerde professor en die eerwaarde ouderlinge op lekker leuningstoele. Ons was

ingeknijp. "'Ik zag uit ter rechterhand, doch de Rektor had mij in 't oog; ter linkerhand, doch 'n witgeverfde muur blonk mij tegen; naar boven, dáár stond de predikant, hoog opgeblokt; naar voren, maar hier was alle uitzicht afgesneden door de preekstoelbeen, 'n zwijgende huisorgel en het hokje van de voorzanger met zijn blinkende bles.

"De enigste uitsig kon jij krij als jij opstaan onder die gebed, maar dan hou jij moes o'ë toe …


In 'n derde en laaste bydrae in *Veritas Vincet* vertel Van Rooy onder meer van die destydse skoolstryd – 'n stryd om die handhawing van vrye Christelike skole sonder onregverdige mededinging vanweë subsidieverlening aan staatskole – en van pogings om studenteverenigings op die been te bring. Hy vertel ook met smaak van die nie-gewaardeerde rol wat eertydse student van die VU, JE van Minnen, in hierdie pogings gespeel het.



JE van Minnen

"Hij kon vir jou oreer soos Demosthenes self. Nou moes dit met alle geweld vorentoe met hemelho'e ideale. 'n Nagemaakte Vrije Universiteits Studentekorps 'Nil Desperandum Deo Duce' word gestig met 'n Praetor en Abactis en Senaat en wat nie al. 'n Gedugte Reglement word opgestel. De heer v.M. draag 'n stuk voor uit Da Costa, nl. "Zit aan mijn Rechterhand". Beetje kritiek word uitgeoefen en die arme kritisie word afgehaal erger dan 'n Dryden die poetasters van sijn tijd deur die modder gesleep het. Aanstoot word gegee en geneem op 'n vergadering. Die bom bars, 'n beetje gaslug en die liggaam ontbind van narigheid.

"Wat later – en 'n nuwe Debatsvereniging word opgerig, bestaande uit 'n klein getal studente en van die voorste leerlinge van die V[rije] C[hristelike] Skool." **[Hier word skynbaar verwys na die"Studenten Letterkundige en Debat-Vereeniging" wat in Augustus 1889 gestig is maar ook na 'n tydjie doodgeloop het. In 1892 het die Studenten Letterkundige Vereeniging sy beslag gekry].**



Hierdie foto van die Teologiese Skool se drie Postma-dosente en paar studente is waarskynlik in 1886 of 1887 geneem. Die persoon regs voor kan moontlik die Hollander JE van Minnen wees (inlasfoto). Medestudent JA van Rooy, wat bra sinies was oor Van Minnen se ywer vir 'n studentelewe, staan derde van links in die tweede ry. Van Minnen het in sy latere joernalistieke loopbaan eers by die Cape Times en daarna by De Burger (Nasionale Pers) gewerk.

## 1.2.3 "VANSELEWE" (Burgersdorp) – DP du Plessis

**Ds DP du Plessis, broer van prof JA du Plessis, was vanaf 1899 student aan die Teologiese Skool. Hy was kaptein van die Orangia Soccer Klub te Burgersdorp en daarna te Potchefstroom. "DP' en die nuwe Wiskunde-professor, APC Duvenage, het kort na laasgenoemde se aanstelling in 1906 kwaai swaarde gekruis omdat laasgenoemde, pas gearriveer vanaf die Kaap waar die spel so gewild was, rugby as sportsoort by die Teologiese Skool wou vestig. "Broederlike liefde" is herstel toe besluit is om albei die sportsoorte te beoefen, maar sokker het kort hierna uitgefaseer. Rugby het die eerste paar jaar na 1906 ook maar gesukkel om inslag te vind.**

**Du Plessis se herinneringe is oorgeneem uit *Veteraan VI, Desember 1941* pp 42-43.**



Ds DP du Plessis

"As kind, sowat 10 jaar oud, in Colesberg se pastorie, het die naam Burgersdorp … 'n roerende impuls van Doppertrots en vreesagtige piëteit in my jong gestel veroorsaak … In vanselewe se dae (was) die gerug van Ferrie [Postma] se 'intermediate', en Dirk [Postma] en Koos [du Plessis] en Flip [Snijman] se B.A.'s die tyding wat die oues van dae laat gesigte sien het en die jonges laat drome droom in die Dopperse Jerusalem. Dit was van die 'eerstes' onder die seuns, en die 'gevierdes' onder die nooiens. Hulle was almal pastorieseuns, hierdie 'sterre!' Ons almal wou graag die eer hê om hulle te ontmoet …

"My persoonlike herinneringe van Teol[ogiese] skooldae dagteken vanaf Okt[ober] 1899 kort voor die uitbreek van die Boer-Brit-oorlog. Op die [meegaande] portret sien u 28 studente, van wie sowat 12 gematrikuleerd was. In die professorale stoele in die groep sit prof. J. Lion Cachet, teologikus, proff. J.A. du Plessis, P.C. Snijman, en lektore F.Postma, D. Postma, literariese leerkragte. Sommige 'studente', waarvan skrywer een was, was ingeskrywe vir die 'School Higher' of 'Honneurs'-eksamen. Ds. Willem de Klerk en wyle ds. D. Postma was onder die Teologiese studente. Ons ander het darem onder ons mense ook deurgegaan vir 'teologiese' studente.



Teologiese Skool Oktober 1899. Voorste ry (van links na regs): JA van der Linde, TN Venter, W Viljoen, DG Kruger, AH du Toit, HB Kruger, APC Duvenage, DJ Kruger, H Snijman. Middelste ry: F Postma, proff PC Snijman, J Lion Cachet en JA du Plessis, WJ de Klerk, D Postma, H Pasch. Agterste ry: JV van den Heever, HJR du Plessis, Nic Venter, DP du Plessis, JB Kruger, TN van der Walt, JH Kruger, J Venter, P Lion Cachet, NH van der Walt, JC Pretorius, J van Rooy, JP Maré, JJM du Plooy, JH de Klerk, JA Kruger, HD Lessing.

"Sonder uitsondering wou elkeen 'n baard dra, tenminste 'n behoorlike gekrulde snor. Verdere kentekens: 'n uitverkore swart strikkie om die 'stick-up' boordjie en wye wit borshemp, die silwer hartvormige speld op die baadjie met ingegraveerde letters F. en S. (Fac et Spera) op die speld.



'n Groep spelers van die Amicitia Tennis Club, ongeveer 1902. Voor v.l.n.r.: DP du Plessis, HJR du Plessis, HD Lessing, NH van der Walt, ID Kruger. Middel: F Lion Cachet, A Lion Cachet, S Vorster, A Coetzee, Tinie Vorster, A Coetzer, Aletta Postma, M Venter, Maria Postma. Agter: PW Bingle, BR Grobler, TN Venter, J Kruger, JC Venter, DG Kruger, APC Duvenage, HJ van der Walt.

"Ongehoede studente? Rara Avis! Dit sou 'n luide 'basta'-geroep onder die ganse wêreld ontlok het. Die hoed – 'n strooi hoed met kleure onder die jonges, tot 'n keil vir die seniors.

"In die algemene debatsvereniging het ons by tye saam vergader: eenmaal Hooghollandse samekoms met Hollands as medium (moenie praat nie!), dan weer Engelse debat. Vir 'n St. VII-student van toeka, en miskien nog 'n hakkelaar daarby! Sjoe! … Hierdie oefenskool het darem manne gemaak van wie enkele later selfs vir die Weslyane in Engels kon preek.



Die monument "Gloria Victis" vir gesneuwelde studente en oudstudente in die Anglo-Boereoorlog.

"Sport! Die eerste item: *insout* van nuwelinge! 'n Kort proses van enige minute agter in die 'yard' van 'n klein erf waarop ons '*Teologiese Skoolgebou'* gestaan het, 'n eenvoudige boerewoning op die dorp met drie vertrekke, wat as klaskamers gedien het. Die ruimste kamer was ook ons studentesaal vir vergaderings. Wel, die insout het daarin bestaan dat die jongeres die slagoffer gryp aan hande en voete en hom laat hang tussen hemel en aarde, en die oueres gewapen met meer of min 'n vingerdik roede om beurtelings 'n vaderlike hou te gee op die baadjie of sitplek van boeta. Daarna 'n handdruk en kollegiale verwelkoming. Hierdie praktyk het egter spoedig opgehou in die oorlogstyd weens gebrek aan nuwe rekrute.

"Die geadelde sport egter was tennis en croquet met langgerokte, gestyfde en hoogveergehoede dames terwyl die here wat dit kon bekostig, witbroeke en skoene aangehad het – enkele met 'n sierlike gordel om die lyf. Ons het ook soiets aan voetbal gedaan. 'n 'Soccer'-span waarvan skrywer die eer verwerf het as kaptein, het gewedywer slegs met plaaslike spanne in Burgersdorp. 'Cricket' het ook soms aan die beurt gekom."

"Wat politiek betref, was ons 'Bondsmanne' [Afrikaner Bond], die enigste en beste Afrikaanse party van daardie dae. Dat die skool se hart toe al geklop het vir die 'Republiek' [Zuid-Afrikaanse Republiek] is bekend. Geen student of staflid wat onsydig was nie – almal het deelgeneem om simpatie en hulp te betoon aan die burgerlike magte – hetsy deur die wapen op te neem of aan te sluit by die ambulanskorps of andersinds. Die monument 'In Gloria Victis' voor ons teenwoordige Teol[ogiese] Skool kan ook praat daarvan."

## 1.2.4 "DIE TEOLOGIESE SKOOL KORT NA DIE VRYHEIDSOORLOG" - JJA Coetzee

**JJA (Ad) Coetzee was student te Burgersdorp en Potchefstroom. In Julie 1908 is hy aangestel as hoofonderwyser aan die Voorbereidende Skool en met die ontwikkeling daarvan tot die Potchefstroom Gimnasium het hy outomaties ook die prinsipaalskap van die selfstandige hoërskool beklee, tot in 1938. Hy was getroud met Ferdinand Postma se suster, Kitty. Coetzee se herinneringe is verskeie kere opgeteken en bevat waardevolle inligting oor die vroeëre geskiedenis van die Teologiese Skool/Literariese Departement. In die meegaande stuk, wat verskyn het in Veteraan IX, November 1944 pp 13-16, gee hy interessante pensketse van die destydse personeel en studente.**



JJA Coetzee

"Ek het hier voor my 'n foto van professore en studente kort na die Vryheidsoorlog. 'n Deftige groep: mooi strooihoede, borshemde, swart dassies en silwer borsspelde in die vorm van 'n hart. Daar is drie professore: J. Lion Cachet, J.A. du Plessis en P.C. Snyman.

"Prof. Cachet of 'Ou Seur', 'n snaakse ou man vir 'n jong seun, wat hom vir die eerste maal ontmoet. Geen hartlike handdruk nie maar 'n vriendelike glimlaggie en 'n paar woorde wat jy nie verstaan nie. Skaars gegroet of daar staan sy mooi hond 'Grotto' langs hom, en dié verwelkom jou ook, waarin sy oubaas groot genoeë skep. Jy is ook maar bly as jy kan wegkom, want hy gesels graag, en jy begryp niks nie. En dan prof. P.C. Snyman – ene lewe, vurig van aard – en kon hy nie vir jou 'n som duidelik maak of 'explain' nie! … En nou nog prof. J.A. du Plessis, bedaard en tydsaam, net wat nodig is as jy met Latyn begin.

"Nou die studente: Simon Riekert, so pas van die oorlog met 'n stuk koeël in sy linkerarm, wat die dokter suksesvol uitgeslag het daar in die huis van ou tante Koba Coetzee, terwyl ons deur die venster geloer het.

"Wiegman (H.J.R. du Plessis) en Horingsman (A.P.C. Duvenage) met 'n groot pak boeke onder die arm elke oggend na die skool; baie slim, want hulle het mos al matriek gepass, terwyl ons nog met 'School Higher' sukkel.



Die Teologiese Skool kort na die Vryheidsoorlog. Agter: I Kruger, J Duvenage, D Kruger, BR Grobler, J Coetzee, P du Plooy, A Coetsee, PW Bingle. Middel: HJR du Plessis, TN Venter, NH van der Walt, proff JA du Plessis, J Lion Cachet en PC Snyman, D Postma, APC Duvenage, HPJ Pasch. Voor: HJJ van der Walt, ID Kruger, JC van der Walt, HD Lessing, HJ van der Walt, FJ Jooste, C Riekert, JJA Coetzee.

"Van die studente Pasch, Postma, V.d. Walt en Venter het ons ons lywe weggehou; hulle was groot mense, en ons het vir hulle net soveel respek gehad as vir die professore … Verder het ons kennis geneem van die aanlêplekke van N.H. v.d. Walt, daar by Matty Venter, die musikale nooi en puik tennisspeelster, en van T.N. Venter daar by die dogter van tant Polly Labuschagne. Ons ander was 'n gesellige klompie wat geworstel het om School Higher of Matriek deur te kom. Dooierig was ons nie, nog minder ongevoelig vir die skoner geslag, want ons was al groot. So het P.W. Bingle, die doodernstige en hardwerkende, hom deeglik laat geld by die mooi Bettie Coetsee, en dan die stouterd, Jannie Coetzee, met 'n stok by die sirkus waarmee hy die mense van agteraf molesteer; John v. d. Walt, 'n slim kêrel, wat niks leer nie en tog altyd sy werk ken en kwaai vlerksleep by Annie Cachet … H.D. Lessing, so deftig geklee en agtermekaar, vasgemaak aan 'n boom in die agterplaas van die skool, as die lesse moet begin. D. Kruger, gedugte mededinger van H.J.R. du Plessis by die Pastorie, en die dominee het 'n klompie mooi dogters gehad.

"As ons die latere loopbaan van die groep nagaan, dan vind ons vier prokureurs, sewe predikante, drie boere, ses onderwysers, een professor (Duvenage) en een tandarts; wel 'n bewys dat die Teologiese Skool van destyds, hoewel klein en onbeduidend, hom tog op die breë terrein van die lewe laat geld het en dit met eer.

"Losies was duur: ongeveer £15 per kwartaal, en dan nog die lesfooie, wat ook maar hoog was. Van beurse het 'n mens nie gehoor nie.

"Buitenskoolse bedrywighede was daar nie, behalwe dat ons tennis gespeel het op 'n baan wat die studente self gemaak het. Dit was nie so 'n maklike taak nie, aangesien 'n deel van die voet van 'n randjie weggekap moes word met pik en graaf. Die arbeid is ryklik beloon, want daar kon die studente, wat verspreid gewoon het, in die middae aangenaam met mekaar verkeer. Dit was nie 'n ongewone verskynsel nie om soms spelers op te merk met 'n broek wat nie 'n tennisbroek is nie, en harde boordjie en das, of 'n dame met so 'n lang rok, dat sy dit moes vashou om nie te struikel nie.

"Daar het twee verenigings bestaan: die bekende Veritas Vincet vir die seniors, en die J[unior] L[etterkundige] V[ereniging]. Opbouende werk is deur hierdie twee verenigings gedoen. So onthou ek nog goed hoe mooi prof. Cachet vir ons 'n stuk uit 'Camera Obscura' voorgedra het, en die ou professor kón mooi voorlees."

## 1.2.5 "BEGIN VAN DIE TWINTIGERJARE" - W de K Kruger

**Willem de Klerk Kruger was die seun van daardie groot weldoener van die Teologiese Skool/PUK, Gert HJ Kruger van Kalkoenkrans in Steynsburg se omgewing, wat in 1916 met sy £100-skenking gekoppel aan die voorwaarde vir meerdere sodanige skenkings, die Jubileumfonds momentum gegee het. 'n Jonger broer was Daniël Wilhelmus ("Daantjie Donder" of "Daan de Donder"), wat later professor aan die PUK sou word en wat in eie reg 'n legende was. [Kyk afdeling 2: LEGENDES …] Willem Kruger was ook 'n uitstekende rugbyspeler, wat met groot onderskeiding die Wes-Transvaalse trui gedra het. Hy was ook verloof aan Martha Lugtenburg, [kyk afdeling 2: LEGENDES…] die eerste volwaardige damestudent aan die PUK, wat in 1923 tragies verongeluk het.**

**Hierdie herinneringe kom uit *Veteraan XIII, November 1948* pp 17-19**




W de K Kruger

"Aan die begin van 1918 het die P.U.K. – of toe nog, meen ek, alles onder die naam Teologiese Skool – vir daardie tyd 'n rekord-aantal studente gekry. Ons was veertig! … Daaronder was een dame …

"Ons studente het die voorkant (oos) van die ou rooi losieshuis bewoon … Hy was nog nie gepleister nie, die rooi bakstene het oop gesit. Die agterste deel, wat op Molenstraat front, is bewoon deur seniorleerlinge van die Gimnasium – senior veral vanweë ouderdom! Onthou moet word dat dit nie baie jare na die Rebellie was nie, en 'n paar kêrels het uit die tronk weer skooltoe gekom. Ons studente het ons groot gehou teenoor die arme leerlinge; en hoe hulle kon studeer onder die studente, bly nou nog 'n raaisel!

"Ek sien nog al die bewoners van die grotte, soos ons die ou huis soms genoem het: Otter en sy broer Koos in die hoekkamer. Otter het later jare 'n waardige bosveldpredikant geword. Hy was ons senior; dan Spoelie [TT Spoelstra] en Sixie (C.P. Venter) – die eerste ons raadslid vandag vir die Bult en die tweede




Personeel en studente van die Teologiese Skool in 1918, met Martha Lugtenburg as enigste dame. Voor: Pastor Kohl, proff Boshoff, Duvenage, Kamp, Postma, Los en du Toit (HG Schulze afwesig). 2'de ry: H Venter, W Snijman, C Venter, N Steyn, M Lugtenburg, L du Plessis, M Coetzee, H Stoker. 3'e ry: J Wiechers, T Schlebush, eerw. Smit, F du Toit, A Venter, J Fourie, P Postma, A Duvenage. 4'e ry: P de Klerk, G vd Walt, H Venter, I van Rooy, JC van Rooy, H Shulz, LJ du Plessis, J Postma, B Hamersma. 5'e ry: W Kruger, O Los, J Anderson, J Los, P van Biljon, A vd Walt, P Kruger, T Spoelstra.

inspekteur van Onderwys in die Vrystaat; Jelem Wiechers en Braam Duvenage het gevolg – ook geëerde lede van die samelewing. Dan ou Miesies Venter – hy woon vandag nog naby die ou losieshuis. Hy het 'n vaste nooi gehad, terwyl die ander losgeloop het. Verder af was daar Boetie Jan Anderson, wat net in waterkuur en modderpappe geglo het vir alle siektes en gesweer het by oogdiagnose; sy kamermaat was klein Louis du Plessis, 'n man wat gehou het van die skoner geslag en sang; eindelik op die hoek Wiekie [LJ (Wicus) du Plessis] en Hendrik Stoker – die eerste 'n onderwyser en laasgenoemde ons filosoof en professor. Amper vergeet ek nog die twee Willems, een nou 'n professor aan die Teologiese Skool [WJ Snyman] en een nou ook 'n bosveldpredikant. Dit was die dae van reuse in die rooi losieshuis, manne van naam!

Dit wil voorkom asof die gewoontes van prof Jan Kamp en sy vrou Maria, en hulle geloof in natuurgenesing, **[kyk 2.5]** sterk inslag by die studente gevind het:

"Ek het reeds gepraat van waterkuur en modderpappe. Sitbaaie was dan ook aan die orde van die dag – die geloof wat party van die reedsgenoemdes aan die helende waarde daarvan geheg het, het nie veel goeds vir die mediese dokters vir die toekomstige geslagte ingehou nie! Otter moes eendag een streep nat spring uit 'n sitbad tot agter sy kamerdeur toe sy broer Koos onverwags 'n nooientjie met besoek na hulle kamer bring!



Gert van der Walt, slagoffer van Groot Griep 1918.


"Toe kom die griep! [Griep-epidemie, 1918] Onvergeetlik was die dae toe ons een van ons maats, Gert van der Walt, moes afgee in daardie selfde ou losieshuis. Die ander siekes het gelukkig herstel.

"Daardie eerste paar jaar het professore en studente nog togas klastoe gedra! En nog glo ek dat daar 'n sekere dissipline aan die vormlikheid was wat ons vandag baie nodig het. My toga het goeie diens gedoen. Tien jaar later het my vrou vir ons oudste seuntjie 'n hele paar broekies daaruit gekry!"

Willem Kruger was 'n uitstaande rugbyspeler en dit spreek vanself dat sy herinneringe ook na die rugbyvelde van weleer teruggedwaal het:

"Rugby was die sport van daardie dae! Die Theos, soos ons toe bekend was, het 'n naam vir goeie rugby gehad. Eendag vra 'n soldaat op die verhoog by die Parkveld vir my wat Theos. dan beteken. Ek verduidelik hom toe dat dit 'Theological College' was. Ons tweede span was net besig om te speel – meeste van hulle leerlinge van Gimnasium. Hy kyk verbaasd na hulle en sê toe: 'By Jove! Are all those chaps going to be parsons?'

Theos-rugbymanne se motorvloot, op pad om teen Ventersdorp te gaan speel.



"As ek terugdink aan ons rugbyspan van daardie jare, sien ek weer hoe Dirk van Rooy (nou professor in Wiskunde) ons span telkens blaaskans gee met sy kurktrekker-buiteskoppe vanaf die heelagterposisie. Dan was daar die kranige Hans Aucamp, wat in 1924 vir die Springbokspan teen Cove-Smith se Engelse span gespeel het. Dr. J.P. Jooste sal nog onthou hoe ons hom vir 'n kritieke Blaine-wedstryd uit die voorspelers gehaal het en op die vleuelposisie laat speel het. In daardie selfde wedstryd het ons een agterspeler skielik pootuit neergeslaan. Ons kon geen letsel bespeur nie, en hy was op die oomblik ook nie in die hitte van die spel nie. Eindelik maak een sy mond oop en krap met die swart-turf vinger 'n halwe lemoen uit sy keel! Hy het die wedstryd enduit gespeel, en ons het gewen nadat ons tweekeer die speeltyd moes verleng, want dit was 'n finale uitklopbeker-wedstryd. Ja, en een opponent het my broekie skoon van my lyf afgevat by hulle doellyn, sodat ek die aarde moes omhels vir beskutting!

"Daardie gees en daardie spelers! Ek sien nog onder ons voorspelers Fred Scheepers, die haker Piet [Boel, onderwyser] Strydom, maer Piet [professor JP] Jooste, wat so hard kon speel, Hendrik [professor HG] Stoker, wat altyd ongemerk in 'n losskrum die bal bekom het en los anderkant uitgebars het, 'n bietjie verleë met die bal as daar nie gou 'n agterspeler by was nie! … Dit was groot rugbydae waarna mens soms met weemoed terugverlang."




Theos 1ste span 1921. Agterste ry: J Brink, J Broekman, D Guillaume, P Jooste, J Wolmarans, H du Plessis, JP Jooste, F Scheepers. Middelste ry: J Aucamp, W Kruger, prof APC Duvenage (pres.), P Kruger (kapt.), DJ van Rooy, K Geertsema, I Badenhorst. Voor: W Labuschagne, J Potgieter.

## 1.2.6 "VYFTIG JAAR GELEDE" (1923) – Sophie Spoelstra



In 1923 was Sophie Spoelstra ook, soos Martha Lugtenburg, 'n klompie jare tevore, die enigste vrouelid van Korps Veritas Vincet.

**Sophie Spoelstra was student vanaf 1923. Sy is later getroud met GF (Frikkie) Robbertse, wat in 1923-24 die eerste Studenteraadsvoorsitter van die PUK was. Sophie se herinneringe het verskyn in *PU-KANER* 13.4.1973**

***Meisieslosieshuis,***

***P/a Prof. Duvenage,***

***Noordbrug,***

***Potchefstroom. Woens. 14 Feb. 1923.***

***Liefste Moeder,***

*Nadat die taxi ons hier gebring het is die broers verder, en ek was alleen tussen vreemdes. Hier is tien Gimnasium meisies, en ons twee van die P.U.K. : Lasea van der Walt en ek. Ons twee is saam in een kamer.*

*Vanmore het ons toe gegaan om ingeskryf te word … Later is ons bietjie dorp toe. Vanmiddag was die opening. Prof. Boshoff het 'n interessante toespraak gelewer, maar al die tyd, moet u weet, was ons net twee meisies in die hele saal vol mans.*

***Vrydag 16 Feb. 1923***

*Ek is regtig moeg en vaak. Die afstande in Potchefstroom is darem ontsaglik. Ons moes al die professore by hulle huise gaan spreek omtrent ons boeke. Ons is om nege-uur hier weg, en het ongeveer elf-uur eers weer teruggekom. Dit is genoeg om 'n mens te laat verander in bene!*

***Dinsdag 20 Feb. 1923***

*Dit gaan nou al goed. Ons het kort-kort saal in die Teologiese skoolsaal, maar ons verstaan hulle gaan ons later na die sink geboue stuur. Ons slaapkamer het nie 'n venster nie, net 'n glas deur, en ons was te bang om dit snags te laat oopstaan, toe het Boetie [TT Spoelstra] en Willem [waarskynlik W de K Kruger] vir ons 'n gaasdeur kom aansit. Die kamertjie is maar baie klein en kry nooit son nie.*

***Vrydag 23 Feb. 1923***

*Ek het my losiesgeld betaal, maar hulle gee nie kwitansies nie. Hulle sal darem seker nie kul nie, want die Gereformeerde broeders is gewoonlik darem nie van die geaardheid nie.*

*Woensdagaand was daar 'n dinee in die studente se losieshuis, wat 'n verwelkoming vir die nuwe studente was. Koos en prof. Duvenage se broer het vir my en Lasea kom haal. Ons was al die tyd as 'n groep saam.*

***Dinsdag 17 April 1923***

*In die klasse gaan dit ook goed. Ek kom nou heeltemal reg met die*




Sophie as bestuurslid saam met S (Fanus) du Toit en Ami Postma (agter) en Jacs van Rooy en PJ (Piet) Jooste (voor).


*leerdery. Net jammer dat 'n mens se dag so gebreek word deur die agtermiddag klasse. Halftwee kom ons hier, dan eet ons. Half-drie laat vat ons alweer klas toe, en kom so vyf-uur weer hier.*

*Ons het elke Donderdag 'n lesing by dr. Du Toit oor Staatshuishoudkunde. Hy bespreek nou met ons 'n boek van Groen van Prinsterer: 'Vyftig Jaar Staatkundige Geschiedenis'.*

*Ek is regtig spyt dat u die Hollandse skrywer, Mnr. Penning, nie Vrydagaand kon hoor toe hy 'n lesing gegee het nie. Hy het van sy eie lewe vertel – pragtig mooi, en so interessant! Die een oomblik was die hele saal een gelag, die ander was dit weer so stil dat mens 'n speld kon hoor val.*

***18 Mei 1923***

*Dit gaan nog goed. Ons is net baie agter met ons werk, daar ons gedurende prof. Duvenage se siekte, dood en begrafnis nie sover kon kom om eintlik iets te doen nie. Daar was met die begrafnis twee dienste, een hier in die huis vir die vrouens, en een in die skool vir die mans.*



Louwrens Penning word beskryf as "Hollandse onoffisiële skrywende en reisende ambassadeur van die Afrikaner" en het 'n hartlike ontvangs op Potchefstroom geniet.



Prof APC Duvenage. Dié gewilde koshuisvader se dood in 1923 het die studentegemeenskap diep geraak.

*Die Donderdag voor sy dood was hy nog by 'n senaatsvergadering, en veral deur sy toedoen is dit nou so dat die klasse met gebed en 'n stukkie uit die Bybel te lees, geopen word, en ook met gebed gesluit word. Alles het nou weer sy gang begin gaan, maar daar is darem altyd 'n plek wat leeg is.*

*U liefhebbende dogter,*

*Sophie.*

## 1.2.7 "ENKELE HERINNERINGE, 1931-1934" – Anna M Kruger

**Anna M Kruger was vir twee jaar kapteine van die korfbalspan terwyl sy ook hoofdame van haar koshuis was. Sy is later getroud met JFE Havinga, sekretaris van die SVR in 1932. In haar herinneringe laat val sy die kollig op die plek en rol van die damestudente van destyds. Sy verwys na "die jare wat so gou verbygegaan het, jare van geestelike voorbereiding vir 'n ryker en voller lewe wat wag".**



Anna M Kruger



JFE Havinga. Hy en Anna se huwelik is tydens die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria in Desember 1938 voltrek.

"Vanaf 1931 tot 1934 het ek die eer en vreugde gehad om studente te wees aan die P.U.K. In 1931 het ons Postmahuis vir die eerste keer vol bewoon. Ons was tien dames: vyf seniors en vyf groentjies. By hulle ouers aan huis was nog vyf dames. Ons eerstejaars was 'n sensasie omdat ons so baie was: tien stuks …

"So pas van 'n streng Hoërskoolkoshuis is my verbystering vandag nog vir my helder, toe ek die eerste aand Heimat se eetkamerdeur oopstoot en teen 'n see van mansgesigte vaskyk. Die stoel naaste aan die deur het ek uitgetrek en taamlik uitasem gaan sit. Na die 'amen' het ek gewaag om rond te kyk. H.J.J. Bingle het langs my gesit en W. du Plessis (Polsier) reg oor my: dit was 'n vuurdoop, of liewer, 'n beproewing. Met dat hulle klaar gegroet het, vra Hennie: 'En toe, Juffrou, kom soek jy 'n man? Oppas hoor, M.O. [Postma] is verloof en so ook Kiep [Malan], as jy dalk in daardie rigting dink.' Ek kon hom net aangaap, want wie M.O. en Kiep was, wis ek nie … Maar dis die einste Hennie wat vir hom later 'n vrou gesoek het onder daardie groentjies, by name Santjie de Klerk. Maar daardie einste aand het ek 'hom' gesien met sy wit kop, en vandag nog soek ek in 'n gedrang net na daardie blonde kop.

"Van 'n aparte damestudentelewe kan ons seker nie praat nie. Ons het in Heimat saam met die here geëet en tee gedrink. Ons Primaria (hoofdame) het ons op die Huiskomitee verteenwoordig; eers in 1933 het ons 'n eie Huiskomitee saamgestel met twee verteenwoordigers op die gesamentlike komitee. Verder het ons meegehelp met die Toneel- en Toerkomitee en die Letterkundige Vereniging. Laasgenoemde was veral vir ons van baie waarde.

"Ons het ook 'n korfbalspan gehad, al moes ons die dame van die kantoor en die bibliotekaresse (daar was een van elk) byhaal om die span op getalsterkte te bring. Ons het met lang swart kouse gespeel, al was hulle gedurig vol steekgras as ons die bal tussen die gras en klippe moes gaan haal.

"In 1931 en 1932 het ons al die vergaderings en byeenkomste bygewoon slegs as iemand van Heimat of Ons Huis ons kom haal. Vanaf 1933, toe daar vir die eerste keer meer as twintig dames was, het die dames soms alleen, in groepies, gegaan.

"Opvallend van daardie jare was die stemmigheid van die dames, sowel hulle gedrag as hulle kleredrag. In 1934 was dit 'n hele opskudding toe ons so 'n mooi swartoognooi bygekry het, kompleet met 'n swierige kleredrag daarby. (Gelukkig dat Havinga [die vertelster se kêrel en latere man] destyds al skool gehou het. Maar Lou Brink het nie! – Red.)"

"In die lig van meerdere lewenskennis was daar nooit enige werklike moeilikheid nie; niks groots het ooit verkeerd geloop nie; die grootste probleem in die liewe Postmahuis was die liewe *Stilte.* Daardie gebou se akoestiek was onverbeterlik; omtrent alles wat die dames bo gesê en gedoen het, kon deur die huisvader en gesin gehoor word. Die omgekeerde geld so min of meer ook.



Dames voor Postmahuis 1931

Goed onthou ek vir Myda toe sy haar hande wanhopig in die lug gooi en swaar sug terwyl sy brom: 'Nee wat, prof. Wicus fluit weer Moonlight and Roses hier onder in die badkamer; vanaand kry ons nie 'n druppel warm water nie.' Hoe Laura du Plessis en Erhard Esselen [kinders van huisvaders LJ du Plessis en GTS Eiselen] se moeders hulle ooit groot gekry het, weet ek waarlik nie. Ons het werklik 'n poging aangewend om stil te wees. Meer as 'n poging was dit seker nie.



Postmahuis

“Met besoekaande was Postmahuis oorvol. Ons ontvangskamer se meubels in 1931 en 1932 was slegs ‘n stoepbank, vier regop stoele en ‘n greinhouttafel met ‘n bont kleedjie. Vanaf 1933 het dit heelwat deftiger daaraan toegegaan met vier leuningstoele en ‘n rusbank. Maar die trappe en die gang ‘om die draai’ het darem nog staanplek verskaf vir ‘n paartjie of wat.”

“Postmahuis het in 1933 te klein geword, en ‘n klompie dames moes in Heimat se onder-regtervleuel hulle tuiste vind. Dit was maar moeilik. In 1934 is Readshuis bygehuur en is mnr. S. du Toit met ‘n aantal dames daarheen.”

## 1.2.8 "ONTHOU JY NOG ?" – Kona d'Assonville en JA van der Walt



JA van der Walt

**Kona d'Assonville was in 1935 'n eerstejaar en is later met dié jaar se SR-voorsitter, JA van der Walt, getroud. Van der Walt, wat heelagter vir Theos en Wes-Transvaal gespeel het, word deur tydgenoot Rabbo Pasch as 'n "heelagter duisend" en een van die destydse rugbyhelde uitgesonder – met 'n tussenvoegsel, "die man is later met my nooi getroud"!**

"So sien ek ons weer in 1935, 'n skrale oes van 13 Dore. Die meeste van ons was gehuisves by wyle oom Vaatjie du Toit in sy huis in Tomstraat. Postmahuis, die enigste eertydse dameskoshuis en nou reeds lankal gesloop, was kant en wal gevul met die res van die dames. Daardie jaar het die Puk dames die rekord getal van 23 inwonendes bereik!

"Heerlik en huislik was dit vir ons daar in die 'Vatikaan' by die liewe en gemoedelike oom Vaatjie en tant Rina! Ongerieflik, weliswaar, want ons moes in Heimat gaan eet, maar wat, ons het nie van meer en beter geriewe geweet nie. Die heerlike en sorgvrye studentelewe, ons sang en pret was vir ons genoeg …

"En die slepery – van 'laataande' het ons niks geweet nie! Dinsdag- en Donderdagaande kon ons uitbly tot 7.30, Saterdagaande tot 11 uur en Sondagaande tot 10.30. Dit was goed so. Daar was genoeg tyd oor om met vriendinne ook te kan verkeer, en daar was genoeg tyd om jou 'held' 'n bietjie objektief te weeg as jy nie so gedurig in sy geselskap is nie.

"Met hierdie einste slepery het ou Dollie (de la Porte) een aand groot benoudheid belewe. Oom Vaatjie se motor het voor die 'Vatikaan' in die straat gestaan en omdat prof. L. du Plessis, bekend as Broeder, daar op besoek was, het ou Dollie gereken die aand is syne op die sagte kussings van daardie motor, uit die slag van die koue winterwind. Met sy aster het hy hom daar heel gerieflik ingerig, met die agterste gordyntjie afgetrek om die regte atmosfeer, uit die straatlig uit te bewerkstellig. Maar ag, skaars gesit of hier kom oom Vaatjie en Broeder aangestap. Vlugkans was daar nie. Platval agter, jou reusegestalte van oor die ses voet ten spyt was al genade!




PUK (Theos) 1e span 1935. Staande: N Arnold, P Venter, L Brink, C Delaport (Vise-Kapt.), G Pasch, P Badenhorst, H Venter (Sekr.), JC Greyling. Sittende: P Bierman, D Postma, prof F Postma (Ere-Pres), J Steenekamp (Kapt.), prof AP Goossens (Vise-Voors. en Breier), P van Heerden, mnr S du Toit (Voors.), A Labuschagne. Voor: J van der Walt, P Nell, N Kruger, P Meyer.

***Rabbo Pasch sê van sy spanmaat, JA van der Walt: "Die man is later met my nooi getroud"! En Dollie se noue ontkoming in voorsitter "Vaatjie" du Toit se motor word ook in herinnering geroep!***

"Die twee here klim voor in en terwyl ou Dollie met moeite onhoorbaar probeer asemhaal a.g.v. die ongemaklike posisie, vertrek die motor met sy benoude vrag na 'n onbekende bestemming. Die rit was gelukkig nie lank nie. Die oomblik toe Broeder en oom Vaatjie in die Hoofgebou instap het die twee verliefdes die hasepad gekies na die donker skaduwee van die gebou om toe maar die koue vir daardie aand te voet terug 'Vatikaan' toe te trotseer.

Kona se herinneringe aan "die nag van die 'Pomp', daardie vonnis wat, wee die arme Draak wat dit te beurt geval het, die grootste verskrikking gespel het", word elders in hierdie bundel opgeneem. **[Kyk 1.4.2.]**

En dan sluit sy af: "Lekker om die ou bekendes so in die gedagtes te laat verbyskuif, te wonder of hulle nog onthou? … Wyle oom Rabbo wat die dore een vir een met 'n outydse monokel van kop tot tone deurgekyk het en dan sy kop meewarig geskud het, 'Swak, swak!' Friedie Kruger wat, as ons in haar kamer gekom het gedurende die ontgroening, gesê het: 'Maak toe jou oë en hou op om my held so te 'vamp'!' – verwysende na die foto van ds. Van Ryssen teen die muur.

"En heerlikste herinnering – ons ry weer in groot getalle al singende af voetbal toe waar die Pukke optrek teen die Pote. Ek voel nou nog opgewonde as ek in my gedagte die heelagter, destyds al en vandag nog steeds die trots van my hart, so rustig en kalm die bal sien inwag en op die regte tydstip 'n skop skop wat die Pukke laat juig asof hulle almal soos ek voel en die Pote se ore laat hang!"

Maar ook van die heelagter-held en SR-voorsitter wat Kona se hart gesteel het, het herinneringe bewaar gebly. JA ("Jan Tandjies") van der Walt onthou hoedat die gras op groot dele van die kampus byna manshoogte gegroei het en dit byvoorbeeld ure se soek vir 'n groentjie gekos het om sy verstrooide beddegoed weer byeen te kry. "Dit was ook die tyd toe koshuis akkomodasie so volop was dat ons die weelde kon smaak om vir die somertyd 'n kamer in die suide van Ons Huis te betrek en vir die koue winter oor te trek na 'n kamer in die noorde van Heimat! Selfs al het jy die vorige jaar gedruip – kamers te kus en te keur!

"Ook oorvloed van mans teenoor die paar asters op die Puk. Maar as hier plaaslik dan nie sleepkans was nie, by die Pote was die weivelde goed. Teen 1935 was die plaaslike mark al beter voorsien sodat selfs ek geholpe kon raak met die eerstejaartjie Kona d'Assonville …

"Ons het destyds nie hekkies besit nie, maar wel 'n goeie hekkiesloper in die persoon van ds. Jan du Plooy. Wanneer die jaarlikse sports hier in April nader kom dan het oom Jan hier voor 'n rugby-oefening die afstande afgetree, 'n paar spelers op die afstande laat buk en oor ons rue geoefen! Hierdie oefening was vir sy ingebore talent genoeg om deksels goed te presteer … "Nou onthou ek ook die Saterdag in die winter toe die huidige rektor ten einde 'n halfkroon te wen, vir vyf minute in die yskoue water van die visdam gaan lê het: net sy baadjie uitgetrek!" **[Kyk 3.4.2 onder]**




Jan du Plooy – het hekkies oor rugbymaats se rûe geoefen!

"Ai! Hoe lekker was dit om Saterdae in hordes met die fietse na die Park toe te ry vir rugbywedstryde en om saans met die aster na die romantiese Noordbrug toe te stap!

"O tempora o mores!" **[O die tye, o die sedes / gewoontes!]**

## 1.2.9 VAN "KOLLEGE" NA "UNIVERSITEIT" (1950-1951) - VE d'Assonville

**VE (Victor) d'Assonville was in 1953 SR-voorsitter van die PUK. In 1962 is hy gevra om vir die oudstudenteblad *Veteraan* 'n waardering te skryf oor van sy voorgangers wie se name op die destydse ererol in Heimat gepryk het. Hy noem onder meer watter groot indruk Rabbo Pasch, SR-voorsitter in sy eerstejaar (1947) op hulle gemaak het, maar fokus veral op Willem de Klerk (1950) en Bouke Spoelstra (1951), wat as studenteleiers die oorgang na selfstandigwording in dié tyd bestuur het.**




Vier SR-voorsitters: Victor d'Assonville (1953), Johan Ligthelm (1952), Bouke Spoelstra (1951) en Willem de Klerk (1950).

"Ons gaan dus maar dadelik na 1950, seker een van die mees historiese jare van die ou P.U.K. Daardie jaar het prof. F. Postma afgereis na die Kaap vir die Parlementsitting ter wille van die privaatwetsontwerp van die P.U.K. Dit het nie maar net oor die 'selfstandigwording' gegaan nie – dat die 'K' sou wegval en ons voortaan net die P.U. sou wees nie – maar oor die C.H.O. Dit was die kroonjaar op die worsteling van 'n hele geslag, en hoe helder voor die gees sien ons nog die optog studente na die stasie om prof. Postma amper soos 'n Romeinse held te verwelkom.

"Willem de Klerk was toe Studenteraadsvoorsitter, en soos alles wat verder daardie jaar gebeur het, was hy as 't ware ook altyd gekoppel aan die 'selfstandigwording'. Baie toesprake is gelewer, baie voorbereidings is getref, en ons kon almal voel dat ons inrigting op 'n hoë kruin gekom het. Nooit sal ek daardie jaar se massavergadering vergeet nie, seker van die hoogste standaard in die studentegeskiedenis! Die inspirasie was die man in die voorsitterstoel. Sy deeglike organisasievermoë, sy 'vitale' idealisme, sy fyn berekende formulerings en boonop sy voortreflike leierskap kon nie anders nie as om die P.U.Kaners in 'n wonderlike hegte eenheid saam te snoer. Baie interessant, daardie jaar het ons nie krisisse 'na binne' gehad nie. Dit was kompleet of alles in die hoogste versnelling was en die masjien besonder glad verloop het.

"Maar die veterane uit 1950 kan seker nog die krisisse 'na buite' onthou! Daar was o.a. die skakery van Tukkies se dirigent op 'n Sondagaand, nogal 'n laastejaar-tokkelok en dit 'n paar uur nadat hy sy proefpreek gelewer het. **[Kyk ook 1.6.3.]** Arme Willem en die S.R. Nie een van hulle was daarvoor verantwoordelik nie en ook nie die studentemassa nie. Meteens het die inrigting met sy konsekwente CHRISTELIKE beginsel onder die smaad van die buitewêreld gekom. Ek onthou nog goed wat die groot opskrif van een van die Afrikaanse koerante was: 'P.U.K.-studente skaak dirigent op Sondag'.




Studenteraad 1950. Voor: J. Ligthelm, Magda Kok, WJ de Klerk, Rieta o' Grady, B. Spoelstra Agter: LR Botha, CMJ van Vuuren, APS van der Merwe, JPH Viljoen, FJL Steenekamp, RG Kriel.

"Dit was 'n bitter week van spanning. Prof. Postma het die Intervarsity afgelas, en Tukkies was vir ons kwaad! Selfs sommige ou studentemaats wat vroeër saam met ons in die klas gesit het maar verder op Pretoria gestudeer het, het nie met ons simpatie gehad nie. Die hele inrigting moes eenvoudig die smaad saam met ons paar vurige skakers dra. Maar onder die leierskap van Willem de Klerk het ons dit gedoen en op 'n waardige manier sonder dat die skuldige studente ooit gevoel het dat hulle deur die massa uitgestoot word maar ook sonder dat U.P. verder die vinger kon wys.

"Was Willem se inisiatief nie daar nie, sou die gemoedere seker nog lank daarna gespanne gebly het, maar hy het albei Universiteitsowerhede binne 'n paar dae 'gedwing' tot 'n oplossing en opruiming van misverstande. Die resultaat was dat die Intervarsity in 'n baie gesonde gees tog plaasgevind het, en in die Pukke se oorwinning van 12-11 kan met reg gesê word dat Willem de Klerk ook 'n groot aandeel gehad het (hoewel hy self nooit vir die Pukke voetbal gespeel het nie: hy het altyd gesê dat sy kuite te swak was!).



Verwelkoming van rektor Postma op die Potchefstroomse stasie.



Willem de Klerk



Bouke Spoelstra

"Dat Willem de Klerk toe ook gekies is as president van die Uniale A.S.B., was 'n bewys dat ook die ander universiteite sy bekwaamheid raakgesien het. So sal ons Willem altyd onthou as die laaste voorsitter van die ou P.U.K., en die ou 'kollege' kan trots daarop wees!" **[Kyk ook 2.1 onder]**

"In hierdie tyd was daar egter 'n ou Ons Huis-bewoner wat 'n groot rol in die studentelewe gespeel het. Dit is Bouke Spoelstra, wat in 1950 ondervoorsitter was en toe in 1951 die eerste voorsitter was van die selfstandige Universiteit. Die keuse van Bouke as Willem se opvolger was seker een van die maklikste wat die studentemassa ooit gehad het, want almal het geweet dat hy so bekwaam is, dat hy selfs 'n paar jaar vroeër dit sou reggekry het om die studente se leier te wees.

"1951 was die jaar van die groot fees, en geweldig baie dinge moes reeds binne die eerste kwartaal afgehandel word. Die selfstandigwordingsfees, gradedag en die jaarlikse jooloptog het alles feitlik gelyktydig plaasgevind, sodat daar soms tot diep in die nag gewerk is. Onder andere moes ons 'n nuwe Alma Materlied kry, en nuwe aanpassings moes gemaak word. Maar in alles was Bouke die man wat van stap tot stap ons so gelei het dat die studentegemeenskap nooit een enkele keer onvolwasse gevoel het teenoor die groot en ou universiteite nie.

"Bouke was natuurlik geweldig skerpsinnig. Ek glo nie ons het al ooit 'n studenteraadsvoorsitter gehad wat so vinnig was om die swak punte in 'n sisteem of 'n argument raak te sien nie. Dit is dan ook geen wonder nie dat hy in later jare selfs 'n hele sinode met sy argumente en pleidooie kon beweeg. In sy studentejare was hy alreeds die 'kanonikus' en, laat ons dit maar byvoeg, die regte kampvegter vir die studente. Hy het selfs nie geskroom om soms die owerhede van die Universiteit aan te durf nie. 'n Mens het altyd geweet dat as jy teen Bouke wil optrek, dan moet jy baie seker wees van jou saak; en as jy hom aan jou kant het, dan voel jy dapperder!

"1951 was, sover ek kan onthou, oor die algemeen 'n rustige jaar in die studentelewe, nadat die feesvierings verby was. Maar dit was tog 'n uiters belangrike jaar, *die* jaar in die geskiedenis van ons Universiteit! En dat die fondamente van die selfstandige inrigting op die studentefront alreeds in sy eerste jaar so goed gelê is, is baie aan Bouke Spoelstra te danke. Die leuse onder sy leiding was altyd in die gees van die eerste woorde van die ou Alma Mater-lied: 'Begin ons klein, ons ideaal is groot …"

# Afdeling 1 :

# SAGES EN GEBEURE

## 1.3 IDENTITEIT EN KARAKTER

1.3.1 Proloog

1.3.2 "Groenpunt"? Nee, "Die Bult"!

1.3.3 Vanwaar "PUK" en "PU vir CHO"?

1.3.4 "Verminkte Vaandel" (1921-1951)

1.3.5 'n Kandelaar … en "In U Lig"

1.3.6 Metamorfoses van die PUK-embleem

1.3.7 "Alma Mater"

1.3.8 'n Eie stasie … Cachet!

1.3.9 "Theos", "Navy", "Fires" … en die "Ibbies"!

# 1.3 Identiteit en karakter

## 1.3.1 PROLOOG

Identiteit en karakter is belangrike komponente van enige instansie, ook so wat onderwys inrigtings betref. Die omstandighede waaronder en wyses waarop die PUK sy identiteit en karakter bekom en oor jare heen bewaar en uitgebou het, is elk 'n sage op sigself.

Hoe hard JD du Toit (Totius) ook al probeer het om die naam "Groenpunt" te vestig vir die deel van Potchefstroom waar die Teologiese Skool/PUK aan die begin van 1905 sy beslag gekry het, het dit hom nie geluk nie: dit het "Die Bult" geword. **[Kyk 1.3.2.]** En dit is minder bekend dat die PUK se aanvanklik voorgestelde naam "Riebeek Kollege" was en dat dit bó "Potchefstroom Universiteits Kollege" verkies is. Toe hierdie eerste poging om universiteitskollege-status te verkry in die sand geloop het, is in die volgende ronde teruggeval op "Potchefstroom Universiteits Kollege" maar met 'n baie laat toevoeging van "vir Christelike Hoër Onderwys". Geraadpleegde bronne kon geen lig werp op die rede hiervoor, of wie presies daarvoor verantwoordelik was nie. **[Kyk 1.3.3.]**

'n Effense waas van geheimsinnigheid omhul ook die weglating van die "vir Christelike Hoër Onderwys" tydens inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika in 1921. Dit wil-wil lyk asof PUK-mense self die "CHO" agter die naam verkwansel het. Hierdie "verminkte vaandel", só genoem deur Ferdinand Postma, is weer in 1933 herstel en in 1951, by selfstandigwording, verder bevestig. **[Kyk 1.3.4.]**

Wie sou kon dink dat die voorkoms van die kandelaar in die PUK se embleem gebaseer is op die reliefbeeld van die tempel-kandelaar soos dit in die Titus-boog in Rome daar uitsien! En dat die ontwerp van die eerste PUK-embleem verkeerdelik aan veelgeroemde Afrikaanse skilder JH Pierneef toegedig is – terwyl die kunstenaar al die tyd mev Maria Kamp in samewerking met haar man, prof Jan Kamp en Totius was. **[Kyk 1.3.4.]**

Die Babelse verwarring betreffende die voorkoms van die PUK-embleem word ook onder die loep geneem en die werklike feite op die tafel gelê. **[Kyk 1.3.5.]** Selfs so onlangs as 28 Julie 2003 is daar steeds van 'n verouderde embleem gebruik gemaak tydens 'n SAUK-TV nuusuitsending oor die PUK!

Die bestaan van 'n ou "Alma Mater", uit die digpen van Totius, na 'n lang gesukkel om vir die PUK 'n eie lied te verkry, en die verkryging van 'n nuwe lied (deur oudstudent en digter SJ Pretorius) tydens selfstandigwording in 1951, maak verdere lekker leesstof uit. **[Kyk 1.3.6]** Dis trouens ook die geval met Cachet-stasie, wat so 'n prominente plek binne die PUK se "kultuuropset" van vroeër gespeel het**. [Kyk 1.3.7]**

Laastens word in hierdie afdeling ook die sluier gelig oor die herkoms van name soos "Theos", "Navy", "Fires" en "Ibbies" vir spogrugbyspanne van die PUK. **[Kyk 1.3.8.]**

Saamgevat, behoort lesers – of hulle oud-Pukke of nie-Pukke is – na lese van hierdie bydraes 'n baie beter begrip te hê van wie en wat en vanwaar die PUK is.

## 1.3.2 “GROENPUNT”? NEE, “DIE BULT”!

**So byna-byna was die Bult nie die Bult nie!**

**Ja, as dit van Totius, daardie groot kultuurman en meningsvormer op die PUK-kampus afgehang het, was die Bult, daardie eksklusiewe “voorstad” van Potchefstroom wat sy besondere en unieke karakter hoofsaaklik aan die wemelende en krioelende studentemassas te danke het, se naam heel moontlik vandag “Groenpunt”.**



JD de Toit (Totius)


Daar is reeds gesien welke gunstige beeld dr JD du Toit (Totius) van Potchefstroom geskep het vóórdat besluit is om die Teologiese Skool soheentoe te verskuif. **[Kyk 1.1.4.]** In April 1905, in die eerste Potchefstroomse uitgawe van die studentekoerant *Fac et Spera*, borduur Totius voort op die gunstige skets van die dorp en besing hy die lang, breë en goed-onderhoude strate, die pragtige watervore, die murmelende stroompies en die kristalhelder water van die Mooirivier, die droewige wilgers, slanke sipresse, trotse eike en altyd-groen macrocarpa’s; ook die siel van Potchefstroom, naamlik vrugtebome, groentetuine en landerye. ‘n Dorp met ou en eerwaardige tradisies, en die bevolking oorwegend Afrikaanssprekend. “Hier”, sê hy, “is onze School neergestreken. Zij nestelt te ‘Groen Punt’.”

Ja, “Groenpunt” was die vlieër-naam wat die besielde opkomende digter aan daardie deel waar die Teologiese Skool staangemaak is toegeken het. In die volgende uitgawe van die blad maak ‘n mens nader kennis met “Groenpunt”: “Op G[roenpunt] staan drie gebouwen. Boomen zijn hier niet. Het ruige gras is afgebrand. Een gedeelte van den grond is omgeploegd en tusschen de ontzaglijke zooien zijn vrucht-boompjes geplant. De drie gebouwen zijn die van den Rector, de school en ONS TEHUIS. Ten Oosten, vlak aan de draadomheining, gaat het groote pad van Johannesburg voorbij. Daar passeerden den geheelen dag motors en fietsen. Het pad is ‘kniediep’ zand … Ten Oosten liggen eenige huizen met fraaie tuinen en landerijen. Een der huizen ziet er heel ouderwetsch uit. Men vertelde mij, dat het vroeger de woning van wijlen Pres. Pretorius was. Ten Zuid-Westen ligt ‘t dorp, van G[roenpunt] gescheiden door een ‘lopie’, waarin een stroom water, een gedeelte van de Mooi loopt. Het dorp is min zichtbaar van hier wegens de vele en hoogen boomen, die ‘t gezicht belemmeren. Naar het Westen liggen de huizen schier onregelmatig verspreid. Weinig zijn aanzienlijk. Een is bijzonder, van buiten geverfd. Dat is een typisch huis. Verder zijn ze van allerlei vorm, kleur, groote, hoogte en materiaal.”



Noordbrug, Potchefstroom.

Maar die Totius-naamgewing het nie aanklank gevind nie – nie juis omdat die plek in die winter eerder na “Vaalpunt” lyk nie, want oor ‘n paar jaar “zal Groenpunt beplant met ‘evergreens’ er altijd groen uitzien”. Nee, daar steek meer agter: “De naam Groenpunt wekt nu helaas geen begrip van ‘groen’ op. Hij heeft zijn schone beteekenis bij ons volk verloren. Het is een stoffig kamp aan die Kaapsche kust. Daar zaten de gevangenen in den oorlog. Daar werd geleden omdat Recht buigen moest voor Macht.”



Groenpunt, Kaap

As direkte vertaling van “Green Point” het dit boonop so ‘n Engelse bysmakie en kon die studente skynbaar maar net nie vat kry daaraan nie. Daar is uitgesien na ‘n plegtige naamgewingsaksie en daar is gewonder wat die “egte” naam sal wees “die deze illegalen vervangen moet”. (p 94)

Daar was toe nooit so ‘n “doopplegtigheid” nie.

Die naam “Groenpunt” sou egter nog vir geruime tyd sporadiese verskyning in die woordeskat maak. In 1907 word ‘n rubriek “Groenpunt Nieuws” in die studenteblad aangebied en tydens ‘n besoek van FC Eloff en sy vrou in 1908 word die plek weer aangedui as “Groenpunt”. In hierdie tyd was daar ook ‘n “Groenpunt Debatsvereniging”. In 1910 rapporteer die studentekoerant dat dit heel rustig en vredig toegaan op “Groenpunt”.

Die gebruiksfrekwensie van die naam neem hierna drasties af, maar in 1917 word H Meirowitz se “Goedkoop Winkel” as geleë te “Groenpunt” aangedui. In 1921 adverteer PA Kirstein op sy beurt sy “Groenpunt Slagtery” in Tomstraat. Selfs so laat as 1956 het daar nog ‘n advertensie van ‘n “Groenpunt-Kafee” (in Von Wiellighstraat) in die studentekoerant verskyn.

**Die naam “Die Bult” het egter in toenemende mate sy verskyning gemaak en hom uiteindelik finaal ingeburger.**











Advertensies Groenpunt

## 1.3.3 VANWAAR "PUK", en "PU VIR CHO"?



PRIVATE WETSONTWERP

**Om die "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" te wysig.**

NADEMAAL daar op Potchefstroom in die Provinsie Transvaal 'n instelling is vir hoër onderwys in lettere en wetenskap, welke instelling van die jaar 1869 tot einde Maart 1919 bestaan het as letterkundige en wetenskaplike afdeling van die inrigting bekend as "De Theologiese School van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika," gestig en in stand gehou deur die kuratore van genoemde Kerk, en op die eerste April 1919 onder die naam "Het Potchefstroom Universiteits-kollege voor Christelik Hoger Onderwijs" 'n afsonderlike instelling geword het onder beheer van 'n eie raad, gesubsidieer deur die voornoemde kuratore en deur die Regering: Aanhef.

*En nademaal die Regering nie meer sodanige beperking begeer nie en dit derhalwe wenslik is om die voorsiening vir sodanige beperking te herroep:*

En nademaal dit wenslik is om gemelde "Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921" te wysig in die opsigte hierbo aangedui:

WORD DIT DERHALWE BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. In artiekel *een* van De Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet 1921 (hierna genoem die hoofwet) word die woorde "Het Potchefstroom Universiteitskollege" in die woordbepaling van "Het Kollege" vervang deur die woorde "Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir Kristelik Hoër Onderwys". Wysiging van artiekel *een* van Wet No. 25 van 1921.

Naam in Wetsontwerp

**Om 'n naam te kry vir die universiteit wat besig was om in die voeë van die Teologiese Skool te ontwikkel was nie 'n maklike taak nie. Daar was reeds 'n Victoria Kollege, 'n South African College, 'n Transvaal University College, 'n "Rhodes University College" ... en etlike ander.**

**Teen 1915 is daar die kwelvraag, oor hoe om die beplande universiteitskollege op Potchefstroom te noem:**

**"Kalvyn Kollege"?**


**"Wilhelmina Kollege"?**

**"Riebeek Kollege"?**

**Of wat van "Potchefstroom Universiteits-Kollege"?**

Sedert die totstandkoming daarvan in 1876-77 het die Literariese Departement onder die vaandel van die Teologiese Skool gegroei en ontwikkel. Na Uniewording in 1910, in 'n tyd toe die term "kollege" al ingeburger was as benaming vir inrigtings van hoër onderwys, het die benaming "Kollege Departement" sy verskyning gemaak – met "departement" wat darem steeds die naelstringverbintenis met die Teologiese Skool moes aandui. Toe die behoefte om op eie bene te begin staan hom sterk begin opdring het, en daar teen 1915 by die staat om finansiële hulp aangeklop moes word, het die naamkwessie skielik akuut geraak.







Aspirant naamdraers: Johannes Calvyn, Jan van Riebeeck en Koningin Wilhelmina.

Die dosentekorps aan die Teologiese Skool wat hiermee gewerk het was verdeeld oor die naamkwessie. Professore JD du Toit (Totius) en Jan Kamp wou dit puur en simpel "Potchefstroom Universiteits-Kollege" maak, maar kollegas Ferdinand Postma, SO Los en APC Duvenage en ook registrateur WJ de Klerk het gemeen dat "Riebeek Kollege" net die regte naam was. En wel omdat Jan van Riebeeck die gereformeerde godsdiens na die Kaap gebring het en die Gereformeerde Kerk, volgens die algemene "Dopper"-siening, die voortsetting van daardie "gereformeerde" kerk van 1652 was.

Maar daar was ook ander name op die tafel. Wat daarvan om Johannes Calvyn, die groot leermeester van die Gereformeerdes, te vernoem? Of, uit piëteit teenoor die groot simbool van stamverwantskap, wat van die gevierde Nederlandse vorstin Wilhelmina?

"Kalvyn Kollege"? … "Wilhelmina Kollege"?




Ferdinand Postma … stel voor "Riebeek Kollege".

Maar in Amerika was daar reeds 'n eweknie-inrigting wat Calvyn se naam dra, en samewerking met "ander genootskappe" sou dalk bemoeilik word as Wilhelmina vernoem word. So, dis uit.

"Potchefstroom Kollege" is ook oorweeg, maar dit was die algemene naam waaronder die plaaslike Boys' High School bekend gestaan het.

Dis ietwat ironies dat Ferdinand Postma skynbaar self met "Potchefstroom Universiteits-Kollege" vorendag gekom het, maar dit later laat vaar het as "te kaal en te niksseggend" en buitendien 'n "te algemene benaming" – verwysende na "Pretoria Universiteitskollege" en "Johannesburg Universiteitskollege". [Laasgenoemde twee name is bloot gevisualiseer want dit het nie op daardie tydstip bestaan nie]

Nee, meer nog: "Ik wil net sê dat die eerste R.K. [Riebeek Kollege] korter en gemakkeliker is dan die P.U.K.; bowendien lijk dan op die oog onse pretensies nie so hoog nie." Dis nie mooi duidelik wat Postma met die laaste opmerking bedoel het nie.



Oom Petrus Postma … moes finale besluit neem.

Die arbiter oor die naamkwessie was ds Petrus Postma, kuratore-voorsitter en eertydse eerste professor van die Literariese Departement (1877-1880), die man wat met troffel in die hand die hoeksteen gelê het van die inrigting waarvoor nou 'n naam gesoek word. "Ons sal tevrede wees soos U die kindjie wil noem", sê Ferdinand nadat hy vir oulaas subtiele druk op oom Petrus uitgeoefen het om tog maar die groen lig vir "Riebeek Kollege" te gee


Oom Petrus was skynbaar inskiklik en die regering is genader om finansiële steun vir 'n te-stigte "Riebeek Kollege" te Potchefstroom. Maar tevergeefs: die kollege te Pretoria is te naby en boonop self nog te klein, en die regering kan nie steun verleen "als wij een speciale volksgroep wensen te verteenwoordigen". Uit die konteks van die tyd het laasgenoemde argument geslaan op die kerklik-Gereformeerde oftewel "Dopper"-karakter wat Potchefstroom steeds vertoon het – ten spyte van dapper klein pogings om daarvan weg te beweeg.

Vir 'n paar jaar is dit effens stil op die naamgee-front, en word koorsagtig van sinode tot sinode, op kuratorevlak en deur kommissie op kommissie oor die toekoms van die "Kollege Departement" besin. Met of sonder staatssteun, word in 1916 besluit op gedeeltelike losmaking van die Teologiese Skool en word "Teologiese Skool (Literariese Departement)" as benaming vir die twee-eenheid voorgestel. Hierdie taalkundige monster het uiteraard nie inslag gevind nie en algou is weer teruggeval op "Kollege Departement", om die ou literariese afdeling aan te dui.

Die omstrede "gewetensklousule", waarvolgens universiteite nie godsdienstige toetse mog aanlê by die aanstelling van personeel of inname van studente nie is intussen opgeneem in die nuwe wetgewing wat die Suid-Afrikaanse universiteitswese in 1918 in werking gestel het. Vir die Potchefstromers, wat na die mislukte poging van die "Riebeek Kollege" hierdie verwikkelinge vanuit die koue moes gadeslaan, was dit soos om die spreekwoordelike rooi doek voor die kwaai Afrikanerbul uit te hang, en sou daar vorentoe vanuit Potchefstroom sterk teen dié prikkel geskop word.

Intussen het die stryd om voortbestaan al erger geword en is byvoorbeeld tydens die sinode van die Gereformeerde Kerk in 1916 oorweeg om by die Grey Universiteitskollege in Bloemfontein in te skakel. Hiervoor het die kerkvaders egter nie kans gesien nie. Die stigting van 'n "Vrije Universiteit vir Suid-Afrika" was kostegewys, maar ook omdat dit nie as die kerk se taak beskou is om 'n universiteit te onderhou nie, onaanvaarbaar.

Op dieselfde byenkoms is verslag gedoen oor samesprekings wat sedert Januarie 1918 met die minister van Onderwys, FS Malan gevoer is oor die moontlike erkenning van die Kollege as "samestellende Kollege" van die Universiteit van Suid-Afrika. In die konsep-wetsontwerp wat vir hierdie doel voorberei is, is die naam van die kollege aangegee as "Potchefstroom Universiteits Kollege" – die naam wat in 1915 deur prof JD du Toit en andere voorgestaan is toe oom Petrus Postma egter sanksie aan broerskind Ferdinand se voorstel van "Riebeek Kollege" verleen het. Die sinode het egter nie sy weg oopgesien tot inkorporasie solank die gewetensklousule van krag bly nie. Op voorstel van ds Willem Postma sou die regering wel genader word oor subsidie "met behoud



APPROVED BY TREASURY
In terms of 27/1/9
Authority F...... date......
Recorded by Williamson

C.V. 25/3/19

25 Maart, 19.

Ds. W. Postma,
Adres Mnr. H.J. du Plessis,
Bathurst Road,
WIJNBERG.

Wel Eerw. Heer,

Ik heb de eer, in opdracht van Z.Ed de Minister van Onderwijs, u mee te delen dat de Regering het verzoek om subsidiëring van het Potchefstroom Kollege in verdere overweging heeft genomen en besloten heeft voorsiening te maken voor 'n jaarlikse subsidie, £ voor £, geen £4,000 per jaar te bovengaande, onder de voorwaarden gesteld in 'n schrijven aan Z.Ed. gericht, dd.20 dezer, en ondertekend door u en Prof. Dr. J.D. du Toit, nl.,

i. Dat het Kollege geheel zal worden afgezonderd van het Theologiese Departement volgens besluit van de Sinode, en onder een zelfstandige Raad zal worden geplaatst;

ii. Dat gelden wederzijds voor het Kollege bijdragen, op generlei wijze zal worden aangewend, direkt of indirekt, ten bate van gemelde Theologiese Afdeling;

iii. Dat gemelde subsidie tijdelik zal zijn, voor minstens drie jaren, opdat de Raad van Kuratoren in de gelegenheid gesteld worde om de kwestie van inkorporatie volgens wet aanhangig te maken, wat eerst over drie jaar kan geschieden.


iv. Bij de aanstelling van professoren en lektoren zal allen zorg gedragen worden dat het kristelik karakter van het Kollege gehandhaafd wordt, zonder aanwending van een denominationale toets; bij de toelating van studenten geldt geen godsdienstige toets

v. De H.Ed. Regering zal het recht hebben zich te laten vertegenwoordigen tot een getal van een-vierde van de leden van de Kollege - raad."

Ik heb de eer te zijn,
U We. Eerwe. dw. dienaar,

(Sgd.) Geo. M. Hofmeyr

Subsidie, maar op voorwaardes ...



Deur Onderwysminister FS Malan se bemiddeling is subsidie in 1919 verleen en moes daar van die Teologiese Skool afgeskei word.

van onse beginsels".

Dit het geluk en op 25 Maart 1919 laat weet die minister van Onderwys dat subsidie wel verleen word, maar op voorwaarde dat daar algehele skeiding van die Teologiese Skool sal wees en dat by die aanstelling van dosente sorg gedra sou word dat die Christelike karakter van die Kollege gehandhaaf word, sonder om 'n denominasionale (kerklike) toets te vereis. Geen godsdienstoetse mog ten opsigte van studente toegepas word nie. In 'n ander dokument het die PUK-onderhandelaars dit duidelik gestel dat die gewetensklousule wel van toepassing sal wees indien in die toekoms geïnkorporeer wou word.

In werklikheid is die voorwaardes en bepalings wat vir subsidie gestel is, net so deur kommissielede JD du Toit en Willem Postma aan die minister deurgegee. Hierdie skrywe van die kommissie aan die minister is ongelukkig skynbaar nooit opgespoor nie. Met hierdie subsidieverlening het minister FS Malan as 't ware die reddingsboei gegooi na die spartelende baba van die Suid-Afrikaanse universiteitswese. Maar daar sou nog baie water in die see loop voordat hierdie amperse drenkeling veilig aan boord gebring en volledig deel van die opset sou word.

Op 21 Mei 1919 is die ontwerpstatute van "die Potchefstroomse Universiteits Kollege" tydens 'n kuratorevergadering behandel en eers op hierdie stadium word, in handskrif op die getikte voorlegging, die woorde "voor Kristelik hoger onderwijs" ingevoeg. Op dieselfde vergadering het die afskeiding tussen die Teologiese Skool en die Literariese Departement plaasgevind en is ses Raadslede vir die Kollege benoem.

Die vraag is: vanwaar, en hoekom dan die "nuwe" naam, "Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys" [om sy later korrekte skryfwyse te gebruik]?

Intensiewe bronnestudie kon nie 'n direkte, klinkklare antwoord verskaf nie. Ongelukkig kon die brief van Du Toit en Postma, waarin om subsidie gevra is, nie opgespoor word nie, terwyl die departement se antwoord slegs (foutiewelik, natuurlik) na "Potchefstroom Kollege" verwys.

Die omvorming van die Victoria Kollege en die South African College tot die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad onderskeidelik in 1918 kon moontlik as stimulus gedien het vir die naamskoppeling aan Potchefstroom. Dit is ook hoogs waarskynlik dat die ideale en aksies van die "Vereniging vir Kristelik-Nasionaal Hoër Onderwys", wat in 1917 beslag gekry het op model van 'n soortgelyke vereniging wat as ruggraat van die Vrije Universiteit te Amsterdam gedien het, op 'n laat stadium as inspirasie vir die toevoeging gedien het.


Wat ookal die motivering, die invoeging van die "vir Christelike Hoër Onderwys" was ongetwyfeld 'n gebaar van vasberadenheid om die Christelike karakter wat vanaf 1869 soos 'n goue draad deur die geskiedenis van die wording van die nuwe universiteitskollege loop, te handhaaf.

Op 23 Julie 1919 het die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys formeel beslag gekry. 'n Droom is verwesenlik, 'n ideaal bereik – maar omstandighede rondom was alles behalwe rooskleurig …

## 1.3.4 "VERMINKTE VAANDEL" (1921-1951)

**'n Kerklike toets mag nie ten opsigte van personeel toegepas word nie, en studente mag nie aan godsdienstoetse onderwerp word nie, maar die Raad sal toesien dat die Christelike karakter behoue bly …**

**Dit was die voorwaardes van regeringskant in 1919, in ruil vir subsidie. Maar hoe rym dit, hoe kry 'n mens dié kloutjie by die oor?**



iii. Dat geme'de subsidie tijdelik sal sijn, voor minstens drie jaren, opdat de Raad van Kuratoren in de gelegenheid gesteld worde om de kwestie van inkorporatie volgens wet aanhangig te maken, wat eerst "over drie jaar kan geschieden.
iv. Bij de aanstelling van professoren en lektoren sal allen zorg gedragen worden dat het kristelik karakter van het Kollege gehandhaafd wordt, sonder aanwending van een denominationale toets; bij de toe-"lating van studenten geldt geen godsdienstige toets
v. De H.Ed. Regering sal het recht hebben sich te laten vertegenwoordigen tot een getal van een-"vierde van de leden van de Kollege - raad."

Ik heb de eer te sijn,
U We. Eerw. dw. dienaar,

(Sgd.) Geo. M. Hofmeyr

Tekening van "Verminkte Vaandel" te ontwerp.

Die uitgespelde taak van die Raad sou tog nie te moeilik wees nie, want statutêr is bepaal dat die kuratore van die Teologiese Skool ses lede van die nuwe Raad sou benoem, teenoor een of twee van regeringskant. Maar onderwerping aan die gewraakte gewetensklousule het soos 'n swaard oor die koppe bly hang, veral gesien die tydelike karakter van die geldverlening …

In die nuwe bedeling het voortgesette finansiële nood maar veral praktiese probleme rondom opleiding vir die PUK 'n onuithoubare situasie geskep en is daar diep en ernstig besin.

Quo Vadis, PUK vir CHO?

Vir die PUK was die Gereformeerde Kerk se sinode van 1920 sy oomblik van waarheid.

Om te inkorporeer, en onder die gewetensklousule te staan, of om nie te inkorporeer nie. En, indien nie, wat en waarheen dan? Moes daar nie maar kragte saamgesnoer word met Grey Universiteitskollege op Bloemfontein nie? Kon op eie bene – die kerk se bene – voortbestaan word?

In (Gereformeerde) kerklike kringe is druk oor die netelige kwessie van die toekoms van die PUK bespiegel en geredeneer. Uit kommissieverslae het dit vooraf geblyk dat die gewetensklousule ononderhandelbaar was.

Vir ds Willem Postma, wat op 'n vroeë stadium alles in sy vermoë gedoen het om die PUK by Grey Universiteitskollege te laat inskakel, was dit 'n geval van óf inskakel onder die wet, óf die PUK sluit. Eersgenoemde sou aan die PUK groter status gee, gelyke status met die ander universiteitskolleges in plaas van die heersende onderhorigheid ten opsigte van eksamens en kursusse. As die



Geboue van Grey Universiteitskollege. Ds Willem Postma het sterk geywer vir die inskakeling by hierdie Universiteitskollege, as deel van onder meer president MT Steyn se ideaal om 'n sterk Afrikaner-universiteit vir die Vrystaat te vestig.

PUK egter sluit, dan word die kinders oorgegee om rond te swerf "op die onsekere watere van hoger onderwys sonder Kristelike beginsels".

Vir Postma was behoud geleë in die seggenskap wat die Kerk in die samestelling van die Raad het: " 'n Raad van nege Gereformeerdes sal tog nie maklik 'n wolf in skaapklere laat deurglip nie … daar is dus net een gevaar en dit is, dat nege uit dertien lede van die Raad verraaiers van onse beginsels moet wees." En al sou daar dalk tog 'n "onkristelike" professor "insluip", sal die gees en atmosfeer steeds christelik bly vanweë die talle ander professore "wat Kristelike beginsels op hoger onderwys gebied handhaaf en verkondig".



Prof JD du Toit (Totius)


Vir drie-en-'n-half dag lank is daar vanaf Vrydag 25 September tydens die sinode te Colesberg oor hierdie netelige kwessie gewroeg.

Om te inkorporeer, of nie te inkorporeer nie? "To be, or not to be?"

Twee voorstelle dien voor die besluitnemers.

'n Meerderheidsvoorstel van die betrokke kommissie wat met die saak gewerk het, vra vir inkorporering en die voortsetting van die stryd teen die gewetensklousule. 'n Minderheidsvoorstel wil die status quo behou, eers probeer om die gewetenskousule verwyder te kry en dan, "met behoud van onse beginsels" inkorporeer. Die professore, gedryf deur die praktiese probleme, is ook ten gunste van inkorporasie – so ook die grootste meerderheid van die sinode.

Ons moet met mannemoed inkorporeer en strydend uitgaan, sê een, terwyl 'n ander wil hê dat uitgespring en georganiseerd teen die nuwe neigings gestry moet word. Met "genoeg manne van onse rigting in die Raad" is daar nie gevaar nie, en "Ik vertrou onse professore en Kuratore en hulle sal onse beginsels handhaaf".



Ds Willem Postma

Prof JD du Toit (Totius) het sy gevoel met beeldspraak oorgedra: "As my huis aan die brand is, en ek kan nie deur die deur nie, dan gaan ek deur die venster … Wat ons doen, doen ons dus om die skool te red onder drang van omstandighede, waar ons onskuldig aan is."

'n Klein minderheid is egter sterk gekant. "Dis altyd gevaarlik om staatsgeld te ontvang", sê een, terwyl 'n ander voel "dat ons stadig maar seker oorrompel word". Daar word beweer dat ons nie oorgee nie, vervolg hy, maar alleen swenk om ons te red: "Maar sonder stipulasie van ons beginsel, is dit oorgawe." Ouderling P Schutte van Potchefstroom is bang: "Als ons eenmaal in die hande val van die staat, kom ons daar nooit weer uit nie." Minderheidsvoorsteller ds Dirk Postma het gewag gemaak van die verwysing na 'n simpatieke Raad, maar

wat gemaak "als ons geen simpatieke minister meer het?"

Toe die uur slaan en die debat gesluit word, is met 77 stemme teen 18 besluit om te inkorporeer.

Maar daar word darem gestipuleer, in 'n sinode-opdrag aan die kuratore, om tydens en na inkorporasie alle moontlike stappe te neem "dat die tradisionele beginsels en karakter van die Skool gehandhaaf word, indien moontlik met behoud van die teenwoordige naam Potchefstroom Universiteit Kollege vir Kristelik Hoger Onderwys". By herhaling is opdrag gegee om die "Potchefstroom Universiteits Kollege vir Kristelik Hoger Onderwys" by die Universiteit van Suid-Afrika te inkorporeer.

Ten spyte van die sterk aandrang op die behoud van die naam in sy totaliteit, het inkorporasie plaasgevind sonder die PUK se van, het die toevoeging "vir Christelike Hoër Onderwys" in die onderhandelinge en in die wetgewingsproses in die slag gebly. Skaarste aan klinkklare bronne-getuienis en die feit dat die notules van die parlement destyds nie gepubliseer is nie, maak dit moeilik om agter die kap van die byl te kom en die presiese gang van sake te rekonstrueer.

Dit wil-wil voorkom asof die PUK-onderhandelaars self, waarskynlik op grond van hul voorafgaande ervaringe en rigtingwysers, die agtervoegsel in die naam weggelaat het – om inkorporasie makliker te maak. Daar is inderdaad later in die parlement verklaar dat daar geen druk van regeringskant was om die "van" te laat vaar nie.


Feit bly, die PUK het in die proses sy "van" verloor en het voortaan bekend gestaan as die Potchefstroomse Universiteitskollege – afgekort PUK.

Die beswaardes en doemprofete se vrese is toe nie bewaarheid nie. Die PUK het sy Christelike karakter behou en hoewel nie hond haaraf gemaak is in die stryd vir die afskaffing van die gewetensklousule nie, kon die PUK tog daarin slaag om in 1933 die aanduiding van sy Christelike karakter in sy naam weer by wetgewing te bevestig. Die "verminkte vaandel", soos Ferdinand Postma daarna verwys het, is herstel – al was dit nie sonder heftige teenstand in die politieke raadsale van die land nie.

In 1950 het die Christelike karakterisering behoue gebly toe die PUK tot selfstandige universiteit omvorm is – maar weer is daar kwaai kapsie gemaak, veral vanweë beweerde diskriminasie teen andersdenkendes en omdat dit in stryd met die gewetensklousule sou wees.

Hieroor het dr. HF Verwoerd, wat as senator gehelp het om die PUK-wetsontwerp deur die parlement te loods, onder meer gesê: "Dit kon ek nog nooit, en ek kan nou nog nie verstaan nie nl. waarom die **afdwing** van 'n eenvormige vrysinnige karakter op al die Suid-Afrikaanse universiteite groter vryheid sou verleen as die verlening van die vryheid aan elk om volgens die gewete van sy ondersteuners die eie rigting in te slaan … dwang tot neutraliteit op die gebied van geloof en kennis (kan) net so 'n ontkenning van vryheid wees as dwang tot 'n bepaalde godsdienstige uitgangspunt."

En só het die PUK, met sy Christelike karakter in sy naam verskans, op 17 Maart 1951 die wye wêreld van die universiteitswese betree**: DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS (PU vir CHO).**







Drie Postmas oor inkorporasie. Pa Marthinus (bo) en seun Dirk was gekant teen inkorporasie en seun Ferdinand (onder) ten gunste van inskakeling.

**"PUK" dalk eers "PUCK" – elf of kabouter?**

***Tydens ondervraging deur 'n gekose komitee van die Volksraad in 1932, toe die naamkwessie weer gedebat teer is, het prof Ferdinand Postma en ds WJ de Klerk toegegee dat die naamsverandering gedoen is om gelykvormigheid met ander komponente van die federale universiteit te bring. Ds de Klerk het ook verwys na die spotnaam "puck" wat aan hulle gegee is – 'n "puck" synde natuurlik 'n elfie of kabouter. Veral die term "hoër onderwys" kon natuurlik baie maklik die "puck"-konnotasie tot gevolg gehad het en sou moontlik die PUK-woordvoerders kon motiveer om dit liewer te laat.***

In die omgangstaal steeds bekend as "die PUK".

Met die aanbreek van die nuwe staatkundige bedeling in 1994 en as gevolg van nuwe benaderings en denke oor nasieskap in die algemeen en onderwys in die besonder, het die Christelike karakter sowel as die naam van die PUK weer in die gedrang gekom. Van 'n "stryd" soos destyds was daar hierdie keer nie juis sprake nie en het albei – die naam sowel as die verskansing van die Christelike karakter in daardie naam – in die slag gebly. Die PUK het opgegaan in 'n groter entiteit, die Noordwes Universiteit, hoewel die benaming PUK wel behoue bly om die Potchefstroomse universiteitskampus van die groter NWU aan te dui.

Die PUK bly dus tot 'n mate steeds die PUK. Sy karakter ook, word die versekering gegee.

Soos in 1920, is daar enersyds gerusstelling en versekerings dat dit wel die geval sal wees, aan die ander kant bedenkinge oor die haalbaarheid daarvan. Die argumentslyne is basies dieselfde, die omstandighede dalk nie …

## 1.3.5 'n KANDELAAR … en "IN U LIG"

**"My moeder het die PUK-embleem ontwerp. Ek onthou nog goed – ek was toe so tien jaar oud – hoedat ek die voltooide tekening na my pa en oom Totius in die studeerkamer geneem het." Hierdie mededeling, uit die mond van die 88-jarige Jan Kamp (jnr), het meegehelp dat seker een van die grootste mites in die PUK se geskiedenis geprik is, naamlik dat die beroemde Afrikaanse skilder JH Pierneef die oorspronklike ontwerper van die PUK-embleem was.**

**Verder: wie sou kon dink dat die wegvoering van die goue kandelare uit die herboude tempel in Jerusalem, soos uitgebeeld in die Titus-triomfboog in antieke Rome, as "model" vir die ontwerp van dié unieke embleem sou dien?**

**Die eerste klink raar, die tweede byna na "heiligskennis" – maar dis waar!**




Die Kamp-Totius embleem.


### *(a) Embleem*

Met die verhoging van status tydens inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika in 1921, was dit nodig dat 'n eie, besondere embleem verkry word – soos die geval was met al die ander komponente en ook die ander twee selfstandige universiteite te Kaapstad en Stellenbosch. Die bestaande embleem van die Teologiese Skool, wat ook maar net 'n Korps Veritas Vincet studente-inisiatief was, het nie bevredig nie.

Proff Jan Kamp en JD du Toit (Totius) is deur die Senaat aangewys om 'n embleem te verkry. En met wie se hulp anders as dié van die jong, opkomende Hollandsgebore Afrikaner-kunstenaar JH Pierneef van Pretoria? Pierneef het reeds enkele jare tevore op die kampus voor die studente opgetree, en was behulpsaam met die verkryging van 'n embleem vir die studenteliggaam Korps Veritas Vincet. Hy was boonop 'n goeie vriend van die PUK-Hollander Jan Kamp en sy vrou – laasgenoemde ook 'n kunstenaar in eie reg – wat die saak moes dryf.




Pa Jan Kamp as koördineerder, ma Maria as tekenaar en Klein-Jan wie se paar treë studeerkamer toe voetspore in die PUK-annale sou word.



Die Titus-triomfboog in Rome het as inspirasie gedien vir die vorm van die PUK-embleem.




Pierneef-ontwerp.




Mev Maria Kamp se voorskets.

Die versoek om 'n embleem vir die PUK te ontwerp is wel deurgegee na Pierneef. Hy het gereageer en 'n voorlegging gedoen wat egter nie heeltemal in die smaak geval en aan die vereistes voldoen het nie. In briefwisseling het Kamp verdere besonderhede deurgegee – onder meer 'n skets wat mev Kamp self gemaak het van dit wat haar man en Totius in gedagte gehad het. Daar is selfs 'n prentjie uit 'n Duitse standaardboek gesny en aan Pierneef gestuur om te wys hoe die kandelaar op die embleem moes lyk.

Hierdie was 'n prentjie van die Titus-boog in Rome.

Tydens die navorsing oor die PUK se geskiedenis is afgekom op 'n foto van die Titus-boog in 'n uitgawe van "Die Brandwag" van 1913, lank voordat die Kamp-Pierneef korrespondensie ter insae verkry is. Historiese intuïsie het dadelik 'n klokkie laat lui: was dit nie dalk die inspirasie vir die motief op die embleem nie?

Dit was toe ook so!

Ten spyte van baie gesoebat en die ruim voorsiening van inligting van Jan Kamp se kant het Pierneef gedraal. Intussen moes die energieke klein Hollandertjie dit woes ontgeld onder sy kollegas oor die uitbly van resultate. Tot op 'n dag, toe die geduld op is en besluit word: nou maak ons self die ding!

Die voorskets van mev Kamp, wat aan Pierneef as voorbeeld deurgestuur is, het heel belowend gelyk – dus vra sommer nou vir mev Kamp om dit af te rond. Sy doen dit, en die tengerige tienerseun Klein-Jan se paar treë studeerkamer toe word voetspore in die annale van die PUK.

En mev Kamp kry, weliswaar byna agt dekades ná die gebeure, die nodige erkenning wat so bitter lank uitgebly het – erkenning wat chauvinisties-foutiewelik aan die beroemde Pierneef toegedig is.

## *(b) Leuse*


Die verkryging van 'n eie, unieke embleem vir die PUK hang ten nouste saam met die leuse wat daarop aangebring is. Leuse en embleem komplimenteer mekaar volledig, die een is die ander.

Dis nie mooi duidelik wat was eerste nie: die leuse, of die vorm van die embleem. Was die leuse klaar uitgespel en moes die embleem daaromheen gebou word, of het die keuse van die embleem die leuse tot gevolg gehad?

In studentegeledere was eers die slagspreuk "Fac et Spera" (vir: *werk en hoop*) en later Veritas Vincet (vir: *die waarheid oorwin*) vaardig en is dit ook so op hul embleme gebruik. Maar nee, dis nie goed genoeg vir die nuwe universiteitskollege nie …

Reeds in April 1904, met sy intreerede as literariese professor aan die Teologiese Skool, het Ferdinand Postma die leuse "In U Lig" as grondbeginsel vir Christelike wetenskapsbeoefening voorgehou. Tien jaar later, nadat hy weer sy akademiese dors by die fonteine van geleerdheid aan die Vrije Universiteit en aan die voete van sy Gamaliël, prof Jan Woltjer, gaan les het en met 'n stewige doktorsgraad in die Klassieke op Potchefstroom terug was, het hy dit weer oor Psalm 36 vers 10 toe hy die studente se algemene vergadering toespreek.

Die opening van die byeenkoms met Skriflesing en gebed, merk hy op, is 'n belydenis van 'n beginsel van groot betekenis en met verreikende strekking; dit is 'n beginsel wat die uitgangspunt en doel van studie uitstippel soos dit in die betrokke Psalmvers uitgespel word: "In U Lig sien ons die lig". Die opvatting dat die Bybel nie 'n plek in wetenskapsbeoefening het nie word deur hom afgewys deur onomwonde te stel dat die Gereformeerde belyer vir die eer van God op alle terreine, en dus ook in die wetenskap, moes stry.



Nog veel zouden wij in dit verband kunnen zeggen; wij zouden kunnen spreken over de naam van onze School – de Theologiese School – en de vraag doen of die benaming nog gehandhaafd kan worden? of de tijd niet gekomen is om de stichting van onze vaderen, die in de loop van jaren door de goedheid Gods meer geworden is dan alleen 'n Theologiese School, met 'n andere meer passende naam aan te duiden? Wij zouden kunnen spreken over de vrijmaking van het onderwijs ten opzichte van de Kaapse Universiteit; over de betekenis van de beoefening der wetenschappen volgens het Gereformeerde standpunt voor de ontwikkeling van het Afrikaanse volk. De tijd zal mij echter ontbreken om thans op al die belangrike kwesties in te gaan.

Laat ons van hier gaan en voortarbeiden aan de taak, die God ons gesteld heeft, steeds gedachtig aan het woord van den psalmdichter:

„In Uw licht zien wij het licht".

Ik heb gezegd.

In Julie 1914 het prof Ferdinand Postma dié leuse vir die toekomstige PUK uitgespel.

Sedertdien het Postma hom aangetrokke gevoel tot enkele bekende Skrifwoorde wat deur Calvyn getroetel is, en het hy in 1920 onder meer die een Calvyn-gebruikte teks, "Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid", as leuse van die PUK in die wetenskapsbeoefening voorgehou.

En toe, in 1922, kry die Kamp-Totiuskommissie hulle opdrag.

Geen inligting oor hoe en wanneer op die leuse "In U Lig" besluit is nie, kon opgespoor word nie. Dit is een van die groot jammertes van die PUK se geskiedenis dat Totius, in sy groot skriftelike nalatenskap, niks oor sy en kollega Kamp (en mevrou Kamp) se rol en aandeel in die verkryging van die embleem nagelaat het nie. Prof Kamp se dokumente het skynbaar verlore gegaan en kan daar hoogstens dus verder gespekuleer word.

Dis bloot logies dat, by opdraguitvoering, met rektor Ferdinand Postma oorleg gepleeg sou word. Het hy en kommissielid Du Toit dan nie meer as twee dekades terug dáár langs die Amsterdamse gragte soveel drome gedroom oor die missie en visie van die universiteit wat hulle in hul geestesoog gesien het nie?

Heel eerste sou natuurlik gevra word wat in die embleem ingelees moes word, wat dit moes simboliseer. Die twee Postma-spreuke, bo aangehaal, maar ook die hele geskiedenis van die wording van die PUK tot op daardie datum het net in een rigting gedui en sou dit feitlik voor-die-hand-liggend gewees het dat die woorde "In U Lig" as die mees geskikte en toepaslike sou voordoen: dis kort en kragtig en sê, sonder omhaal van woorde of met vrees vir misverstand, presies wat bedoel word.

En as dit eers as leuse vasgemaak is, was dit maklik om by die Bybelse beeld van die kandelaar uit te kom, wat in die tempel as ligbron moes dien en, volgens prof JA du Plessis se toepassing in 1923, deur die Heilige Gees alle duisternis in die kosmos en in die mens verdryf. Die Bybelse kandelaar was beslis nie vreemd aan die teoloë en geleerdes van Potchefstroom nie

Absoluut nommerpas dus, leuse en simbool.

## 1.3.6 METAMORFOSES VAN DIE PUK-EMBLEEM

**Aan 'n eenmaal goedgekeurde embleem word nie maklik getorring nie. Die wysigings wat die PUK-embleem oor die jare heen ondergaan het, is 'n sage op sigself.**

Met sy unieke embleem en spreuk – die "Titus"-kandelaar en die woorde "In U Lig" – het die PUK sy rol binne die breër akademiese gemeenskap begin speel. Die Totius-Kamp ontwerp van 1922 is entoesiasties ontvang en is vir 'n aantal jare so in amptelike korrespondensie en ander publikasies en selfs in vaandelvorm gebruik. Met die verskyning van die oudstudenteblad, *Die Veteraan,* in 1936 word 'n ietwat gewysigde weergawe aangetref en word dit ook op die buiteblad van 'n studentepublikasie, *Studentehandboekie 1937* gebruik.




Veteraan-embleem 1936

Die twee variante – die Totius-Kamp embleem op jaarboeke en in amptelike universiteitshoedanigheid aan die een kant, en die *Veteraan* weergawe aan die ander kant – word vir 'n paar jaar lank naas mekaar gebruik. Vanaf 1940, maar sonder enige verduideliking, word die *Veteraan* embleem ook vir die PUK jaarboeke gebruik.

Die Senaat het intussen die regte ten opsigte van die embleem aan die Studenteraad laat toekom, en in Mei 1938 is 'n variant van die *Veteraan* embleem by die Raad van Heraldiek geregistreer. Die lint met die bewoording "P.U.K." aan die bokant het verdwyn en, volgens 'n latere verklaring, was hierdie embleem heraldies "redelik korrek".




Geregistreerde embleem 1938


Dit wil dus voorkom asof die Totius-Kamp embleem stil-stil uitgefaseer is, ten koste van die oorspronklike *Veteraan* embleem. Maar wat vreemder is, is die feit dat die geregistreerde embleem eers vanaf 1949 deur *Veteraan* gebruik is!

Die studentejaarblad, *Besembos,* het op sy beurt weer die Totius-Kamp embleem tot in 1938 gebruik en in 1939 ook oorgeslaan na die *Veteraan* embleem van 1936 – en dit deurlopend tot in 1950 behou. In laasgenoemde jaar is wel op die buiteblad gebruik gemaak van die embleem wat in 1938 geregistreer is.

Die koerantjie *Die Wapad* het vanaf sy verskyning in 1946 tot in 1949 die oorspronklike *Veteraan*embleem gebruik, in 1950 niks nie en eers in 1951-52 die amptelik geregistreerde 1938-weergawe.

'n Byna-Babelse verwarring! En vreemd genoeg, nêrens is motiveringe vir hierdie inkonsekwente gebruik van die PUK-embleem teengekom nie!

Opsigtelik met die komende onafhanklikheidswording in die oog – en miskien juis vanweë al die verwarring – het rektor Ferdinand Postma kort voor sy dood 'n kommissie met volmag benoem om te sorg vir "die argeologiese [sic!], heraldiese en estetiese korrektheid van ons wapen". Die Senaat het Postma se optrede nadoods goedgekeur en boonop opdrag gegee dat 'n spesiale embleem vir die onafhanklikheidsvieringe gemaak moes word.




Leuschner-ontwerp feesembleem.

Die laasgenoemde opdrag vir 'n feesembleem is deurgegee aan POK kunsdosent dr FW Leuschner, wat ook deeltyds klasgegee het aan die PUK.

Leuschner het die taak entoesiasties aangepak en verskeie sierlike ontwerpe voorgelê, waaruit een toe gekies is om as feesembleem te dien en wat onder meer op die spesiale gedenkprogram vir die verrigtinge van 14 tot 17 Maart en op 'n spesiale feesnommer van *Koers* gepryk het.



FW Leuschner ... het feesembleem ontwerp, 1951.

Die aanvanklike, Postma-geïnspireerde opdrag was om die bestaande wapen/embleem te hersien. Toe die feesembleem in plek was, is verdere aandag hieraan gegee en het die saak op die tafel van die nuutgevormde Uitvoerende Komitee beland, wat die taak aan 'n kommissie bestaande uit proff Gerrit Dekker (voorsitter), HG Stoker en S du Toit opgedra het.

Die verdere senaatsopdrag einde Februarie 1950 stipuleer "gebruikmaking van die advies van kunstenaars soos Pierneef" – en maak, vreemd genoeg, geen melding nie van Leuschner, wat so pas die sierlike feesembleem verskaf het en dit terwyl Leuschner reeds 'n vereenvoudigde, gestileerde ontwerp vir normale amptelike gebruik voorgelê het – as deel van sy "pakket" vir die feesembleem.

Dit skyn asof die manne graag tog maar 'n Pierneef wou hê. Kommissie-voorsitter Dekker en Pierneef was boonop huisvriende. Leuschner was so-te-sê vergete …

Die kommissie het ywerig gewerk. Dekker het intussen 'n groot ontdekking gemaak: die oorspronklike Pierneef-ontwerp, dit wil sê die een wat hy in 1922 gemaak het maar wat toe nie deur die Kamp-Totius kommissie geskik geag is nie. Hierdie ontwerp is gevolglik saam met ander tekeninge van Pierneef en Leuschner se verskillende ontwerpe ter oorweging voorgelê.

Die UK het die "oorspronklike" Pierneef-ontwerp aanvaar, maar hom versoek om sekere wysigings aan te bring sodat dit aan heraldiese eise voldoen.

Maar weer loop hierdie "Pierneef-ekskursie" effens skeef. Die kunstenaar kry 'n ligte hartaanval en is fisies nie in staat om die gevraagde afrondings te doen nie. As nie gewag kan word nie, beveel hy aan dat die kunstenaar W de S Hendriksz versoek word om die afwerking te doen.

Hendriksz het ingewillig en 'n eerste en toe 'n tweede verwerking van die Pierneef-ontwerp ingedien wat in Februarie 1952 aanvaar is en nog tydens die gradeplegtigheid kort hierna gebruik kon word.

Die PUK-embleem wat vanaf 1952 in gebruik is – maar vreemd genoeg, eers in Augustus 1962 by die Raad van Heraldiek geregistreer is – was dus die gesamentlike produk van kunstenaars Pierneef en Hendriksz.







Bo: Oorspronklike Pierneefembleem, 1922.
Onder: Aanvaarde Pierneef / Hendrikszembleem.

In die tagtigerjare was daar weer woelinge rondom die embleem en is ernstige heraldiese leemtes in die Pierneef-Hendriksz weergawe uitgewys, onder meer die vorm van die skild en die plasing van die band met die leuse "In U Lig" bo-oor die wapenskild. Boonop was daar destyds soveel as vier variante van die embleem in omloop!

By nadere ondersoek blyk dit toe dat wapens/embleme voor 1963, toe die Heraldiekwet aanvaar is, geregistreer is ongeag of hulle aan die vereistes voldoen het, en kan die afleiding gemaak word dat, ten spyte van die PUK-Senaat se opdrag daartoe, die Pierneef-Hendriksz embleem **nie** aan heraldiese vereistes voldoen het nie maar desnieteenstaande tog geregistreer is.

Van die staatsheraldikus se kant is aanbeveel dat teruggekeer word na die wapen van 1938.

Na etlike jare se gestoei het die PUK uiteindelik 'n "korrekte" wapen gekry en is dit in 1992 by die Buro vir Heraldiek geregistreer. Treffend is die ooreenkomste met die 1938-embleem, asook met die gestileerde Leuschner-embleem van 1950 wat wel in 1951 op die betrokke kommissie se tafel was maar wat skynbaar nie die aanslag van 'n Pierneef-"manie" kon oorleef nie.

In bemarkingstukke van die PUK is tot heel onlangs verkeerdelik voorgehou dat die nuwe, 1992-embleem baie nou aansluit by Pierneef se oorspronklike (1922) weergawe – wat in werklikheid Leuschner se gestileerde 1950-ontwerp is! Daardie ontwerp wat in 1952 deur die Dekker-kommissie nie goed genoeg geag is nie, het dus op die ou end geblyk die naaste aan die ware jakob te wees …




Leuschner-voorlegging (1951): gestileerde wapen.




Huidige PUK-embleem 1992.

## 1.3.7 "ALMA MATER"



***"Gebore uit die nag van smaad***

***Sien ons jou staan as Wonderdaad,***

***Bokant die hoëveld oop en wyd …"***

**Só lui die aanvangswoorde van die PUK se amptelike lied, die "Alma Mater". 'n Huldigingslied, 'n lied van toewyding, 'n lied waarin die "vrugbare moeder" (alma mater) se magtige, sterk roepstem van liefde en geloof en hoop weerklink; 'n lied wat 'n mooi toekoms laat oopgaan, want selfs deur die nag word die koers gerig volgens die Groot Lig waarin alle lig gesien word.**

Maar die PUK het nie altyd 'n lied gehad nie. Trouens, hulle het maar kwaai gesukkel om sover te kom om hul identiteit, behoeftes en strewes in 'n unieke lied te verwoord.

Buitendien, 'n singende mens is 'n gelukkige mens.

So ver terug as 1906, kort na die vestiging van die Teologiese Skool te Potchefstroom, is daar al probeer om 'n eie studentelied te bekom. 'n Poging deur J Kuhn is vir oorweging aan die professore voorgelê, maar dit is nie geskik geag nie. 'n Voorstel dat dr JD du Toit, "Onze Dichter" van Burgersdorp se dae en nou plaaslike predikant en ontluikende digter "Totius" gevra word om 'n lied te skryf is nie aanvaar nie. Daar is wel 'n beroep op studente en oudstudente gedoen om vorendag te tree.

Maar tevergeefs: geen reaksie nie.

Korps Veritas Vincet, by verre die sterkste studentevereniging aan die Teologiese Skool, wat op daardie tydstip nie-amptelik as verteenwoordigende liggaam vir die studente opgetree het, het wel teen 1915 'n eie lied gehad, getiteld "Veritas Vincet", wat moontlik tog as 'n vroeë vorm van 'n "Alma Mater" beskou kan word.

Die eerste strofe van "Veritas Vincet" , wat op wysie van die Vrystaatse Volkslied van destyds gesing is, lui só:

***Studentekorps, wees eensgesind,***

***Laat waarheidsband ons samebind.***

***Et Veritas Vincet.***

***Wees eensgesind en navsjonaal,***

***En strij vir God en volk en taal,***

***Et Veritas Vincet! (bis)***

In 1921 word lede wat digterstalent het deur die Korpsvoorsitter uitgenooi om 'n studentelied saam te stel, maar weer kom daar skynbaar niks van nie. Vanaf 1926, en nou met 'n volwaardige Studente Verteenwoordigende Raad reeds vanaf middel 1923 aan die roer van sake, kom daar nuwe lewe en word ywerig gewerk vir 'n "P.U.K.-lied". Mnr Sydney Richfield, betrokke by orkesbedrywighede op die PUK, bied aan om die musiek vir so 'n lied te skryf en studente en oudstudente word uitgenooi om vir die bewoording te sorg.

Maar die reaksie is steeds flouerig en vroeg in 1927 word besluit dat persone direk genader sou word "om so 'n lied te maak".

Einde 1927 word twee "Kollege-Liedere" in die studenteblad gepubliseer, met die outeurs naamloos. Die blad moedig aan: "Verander woorde, waar jul wil. Probeer net wysie inburger. Wie probeer andere P.U.K.- of Voetballiedere op hierdie wysie te maak?"

Geen verdere aanduiding van die verloop van die saak is gevind nie.

En dan is dit Saterdagaand 4 April 1931, die afsluiting van die ingebruiknemingseremonie van die sierlike, nou helder verligte nuwe hoofgebou. Te midde van 'n groot, opgewonde skare en uitbundige feesvreugde weerklink daar "die geesdriftige studentelied 'Alma Mater' en oorlogskreet, wat die mure laat tril".



Totius

Ja, die PUK het toe wel intussen sy "alma Mater" gekry en wel uit die pen van sy gevierde digter, Totius. Al is daar skynbaar, om een of ander rede aanvanklik van hom weggeskram, was daar maar net een soos hy en was dit hy, "onze dichter" reeds in 1898, wat in die lank gevoelde behoefte kon voorsien. Die gevierde Nederlandse komponis Emiel Hullebroeck het die musiek verskaf.

Die Totius/Hullebroeck "Alma Mater" het vir twee dekades lank die PUK-hartsnare geroer. Maar toe, met selfstandigwording, word 'n krieweling gevoel om ook in die amptelike lied iets te laat voel van die nuwe mylpaal wat behaal is.

Iewers tydens die beplanning van die selfstandigwordingsfees is die saak vir die verkryging van 'n nuwe "Alma Mater" aangeroer. Dit was natuurlik 'n ietwat netelige saak, want die eerbiedwaardige prof JD du Toit (Totius) was dan juis die skepper van die lied in swang. Of dit in opdrag was of op eie inisiatief, is nie duidelik nie, maar Totius het wel op 'n vroeë stadium vorendag gekom met 'n nuwe lied, getiteld "In U Lig" – en wat bes moontlik bedoel was as nuwe "Alma Mater".

De Gilde Viert en PUK Alma Mater.




In korrespondensie met prof Stoker het SR-voorsitter Bouke Spoelstra baie diplomaties laat verstaan dat Totius se lied eerder die karakter dra van 'n geleentheidslied en dat dit nie tydens intervarsities gesing kan word nie. Van SR-kant is oudstudent SJ Pretorius einde Februarie 1951genader met die versoek om 'n nuwe "Alma Mater" te dig en is 'n vroeëre opdrag in dié verband aan die ABKK (Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur) herroep.

Pretorius het spoedig met 'n poging vorendag gekom wat in Augustus met akklamasie aanvaar is. Die toonsetting is deur musiekdosent MC Roode gedoen en daarmee het die PUK dus ook sy nuwe era, as selfstandige universiteit, met 'n nuwe Alma Mater betree. Die lied is vir die eerste keer tydens die intervarsity teen UKOVS in Mei 1952, te Bloemfontein, gesing.

Dit is byna onverklaarbaar dat in talle PUK-publikasies, onder meer 'n gedenkboek wat in 1969 die lig gesien het, Totius as skepper van die Alma Mater voorgehou word. Hierdie negering het Pretorius diep geraak, maar gelukkig het latere geslagte die fout herstel en hom op paslike wyse vir sy gewaardeerde bydrae vereer. **[Kyk afdeling 3]**

Hierdie nuwe lied, wat eintlik 'n oorwinningslied is en die PUK beskryf as wonderdaad wat uit die nag van smaad gegroei het, dien terselfdertyd ook ter bevestiging van die Afrikaanse ("tradisies van hul volk te eer") en die Christelike karakter van die PUK ("want in U Lig sien ons die Lig").

Soos dit die geval is met die naam en die Afrikaanse en Christelike karakter van die PUK, word ook die "Alma Mater" deur die jongste omwentelinge op staatkundige, politieke en onderwysgebied in die smeltkroes geplaas. Of hierdie lied, vertolker van die Christelike en Afrikaanse karakter van die PUK die valbyl sal ontkom, sal net die tyd leer …



MC Roode – komponis van die nuwe "Alma Mater".

## 1.3.8 'n EIE STASIE … CACHET !




Cachet-stasie 1928

**Dis nie aldag dat 'n studentegemeenskap 'n "eie" stasie kry nie!**

**Maar dis presies wat met die Pukke gebeur het, toentertyd in die midde-twintigerjare: 'n Stasie wat oor baie jare heen deel sou uitmaak van die sage van PUK-wees: Cachet.**

Destyds was motors nog 'n rariteit en die meeste studente van elders – en tradisioneel was hulle relatief gesproke baie – was op treinverkeer aangewys om na en van die PUK te gaan. Potchefstroom-stasie, etlike kilometers ver, was nogal ongerieflik ver, veral as daar nog die gebruiklike tasse en pakkies saam vervoer moes word.

En so kom dit dan dat van studentekant, met die seën van die Senaat, vertoë tot die Spoorweë gerig word om 'n halte op die Bult aan te bring. In sy SR-verslag vir 1925 berig Jan de Klerk onder meer: "Baie en hard is gespook om 'n stopplek vir die trein te kry tussen die Normaal en die P.U.K. Die S.V.R. het 'n petiesie opgetrek en dit laat teken deur byna alle Bultbewoners. Die Minister het gedraal met sy antwoord daarop, totdat eindelik berig ontvang is dat besluit is dat die belange van die publiek beter gedien sal wees as die stopplek bly waar dit nou is."

Die bestaande stopplek, bekend as Sacville, was 'n hele ent noord van die latere Cachet-stasie op die hooflyn na Johannesburg geleë.

Die saak is skynbaar vir eers daar gelaat. Maar in Mei 1926 verkry dit 'n nuwe dimensie: boumeester C Jamieson van die Rand, aan wie die tender vir die bou van die nuwe manskoshuis (Heimat) toegeken is, wil graag boumateriaal op Sackville aflaai maar die Spoorweg outoriteite weier, tensy hy £80 betaal. Hy nader dus die registrateur en vra of die PUK, wat volgens argitek Moerdyk


skynbaar ook graag die halte wil gebruik, nie vertoë kan rig dat dit 'n openbare halte kon word nie.

Prof SPE Boshoff en Normaal-rektor JS van Heerden het verder met die Spoorweë onderhandel en na nog samesprekinge tussen die registrateur en 'n hoë amptenaar is die saak beredder. 'n Gedeelte van PUK se grond sou onteien word, sonder kompensasie, in ruil vir die aanbring van 'n halte en 'n kruising naby PUK en Normaal. Die naam "Sacville" sou voorlopig saam met die halte skuif. Met die aanlê van die Losberg-spoorlyn sou die PUK ook 'n waardevolle stuk grond weerskante van die pad na die Dam verkry.

Dié nuwe halte: wat sou die naam daarvan wees? Onder die indruk dat Normaal ook grond sou afstaan, stel Boshoff voor dat die halte "PUKNOR" genoem word. Dit blyk nie die geval te wees nie en nou word "PUK" voorgestel, maar die Spoorweë kap teë. Dan kom Boshoff en Van Heerden met die naam "Cachet-halte", ter ere van "die vader van die ontwikkeling van die onderwys-inrigtinge hier op die Bult".

Vir Spoorweë is dit egter onaanvaarbaar, want dis hulle beleid om persoonlike name te vermy. Hulle vra van die registrateur 'n naam "aanvaarbaar vir die mense wat dit sal bedien".

Aan PUK-kant is nou moer getrek en hulle wend hulle direk tot die minister. Was die verstandhouding dan nie dat hulle die naam kon gee nie? En boonop wemel dit van persoonsname in die spoorwegopset. Buitendien, die voorgestelde naam (van Cachet) sal "die grootste mate van bevrediging" aan die publiek gee.




Onteieningskaart Cachet-stasie.



Studente haal die trein op Cachet-stasie.

'n Tyd later word goedkeuring verleen dat "Sacville" na "Cachet" verander word. Dit het nog 'n tydjie geneem voordat die gepaardgaande transaksies afgehandel is, maar vroeg in 1928 was die eie stasie vir PUK 'n voldonge feit. Met 'n naam wat hulde bring aan 'n man wat so 'n groot rol gespeel het in die vestiging van die Teologiese Skool met die ontluikende universiteit in sy boesem.

Die verkryging van Cachet-stasie was vir die PUK 'n besondere ontwikkeling, veral in die sin dat dit die aankoms en vertrek van studente baie vergemaklik het: studente kon voortaan as 't ware op hul voorstoep af- of opklim, aan die begin of einde van kwartale.

Maar Cachet-stasie het ook op die breër terrein van die studentelewe impak gehad, deel geword van die PUK-kultuur. Soos dit in 1931 in *Die Besembos* opgeteken is: "Om terug te gaan Kollege-toe is … iets eiesoortig. Meer nog so is dit om terug te gaan P.U.K.-toe … Daardie ontmoeting en begroeting van mekaar op die stasies, die saamry en grappies in 'n paar stampvol kamertjies [kompartemente], die geraas van die trein hier oor die brug en die halsoorkop geaflaaiery en aanvat van bagasie op Cachet, is alles essensieel vir die voltooiing van so 'n terugkoms. Op hierdie gewone manier, soos dit ook hoort, het ons aan die begin van hierdie jaar op Cachet te staan gekom."

Carel Coetzee, 'n student aan die PUK in die dertigerjare, dink in 1950 met nostalgie terug: "As ek dink aan Cachet: daardie dae uit die oertyd was dit nog 'n bleek ou studentestasietjie met 'n vaal blikgeboutjie en bruin stasiebankies met honderde name daarop uitgekrap en uitgekerf, en hartpatrone en pyle en 'n magdom van voorletters. [Hoe kosbaar en uniek sou so 'n bankie nie gewees het, as dit 'n plek na die PU-Kanamuseum kon vind nie!] Waardige ou vaders wat op die perron rondgekuier het, al wagtende in alle swaarlywigheid vir die passasierstrein wat vriende na die vakansie terugbring, en wat soete skoonhede saambring en baie drelle … As ek dink aan al die studentegejool en vrolike uitbundigheid en skelle lawaaigemaak op dieselfde ou Cachet!"

Cachet-stasie sou ook spoedig 'n groot rol speel ten opsigte van die inlywingskultuur aan die PUK. Ontredderde, "onaanpasbare" eerstejaars sou periodiek sak en pak hier op die trein gesit word, huistoe na hul mammas toe – net om dan, tot hul skok, op die hoofstasie deur "hardvogtige" seniors ingewag en druipstert na die kampus terug begelei te word. In Carel Coetzee se tyd [dertigerjare] was dit rof: "Verskrikte, verwese, ontnugterde, asvaal arme ou groentjies wat daar met hulle bloedbelope oë en hulle droë monde gestaan het, ter spot en hoon en belastering van menige sataniese ou heer! Arme groenes



Eerstejaars oppad “huistoe”, vanaf Cachet-stasie.

wat met verlange in hulle hele wese daardie veraf bulte anderkant die dam begeer het, weg van die aaklige P.U.K. af! Groenslange wat met huiwering en vrese die plantasies anderkant die groot watervoor beloer het: watter onheil sou daar skuil …?”

Waar daar eers net ‘n dakskerm en ‘n naambord met plek vir kennisgewing aangaande vertrek- en aankomstye van treine tussen die twee die kaal spoorlyne was, is daar mettertyd ‘n perron aangebring en het daar ook ‘n netjiese stasiegebou verrys. Die pad-oorgang vanuit Meyerstraat oor die treinspore was ‘n verdere ontwikkeling wat vorentoe vir sowel die dorp as die PUK en Normaal van groot waarde en betekenis was.

Op ‘n stadium was daar ook netjiese blomakkers op die perron en het die Potchefstroom stasiemeester in 1949 verlof gekry om die PUK-wapen in een van hierdie beddings uit te lê.

Cachet-stasie as PUK-stasie het einde ten laaste ook die stryd teen ontwikkeling – en teen motorvervoer – verloor. Al hoe minder mense, ook studente, het van treinvervoer gebruik gemaak en die einde van die storie was dat Cachet, soos soveel honderde klein haltetjies oor die hele Suid-Afrika, sy funksionaliteit verloor het en gesluit moes word. Die sierlike ou stasiegeboutjie, wat aanvanklik in redelik verwaarloosde toestand was, is weer opgeknap en dien tans as klubhuis van die dorpskoshuis Villagers.

Sou dit nie paslik wees as die koshuisleiers sou besluit om hulle klubhuis “Cachet-halte” (Villagers Klubhuis) te noem nie?

## 1.3.9 "THEOS", "NAVY", "FIRES" … EN DIE "IBBIES"!

**Rugbyspanne se identiteit en faam word óf aan die naam van die inrigting of klub gekoppel, óf aan 'n besondere naam wat om besondere redes daaraan toegeken word. Die beste voorbeelde van laasgenoemdes is "Springbokke", "All Blacks", "Wallabies", "Leeus" en so meer – om nie streekspanne soos "Sharks", "Stormers", "Cats" en hulle maters te vergeet nie! In die PUK-annale het sy rugbyspanne oor die jare heen besondere name gekry: "Theos", "Navy" en "Fires" vir die eerste drie spanne, met die vierde en vyfde spanne se name onderskeidelik "Tekkies" en "Slippers".**




### *(a) "THEOS"*

**"Die Theos, soos ons toe bekend was, het 'n naam vir goeie rugby gehad. Eendag vra 'n soldaat op die verhoog by die Parkveld vir my wat Theos dan beteken. Ek verduidelik hom toe dat dit 'Theological College' was. Ons tweede span was net besig om te speel – meeste van hulle leerlinge van Gimnasium. Hy kyk verbaasd na hulle en sê toe: 'By Jove! Are all those chaps going to be parsons?' "**

Só vertel Willem (Ponna) Kruger, **[kyk ook 1.2.5.]** uithaler-rugbyspeler van PUK se eerstespan en Wes-Transvaal in die vroeë twintigerjare. Inderdaad was die naam "Theos" op daardie stadium nog gebruik vir al die rugbyspanne, en dit wil voorkom asof dit minstens tot in die twintigerjare ook op ander sportsoorte van toepassing was. Die vroeër bekende PUK-strydkreet, "Pezula! Pezula!", waarin op "Theos" geroem word, het byvoorbeeld sy onstaan tydens 'n atletiektoer in 1924 gehad.


Maar die naam "Theos" was veral met rugby geassosieer. Hoewel sportsoorte soos krieket en tennis waarskynlik voor 'n spel soos rugby by die studente van die Teologiese Skool te Burgersdorp inslag gevind het, het rugby tog uiteindelik die gewildste en vernaamste sport aan dié inrigting en die latere universiteit geword. Reeds met die eerste verskyning van studente van die destydse Teologiese Skool op die rugbyveld, in 1893, is daar na hulle verwys as "Theol. Sem.", die afkorting vir "Theological Seminary" wat later bloot net "Theos" geword het.

Oud-rektor J Chr Coetzee stel dit só: "Vir die ou garde … het die naam Die Theos net een betekenis. Die twee woorde dui nie die Teologiese Skool aan nie, ook nie die teologiese studente as gemeenskap nie. Nee, dit het net op een saak betrekking: die rugbyvoetbalspan van die Teologiese Skool met die Literariese Departement en in enkele gevalle ook die spelers … wat nog nie verder gevorder het as die matriekklas nie … By groot uitsondering het 'n groot seun van die Voorbereidende Skool [Gimnasium] ook 'n voetbal-Theo geword … selfs onderwysers van die skool (het) ook vir Die Theos gespeel." **[Kyk ook 1.5.1.]**

Prof DJ (Dirk) van Rooy vertel op sy beurt: "Ons was Theos in daardie dae … en as Theos was ons wyd en syd bekend en gedug. Plaaslik het ons wel ook ander name gehad, 'als daar zjn': die predikante, die rebelle, die Doppers, een en almal ername. Ek herinner my 'n keer in 1915 toe die Theos eerstespan op die veld draf, 'n veld omring deur honderde troepe, dat ons begroet is met 'Germany this side'!" [verwysende natuurlik na die Teologiese Skool se anti-Britse gevoel tydens die Eerste Wêreldoorlog].

In die herinneringe van oud-Pukke is met nostalgie teruggedink aan hul "Theos"-dae. "Rabbo" Pasch **[kyk ook afdeling 2: LEGENDES …]** onthou goed hoedat hulle in die dertigerjare die jongeres onderrig het in "die voetbaltradisie van die Theos" terwyl die herinnerings aan die Theos, die kameraadskap" vir PJ (Peet) Venter, 1939-kaptein, 'n kosbare kleinood is: "Ai, waar is die dae!! Dit was die manne van die Theos, Theos bo!".


Hoewel die PUK al teen 1921 formeel afgeskei was van die Teologiese Skool, het studente van die "Skooltjie" deurentyd hul sport onder die PUK-vaandel



Vierde ry:- *P. Malan (sportdirekteur), T. v. Eck, T. Coetzee, H. Coetzee, H. Venter, P. Brand, A. de Bruin, B. Fourie.* Derde ry:- *B. Mills (skeidsregter), prof H. Els (o.-voors.), P. v.d. Schyff, B. Fourie, D. Delaport, H. Coetzee, R. du Plessis, G. Yssel, L. Erasmus, L. White, L. Geyser, A. Bird, I. v. Rensburg.* Tweede ry: *J. Hatting (voors.), J. v.d. Schyff, G. Wienand, T. Dannhauser (kapt. Oud-Pukspan), W. Scott (kapt. Pukspan), F. Swart, J. v. Rensburg, P. Bosman, prof. A. Goossens.* Eerste ry:- *A. du Plooy, T. George, P. Bruwer, J. Schutte, F. Postma, P. Bingle, I. Joubert, D. van Wyk.*
**Telling: Pukke 21, Oud-Pukke 9.**

Theos vs Oud-Theos 1969

Woelinge oor Theos se naam!



**PUCHO'S? PIETJOUS?**

Verlede keer het ons sportredakteur gebruik gemaak van die naam PUCHO'S. Dit het twee belangrike reaksies ten gevolge gehad: Eerstens is die redakteur uitgekryt vir al wat boos en uit die bose is; Tweedens het daar so 'n reaksie ontstaan van die kant van die proletariaat dat enige blinde bobbejaan kan sien dat die naam PUCHO'S nooit in die volksmond sal tuisraak nie, al is hy so dikvellig soos 'n renoster.

Nou wil ons nie die voorsteller(s) van hierdie naam afsit nie. Trouens, hulle vindingrykheid word verder dringend benodig — want die eerste rugbyspan het nog steeds nie 'n naam nie! Wat nou? Hoekom nie terug na Theos nie? Daar is nou soveel navorsing in dié verband gedoen en almal weet tog dat **Theos** eintlik afgelei is van Theologicans? Dit is nog tradisie. Dit is 'n tradisie wat nie vir „vooruitgang" moet plek maak nie. Om alle verwarring te voorkom, spel hom Theo's. En wat die uitskree op die pawiljoen aanbetref — drie-en-dertig en eenderde persent van die aanwesiges luister net na die **geskree** van die studente en luister nie na afsonderlike woorde nie; drie-en-dertig en een-derde persent weet nie wat die oorspronklike betekenis van Theos is nie; drie-en-dertig en een-derde luister glad nie eers nie — hulle kyk rugby!

Wat PUCHO'S aanbetref — ek het al uitsprake gehoor soos **Pak-os, Poekous, Pietjous** en (die treurigste van almal) **Puk-kos!** Netnou dink die mense ons praat van 'n sekere busmaatskappy in Johannesburg.

Nee, laat ons hier maar liewer op die ou paaie hou en onder die naam THEOS verstaan wat daarmee bedoel word, en nie bedoel wat daaronder verstaan word nie.

beoefen en was dit maklik om die naam "Theos" in PUK-verband in te burger, veral omdat teologiese studente oor baie dekades heen sterk verteenwoordig was in die eerste span. Die naam was inderdaad af en toe tot in die laat vyftiger- en selfs in die vroeg sestigerjare op die eerste rugbyspan van die PUK van toepassing. Selfs so laat as 1969, tydens eeufeesvieringe van die PUK en Teologiese Skool, is dié benaming gebruik toe "Theos" teen "Oud-Theos" in 'n feeswedstryd te staan gekom het.

Dit is interessant dat daar in 1959 deur *Wapad*-sportredakteur Idyll van der Walt gepoog is om 'n nuwe naam vir die PUK se eerstespan in te burger, naamlik "PUCHO'S" (uit te spreek "Puu-go's"). Dit, sê hy, kom in die plek van "wyle Theos". Maar wie sê!

In 'n volgende uitgawe, onder groot opskrifte "PUCHO'S? PIETJOUS?", word berig dat die redakteur uitgekryt is vir al wat boos en uit die bose is, oor die gebruik van die term. Hyself (Nesco du Toit, later van Alabama-faam) het al uitsprake gehoor soos "Pak-os", "Poekous", "Pietjous" en "die treurigste van almal, 'Puk-kos' ".

"Tweedens", skryf die redakteur verder, "het daar so 'n reaksie ontstaan van die kant van die proletariaat dat enige blinde bobbejaan kan sien dat die naam PUCHO'S nooit in die volksmond sal tuisraak nie, al is hy so dikvellig soos 'n renoster." Nee wat, sê hy, " 'Theos' is nog tradisie, 'n tradisie wat nie vir 'vooruitgang' hoef plek te maak nie; laat ons maar liewer op die ou paaie hou en daaronder verstaan wat daarmee bedoel word."

Die naam "Theos" het toe wel gebly, maar dit is geleidelik uitgefaseer namate meer en meer net bloot na "PUK" verwys is.

## *(b) "NAVY"*

"Navy" as naam van PUK se tweedespan dateer uit 'n veel later era as "Theos". Prof SP van der Walt het hom herinner dat daar teen die middel-twintigerjare, toe die Gimnasium-seuns nie meer vir hulle gespeel het nie, net 'n eerstespan was: "Daar was te min studente om nog 'n tweede span in te skryf. So teen 1927 het ons wel 'n tweede span gehad, maar dikwels moes ons maar spelers van die veld af vang."



Agter (l — r): *H. L. van der Merwe, N. T. Snyman, W. Breedt, Meyer, D. C. S. van der Merwe, Vermeulen.* Middel: *J. H. Theron P. de Villiers, J. de Lang, W. L. du Plessis, A. P. Malan, H. van der Merwe, D. de Lang.* Voor: *J. van der Walt, P. Wissing, K. D. Venter.*

"Navy" 1931.

Wynand L du Plessis (as student bygenaamd "Polsier") het, terwyl hy met die 1961-intervarsity in die pawiljoen gesit en luister het hoe die skare die "Navy" tot oorwinning aanspoor, besluit "dat dit nou na 30 jaar tyd geword het om vir die jonger generasie te vertel hoe die naam van hierdie gedugte span ontstaan het ...".

"Polsier" was in 1930/31, in wat hy die depressiejare van rugby aan die PUK noem, die "Navy" se kaptein. Volgens hom was die kapteinskap nie gekoppel aan sy speelvermoë nie, "maar omdat hy baie tyd en geduld gehad het om ander om te praat om tog asseblief te kom speel wanneer 'n speler iets makeer het, en dan moes hy weer rondjaag om die nodige uitrusting in die hande te kry vir die vrywilliger". So het dit gebeur dat "ou kroks" soos latere dominees Willie Venter, PGW Snyman en prof Hennie Bingle ook die "Navy"-foto gehaal het.

"Polsier" noem ook dat Daantjie Krüger **[DW Krüger – kyk ook afdeling 2: LEGENDES ...]** een van sy voorganger-kapteins van die "Navy" was. In die vyftigerjare was "Daantjie Donder" steeds 'n groot rugby-ondersteuner en was hy bekend vir sy luide ondersteuning van sy span vanaf die kantlyn. Gert van den Bergh vertel dat 'n Puk sesde span een Saterdag intervarsity teen Tukkies se Onderstepoort-span gespeel het, vroegoggend al. 'n Hele aantal toeskouers was saam met Daantjie langs die veld, nie soseer vir die rugby nie, maar eerder "om in 'n bondel saam met die Prof langs die kantlyn op en af te stap om sy kommentaar oor die verloop van die spel en die gehalte van die skeidsregter aan te hoor. Laasgenoemde is telkens luidkeels vermaan met 'n uitroep van 'Offside' of 'strafskop'.



JAP van der Merwe ... "vader" van "Navy" (PUK 2'e span).

"Met speeltyd amper verby was die Tukkies twee punte voor. Die laaste skrum was op die Pretorianers se doellyn en teenaan die kantlyn, nie meer as twee treë van die Prof en sy gevolg nie. Puk haak die bal en die agsteman raap dit op en

mik steelkant om vir die doellyn met prof Daantjie treë vir treë langs hom. Toe beide sak om die drie te druk, kom die Tukkie heelagter uit die bloute en duik man en al by die kantlyn uit en voor prof Daantjie se voete. Nie in staat om betyds te stop nie, val die professor bo-oor baldraer en verdediger. Met sy eer gekrenk, tel prof Daantjie hom op en sê aan die toeskouers rondom hom: 'Ai, maar hoe duik so 'n donder die bliksem!'!"

Maar terug na die naamgeekwessie, soos vertel deur "Polsier".

Op die 1930-foto van "Navy" het hy die forse gestalte van JAP van der Merwe alias "Ou Science die Tweede" uitgewys, wat in 1931 promosie gekry het na die eerstespan. En vertel dan verder: "In daardie jare het Witrand altyd 'n muilwaentjie waarin die pasiënte vervoer is, gestuur om ons daarheen te karwei vir die jaarlikse wedstryd, en dit is in hierdie nimlike waentjie waarin 'Ou Science' die eerste keer vir ons hierdie liedjie geleer het waarvan die naam ontleen is:

***We are the old navy,***

***We don't have to charge like the cavalry,***

***Die like the devilry,***

***We don't have to fly over Germany,***

***We are the old navy***

***We are the old navy.***

"So het ons uit volle bors agter 'Ou Science' aan gesing, en so het mettertyd die naam posgevat sodat ek bo-aan die 1931-foto geskryf het: Die 'Old Navy'. "

## *(c) "FIRES"*

Die naam "Fires" vir die derde rugbyspan van die PUK is nog ietwat in 'n waas van geheimsinnigheid gehul.

"Ons jonger sportmanne wonder seker waar die naam 'Fires' vandaan kom", sê-vra die rubriekskrywer van *Die Wapad* in Mei 1960, en gee dan dadelik die antwoord: "Die naam is ontleen aan een van ons oud-studente, ds. 'Fires' van Vuuren, wat as student so lank vir die derde rugbyspan gespeel het dat sy naam sinoniem met hierdie span geword het. Skielik is hierdie tokkelok-senter opgeskuif eerstespan toe en het hy vir Wes-Transvaal ook gespeel. Was dit nie vir 'n besering nie, kon hy Springbok word, is die mening van kenners wat hom beskou as een van die beste spelers wat die Puk opgelewer het. Sedertdien word Fires beskou as die span waar 'n mens die lekkerste seniorrugby op die Puk speel."

CMJ ("Fires") van Vuuren, wat vanaf 1947 tot 1950 vir die PUK gespeel het, was inderdaad 'n puik speler en selfs die legendariese Dok Craven het hom as Sprigbokstoffasie beskou – in 'n tyd toe hierdie hoë eer veel minder spelers beskore was as deesdae! Maar die eer dat die Puk se derde rugbyspan sy bynaam dra, word verkeerdelik aan hom toegedig.

Die waarheid oor hierdie naamgewing moet elders gesoek word.

Dit blyk dat daar reeds in 1932 'n derde rugbyspan aan die PUK bestaan het. GP Schoeman verwys in die November 1933-uitgawe van *Die Besembos* na die

bestaan, sinds die vorige jaar, van "soiets as 'n 'Fire Brigadeéé' ", vir diegene wat nie in die eerste twee spanne plek kon kry nie. Hy betreur dit dat dié span, ook as II-B aangedui, glad nie in 1933 op gang kon kom nie en dat baie spelers dus ophou speel het.



"Fires" van Vuuren

In sy herinneringe, wat in 1973 opgeteken is, meld JA ("Jan Tandjies") van der Walt van sy studentejare in die middel-dertigerjare (hy was in 1935 SR-voorsitter) en noem hy die drie rugbyspanne van destyds by die naam, naamlik "Theo[s]", die "Old Navy" en die "Fire Brigade".

Maar wat die presiese motief vir dié naamgewing was, en wie daarmee vorendag gekom het, kon tot dusver nog nie vasgestel word nie.

[Oor die herkoms van "Tekkies" (vierde span) en "Slippers" (vyfde span) het ons by ter perse gaan ongelukkig nie verdere informasie gehad nie. Dalk is daar oud-Pukke wat hierdie gaping kan aanvul?]

## *(d) "NAVY" WORD "IBBIES", 1975*

In die sewentigerjare het PUK-rugby so 'n hoë standaard bereik dat die tweedespan in 1975 eersteliga-status verkry het. Aanvanklik het die span as 1.B bekend gestaan en onder die spelers self het dit heel gou die vorm "Ibbies" aangeneem. Hans van Zyl het namens die PUK-Rugbyklub gesoek na 'n geskikte naam vir die span. "Die Maties het die Viktoriane, die Tukkies die Fezelas en die Kovsies die Irawas", skryf hy in die *PU-kaner* in Oktober 1975 – en wat noem ons ons tweedes wat nou ook eerstes gword het?

Dit moet nie sommer net 'n naam wees nie, sê hy: daar is al gedink aan Oribi's (maar nou dra die SA onder-21's dié naam), die Kavaliers of die Ibbies. Nie een van hierdie name vind egter byval nie, en die ou naam "Navy" is ewe onaanvaarbaar. Dit moet 'n naam word waarmee die span aan die PUK verbind kan word. Tipies-Hans, word bygevoeg: Die naam "Oude Molen" sal nie by 'n rugbyspan pas nie!



**Agter:** ***Flip Schoeman, Henk van Aswegen, Pierre Pieters, Hannes Zeeman, Flip Venter, Adri van den Bergh.***
**Middel:** ***Etienne Mathey, Johan Griebenouw, Sarel Pretorius, Louw van Wyk, Joerie Potgieter, Juts de Jager.***
**Voor:** ***Hannes Meyburgh, Stephen Kloppers, mnr. W. Scott (Afrigter), Retief von Wielligh (Kaptein), Jurg Prinsloo.***

Eerste Ibbiespan 1975.

Hans het egter die tekens verkeerd gelees. ‘n Lid van die 1.B-span, Jurg Prinsloo, het daarop gewys dat die naam in die plaaslike koerant sy verskyning gemaak het as ‘n spontane ontwikkeling gegrond op ‘n interessante letterspeling en dat dit byval by sowel spelers as toeskouers gevind het. Die grootste waarde, sê Prinsloo, is daarin geleë dat “Ibbies” uniek en oorspronklik is “en dus met reg deur die span opgeëis kan word as hul eie besitting”.

Dit was die laaste woord. “Ibbies” sou dit wees en bly!

Die ironie van die hele saak is dat Hans die skrywer was van die sportverslae in die Potchefstroom Herald, waar die naam “Ibbies” vir die eerste keer sy verskyning gemaak het!

# Afdeling 1 :
# SAGES EN GEBEURE

## 1.4 "INSOUT" / ONTGROENING …

1.4.1 Proloog : oorsprong en vroegste vorme

1.4.2 Die "Hof / Pomp van Hades"

1.4.3 Die begrafnis van ontgroening (1937)

1.4.4 Ontgroening: Varia

# 1.4 "Insout" / Ontgroening ...

## 1.4.1 PROLOOG: OORSPRONG EN VROEGSTE VORME

**Ontgroening as "bekend maak met die grondbeginsels van" of "opneem in, toelaat tot, inlyf by 'n gemeenskap" (HAT) klink darem heeltemal billik en in orde, dan nie? Selfs al word daar so 'n ietsie ondeunds bygevoeg, in 'n ander verklaring, naamlik om 'n nuweling "met plaery" in 'n groep in te lyf, in te sout, te doop.** (Nasionale Woordeboek**)**

Die vroegste vorm van ontgroening aan die PUK(Teologiese Skool) was skynbaar die "insout'-proses, wat nog uit Burgersdorp se dae, en voor die Anglo-Boereoorlog dateer. In sy herinneringe **[kyk 1.2.3., bo]** noem DP du Plessis dit eerste onder die besprekingspunt "Sport" en gee hy 'n kort beskrywing daarvan: 'n Kort proses van enkele minute in die agterplaas van die Teologiese Skool se gebou, waartydens die 'slagoffer' aan hande en voete in die lug gehys is en die oueres hom dan met 'n vingerdik roede beurtelings 'n 'vaderlike' hou op sy baadjie of sitvlak gegee het. Daarmee, uit en gedaan en is daar heerlik saam gerook en verversings geniet.

Mettertyd het ontgroening 'n meer robuuste aard begin aanneem. Op die PUK was dit veral die "Hof/Pomp van Hades", 'n verskynsel van die vroeë twintigerjare, wat as 'n "wrede affêre" beskryf is. Net soos ontgroening in die algemeen, is die Hades-gedoente van tyd tot tyd afgeskaf, maar het dit telkens maar weer in een of ander vorm herleef – om vrees en bewing by eerstejaars in te boesem.

Ontgroening was en is maar altyd in die nuus.



Deesdae is ontgroening byna ‘n vloekwoord en grens dit aan misdaad, enersyds grootliks vanweë misbruike daaromheen maar andersyds ook vanweë die hedendaagse klem op menseregte.

Afgesien van onbetwisbare positiewe waardes wat “insout” of “ontgroening” of watter ander vorm daarvan ookal mag hê, was en is daar baie wat degraderend en afbrekend is. Oor byna honderd jaar is daar deurlopend van tyd tot tyd hand in eie boesem gesteek, besin en aangepas. ‘n Aantal weergawes van ontgroeningsaksies en beriggewing oor die verskynsel word hierin opgeneem.

Die skynbaar nimmereindigende debat oor die waarde en nut van ontgroening asook oor bepaalde vorme en praktyke daarvan is seker net so oud soos die verskynsel self. Dog daar moet geen illusie oor wees nie: ontgroening was altyd en oral ‘n onlosmaaklike deel van studentwees. Ook internasionaal.

Die terme “ontgroening”, “insout” en “inlywing”, wat vroeër vry algemeen gebruik is, toon noue ooreenkoms met die woord inisiasie, wat in die geledere van die swart volkere ‘n tradisionele gebruik is waarkragtens jong manne en vroue bepaalde rituele ondergaan om sodoende hul plekke in die groter gemeenskappe te kan volstaan. In die proses word hoë geestelike sowel as liggaamlike eise aan jongmense gestel.

Ontgroening aan die PUK het ook maar saam gegroei met die ontwikkeling van ‘n Studente Verteenwoordigende Raad, wat eers vanaf 1923 op gang gekom het. Inderdaad blyk dit dat Korps Veritas Vincet, wat voor dié tyd as SVR fungeer het, ‘n begin gemaak het met ontgroening en wel om “die gees van slapheid” by studente te bestry.

Spore van inlywing in Korps-verband is vervat in ‘n notule gedateer 5 Augustus 1916 (art 5), toe student Du Preez aansoek om lidmaatskap gedoen het. Stappe sou gedoen word “om hom tuis te laat voel vóór die volgende vergadering, wanneer hij dan lid kon word …” Op ‘n volgende vergadering is ‘n soutkommissie aangewys om Du Preez se “insoutery” waar te neem, en twee weke later gee Du Preez sy eerste indrukke omtrent die studentelewe en word hy tot lid verklaar. As daar “ontgroening” was, was dit maar effentjies, want nadat ‘n tiental nuwe aansoeke op 10 Februarie behandel is, en ‘n ontgroeningskommissie op dieselfde vergadering aangewys is, word die “noviete” twee weke later as lede verwelkom.

In 1918 was dit maar weer so: op 16 Februarie word nege aspirant-Korpslede se name voorgehou en word hulle in kennis gestel “dat hulle die gebruiklike ontgroening moet ondergaan voor hulle volle burgers van die Korps word”. Op 1 Maart het die “groentjies” volle lede van Korps geword. Die praetor (voorsitter) het hulle voorregte en verpligtinge uitgespel en hulle hartlik verwelkom.


In die loop van 1918 is die statute van Korps hersien en is daar skynbaar ‘n klousule oor die “soutwet” toegevoeg, waarvolgens ontgroeningsmaatreëls op nuwelinge in die hande van die bestuur gelaat is. In Februarie 1919 word verdere aandag aan die daarstelling van “soutwet” gegee. Twee maande later, op 19 April, word weer ‘n aantal noviete wat die ontgroeningsproses deurloop het, tot volbloedlede bevorder en word die nuutgevonde kameraadskap met die uitdeel van sigare en sigarette gevier. Op dieselfde vergadering is die finale “soutwet” dan ook aanvaar, wat gedragsreëls vir nuwelinge uitgespel het. ‘n Hof is ingestel om oortreders te verhoor en te straf terwyl ‘n vrugtefees gepaard met ‘n talentaand jaarliks gereël sou word. Ook is uitdruklik bepaal: “G’n liggamelike vernedering sal gedurende hierdie proses aan ‘n noviet

geskied nie", terwyl bepaal is dat noviete tydens die eerste vergadering van die tweede kwartaal "verklaar word tot studente wat in volkome mate sal geniet alle regte en voorregte van Korpslede".

Reeds vroeg in 1920 kom die vraag na vore of ontgroening steeds by Korps tuishoort, maar die vereniging sou minstens nog vir drie jaar hierdie taak op hom moes neem. In toenemende mate is te doen gekry met "slapheid" en "stompe belangstelling" in Korps, met as gevolg die "jammerlike verskynsel" dat Korps nie sy prestige kon handhaaf nie. Op soek na "die wortel van die kwaad", is die bestuur opgedra om veral aan die "ontgroeningswette" noukeurige aandag te gee en, indien nodig, met 'n "bepaald geformuleerde kode bevattende reglemente van toepassing op inlywing van nuwe lede" vorendag moes kom.

Daar is toe wel 'n ontgroeningsreglement opgetrek en in 1923 in *Die Saaier* gepubliseer. Die betrokke uitgawe van *Die Saaier,* wat in daardie jaar enigste kampus-koerant was, is nêrens terug te vind nie.

Die vlieg in Korps se salf was skynbaar, volgens voorsitter WJ Snyman in Februarie 1924, die "veranderde verhoudinge in die studentesfeer" wat deur die inskakeling van Normaalstudente enkele jare tevore veroorsaak is; dit behoort beter te gaan noudat daar afsonderlike verteenwoordigende studenterade vir die PUK en Normaal aangewys is.




Met voorsitter Frikkie Robbertse aan die spits, het ontgroening aan die PUK in die vroeë twintigerjare op gang gekom.a

Interessant genoeg is tydens ‘n byeenkoms aan  in 1923 aan “noviete” (nuwelinge) die vryheid verleen om ook tydens Korpsbyeenkomste te rook – rook synde destyds skynbaar ‘n uiters belangrike sosiale aksie – en is spesifiek gemeld dat wyn, lekkers, rookgoed en allerlei “snoeserye” vryelik en mildelik beskikbaar sou wees.

Afgesien van die probleem met die Normaalstudente het dit boonop deurgeskemer dat die “hof van inkwisisie” Korps se prestige skade berokken het. Met die koms en vestiging van die eerste SVR onder leiding van Frikkie Robbertse in 1923 het die ontgroeningsfunksie, vir sover dit alle studente betref, geleidelik na hierdie liggaam oorgeskuif en sou Korps voortaan bloot toespits op die inburgering van sy eie lede binne korpsverband. Volgens eie verklaring baie jare later was Robbertse die “stigter” van die Hof van Hades. **[Kyk 1.4.2, onder]**

In die rubriek “In en om die P.U.K.” word vroeg in 1925 in die studenteblad gemeld dat die groentjies weer ontgroen is en dat die ontgroeningsplegtigheid hierdie jaar onder beheer was van die S.V.R., dat ‘n “ordentlike organisasie” op gang gekry is en dat dit veel vir die toekoms beloof as so aangehou kan word: “Solank as ons nie verval in onsedelike en onheilige grapgedoente of in buitensporige martelinge kan sulke ontgroeningseremonies baie meewerk om ‘n gesellige en gesonde saamhorige gees te skep onder ons studente.” Gelukwense is aan die Soutkommissie oorgedra, vir hulle suksesvolle leiding van die plegtighede.

Ook in sy jaarverslag vir 1925 het SVR-voorsitter Jan de Klerk verwys na die vaste vorm wat aan ontgroening (insout) gegee is en wel deur die Soutkomitee, ‘n huishoudelike reglement en die instelling van ‘n “Welkomsgeselligheid”.

Wat die aanleiding daartoe was is nie duidelik nie, maar in April 1926 het rektor Postma die behoefte “om perk te stel aan die ontgroeningsmetodes van nuwe studente” in die Raad geopper. Heel waarskynlik is Postma se besorgdheid gesneller deur ‘n landswye openbare debat oor die wenslikheid van ontgroening na aanleiding van enkele opspraakwekkende insidente elders.


Die Senaat sowel as die Kommissie vir Leersake het die saak opgeneem en ook die studente is in die saak geken voordat as raadsbesluit bepaal is (a) die inkorting van ontgroening tot maksimum drie weke, (b) dat groentjies Sondagaande en tydens studietyd ongehinderd gelaat moes word, (c) dat die naam Hades vervang moet word, (d) dat die woord en daad van ‘n eed moet wegval, en (e) dat van studente verwag sou word om ontgroening in Christelike sin uit te voer.

Dat dit ‘n vry ernstige saak was blyk uit die notulering deur die Kommissie vir Leersake dat by die Senaat aanbeveel word om “wel ontgroening toe te laat”, maar onder die gestelde voorwaardes. So ook uit die feit dat die Senaat die rapport van die kommissie met meerderheid van stemme aanvaar het.

‘n Dekade later sou ontgroening op die PUK weer opslae maak, hierdie keer met ernstiger gevolge. [**Kyk 1.4.3, onder]**

## 1.4.2 "DIE HOF/POMP VAN HADES"





Prof Johann Bekker en ds Willie F Venter. Hulle het die Hades-gedoente in herinnering geroep.

**"Dis 'n wrede affêre, die Pomp van Hades."**

**Só het oud-PUK prof Johann Bekker "die eerbiedwaardige tradisie" van die Pomp van Hades in 'n herinnering-reeks beskryf. En daarmee seker uiting gegee aan die gevoel van al wat eerstejaarman was wat oor talle dekades heen met hierdie egostropende sagmaakmiddel in die ontgroeningsproses aan die PUK kennis gemaak het.**

Soos reeds gesien, het Korps Veritas Vincet, as verteenwoordigende studenteliggaam, reeds in 1919 'n soort hof ingestel om oortreders van die "insout"-reëls te tugtig. Of dit enige verband het met die Hof van Hades kon nie vasgestel word nie.

Volgens ds Willie F Venter het die Hof van Hades in 1922 ontstaan. Hy vertel só:

"Eenvoudig en klein was die begin van hierdie instelling wat so 'n vername rol sou speel in die annale van die PUK. Eintlik het dit ontstaan nadat lede van die Rypenera een nag Jan Heystek du Plessis se keel toegedruk het, en hy as gevolg daarvan, vreesbevange uit die suidekamer van die 'vaal koshuis' getrek het om by sy dorpsgenoot, Frikkie Robbertse, in te trek in die noordekamer.

"Die Rypenera was 'n geheime organisasie van 'n groepie van agt studente wat hulle daarop toegelê het om 'n student, wat hom in die oog van die organisasie op een of ander wyse ongewild gemaak het, 'bietjie behoorlike studentemaniere te leer". Die eerste wat voor die Hof verskyn het, was Petra (de Klerk), en dit vermoedelik heeltemal onskuldig. Maar Petra was nie 'n koshuisstudent nie, en iemand het sommer die gedagte uitgespreek dat Petra se teenwoordigheid daar by die koshuis die dag ná die aanslag van die Rypenera suspisieus voorgekom het. Sonder seremonie is hy toe 'gedagvaar' en 'aangehou' en die Hof is in Frikkie se kamer gevorm.

"Frikkie, haastig in 'n toga met beret uitgedos as regter, en Job van den Berg ook in 'n ou toga as aanklaer. En toe is die 'verdagte' plegstatig ingelei en voor die Hof gestel. Wat 'n gewigtig-waardige stem was dit waarmee die regter, nadat die aanklag voorgedra is, die beskuldigde streng-gebiedend beveel het om sy verdediging te stel met: Sprak, Petra! En die regter, Frikkie, het die seldsame selfbeheersingsvermoë besit om selfs onder die felste prowokasie-om-te-lag die sedigste en ernstigste gesigsuitdrukking te behou! …



Frikkie Robbertse - eerste "regter" van die Hof.

"Die gewone vonnis vir iemand wat deur die Hof skuldig bevind is was 'pomp'!! En wat 'n straf was dit nie in daardie dae nie! Toe was die pomp nie 'n kraan nie, maar 'n wielhandpomp wat deur twee gedraai is. En wat 'n straal in die gesig van hom wat gepomp moes word!"

Dat die naam "Hades" nie juis in die gees en tradisie van die PUK ingepas het nie, blyk uit die feit dat in 1926, kort na die instelling daarvan, van owerheidsweë versoek is dat die naam gewysig moes word. 'n Verklarende woordeboek omskryf "Hades" as 'n mitologiese naam vir die Onderwêreld, doderyk of hel – 'n donker, onderaardse gebied; ook, die naam van die heerser van die gebied. Verder word gesê dat Hades as koning van die Onderwêreld die skenker van seënryke koring of rykdom was. **(HAT 1983)** Dit is ietwat vreemd dat skynbaar nooit uitvoering aan hierdie opdrag/versoek van die PUK-Raad gegee is nie en het "Hades" in al sy bedenklike glorie etlike geslagte Pukke as eerstejaars van vrees laat bewe.

Maar laat prof Johann Bekker eerstehands vertel van die Hof van Hades.

“Hy was by Heimat, hierdie uitvinding van ‘n vorige geslag, die ding wat uit die dieptes van Sjeool gekruip het, iets allerverskrikliks. Geërf uit die Spaanse Inkwisisie of iets. Ons verskrikte klomp Griepbaba’s [gebore in 1918, die jaar van die Groot Griep] het in die laat-somer van ses-en-dertig van die ding gehoor en geweet ons sal hom leer ken. En ons het!

“Ons het geweet dat die ouhere weer iets onheiligs uitgebroei het toe ons aangesê is om ou klere aan te trek en voor Ons Huis te gaan inval en ‘n doodse swye te bewaar. Die man wat durf waag om sy mond oop te maak is ‘n kind van die dood.

“Dramaties was hulle, daardie ouer garde. Die kampus was in duisternis gehul. Selfs nie uit ‘n slaapkamer het daar ‘n skrefie lig gekom nie. En doodstil in die donkerte moes ons daar staan. En nog eensamer het ons gevoel toe daar nie ‘n ouheer te sien of te hoor was nie, behalwe ons twee wagte wat in dreigende stilte van kant na kant beweeg het. Dit was alles maar ‘n bietjie onheilspellend, want jou senuwees en jou korpus is maar deurentyd beproef, en ons het geweet hier gaan vanaand dinge gebeur.

“En toe, daar van die onderpunt van die ry af, tart Jan Robbertse alle gesag en gee ‘n uitroep en ‘n harde lag. Dooddinge daardie! Die wagte snel op die geluid af, vra wie dit was, maar die man wat dit gedoen het, is morsdood. Net swyende, strak gesigte staan daar.

“En onderwyl die ondervraging daar aangaan, gee ‘n ander draak ook ‘n kort blaflaggie hier by die ander kant. Die wagte skarrel, dreig, ondervra, maar niemand verraai niks aan niemand nie, en toe word ons aangesê om te beweeg – in stilte. Heimat se kant toe, daar waar ‘n kraan met ‘n sterk stroom is.

“Toe weet ons, en ons begin huis toe verlang. En daar bo op Heimat se dak kom die droewige vioolmusiek: *Die rivier is vol* en *Home Sweet Home* en al sokke goete, en die klok daar bo klang so elkers ‘n somber noot tussenin.

“Toe gewaar ons hulle, die klomp ouhere in die nagdonker by die pomp. ‘n Stem maak aan ons die opsienbare feit bekend dat sommige van ons dink die ontgroening is ‘n grap en dat hulle ons vanaand sal probeer oortuig dat die ontgroening nie ‘n grap is nie. ‘n Flitslig begin rondsoek, gly oor gesigte, draai ‘n oomblik op ‘n gesig en besorg byna ‘n floute voordat dit eindelik vassteek. Met ‘n geskreeu word ‘n man vorentoe gestamp, gepak, gedra, vasgehou. Kraan toe. Die water word vol oopgedraai.

“Dis ‘n wrede affêre, die Pomp van Hades. ‘n Man word stewig op sy rug in die lug gehou, sy kop onder die kraan gehou, sy mond toegedruk en ‘n hand bak gehou onder die neus sodat die sterk stroom alle lugtoevoer afsny en die slagoffer water moes snuif. Hy brul soos ‘n bees. En die bloemen treurmusiek en die klok se gebengel hou aan. ‘n Paar word so deurgeloop.”

Carel Coetzee, ‘n “groenslang” of “drel” van 1933, vertel sy storie:

“Die pomp: Diep middernag, afgemat tot sterwens toe en siek en sat vir die lewe, daar staan ons in gelid agter Heimat by die kraan in die doodstil maanlignag. Die doodsklok slaan so elke halfminuut met klanke soos uit die onderwêreld, daar bo op die lang skoorsteen. Kyk jy op na die sterrehemel, asof om uitkoms daar te soek, sien jy die swart duiwelsgedoente daar bo sit by die klok; hamer in die hand. So ‘n swart mantel waai saggies in die nagbriesie … En hulle voetegeskuifel kom angswekkend nader … Vioolmusiek huil

mistroostig in die vreesagtige nag: *Ek wil huistoe gaan na my Mamma toe … Die rivier is vol …"*

"So kom hulle op sleeppas nader … onheilspellend … dodelik … angswekkend …

"Totdat die pompwater drup en drup en drup en hulle almal voor ons staan … swyend. Niks word gesê nie … Net die nagdeurborende soekende flitsstraal … soekende … van die een gesig na die ander … die slagoffer.

"Met sulke aaklige winde elke keer … sowat van winde wat die ou here het … en so hard … en hulle sal nie eers die hand voor die mond hou nie! Banaal … En die afgryslike doodsgeroggel en angskrete van die slagoffer …

"En hulle verdwyn dan stilweg, die een na die ander in die nag … geluidloos. Gaandeweg was daar niemand meer nie; net die streep verdwaasde drelle. Geen lig aangeslaan in die kamers nie: stikduister. Op die skoorsteen by die klok het die geluid verstar; die helfiguur met die swart gewaad het verdwyn. Sover dit die ou here aangaan, het die aktiewe deel van die ontgroening daar opgehou – agter die rug.



JA van der Walt, SVR-voorsitter 1935.

"Maar wat het ons geweet? Die moedigstes van die drelle het naderhand ook begin verdwyn. Party het net daar ongeval en begin slaap, onrustig. Wat sou die ou here nou weer in die mou voer? Onheilspellend! Ons het nie toe geweet die ontgroening is verby nie … en op watter noot!

" 'n Eensame hanegekraai anderkant die hek waar ou Prof. Kamp eers moes gewoon het … Die twee-uur middernagtrein rammel véraf oor die brug oor die rivier anderkant die dam …"

Ons stel weer Johann Bekker aan die woord:

"Later is daar weggedoen met die pomp en het 'n skynpomp in sy plek gekom. Die drake se gesigte word swart gesmeer, en so ook 'n paar ouhere s'n, sodat hulle nie in die donker herkenbaar kan wees nie, Hulle vorm dan deel van die stoet en trop wat later verskrik voor die pomp staan. Die ouhere word dan vinnig een vir een na vore gestamp, maar 'n hand keer die water.

"Maar nou moet jy hoor hoe brul so 'n man en hoe woes werk hulle met die arme 'draak'! Dit was hier teen agt- of nege-en-dertig dat Joos Becker (latere burgemeester van Pretoria) as eerstejaar so 'n skynpompery moes bywoon.



Ds NH van der Walt, Raadsvoorsitter.

"Dit was 'n bietjie kwaai vir sy senuwees, maar dapper man wat ou Joos is, skraap hy sy moed bymekaar en sê aan die een langs hom: 'As ek die woord gee, ….. ons hulle!' Ongelukkig vir Joos was die 'drel' langs hom een van die swartgesmeerde ouhere …"

Oor die Hof van Hades het JA van der Walt, wat in 1935 SR-voorsitter was, 'n nogal mooi storie te vertel:

"Tydens die ontgroening was die berugte hof van Hades in sinistere sitting in een van die sinkgeboue tussen die hoë gras. Miskien was die berugtheid van die hof selfs by die Raad bekend en het die destydse Voorsitter van die Raad ds. N.H. van der Walt, dit nodig geag om te kom kyk welke onheil bedryf word. Die sitting was warm aan die gang toe een van die studente my kom sê dat die waardige dominee wil binnekom! Baie dinge is toelaatbaar maar die Voorsitter van die Raad in Hades – dit was een ding wat onmoontlik wis. Ek kom toe daaruit om te verduidelik dat dit net nie mag gebeur nie, maar ds. Van der Walt staan vas dat hy die reg het om te sien wat die studente bedryf. Hierheen en

daarheen met die dominee, maar dit bly skaakmat. En toe doen ek 'n groot ding: ek weier die Voorsitter toegang tot die gebou!

"Tot my geluk het ek nooit weer van die astrantheid gehoor nie; ek dink die ou vader het 'n student goed genoeg geken."



SJ (Eppie) van der Walt ... die "regter" wat prof "Ferrie" moes verhoof.


Dr SJ (Eppie) van der Walt vertel van die keer toe "ou Ferrie" (rektor Ferdinand Postma) tydens 'n studente-optog (die voorganger van Vreugdedag) voor die Hof van Hades moes verskyn: "Die Stieter, wat as 'polisie-man' geageer het, het mense aangebring om voor die Hof te verskyn en beboet te word. Self het ek die 'Regterstoel' beklee in volle regtersmondering en daarby was dan die geagte 'jurie' wat so skouspelagtig voorgekom het dat dit maklik die dood van enige 'prisonier' kon gekos het. Die geagte Professor het tamelik bedeesd en uit sy plek gevoel tussen die draers van die 'gereg'. Hy is beskuldig van uithuisigheid en is daarna baie streng deur die 'Regter' toegespreek. Hy is daarop gewys dat dit tog treurig is dat iemand op so 'n jeugdige leeftyd (50 jaar) al reeds so weggedwaal het op die verkeerde pad. Die 'jurie' kon hulleself nie bedwing nie en het in 'n droewige geween en borsslanery uitgebreek, waarop die geagte professor byna bewoë was om saam te huil, as dit nie was vir die lagbui van die omstanders nie. Die 'Regter' was diep bewoë toe hy die vonnis uitgespreek het en onder betuiging van innige meegevoel en smart van die kant van die 'jurie', waarvan die meeste op hul rugge gelê het om beter te kan huil, is die Professor weggelei." [1]

Die "verhoor" van prof Postma het waarskynlik in 1929 plaasgevind – juis in die tyd toe hy, na aanleiding van die negatiewe VanderHorstverslag, kruis en dwars deur die land beweeg het om steun en geld vir die PUK te verkry. Vandaar die beskuldiging van uithuisigheid!

Volgens die onderskrif van die meegaande fotoknipsel wil dit voorkom asof die beroemde/berugte Hof van Hades in 1954 sy deure toegemaak het. Maar dit is nie so nie: van tyd tot tyd sou eerstejaars in die hieropvolgende dekades steeds kennis maak met hierdie "gevreesde" dissiplinêre hof of 'n variante vorm daarvan.



Berig in *Die Wapad* oor die hof van Hades se laaste sitting, 1954.




Op die boonste foto sien u vir oulaas die beroemde advokaat vir die verdediging Snippie Flyman om 'n pleidooi te lewer terwille van die lewe van 'n drakonie. Hades se hof was iets van die verlede toe Hoofregter Stier die begrafnis op Saterdagmôre 27 Maart gelei het. En met sy laaste woorde:—„Daar sal nou geleentheid vir die Balie en die Jurielede wees om in die gat te spoeg . . ." het die edele Long John Fisher met lang vingers die gat toegeskraap nadat verskeie ampsdraers se rein speeksel soos vroë miswolke oor die afgronde van Hadi gehang het. „Goodbye, of te wel, vaarwel Hades. En gebruik tog goeie vuurmaakgoed as die jou bestaan se squeelers arriveer!"

## 1.4.3 DIE BEGRAFNIS VAN ONTGROENING (1937)

**Te midde van doodse erns, kom die prosessie voor Heimat in gereedheid en beweeg dan stadig tussen die privet-omsoomde wandelpad verby die visdam tot voor Ons Huis, om dan skerp regs te swenk en voor Postma Huis verby te beweeg tot langs die eertydse Weermag-sinkbarak alias dierkundelaboratorium.**

**Dan vir 'n paar oomblikke stilstaan, te poseer vir 'n foto – is dit dan nie 'n historiese geleentheid nie? Voor staan die begrafnisondernemer, die teraardebestellers en enkele naby-"familie". Direk agter hulle vier draers van ongelyke lengte, by 'n swart kis op 'n baar gemonteer, gevolg deur 'n aantal manne geklee in sak, komberse, 'n springjurk en wat dies meer. Dan die prosessie van begrafnisgangers, almal ewe netjies uitgedos. 'n Sombere atmosfeer heers en niemand lag nie – hulle mag nie lag nie!**



Die "Begrafnisstoet" maak gereed om in beweging te kom ...

As die teken dan weer gegee word, lig die draers die baar met die kis op hul oneweredige skouers en kom die prosessie stadig in beweging. Voetjie vir voetjie word daar vorentoe geskuifel, suidwaarts verby die soort van rotstuin en dan vir ongeveer dertig treë al met die afgebakende paadjie af in 'n oostelike rigting, weg van die statige hoofgebou af. By 'n hopie grond langs 'n gat in die grond word daar tot stilstand gekom.

Die baar met sy swart objek word oor die gat geplaas. Aspirant-dominees Johannes Postma en Dirkie van der Walt verrig die noodsaaklike pligpleginge, waarna "oud-hoofregter" van die Hof van Hades, GJ (Stier/Stieter) Vermeulen, die lyksrede hou. Vir die eerste keer tydens die hele plegtigheid breek die rou emosies deur.

"P.U.Kaners! My bloed verander in karringmelk en my gemoed is oorstelp om hierdie dag te aanskou! … Die bande wat die hede met die verlede bind is dood en word vandag hier begrawe … Die ontgroening is dood, doodgemoor …"

Wat was hier aan die gang? Waaroor gaan dit dan alles?

Ontgroening was maar altyd 'n omstrede saak sedert dit in die vroeë twintigerjare deel van die PUK-opset geword het. In 'n verslag van die Studenteraadsvoorsitter van 1935 is met blydskap getuig dat die ontgroening

dié jaar geslaagd was. Maar ook word gewys op die belangrike besluit van die Studenteraad, op versoek van die Raad en as gevolg van "groeiende publieke opinie onder die studente" om die berugte "pomp" as strafmiddel tydens ontgroening af te skaf. **[Kyk 1.4.2., bo]** Verder word gemeld van die toenemende aandrang om ontgroening óf af te skaf óf te wysig, maar na samesprekinge met die rektor is die versekering gegee dat dit nie gedoen sal word nie.

Vroeg in 1936 word die redaksionele artikel van *Die Besembos* weer aan ontgroening gewy omdat dit "ook al, helaas, onder die vraagteken van die tyd te staan gekom (het)". Na ontleding van die kritiek en veldtogte teen ontgroening word 'n sterk saak daarvóór uitgemaak en word die uniekheid daarvan aan die PUK, "omdat dit onder vaste reglement en orde uitgaan van die Studenteraad en die meer gevorderde studente", beklemtoon.

Maar die optimisme, en al die argumente ten gunste, was verniet!

Die atmosfeer was aan't versomber. In Augustus 1936 is daar op Raadsvlak verwys na "growwe onreëlmatighede" wat tydens ontgroening plaasgevind het – maar sonder om dit by die naam te noem. Die rektor het egter gepaai dat die SR besig was met hersiening van die ontgroeningsreglement.

Tydens ontgroening aan die begin van 1937 het die spreekwoordelike "fan" die papaja pap vermorsel en is ontgroening summier deur rektor Ferdinand Postma afgelas. "Ongelukkig", lui die SR-voorsittersverslag van sy seun Johannes Postma, "het daar iets plaasgevind wat die reeds strompelende ontgroening heeltemal omver gegooi het". Sulke gebeure is beslis nie goed te keur nie en hy betreur dit dat so-iets aan die PUK moes gebeur.

Laat in Februarie 1937 ontmoet Postma die SR in 'n spesiale vergadering. Dit spyt hom dat hy daar is, sê Postma. Ontgroening het in die verlede baie probleme gegee. Die nuwe skema van die vorige jaar het die Raad en Senaat se steun gehad, maar nou het daar vanjaar al weer soveel probleme ontstaan dat hy as hoof van die inrigting verplig is om op te tree: "Die ontgroening moet onmiddellik stopgesit word. Hy is nie van plan om die P.U.K. in ons land 'n aanfluiting te laat word nie – as dit 'n bietjie verder gaan is dit netnou in die Parlement." Hy wys op die verhewe beginsel waarop die PUK staan en sal sy plig versuim as hy ontgroening verder toelaat.

Wat hét gebeur om dié drastiese stap te regverdig?



Studenteraad 1937. Etlike van die lede was betrokke by die woelinge rondom ontgroening in 1937/1938. Voor: Dirkie van der Walt, Johannes Postma, Mayda Kleynhans en Peet (Priester) Coetzee. Agter staan: Jurie Venter, Hertzog Venter, Rabbo Pasch, Ben Kruger en Andries Combrinck.

Amptelike notules van betrokke liggame asook korporatiewe publikasies laat, soos verwag kan word, niks blyk van wat nou eintlik die “doodsonde” van ontgroening was nie. Die antwoord op hierdie tergende vraag is verkry in die opgetekende ongepubliseerde herinneringe van ‘n eerstejaar van 1937, Piet du Plooy – broer van die ander twee Du Plooys wat sulke bekende figure in die PUK se geskiedenis was, ds Jan en prof Floors (Flori).

Piet se koms na die PUK, per trein via Bloemfontein en Johannesburg, het nie op ‘n goeie noot afgesit nie. Vanaf Johannesburg was die trein vol studente en, soos Du Plooy dit stel, ontgroening in volle swang: “Ons eerstejaars is rondgejaag, geruk en gepluk dat dit ‘n aardigheid was. Een van die tweedejaars het my op Roodepoort in ‘n kopklem gesit en dit was my lot vir die volgende twee uur tot ons om 11 namiddag op Cachet, die universiteit-stasie aangekom het.”

Hierdie eerste indruk van ontgroening was blywend: “Daardie tyd was ontgroening nog ontgroening. Dit het twee en ‘n halwe week geduur en het die ergste vorms van barbarisme ingesluit. Afgesien van die min slaap en aanhoudende spanning was daar soms harde tye.”

Dan kom hy met die sak patats vorendag: “So is al die eerstejaars een aand in ‘n koshuissaal gejag en beveel om uit te trek. Wat ‘n gesig! ‘n Stuk of honderd jong mans wat poedelnakend ingeprop staan in ‘n klein saaltjie.

“Hertzog Venter en sy broer Peet het ingekom en my uitgeroep. Ek is na die badkamer geneem. My oë is styf toegebind met ‘n doek. Toe het talle hande my opgelig en bokant hul koppe gehou. Die volgende oomblik het dit vir my gevoel of ek met ‘n skeermeslemmetjie aan stukkies gesny word. Ek kon ook voel hoe loop die bloed. Daar was nie ‘n plek aan my lyf waar die lemmetjie nie ingebyt het nie.

**PUK (THEOS) EERSTE SPAN 1937**

**Wenner van die Blaine en Neserbeker**




**Agter:-** *T. Schutte, W. Hoffmann, P. Badenhorst, G. Pasch (Vise-Kapt) L. Brink, (Sekr.) P. du Plooy, P. Venter.*
**Middel:-** *A. Labuschagne, C. de Wet, Mnr. S. du Toit, (Voors.), H. Venter, (Kapt.), Prof. D. van Rooy (Ere-Pres), P. van Heerden, (Pg.M), F. Snyman* **Voor:-** *P. Verhoef, P. Nell, A. van Jaarsveld, N. Arnold.*

Theos 1é span 1937. Ten spyte van sy onaangename eerste ervaringe van die PUK en die ouhere, speel Piet du Plooy sommer kort hierna vir die eerste rugbyspan – saam met manne soos Hertzog en Peet Venter. Dié spelery het waarskynlik groter kameraderie bewerkstellig.

“Ek het woes geskop en gespook. Terselfdertyd was my lyf aan die brand en die irritasie ontsettend. Ek het naderhand gevoel ek bereik breekpunt. Ek is gelos en is reguit na my kamer toe waar ek onmiddellik aan die slaap geraak het.

“Later het ek verneem wat dit was. Dit was ‘n spuit wat die water met ‘n dun straaltjie, dunner as ‘n garingdraad, teen ‘n geweldige fors uitgespuit het. Daardie straaltjie het ontsettend seergemaak en die afvloei van die water het jou laat dink dis bloed.

“Dit was die beroemde rietbosspruit. Die naam spreek vir homself. Hierdie kaalstanery het egter ‘n geweldige nasleep gehad, want een van die eerstejaars het by professor Ferdi Postma, die Rektor, gaan kla.

“Die volgende dag, met ‘n byeenkoms in die hoofgebou-saal, het professor Postma net opgestaan en gesê: ‘Ek maak nou bekend dat alle ontgroening van hierdie oomblik af verbied is!’

“Daar was ‘n doodse stilte en vir die volgende paar dae is alle eerstejaars deur die oud-studente geïgnoreer. Dit was erger as die rietbosspruit. Na onderhandelings is die ontgroening weer hervat, maar op ‘n baie meer gematigde basis.”

***RIETBOSSPUIT***

**Carel Coetzee (1933-1937) vertel hoedat hy as ‘n eerstejaar, wat teen die aand pas per trein op Cachet-stasie aangekom het, hom eers in een en toe in ‘n groep ouhere vasgeloop het. Sy ervaring met die enkele ouheer word onder meer só weergegee:**

*“En wat ‘n ontmoeting! Die arme verwese stommerik wou nog ewe vriendelik sy hand uitsteek; hy wou nog ‘n beleefde groet waag, toe sak daardie derdejaar boerseun op hom toe soos ‘n bui hael gepaard met donderslag op donderslag … Sy ore slaan bottoe en hy verstok soos ‘n standbeeld. Die trane in sy oë verhard asof verys … die bloedstroom in hom stol soos die dood … Sy keel trek toe … Hy voer so ‘n indoena-oorlogsdans uit al om die verskrikte drel. En die ellendeling onthou, so deur die verbystering en skok, sy moeder se ernstige waarskuwing: nie baie ver van die Universiteit af nie is daar ‘n plek met so ‘n witterige soort naam … iets soos Witrand.*

*“Hy moet maar baie mooi loop en versigtig wees. Hierdie mal gedrog om hom is seker daarvandaan ontsnap. Dat hy dit nou so ongelukkig moes getref het om so ‘n wanskape gedaante hier op die lyf te moes geloop het …”*

*En dan is hy en “die mal vuilgoed” op pad Heimat toe …*

*“Totdat daar, soos skielike bliksemstrale – so het dit vir die arme ding voorgekom – derduisende ligte aangeflits het: soekligte, flitsligte, lampe … hordes op hordes kom op hom toegesak. Armsalig drommel! Soos die aanstormende impies by Bloedrivier moes dit gewees het … En hy … verlate … net één mens op die groot aardbol.*

*“Soos windhonde sak hulle op hom toe en jil waansinnig: “Rietbos! … “Rietbos! … Die volgende oomblik het hy jammerlik ontdaan gestaan van alles wat aan hom was.*

*"Spuitslange water is in heftigheid op hom gerig van voor en van agter en soos die ou here uitroep: 'van den boven en van den onderen ... van het beneden ...' Met papperige moerasmodder is hy beplak en bemors; 'n man wat pas 'n uur gelede nog in die trein hom reggetrek het om so netjies en betaamlik moontlik voor die nuwe studente aan te kom; sy skoene met 'n lappie verlaas die laaste stoffies afgevryf het, sy vyf vingers in die golwende goue haarkrulle gelê het sodat elke karteltjie presies op sy plek moes lê by die aankoms …*

*"Nou, modderbesmeerd, bespuit, uitgejou met sulke opgestopte vrouensklere goeters getors aan; 'n deursigtige syerige broekie met kantjies en goetertjies wat vaskleef aan sy nat naaktheid en in die modderpoele met kaal voete; en goudgeel haardos met stinkende goeters bemors; besmeer oor voorkop en wange. Wat 'n 'intrade'!"*

'n Nuwe stelsel, waarvolgens eerstejaars voortaan tydens die eerste drie kwartale aan sekere reëls onderworpe was, is ingestel maar het nie, volgens Postma (jnr) en die seniors die gewenste vrugte afgewerp nie: 'n deeglike inlywing aan die begin van die jaar was onontbeerlik. Op die oomblik was daar geen ander uitweg nie en moes maar op die nuwe reëls gehamer en 'n nuwe tradisie geskep word.

Hertzog Venter, as redakteur van die studenteblad, het dit betreur dat vir goed afskeid geneem moes word van "hierdie effektiewe middel om die nuwe studente wat aan die P.U.K. kom in te lyf in ons studentelewe, hulle te leer waarvoor die P.U.K. staan, en hartlik verwelkom". In 'n lang artikel het hy die positiewe aspekte van ontgroening uitgelig en sterk verdedig: dit het nie net gesag en respek by nuwelinge ingeboesem nie, maar ook twee van die belangrikste boustene in die studentelewe verskaf, naamlik liefde en kameraadskap. Dit lei ook nuwe studente in in die geestelike aktiwiteite van die PUK-gemeenskap, toets hulle sport- en didaktiese bekwaamhede en hou die studentetradisie kerngesond en lewenskragtig.



Hertzog Venter.

Venter wys ook op "die treurige geskiedenis van uitmekaarskeuring van die ontgroening, as gevolg van oordrewe swartsmeerdery en onregverdige blaam", wat tot gevolg gehad het dat van ontgroening se "kragtige wapens" een na die ander afgeskaf is: "In 1935 ons mees kragtige, die so deur oortreders en hardnekkige gevreesde Pompe Hadi! In 1936 word ons ook ontsê om groenes te dop: hulle mag nie uit die slaap gehou word nie (en hoe sal hulle dan later selfs tot twee-drieuur in die nag kan studeer as hulle nie eers kan wakker bly nie). En nou, aan die begin van hierdie jaar word die ontgroening volstrek en finaal afgeskaf."

Hy is half leedvermakerig-verwytend: studente groet mekaar nie meer nie "want hoe sal hulle mekaar dan ken?" Die Sabbat word geskend, daar's miskenning van gesag, 'n gebrek aan respek, ongehoorsaamheid aan leiding, en elkeen doen wat hy wil. Wat gaan die toekoms baar? Hoe lank nog die proses van ontwrigting? Gaan ons die PUK laat ondergaan, die Alma Mater laat sterf?

Maar hy is hoopvol: "Ons Alma Mater wil manne van gees en staal vorm, manne wat nie by hul mammies sal kla as hulle bietjie verneder word nie, manne wat weet dat hulle moet gehard word vir 'n harde stryd. En daarom besef ons dat die ontgroening, soos die Feniks, uit sy asse sal opstaan – 'n heerlike herrysenis – om sy diens te doen, sy taak te vervul, ons Alma Mater te

ondersteun in haar stryd vir haar ideale, deur nuwelinge te leer, in te wy, en tot haar kinders te maak – almal Pukkies."


"Oud-Hoofregter" Vermeulen se toespraak tydens die begrafnisseremonie was ook 'n sterk verdediging van ontgroening as 'n proses waardeur 'n persoon selfkennis opdoen en "die gesag van orde en gehoorsaamheid leer liefkry as dit 'n gesag is wat setel in eiewillige onderwerping". Hy het personeel wat aandadig was verwyt dat hulle nie weet wat ontgroening werklik is nie en "dat hulle in onkunde doodgemaak het wat vandag hier begrawe word". Saam met ontgroening, sê die "oud-hoofregter", word ook die gees van die PUK, nee die PUK self, begrawe. Hopelik sal "die wasige deinserigheid voor die oë van gesaghebbendes" gou wegdryf en sal hulle die ontgroening gou weer laat herleef, "tot voordeel van ons Alma Mater, die P.U.K.".

Die begrafnis van ontgroening, as simbool van die studentegemeenskap se beswaardheid en protes, het met medewete en goedkeuring van rektor Postma plaasgevind. Ontgroeningsreëls en ander dokumente (Du Plooy noem ook "die Hof van Hades se ontgroeningsdokument") is in die swart kis geplaas en begrawe.

Van SR-kant is later gerapporteer dat die onkostes aan die seremonie twee sjielings (2/-) beloop het, dat "portrette" tydens die seremonie geneem is en die SR een daarvan sou aankoop … maar ook dat daar tydens die seremonie 'n "pompery" plaasgevind het – nogal met medewete van die meeste SR-lede!

Midde in die storm oor die afskaffing van ontgroening het oudstudent DCS (Demps) van der Merwe 'n lang brief vanuit Amsterdam geskryf, waarin hy die afskaffing in vlymskerp taal veroordeel en uitgebreide prinsipiële gronde vir sy

Begrafnis seremonie, 1937.





kritiek aangevoer het. En om sout in die wonde te vryf, meld hy dat die VU, waar hy hom nou bevind, wel 'n goeie beginsel het, "maar sy studentelewe het al amper verstik in die on-Calvinistiese dwaasheid van nie behoorlik GESAGVOL ontgroen nie".

Vroeg in 1938 word die "vernedering" van die afskaffing van ontgroening op die niksvermoedende arme eerstejaartjies uitgehaal, soos blyk uit die onderstaande vertelling van Gert Pretorius (1938-1941):

"Die akademiese jaar was so 'n tien/twaalf dae oud; geen ontgroening nie want dié is die vorige jaar met groot plegtigheid voor die hoofgebou begrawe.

"In Heimat se eetsaal staan die Voorsitter van die Studenteraad (Pepyn Bel, die latere Dr. B.R. Kruger) op en tik op die tafel. Doodse stilte!!

" 'Dames en here', hy sluk so 'n keer of wat, vat 'n mondjievol water, 'dit is met leedwese dat ek die volgende aan u moet bekendmaak ...' Weer 'n oomblik stilte, swanger van dreigende drama. 'Ons het pas 'n telegram van die Minister van Verdediging ontvang waarin ons gevra word, nee, beveel word om die Universiteit te ontruim en ons by ons onderskeie tuistes vir militêre diens aan te meld aangesien daar kommunistiese opstande aan die Rand uitgebreek het en na verwagting oor die land sal versprei. Hiermee word die Studenteraad van die PUK vir CHO amptelik ontbind ...'

"Hy sit skaars toe staan Jopabus Pergansus (bygenaamd die Juts, ook genoem die Oud-Regter; Jopie Erasmus, later sendingleraar te Siloam) op, tik plegtig op die tafel en kondig aan: 'Hiermee word die Afrikaanse Nasionale Studentebond met al sy geaffilieerde liggame en verenigings tot later kennisgewing, ontbind ...'

"Peet Priester (later prof. aan die Teologiese Skool): 'Hiermee word die Korps Veritas Vincit van die PUK vir CHO amptelik ontbind ...'

"Kaptein Dissius (Dis Badenhorst): 'Hiermee word die Sport en Administratiewe Bestuur (die Es Aa Bê) met al sy geaffilieerde liggame en verenigings amptelik ontbind ...'

"Weer die voorsitter van die Studenteraad: 'Die Poskantoor het kennis gegee dat geen telefoonoproepe van watter aard ookal ontvang of deurgeskakel sal word nie; vir diegene wat telegramme wil huistoe stuur is spesiale reëlings by Noordbrug se poskantoor getref; dit sal as deel van die noodtoestand behandel word ...'

"Na ete vertrek Christie Kruger en Jurie Venter (die Vliegende Paap, ook die Pous genoem) op hulle groen brommers vliegveld toe en weldra sirkel hulle met hulle ligte vliegtuigies oor die koshuise en vat koers in die rigting van Johannesburg; menige drel kyk hulle verlangend agterna met die wens om ook deel te kan hê aan die aksie ...

"Ek en Vaalventer (hy kom Middelburg, Kaap en ek van Postmasburg) sit af Noordbrug toe om telegramme huistoe te stuur dat ons ouers ons op ons onderskeie stasies moet ontmoet. Die telegramme gaan gratis!

"Nou maar weer terug koshuistoe en gaan inpak. Ek gaan vra vir my ouheer (reedsgenoemde Juts) of ek hom nie kan help met sy inpakkery nie. Nee, sê hy sy mense sal hom eers teen volgende week kan kom haal, hy gaan maar ondertussen by Boet Postma-hulle bly.



BR (Ben) Kruger, SR-Voorsitter, 1938.



JF (Jopie) Erasmus, alias die Juts of die Oud-Regter.


“Nog die aandete dan is alles verby. Daar is baie leë plekke in die eetsaal, ouhere wat al vertrek het, sommige met die geweer oor die skouer ... Ons, wat suidwaarts moet reis, wag tot so teen halftien die aand toe sit ons af na Cachet om vir die trein na Kaapstad te wag. Ons wag, dit word tienuur, dit word kwart-oor-tien en toe ...

“ ‘So, nê, julle lae drelle, julle wil wegloop, nê ...’ Daardie ‘nê’ van Pepyn Bel sal my die res van my lewe bybly soos ook die slapelose nag wat hierop gevolg het ...!

Dit was toe ook so, die “oud-hoofregter” se wens is vervul en die feniks hét uit sy as opgestaan: “In ‘n samespreking met ons geagte Rektor”, rapporteer SR-voorsitter BR Kruger in 1938, “is daarin geslaag om ontgroening in ‘n ander, en miskien beter, rigting te stuur. Die eerste proef het dan ook die bewys gelewer dat in hierdie rigting voortgegaan moet word. Daar was weinig of geen klagte van buite en buitendien skyn dit dat hierdie meer ‘geestelike’ ontgroening meer daartoe bydra om die ‘drake’ en ‘dore’ in ons gemeenskap in te lyf.”

## 1.4.4 ONTGROENING: VARIA

### 1.4.4.1 "Suksesvolle inlywing" en "Metamorfose van die wurm" (1958)



"Windmakerige eerstejaars 1958"

**Dat ontgroening darem nie net altyd problematies was en negatief ervaar is nie, blyk nogal uit die twee beriggies oor die hantering daarvan in 1958. As destydse eerstejaar onderskryf die samesteller van hierdie bundel die sentimente wat daarin gelug word, ten volle. En raai wie's daai windmakerige eerstejaar met die haastige treë, baadjiepante vashoudend en kop na regs gedraai vir 'n vinnige kwinkslag oor hoe lekker dit darem op hierdie plek is!**

### *(a) "Week van suksesvolle inlywing agter die rug"*

Onder sub-opskrif "Skynontheffing en hoogtepunt" word vroeg in Maart 1958 soos volg in *Die Wapad* gerapporteer:

"Vanjaar is iets oorspronkliks tot die inlywing byeengeroep, naamlik 'n skynontheffing wat een en almal van die eerstejaars besonder geniet het, want dis nie elke dag dat 'n groen eerstejaar die voorreg gegee word om saam met die Studenteraad 'n dinee te kon hou nie en dan nog op so 'n beroemde terrein nie. Snel op hierdie aangename verposing op hoëhakskoene het 'Tarentaal' gevolg, wat die eerstejaarsmans tot hulle eie skade nog meer geniet het.

"Hulle het gereken dat dit nou eers die geleentheid was om met breë matriekglimlagte die mooi Puk-gronde te ontsier. Vrydagaand is hulle vir oulaas "vriendelik" tereggewys dat 'n mens mekaar groet op die Puk! Daar was naamlik die drie ou bekende aksies [onder meer 'Rooi Duiwel' en 'Pomp'] en die eerstejaars het anderkant uitgekom … sonder hulle glimlagte.

"Die hele inlywing het in 'n goeie gees plaasgevind. Aan 'n paar van die ouer studente wat al baie jare harde bene op die Puk gekou het is gevra wat hulle van vanjaar se ontgroening dink. Daaruit blyk dat inlywing prosesse met verloop van jare heelwat in felheid afgeneem het en ligter geword het. Vroeër is die eerstejaars baie later snags wakker gehou, is meer hardhandig met hulle opgetree en het die inlywing ook langer geduur.


"Mnr. Dirk Postma en sy studenteraad moet egter gelukgewens word met die wyse waarop hulle die inlywing beheer en vlot van stapel gestuur het … As die inlywing kan bly soos hy vanjaar op die P.U. was, sal daar nooit gevaar bestaan dat hy hier soos op ander Universiteite afgeskaf hoef te word nie."

## *(b) "Metamorfose van die wurm"*

"Na die jollifikasies van die voorafgaande week is die drake en dore verlede Saterdagaand op meer ordelike en vriendelike wyse hier ontvang. 'n Uiters afgesloofde klomp drake en 'n minder moeë klomp dore (waarskynlik omdat hulle in sulke vername en veral bekwame geselskap verkeer het – die plesier was duidelik op hulle gesigte te lees) is tydens die jaarlikse ontheffingsdinee in die studentesaal onthaal.

"Vanaf die verhoog het die seremoniemeester die gaste probeer vermaak deur hulle hartlik welkom te heet en hulle sulke onwaarhede te vertel as dat hy die geheim van die lewe agtergekom het. Terwyl die gaste gesellig voortgesmul het en die dames se monde altyd in beweging was om een van die twee daarvoor bedoelde funksies te verrig, het ons geagte rektor die eerstejaars op luimige wyse meegedeel waarvandaan hulle kom en waarheen hulle gaan. Prof. Coetzee was inderdaad in skitterende luim en gou het die eerstejaars gevoel hoe hulle in die studentelewe as volwaardige eerstejaars, ingeskakel word. Op hierdie heildronk het 'n eerstejaar op gepaste wyse geantwoord.






Proff J Chr Coetzee (bo) en HG Schulze (onder) - heildronke op eerstejaars en ouhere/oudames ingestel.

"Op ernstiger wyse het prof. H.G. Schulze die heildronk op die ou-here en ou-dames ingestel, omdat, soos hy dit uitgedruk het, hy met 'n ernstiger aangeleentheid as prof. Coetzee besig was. Hy het die veelvuldige werksaamhede van die senior-student geskets en was daarmee die eerste professor in die geskiedenis van die P.U. wat die baanbrekers- en vormingswerk van 'n student na waarde geskat het! Dirk Postma se analise van die begrippe "ouheer" en "oudame" was kostelik. Terloops, hy het in alles met prof. Schulze saamgestem.

"Die uiters vernuftige, intelligente en ietwat raaiselagtige, diep en wel deurdagte toespraak van mnr. Hennie van der Walt [SR-voorsitter] se neef Idyll, wat op nog intelligenter, byna sjarmante wyse deur genoemde Hennie lo Walta en maarskalk Buisje [Schalk Buys] getolk is, het selfs die aanwesige Volksraadslid en Teologiese professor laat skaterlag. [Hennie van der Walt het die luimige toespraak van Idyll in 'n verafrikaansde "Tswana" getolk terwyl Schalk Buys van dirigente-faam dit op erg humoristiese wyse in Hollands oorgesit het]

"Dit was alles egter natuurlik net bysaak – al wat aandag getrek en verdien het, was die keurig uitgedoste dore en die "geurig" bedienende drake. Dit was mos hulle dinee. Ná die dinee het die eintlike "party" [op Engels uitgespreek] eers begin – in die geval van die dore meer amoreus van strekking en by die drake meer op die arbeid-adel-aspek toegespits [opruimwerk].

"Toe die stilte eindelik toesak – dit was eers baie laat die nag – kon elke gas op sy bors (of liewer op sy of haar maag) slaan van genoeglikheid. Al die eer aan mnr. Dries Yssel en sy komitee vir 'n warm, genoeglike aand!"



Dirk Postma (SR-voorsitter), Idyll van der Walt (toespraak), Hennie van der Walt en Schalk Buys (tolke in Tswana en Hollands) en Dries Yssel (seremoniemeester) het van 1958 se eerstejaarsdinee 'n belewenis gemaak.

## 1.4.4.2 "Dore en Ontgroening "

Behalwe tydens die "Gold Rush" trek eerstejaarsdames oftewel "Dore" nogal heelwat aandag, word daar oor hulle gepraat. Enkele voorbeelde:

### *(a) Kwinkslae*

1 Definisie: 'n Door is 'n onwelkome, simpele indringer wat heeltemal gevoelloos, doofstom, droog en goor is, maar wat tot enige iets moontlik of onmoontlik in staat is. Verder is hulle die grootste "vampers" op aarde.

2 Door: "Juffrou, "Dit" het hoofpyn." Oudame, ewe vriendelik: "Waar, Door?"

3 Skiet: Sy was maar 'n skamerige door. Selfbewus en met haar oë op haar skoene gerig, waag sy dit om voor 'n groep ouhere verby te loop. "Haai, juffrou", roep een, "hier is 'n ou wat jou wil skiet." Sy draai stadig en skamerig om, dog vol hoop. Skielik tref 'n rooi bessie haar voor die kop … haar eerste skiet!



RESEP VIR 'N DOOR.

½ koppie gewolle hoof.
10 teelepels matriek-kompleks.
3 eetlepels goorheid.
½ lb. ultra "New Look."

Gooi al die bestanddele tussen die laboratoriums in en laat dit goed verdwaal. Voeg 'n knippie „Môre Juffrou" om elke draai by, laat dit met die hande agter die rug en die tone bymekaar staan vir 'n kwartier en bedien aan die ou-here met neergeslane oë.

(Ons opvoedingswerk slaag: Sy het al 'n vae idee gekry van die Gold Rush.—Red.)

## *(b) "Skiet"-tyd vir Dore:*

"Vra mooi, door!" Bygaande foto dateer uit die tweede helfte van die vyftigerjare. Hennie van der Walt was in 1959 voorsitter van die Studenteraad

# Vra mooi, door!



*JARE gelede al moes die Dore dit ontgeld wanneer hulle by 'n manskoshuis opgedaag het om mans na die geselligheid „te skiet".*

*Leon Neser van Empangeni, hy is senior lektor in Volkekunde aan die Universiteit van Zoeloeland, het die foto van so 'n geleentheid gestuur. Die man regs wat vir die Door verduidelik presies hoe sy na die kamera moet kyk is 'n sekere Hennie van Walt, tans Adjunk-Minister van Samewerking en Grondsake. Die Door is Marichen Boshoff. Heel links is Herman (Doepie) du Plessis, tans 'n prokureur op Delareyville. Langs hom met die baadjie en das is Amadius Prollius, wat regte gestudeer en toe doseer het tot sy dood. Ons wonder wie die ander op die foto is en waar Marichen Boshoff vandag is? Dankie vir die foto Leon.*

## 1.4.4.3 “Die outjie met die brilletjie ...”! [Ontheffingsdinee 1978]



Rektor Tjaart vd Walt ... “die outjie met die brilletjie en die strikdassie”!

**Die ontheffingsdinee vir eerstejaars van 1978 is weer, soos vorige kere, deur ‘n harde hoëveldse stormbui die middag gedeeltelik ontwrig. Maar die grootste “ontwrigting” was die aand in die Totiussaal. By verskeie geleenthede in die verlede het buite-kunstenaars opgetree en was dit dikwels die geval dat grappe van komediante “nie in ooreenstemming met die karakter van die P.U. vir C.H.O.” was nie. In 1978 was dit weer die geval, maar het dit ‘n nasleep gehad:**

“Na vier onbehoorlike grappe deur die komediant wou hy iemand uit die gehoor hê om saam met hom ‘n liedjie op die verhoog te gaan sing. Sy oog val toe op die rektor en hy roep toe ‘die outjie met die brilletjie en die strikdassie hier reg in die middel voor hom’ na die verhoog. (Hy het nie geweet dat dit die rektor was nie.)


“Die rektor het toe na die verhoog gegaan en die mense berispe en dit gestel dat ons ‘n onvoorwaardelik Christelike Universiteit is, dat ons nie so iets by ons duld nie, en dat ons nie ‘n kleuterskool is nie, dat hulle asseblief by hulle ooreenkoms met ons sal hou, uit die riool sal kom met hulle grappies en die Puk nie onderskat wat betref die gehalte van die vertoning nie.

“Onder applous van sommige Pukke is die rektor toe terug na sy sitplek. Die res van die aand het sonder voorval verloop behalwe dat die gehalte en standaard van die musiek uiters laag was, dat dit later geblyk het dat dit die eerste keer was wat die orkes, bestaande uit slegs drie persone, in die openbaar opgetree het en dat een sanger selfs die woorde van sy liedjie nie geken het nie.”

Inderdaad is daar van die kunstenaars se kant nie gehou by uitdruklike ooreenkomste dat geen onwelvoeglike grappies vertel sou word nie, terwyl ook sonder voorafkennisgewing met Lance James in plaas van Jody Wayne opgedaag is. Ook in stryd met die voorwaardes, was die grootste gedeelte van die program in Engels.

In ‘n hoofartikel van *Die Wapad*, onder opskrif “Staan op vir jou saak”, is die rektor geloof: “Dit was darem lekker om te weet dat die Puk ‘n rektor het wat nie skaam is om sy sê te sê nie. Dankie, prof Tjaart …”

## 1.4.4.4 "Modderbad-episode": Onheilsaand van 6 Februarie 1981



Modderbad.

**Tydens die ontgroening aan die begin van 1981 het student George Gibbens 'n ernstige nekbesering opgedoen, wat tot verlamming gelei het. Dié ongelukkige gebeure het weer, vir die soveelste keer, tot selfondersoek by die Puk-owerhede en studenteleiers gelei, die resultate waarvan in hieropvolgende bydrae [kyk 1.4.4.5.] uitgespel word.**

***R2 500 AL IN FONDS VIR GEORGE GIBBENS***

***(PU-Kaner 13 Maart 1981)***

*'n BEDRAG van meer as R2 500 is al deur dosente en studente aan die George Gibbens Trustfonds geskenk sedert die insameling deur die Rektor, prof Tjaart van der Walt, geloods is.*

*Baie lyste is nog op die kampus en mnr Klaas Oosthuizen, die Interne Ouditeur, sê hy verwag dat heelwat meer geld ingesamel sal word.*

*Mnr Gibbens het 'n werwel in sy nek gebreek toe hy tydens 'n oriënteringsaksie in 'n modderbad ingeduik het pleks van om daardeur te kruip. Hy is nou in die spinale afdeling van die H.F. Verwoerd-Hospitaal in Pretoria.*

*Aanvanklik was mnr Gibbens, wat vir die graad B.Sc (Elektrotegniese Ingenieurswese) ingeskryf het, se hele lyf verlam. Hy het egter reeds die gedeeltelike gebruik van sy arms teruggekry. Hy is al in staat om homself met 'n lepel te voer.*

*Hy moet nog plat op sy rug lê en kan met die hulp van spieëls lees en saans ook televisie kyk. Sy koshuis, Oppikant, het die televisiestel aan hom gegee. Die televisiestel maak die nagte ook kort.*

*George sê hy kry nie veel tyd om te lees nie want die fisioterapeute, arbeidsterapeute en ander hospitaalpersoneel hou hom te besig.*

*Hy is baie positief oor die ongeluk. Hy glo vas dat hy een dag weer sal kan loop. Hy en die ander pasiënte in die saal beur mekaar ook gedurig op en praat mekaar moed in, het hy aan die PU-KANER gesê.*

*'n Raad van ondersoek wat deur die Rektor aangestel is, het bevind dat niemand vir George se ongeluk verantwoordelik was nie. Die raad stel ook verder ondersoek in na die hele aangeleentheid van oriëntering.*

*Prof Tjaart van der Walt het al die Universiteit se fasiliteite gratis aan George beskikbaar gestel vir solank as wat hy dit wil gebruik.*

*George het verlede jaar die matriekeindeksamen aan die Hoër Volkskool in Potchefstroom geslaag. Hy is die seun van mnr en mev Gibbens van Vineystraat, Bailliepark, Potchefstroom.*

***MOEDIGE GEORGE TERUG OP PUK***

***Deur Marthie Roux (PU-Kaner 28 Mei 1982)***

*Hy is dol oor sport. Veral krieket lê ná aan sy hart. Tot 'n jaar gelede het hy elke vrye oomblik daaraan spandeer. Hy het blou oë en 'n ondeunde glimlag. Hy lyk soos enige ander eerstejaarstudent.*

*Sy naam is George Gibbens. Hy is verlam van sy bors af ondertoe en hy kom moeisaam met sy rystoel oor die weg. Hy sal nooit weer oor 'n krieketveld hardloop nie.*

*Die verhaal van George Gibbens is egter geen tranetrekker nie. Dit is die verhaal van 'n besonderse jong man se oneindige moed en deursettingsvermoë in die aangesig van 'n tragedie wat sy lewe kon verwoes het – as hy dit toegelaat het.*


*George Gibbens was op die onheilsaand van 6 Februarie 1981 een van 'n groep eerstejaars wat aan 'n oriënteringsaksie rondom 'n modderbad deelgeneem het. Met sy kenmerkende lewenslus en sportmangees het George met oorgawe meegedoen. Hy het ingeduik, sy kop teen 'n klip gestamp en sy nek gebreek. "Ek het nie juis pyn gevoel nie – daar was net ... niks".*

*George het twee maande in traksie in die H.F. Verwoerd-hospitaal gelê en daarna fisio- en arbeidsterapie ontvang. In Oktober is 'n spierverpl antingsoperasie op sy linkerarm gedoen om hom 'n bietjie meer krag in die onderste deel van die arm te gee. George is eintlik regs, maar omdat sy regterarm sy "goeie" arm is, wou hy nie die risiko loop om die gebruik daarvan te verloor indien die operasie dalk nie 'n sukses is nie.*

*Hy maak geen geheim van sy gevoelens oor sy verblyf van nege maande in die hospitaal nie. "Dit was baie sleg". Hy was baie bly toe hy Novembermaand toegelaat is om huistoe te kom.*

*George studeer vanjaar buitemuurs vir die graad B.Juris en beplan om daarna LL.B te doen. Buitemuurse studie was nodig omdat vervoer na en van die Universiteit 'n probleem is. Hitte kan sy lewe in die rolstoel baie onaangenaam maak en saans is dit koeler in die klasse.*

*Hy benader sy studies met groot erns. "As ek om werk moet meeding met 'n ou wat die gebruik van sy bene het, sal ek net eenvoudig baie beter as hy moet wees, anders gaan ek sukkel" sê hy met soveel vasberadenheid dat 'n mens vermoed dat die regswêreld oor 'n paar jaar sal moet kennis neem van George Gibbens!*



George Gibbens tydens 'n gradeplegtigheid.

*Probleme vir 'n student in 'n rolstoel is natuurlik volop. "Die Puk is darem beter toegerus daarvoor as die meeste ander universiteit", sê George. Vir een van sy vakke is ook spesiaal van lokaal verander toe hulle besef dat George gaan sukkel om met die trappe op te kom.*


*George voel geen bitterheid teenoor die universiteit waar sy lewe as normale jongmens 'n jaar gelede verpletter is nie. "Ek sien dit as 'n blote ongeluk. Dit was niemand se skuld nie. In elk geval sou dit tydmors wees om my nou daarvoor te sit en verknies".*

*"Ek het te veel mense in die hospitaal gesien wat hul dae in moedelose nutteloosheid deurbring omdat hulle nie kan aanvaar wat met hulle gebeur het nie. In 'n sin is ek miskien gelukkig dat dit met my gebeur het voordat ek al gewerk en 'n gevestigde lewe gehad het – dit maak die aanpassing dalk makliker".*

*In sy daaglikse lewe nou "gaan dit alles basies om balans", sê George. Omdat daar geen spiere in sy liggaam is om te help nie, is dit net sy balans wat hom regop hou in sy stoel. Hy onthou die keer toe hy in Pretoria deur 'n onhandige rolstoelstoter teen 'n sypaadjie opgehelp is en hy uit die stoel geval het, "alles in 'slow motion' – jy sien jy gaan val, maar jy kan niks daaraan doen nie ..." Teekoppies, deure, trappe ... alles wat die gewone mens as vanselfsprekend aanvaar, is vir George struikelblokke waarteen hy daagliks moet kragte meet.*

*George meen daar is darem 'n paar voordele aan sy toestand verbonde. Hy is oral waar hy gaan die middelpunt van belangstelling en mense val oormekaar om hom te help, sê hy met 'n glimlag. Hy waardeer dit baie dat die Rektor en ander mense van die Universiteit vir hom in die hospitaal kom kuier het en ook die feit dat 'n fonds gestig is om hom geldelik te help.*

*Dit is 'n eensame stryd, ten spyte van al die hulp van die mense om hom ... tog kry mens die gevoel dat dié jongman geseën is met die gawes van innerlike krag en moed, waarmee hy sy pyn en teleurstelling in 'n triomf omskep het. "My lewe lê voor", sê George "en ek wil graag uitgaan en gaan kyk hoe lyk dit ..."*



George het toe wel uitgegaan en die lewe bekyk. Gevra oor hoe sy lewe verloop het sedert wat hy self noem die "modderbad-episode", het George soos volg gereageer:

"Na die ongeluk was ek noodwendig vir 'n geruime tyd gehospitaliseer. Nie net vir doeleindes van mediese behandeling nie, maar ook vir 'rehabilitasie'. Die lewe as kwadrupleeg verg groot aanpassings, beide wat betref die fisieke, en die emosionele. Ek ag myself uitsonderlik gelukkig dat ek veral gedurende hierdie tydperk die ondersteuning kon geniet van my ouers, familie en vriende.

"1982-1986: Vroeg 1982 skryf ek by die PU vir CHO in vir die B Proc. Dit is iets anders as die ingenieurswese waarvoor ek aanvanklik ingeskryf het, maar alles werk ten goede uit. Die Universiteit, die dosente en die studente gaan uit hul pad om my te akkomodeer, en dit maak die studie soveel makliker. Ek slaag die graad met lof, en die groot eer om in my finale jaar as die beste voorgraadse studente aangewys te word, val my te beurt.


"1987-1988: Ek skryf in vir die LLB. Dit is 'n veeleisende kursus, maar ons is 'n lekker groep, en ons kom daardeur. Ek slaag die graad ook met lof.

"1989-1993: "Na die LLB volg die LLM. Jy loop nie klas nie, maar jy sweet bloed! Veral as jy moet begin werk, en die wye wêreld betree. Ek praktiseer aanvanklik vir 'n wyle as advokaat, maar kom tot die besluit dat die prokureursberoep my beter sal pas, en word toe 'n 'atikelklerk'. Ek skryf die toelatingseksamen ongeveer dieselfde tyd as wat my verhandeling voltooi moet wees. Ek slaag die LLM met lof, en kom die toelatingseksamen net-net deur.

"1994-2003: Die laaste aantal jare kou ek die taai tameletjie van die regsberoep as praktiserende prokureur, en prinsipaal van my firma. Dit is 'n veeleisende beroep, maar dit bied vele geleenthede. Ek het ook my hand aan beesboerdery, en 'n aantal ander vreesaanjaende aktiwiteite, soos eiendomsontwikkeling, gewaag.

"Ek is gelukkig getroud met Maritza, en my tienjarige seun (ook George) is die appel van my oog. Ek woon in 'n pragtige omgewing, en is omgewe met die liefde en ondersteuning van my vrou, my kind, my ouers, my familie, my kollegas en my vriende. WAT MEER KAN EK VAN DIE LEWE VRA?" [Beklemtoning deur samesteller]

As daar 'n toekenning gemaak moet word vir die wonderlikste sage in hierdie boek, behoort dit ongetwyfeld te gaan aan wat George self bestempel as die "modderbad-episode" van 6 Februarie 1981. En as iemand verdien dat sy naam as legende in goue letters in die annale van die PUK opgeteken staan, is dit George Gibbens.



George Gibbens met sy vrou Martiza en seun George.

### 1.4.4.5 "Ontgroening vir eerstejaars afgeskaf" (1982)

**Die George Gibbens-voorval het veroorsaak dat daar weer indringend na ontgroening aan die PUK gekyk is. Ingrypende veranderings is aangebring en, soos so dikwels in die verlede, is ontgroening basies afgeskaf. Soos blyk uit die meegaande berig.**



DIE P.U.-KANER

Nuusblad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Geregistreer by die H P K as nuusblad

JAARGANG 15 NOMMER 1 JANUARIE 1982

**Ontgroening vir eerstejaars afgeskaf**

Eerstejaarstudente kry vanjaar twee weke van kennismaking met die Universiteit om hulle behoorlik voor te berei vir hul eerste en latere studiejare en om hulle in staat te stel om so gou

tak tussen die eerstejaars en seniors in die tweede week van die Ontvangs- en

nie aktiwiteite soos motorwas in nie.

Predikante van alle ker-

tiekbyeenkoms vir eerstejaars word van vanjaar af oor twee Saterdae gehou. Op die eerste Saterdag word uitdunne gehou en die tweede Saterdag, wanneer die seniors terug is, word die finale kompetisie gehou.

Prof de Klerk sê op dié manier sal die koshuisgees aangewakker word

## Ontgroening vir eerstejaars afgeskaf

***(PU-Kaner 15:1, Januarie 1982)***

*Eerstejaarstudente kry vanjaar twee weke van kennismaking met die Universiteit om hulle behoorlik voor te berei vir hul eerste en latere studiejare en om hulle in staat te stel om so gou as moontlik by die Kampus- en studentelewe in te skakel.*

*Ruim tyd word in die Ontvangs- en Bekendstellingsweek toegelaat vir voorligting en gesprekke met fakulteitsverteenwoordigers om studente die regte kursus te laat saamstel. Een dag word ook afgestaan vir psigometriese toetse vir behoorlike voorligting aan alle eerstejaars, sê prof Ben de Klerk, Direkteur van die Studenteburo.*

*Studente kry vanjaar ook die fakulteitsprospektusse waarin nuttige wenke oor grade en diplomas en beroepsmoontlikhede en die betrokke studierigtings is.*

*In die eerste week kry eerstejaars die kans om die Kampus te verken onder leiding van Studenteraadslede. Verder word bekendstellings van die Ferdinand Postma-Biblioteek, die georganiseerde studentelewe, Kampus Mediese Diens, die Sportburo, die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en die Direktoraat Militêre Skakeling gedoen.*



Prof Ben de Klerk

*Prof De Klerk het gesê daar is geen sprake van ontgroening op die PU vir CHO se Kampus nie. Kontak tussen die eerstejaars en seniors in die tweede week van die Ontvangs- en Bekendstellingsprogram word tot sosiale funksies beperk. In die eerste week is net die Studenteraad en Koshuiskomitees op die Kampus om die nuwe studente te ontvang.*

*Wanneer die seniors aankom – elkeen het saam met hul uitslae 'n brief oor die ontvangs van eerstejaars gekry – volg 'n senior programaand, sing-songs en 'n kampvuurgeselligheid. Die program word Vrydagaand afgesluit met 'n Verwelkomingsfunksie.*

*Prof De Klerk het gesê vanjaar is dinge soos modderbaddens, die Hof van Hades, tekkiepartytjies en so meer heeltemal taboe. Eerstejaardrag mag in die ontvangsweek gedra word, mits dit dienlik en nie vernederend is nie. Dié drag mag ook net gedra word in tye van die program wat deur die Sentrale Studenteraad en Huiskomitees opgestel is.*

*Net 'n netjiese identiteitskaart mag van vanjaar af deur nuwe studente gedra word in die plek van die sogenaamde stoetkaarte van die verlede. Die sogenaamde gemeenskapsdiens wat eerstejaars moet verrig, is beperk tot telefoondiens wat voordeurdiens in die vrouekoshuise insluit. Gemeenskapsdiens sluit nie aktiwiteite soos motorwas in nie.*

*Predikante van alle kerke kry tyd in die Ontvangs- en Bekendstellingsprogram om lidmate van hul kerke onder die eerstejaars te ontmoet en ook met voorligting te help.*

*Eerstejaars kry ook ruim tyd om met die verskillende kultuurorganisasies en sportklubs op die Kampus kennis te maak. Die atletiekbyeenkoms vir eerstejaars word van vanjaar af oor twee Saterdae gehou. Op die eerste Saterdag word uitdunne gehou en die tweede Saterdag, wanneer die seniors terug is, word die finale kompetisie gehou.*

*Prof de Klerk sê op dié manier sal die koshuisgees aangewakker word omdat eerstejaars reeds langer in hulle nuwe tuistes sal wees en die seniors sal hulle ook al leer ken het.*

*Enige ouer wat 'n geregverdigde klagte oor die Ontvangs- en Bekendstelling het, is welkom om die saak met die Studenteburo se personeel op te neem.*

## 1.4.4.6 "Ontgroening kry 'n meer moderne kleur …"

**" Ontgroening afgeskaf" … sê wie!**

Ten spyte van al die mooiklinkende terme en frases en die georganiseerdheid van georganiseerde aksies, het ontgroening steeds voortgegaan, meestal so "tussen die lyne" deur. In 1983 is daar al klaar weer 'n groot herrie toe 'n elftal eerstejaars [in plaas van krieket speel!] langs 'n pad afgesit is en poedelkaal hul weg moes terugvind koshuise toe. Die senior belhamels van Veritas-koshuis is geldboetes en opgeskorte vonnisse opgelê.

Maar daar word volgehou: Oriëntering (om nie eens meer ontgroening te noem nie!) is nie meer oriëntering nie – net soos tien rand nie meer tien rand, en die mini nie meer die mini van ouds is nie.



# Ontgroening

EERSTEJAARS is van vanjaar af 'amptelik' deel van die menslike ras. Daai hol kol op die maag, blik-in-die-as en omkyk-omkyk drafstappies van Puk-eerstejaars is ná baie jare iets van die verlede.

'n Blinknuwe en moderne Ontvangs- en Bekendstellingsprogram het dié jaar gesorg dat eerstejaars heel anders as in die verlede behandel is.

Ontgroening het voorheen dikwels vir negatiewe en onbetrokke eerstejaars gesorg, wat veroorsaak het dat hulle langer geneem het om by organisasies en verenigings betrokke te raak.

Die eise van die tyd moes ook in aanmerking geneem word, want die eerstejaar van vandag verskil baie van die eerstejaar van tien jaar gelede.

Die voorsitter van die SSR, De la Rey Venter, meen universiteite kan nie meer bekostig om ontevrede eerstejaars aan ander universiteite af te staan weens onreëlmatighede tydens oriëntering nie.

"Die SSR het eers na die huiskomitees gegaan en saam is daar besin oor hoekom die ou stelsel nie gewerk het nie. Daarna is menings uitgeruil oor wat eintlik bereik wil word," sê De la Rey.

Die volgende is van die belangrikste sake wat in die samesprekinge na vore gekom het:

- Die eerstejaars moet welkom voel;
- Hulle moet so gou as moontlik by hul koshuise inskakel;
- Hulle moet gou by die studentelewe inskakel;
- Akademie moet genoeg aandag geniet; en
- Puk-trots moet gekweek word.

In lyn met dié nuwe denke is daar nie aan die huiskomitees gesê wat gedoen moes word nie, maar eerder watter doelwitte belangrik is.

"Die HK's het hul eie programme volgens hul eie behoeftes beplan. Die seniors in die koshuise het self die inisiatief geneem en die eerstejaars laat welkom voel," sê De la Rey.

Volgens De la Rey het die nuwe benadering reeds tasbare resultate gelewer. 'n Voorbeeld hiervan was die eerstejaarsdrag, wat tydens oriëntering gedra is. Die nuwe drag is nie meer die lawwe uitrustings van ouds nie, maar praktiese klere wat later weer gedra kan word.

De la Rey sê die resultate is tot dusver baie goed, en daar is gevorder van 'n 'ons/hulle'-situasie tussen eerstejaars en seniors, tot 'n 'ons'-situasie.

*- JACO KIRSTEN*

**WIE's Ek! Dié dae is nou vir ewig verby vir die Puk-eerstejaars. Van vanjaar af lyk ontgroening heeltemal anders.**

**REGS: DIE nuwe eerstejaars.**

6

## *kry 'n meer moderne kleur...*

En lank voordat daar 'n "Nuwe Suid-Afrika" was, was naamsveranderinge al die in-ding op die PUK-kampus. So word gerapporteer dat die naam "Drake", van "Drake en Dore"-faam, in die stof moes byt moes. Koshuis chauvinisme het die oorhand gekry, sodat daar voortaan onder meer gepraat is van die "Manne" van Overs en die "Adders" van Dawie Dup. Amajuba-koshuis het sy "Nefies" gehad, na aanleiding van die Kaspaas-motief op die koshuisembleem.

Hombré se eerstejaars luister weer as "Senings" geroep of beveel word "en in Patria het die Romeine van ouds hul draai kom maak – hier heet die eerstejaars nou Plebs, afgelei van die Latynse woord plebus, wat op die heel laagste rang in die arbeidsmag dui".

En dan, 'n verdere dekade later (in 1993), word eerstejaars "amptelik" deel van die menslike ras, met die instelling van 'n "blinknuwe en moderne "Ontvangs- en bekendstellingsprogram".

# Afdeling 1 :
# SAGES EN GEBEURE

## 1.5 INTERVARSITY-GLORIE

1.5.1 Proloog: Die “Theos”-sage (1893 - )

1.5.2 Eerste ontmoeting … klop die Maties! (1942)

1.5.3 “Jongste universiteit … verslaan die oudste” (1951)

1.5.4 Die “Steenkamp-faktor” (1956/1957)

1.5.5 “UOVS se harde neut gekraak” (1961)

1.5.6 Wenners Ted Sceales-trofee (1973)

1.5.7 Klop “beste Kovsiespan van alle tye” (1977)


1.5.8 “Wegholoorwinning na 5 jaar” (RAU, 1983)

1.5.9 “Shimlas na ses jaar weer getem” (1983)

# 1.5 Intervarsity-glorie

## 1.5.1 PROLOOG: DIE "THEOS"- SAGE (1893 – )

**Die vry algemene opvatting, soos onder meer gehuldig in Hans van Zyl se monumentale werk oor PUK-Rugby, was dat rugby eers vanaf 1906 aan die Teologiese Skool/Literariese Departement gespeel is. Dis egter nie korrek nie: dieptenavorsing het getoon dat die spel minstens reeds vanaf 1893 te Burgersdorp deur die studente in 'n eie klubverband beoefen is. Heel moontlik het individuele studente voor dit reeds vir die plaaslike dorpspan uitgedraf.**



FOOT BALL MATCH.

THEOL. SEM. vs. VENTERSTAD.

On Thursday preparations were made to go over to Venterstad. It was a very rainy day, but in the afternoon an opportunity for travelling was offered for the players. Friday the 15th all players were in Venterstad long before the time decided on. At 4 in the afternoon both teams were on the field.

Everything was not yet in perfect order so the play commenced at 4.15. p.m. The Theol. Sem. had the first kick off, and although during the first half time, the South West wind was in favour of the Venterstadters, they were for the most part kept on their line, so that the full-back of Burghersdorp had nothing to do. After 15 minutes play a try was secured for Burghersdorp by P. Coetsee, but they failed in kicking a goal. After some more play the half-time was passed. The Burghersdorp players went out of the field after a hard fight in the hope of getting some refreshments as usual, but nothing could be found, not even an orange. So some went up to the village to quench their thirst with lemonade or an orange. The Captain, Mr. Basson, we are sure, would have procured something during the interval but he was prevented in so doing by a horrible cramp in his legs. The players were called to the field again. During the second half Venterstad tried to give the full-back of their opponents a little work but they were ably resisted by Burghersdorp. After some time Burghersdorp secured another try through J. van den Heever. But again failed in kicking a goal. On the Venterstad side Messrs. Truter, Dykman as three-quarters, De Beer, Prinsloo, and Dykman as forwards played very well. On the Burghersdorp side the full-back, J. du Plessis, was very safe in keeping the ball of the opponents at a distance. Although most of the play rested on the side of P. Coetsee and J. Henning, who played exceedingly well in spite of two strong opponents, the other three-quarters, G. Kruger, and J. Kruger, whenever an opportunity was offered to them gained much ground. J. Kruger made a splendid attempt and succeeded in catching Truter from behind, after passing his opponents, J. Kruger Jac. Kruger, and G. Kruger although very light, he made it very difficult for the opponents, who were decidedly strong. The forwards G. du Plessis and W. Henning, P. van der Walt, J. van den Heever, and W. de Klerk played well.


Although the Theol. Sem. Club, is only shortly started, they promise to make a strong Team, after some more practice. The Venterstad Club has some very good and strong players, and they also promise to make it more difficult for their opponents after some more practice. Both Teams we are sure feel very much obliged to Dr. Coats who acted as referee, and who was very impartial in his decision.

In Augustus 1893 lees ons van 'n wedstryd wat "Theol. Sem." (die Teologiese Seminaar) op 'n Vrydagmiddag te Venterstad gespeel en met twee drieë teen nul gewen is. Die name van W Basson (kaptein), J du Plessis (heelagter), vleuels P Coetzee en J Henning, senters G Kruger en J Kruger, skakel Jac Kruger en voorspelers G du Plessis, W Henning, P van der Walt, J van der Heever en W de Klerk word onder meer in die verslag genoem. J du Plessis was natuurlik die latere prof JA du Plessis, terwyl De Klerk onder meer as latere registrateur van die PUK op sigself 'n legende was.

Die rugby van destyds is in 'n ontspanne atmosfeer gespeel. Halftyd het dinge só verloop: "The Burghersdorper players went out of the field after a hard fight in the hope of getting some refreshments as usual, but nothing could be found, not even an orange. So some went up to the village to quench their thirst with lemonade or an orange. The Captain, Mr. Basson, we are sure, would have procured something during the interval but he was prevented in so doing by a horrible cramp in his legs. The players were called to the field again."

Dat die Teologiese studente inderdaad reeds destyds in klubverband georganiseer was, blyk duidelik uit die volgende opmerking in die verslag: "Although the Theol. Sem. Club, is only shortly started, they promise to make a strong Team, after some more practice."

Dit wil voorkom asof sokker mettertyd rugby verdring het en dat rugby eers weer met die koms van prof APC Duvenage in 1906 as sportsoort herleef het en dat dit vir die eerste paar jaar ook maar noustrop getrek het, dalk vir 'n rukkie heeltemal van die toneel verdwyn het. DN Kotzé, wat in 1908 as student ingeskryf het, beweer dat op daardie tydstip geen rugby gespeel is nie en dat 'n klub eers die volgende jaar gestig is, met hom as kaptein en prof APC Duvenage as voorsitter.



J Chris Coetzee. Springbokkleure net-net misgeloop, in 1912.

'n Deel van die Theos-sage is vervat in die herinneringe van prof J Chris Coetzee wat 'n roemryke akademiese loopbaan as rektor van die PUK afgesluit het. Maar hy was ook 'n vermaarde sportman, atleet en rugbyspeler van formaat, wat in die tydperke 1910-1912 en 1917-1920 vir Theos uitgedraf het, ook as kaptein (in 1918). Coetzee vertel:

"Vir my is die eerste periode die belangrikste omdat ek toe nog 'n vrye (voltydse) student was … Gedurende daardie jare was daar skaars 'n twee dosyn manstudente en van die totale aantal het nooit meer as 16-17 aan voetbalspel self deelgeneem nie, al het die ander met ons vier damestudente elke wedstryd bygewoon. Van ons professore het net een belang gestel in die spel, nl. prof. A.P.C. Duvenage, terwyl prof. F. Postma 'per spesiale okkasie' ook daar was om te geniet. Proff. Jan Kamp, Jan Lion Cachet en later J.D. du Toit het geen belangstelling gehad en getoon nie.

"Vir my by terugdenk aan die jare kom daar groot manne en groot dade in herinnering.

"Die groot dade was die gevolg van die brutale durf van die handjievol Theos om kragte te meet met die Filistyne (oftewel die Woestaards van die Dorp) en die Amalekiete (oftewel die manne van die Militêre Kamp, alias die Tommies). Ons studente was klein, die Filistyne en die Amalekiete was soos die sand van die woestyn … Nog erger, ons studente was jonk, saf en onervare."

"Ons het hard gespeel, al was daar geen beker op die spel nie; dit was alles om die wedstryd, sy opwinding en seerkry. Die voertaal van ons spel was 'n mengeltaal: Afrikaanse woorde, Engelse terme. Die span het 'n captain, fullback, wings, centres, halves, forwards gehad. Ons het 'tries' gedruk, 'drops' 'gekick', 'scrums' gevorm, 'gehook', 'getackle', 'gesidestep', 'line-outs' gehad, 'geknock-on', 'gepass'."

Coetzee wei verder uit oor hul opponente en vertel dat die Dorpenaars, omdat hulle groot en geset was, ook bekend gestaan het as "Tanks" terwyl hy die "Tommies" oftewel "Amalekiete" as "plesierige, opgeruimde opponente" bestempel: "Hulle was rof, taai groot en lomp en daarby 'dontcaries' – die spel was bysaak, hoofsaak was skop, ondersteboloop, slaan en vloek. Hul hoofdoel was 'n krygsoperasie: 'n klomp Boerseuns moes oorrompel word. Maar aan grappe en selfs edelmoedigheid het dit by hulle nie ontbreek nie. Ons sekretaris wat Saterdagoggend na die Kamp vir die reëling moes fiets, het selde heeltemal nugter teruggekom – een opponent was plat! In die skrums en lynstane het dit woes aangegaan: skop, slaan, stoot en omloop was belangriker as om die bal te bemeester. Maar hulle kon goeie spel van enkelinge waardeer. Ons vleuel kry een dag die bal voor ons eie pale in hande en begin. Hy omseil 'n Tommie, en swenk weg en in en uit en nog net die heelagter voor: die man



Teologiese Skool 1892. Die omkringde persone se name verskyn in die eerste verslag van rugby aan die Teologiese Skool.


gaan op aandag staan, salueer die vleuel en die bal beland tussen die pale onder groot handegeklap van die Tommies!"

**Wat die beskeie Coetzee verswyg het, dat "ons vleuel" niemand minder nie as hyself was!**

Maar Coetzee het dit ook oor sy eie mense: "So baie, baie jare is verby. Die spelmaats van daardie tyd wat toe al groot figure was en selfs onder ons as helde aangesien is, groei by die dag in die herinnering aan dapperheid, vernuf en onverskrokkenheid." Hy gaan dan voort om iets van "die helde in hul spel" te vertel en beperk hom tot die 1912-span, wat hy bestempel as "die beste span wat ons nog onder die Theos se vaandel gehad het". Twee van die vleuels het daardie jaar gehelp wat die Wes-Transvaalse subunie die gesogte "Country Cup" verower het "en een van die vleuels was gekies vir die finale proefwedstryd in September met die oog op die samestelling van die Springbokspan onder Billy Millar (Engeland 1912-13)".




1912 "Theos"-span. Agter: A de Beer, JV Coetzee, MJ Heystek, BJ de Klerk, JJ Bezuidenhout, HA Steyn, NPJ Steyn, HJ van der Walt. Middel: J Ennis, FJ Potgieter, prof. Duvenage, DN Kotze (Kaptein), PJH Coetzee, FH Duvenage, JC Coetzee. Voor: CW du Toit, L Erasmus.



J Chris Coetzee as kaptein van die 1918 Theos span. Tweede van regs voor sit professor DJ van Rooy en heel regs professor AJH van der Walt.

**Weer verswyg Coetzee dat dit hyself was wat so op die randjie van die Springbokspan omgedraai het. Bevestiging vir sy aanwysing in so 'n proefspan kon egter nie in die argiewe van die SA Rugbyraad verkry word nie. Dit geld ook vir Coetzee se opmerking dat spanlid NPJ Steyn gekies was vir die 1921-Springbokspan na Nieu-Seeland maar ook nie kon gaan nie – 'n aanspraak wat ook deur Steyn self gesteun word.**

Nadat hy elkeen van die spanmaats op die foto bespreek het, kom "die man in swart met die hardebolkeiltjie" aan die beurt: "Die hardebol sit op die slim kop van matematicus prof. A.P.C. Duvenage, die vader en die drywer van ons voetbalspan tot sy dood … Hy was die voorsitter van ons Keurkomitee, afrigter van die span, die getrouste besoeker van ons wedstryde! Ons spanne is gewoonlik om 10:30 vm. op Dinsdae en Vrydae gekies in sy studiekamer met 'n koppie tee en koek van die gasvrye mev. Hester Duvenage. By ons wedstryde in die Park (later Olenpark) was prof. Duvenage 'n vulling vir die oog. Die boonste bank van die verhoog was syne, en syne alleen. Soos die spel van oos na wes beweeg het, het hy op die bank van oos na wes verskuif. Bekend, en met liefde bekend by ons studente, was sy gespannenheid: gesweet, geskreeu, georder en gerook! Met elke wedstryd het hy 50 Springbok-sigarette gebruik (gerook, gesuig, gebreek, gekou). As ons spannetjie van die veld na die kleedkamer gaan – wen of verloor, was hy daar om te prys en sleg te sê. Hy het nie net beter geweet nie, maar hy kon ook beter doen, self 'n goeie speler."

Nadat hy die name van 'n paar ander ondersteuners genoem het, sluit hy af: "En die mooiste van alles het ons die toejuiging geniet van ons vier dames: C.R. Postma, G. Zerwick, C. Gauche en E. Fawkes."


## 1.5.2 EERSTE ONTMOETING … KLOP DIE MATIES ! (1942)

**In die beginjare van die spel in Suid-Afrika was die woorde "Maties" en "rugby" feitlik sinonieme. Dáár aan die soom van die Eerste Rivier het die rooitruie al sedert 1880 vir hulle begin naam maak op die rugbyveld, terwyl die Pukke eers ongeveer dertig jaar later op gang gekom het. En vir baie, baie dekades lank was "Maties" ook die towerwoord vir elke jong speler wat gedroom het om die groen en goud eendag te kan dra. Saam met die Universiteit van Kaapstad ("Ikeys"), was die Universiteit van Stellenbosch immers die oudste residensiële universiteite in die land, was hulle twee die "Oxford" en die "Cambridge" van Suid-Afrika.**

Om toere na die binneland te onderneem was byna van meet af deel van die Matie-kultuur, ter bevordering van die spel in die algemeen, vir die ontwikkeling van eie spelpeil maar ook met die oog op studentewerwing, daar hulle hulself beskou het as "die plattelander se universiteit". Van tyd tot tyd is ook besoek gebring aan Potchefstroom, en in 1942 word daar vir die eerste keer met die Pukke se Theos kragte gemeet.

Inderdaad, 'n historiese eerste ontmoeting. Op 1 Julie 1942.

Ongeveer 4000 toeskouers het die destydse pawiljoene volgepak en aan die oop kant en rondom die veld saamgedrom – dis darem nie aldag dat 'n mens die geleentheid kry om die "wonderseuns" van Suid-Afrikaanse rugby in aksie te sien nie, en dit nogal op eie bodem. Minstens 300 oud-Maties het hulle Alma Mater kom ondersteun en gehelp dat daar 'n intervarsity-atmosfeer langs die veld geskep is: "Die studente wat gesing het dat hulle wou breek het mens onder die indruk gebring van die goeie wat sport vir die Afrikaner meebring."



PUK-span op parade, voor die aanvang van die wedstryd.

Die voorgaande opmerking kan net reg begryp word as in gedagte gehou word dat die Tweede Wêreldoorlog in volle swang was en dat die Suid-Afrikaanse blanke bevolking skerp verdeeld was oor Suid-Afrika se betrokkenheid daarby – sodanig so dat daar in verskeie streke verdeeldheid en selfs skeuring in rugbygeledere gekom het, onder meer in die Westelike Provinsie, waar Maties hulle op hierdie stadium in die geledere van die anti-oorlogsgesinde Afrikaanse klubs bevind het en spoedig deel sou vorm van 'n afgeskeie rugbybond.

Die harde en taai maar aanskoulike wedstryd is in 'n goeie gees afgespeel en met 9 – 6 deur die Pukke onder kapteinskap van haker Harrie Malan gewen. Vreemd genoeg het die Maties se voorhoede oorheers, maar die Puk se agterlyn het beter vertoon. Kort na rustyd was die telling 6 – 6 en word die verdere verloop van die stryd in plastiese taal beskryf:





1942-Theos

"Nou het 'n felle stryd om die meesterskap ontstaan. Die spel wat nooit eintlik dooierig was nie het 'n vaardigheid bereik wat seldsaam is in die stille Potchefstroom. Stellenbosch het elke moontlike taktiek met hul snellers op die proef gestel, maar dit was verniet of 'n Puk 'n systap of 'n pypkan wou sluk. Elke man het die man met die bal met krag en mening grond toe gebring. Die Maties het hulle agterlyn oor en oor gevoer, maar swenke, kort skoppies en deurbarse was ewe nutteloos."

Die spel swaai heen en weer, maar deurkomkans is daar nie. Dan is dit laat in die tweede helfte:

"Op hierdie stadium het die Pukke feitlik gemaak wat hulle wou. Die wendrie was die gevolg van die tuisspan se taktiek om op die swak hanteerwerk van die besoekers se driekwarte te konsentreer. Stellenbosch se senter, K. Brink, het 'n maklike aangee op die Puk se kwartlyn vol in sy bors aangeslaan. Hattingh, die Puk se agste voorspeler, het die aangee toegeloop en die rieme neergesit vir die oorkantste doellyn met sy vinnige senter Tucker Vorster langs hom.

"Hattingh het Stellenbosch se heelagter Lombard tot op hom getrek voor hy die bal uitgegee het. Vorster het net-net daarin geslaag om 'n wanhopige laatvat van die heelagter te ontkom en het onder die pale gaan druk. Die maklike vervyfskop is deur Van der Walt misgeskop en die Puk het 'n spannende en vinnige wedstryd op verdienstelike wyse met nege punte teen ses gewen."



Prof Tjaart van der Walt ...
“Ons en die Maties kombineer goed ...!”

Tot in 1991 sou Puk en Maties ‘n verdere vyf keer kragte meet en was die Stellenbossers elke keer aan die wenkant, weliswaar soms maar naelskraap. Die uitsondering was in 1979, toe die rooitruie die Pukke tydens die Toyota-klubkampioenskappe in Durban met 97 – 9 “verswelg” het (wyle Hans van Zyl se uitdrukking). Puk-rektor Tjaart van der Walt het die beste van die slegte saak gemaak deur skertsend op te merk: “Ons en die Maties kombineer goed: saam het ons meer as 100 punte aangeteken!”

## 1.5.3 "JONGSTE UNIVERSITEIT … VERSLAAN DIE OUDSTE" (1951)

# Pukke kraai koning oor Oxford-Cambridge

**Groot vreugde heers in Pukkieland! Die eer het die eerste voetbalspan van die Potchefstroomse Universiteit, die jongste universiteit in die wêreld, te beurt geval om die gekombineerde span van die Universiteite van Oxford en Cambridge, die twee oudste universiteite in die wêreld, op oortuigende wyse te klop.**

Die Wapad, 17 Augustus 1951

**"Groot vreugde heers in Pukkieland! Die eer het die eerste voetbalspan van die Potchefstroomse Universiteit, die jongste universiteit in die wêreld, te beurt geval om die gekombineerde span van Oxford en Cambrigde, die twee oudste universiteite in die wêreld, op oortuigende wyse te klop."**

**Só kon daar in Augustus 1951, vyf maande na selfstandigwording van die PUK, op die kampus op die Bult gespog word. En hoewel dit feitelik nie heeltemal korrek is dat Oxford en Cambridge die oudste universiteite is nie, was hulle nogtans só oud en in elk geval van die eerste rugbyspelende universiteite ter wêreld (vanaf 1869-1872) dat die oorwinning oor die Ox-Cambs beslis iets was om die basuine oor te blaas.**

**Al was die telling ook net 11 – 9. 'n Wen bly 'n wen!**

Die gekombineerde span van die universiteite van Oxford en Cambridge in Engeland het op hul kort toer ook teen die Maties (8 – 11) en Natal Universiteit (5 – 8) verloor, teen Rhodes, Tukkies, Ukovs en die WP Universiteite gelykop gespeel en Wits, Ikeys en die Noordelike Universiteite geklop. Hul kaptein was die Engelse toetsspeler John Kendall-Carpenter, met ook nog ander internasionale spelers soos Murray Hofmeyr (losskakel), senters Boobyer en Cannell en die 1949 All Black-vleuel Ian Botting in hulle geledere.

Hoppie Meyer, wat dié dag en jaar PUK se kaptein was, vertel meer as dertig jaar later hiervan:

"Hy onthou nog goed hoe groot die geesdrif vir die wedstryd op die koelerige Maandagmiddag ('n vakansiedag) was en dat meer as 4,000 toeskouers die paviljoene volgepak het. n See van fietse, toe nog die studente se uitsluitlike vervoermiddel, was soos sardientjies rondom die veld ingeryg."

"Agt groot bulle het in die Puk-skrum gesak. Almal, met die uitsondering van Sampie Styger (haker) en Jaap Steenkamp (agsteman) het die skaal oor die 200 pond [ongeveer 90 kg] getrap. Na die wedstryd het die Daily Mail ook berig dat 'geen span teen so 'n pak voorspelers kan wen nie'.

PUK-span saam met Ox-Cambs.



Die Pukspan wat in 1951 die Ox-Cambs met 11—9 geklop het. Om te verhoed dat die kleure bots het die Pukke wat indertyd ook in truie gespeel het wat oorwegend wit was, is vir die wedstryd rooi truie gedra. Die Pukke op die foto is van links na regs: voor:- Platbos du Plessis, Hoppie Meyer (kaptein), Swellie Schwellnus, Piet Viljoen, Justinus Brink, Hannes Haasbroek. Agter:- Jaap Steenkamp, Chris Beyers, Sampie Styger, Steynie Steyn, Alwyn Malan, Harm Kruger, Hannes Prinsloo, Org Rautenbach, Koos Dreyer. Mnr Piet Bosman (skeidsregter) verskyn in die voorste ry derde van regs en die Ox-Cambs se kaptein Kendall-Carpenter voor vyfde van links.

"Agter die oond was daar Platbos du Plessis met sy goeie diens sodat sy losskakel Swellie Schwellnus die bal altyd op dieselfde plek kon verwag. Heelagter Hannes Haasbroek was klein, maar "mossie-maar-man wat 'n aanvaller met bal en al in die aarde kon loop".

*Die Wapad* maak ook spesiaal melding van Haasbroek: "Puk se spelers was goed, maar hy was uitstaande. Sy posisionele spel was foutloos en sy verdediging ondeurdringbaar. Cannell en Boobyer kon eenvoudig geen indruk op hom maak as hulle deurbreek en voor hom begin rondtrippel nie. Hy het manmoedig ingestorm en hulle met bal en al onder stof geloop. Hy het deurgaans kalm gespeel onder groot druk, en seker vier drieë so gekeer. Hy was in een woord die Pukke (en ook die ander toeskouers) se TIER."

Dis ná rustyd, en die toerspan loop met 9 – 3 voor. Die Puk-koerantjie vertel verder:

"Die Pukke word nou mal. Hulle boer op die Britte se doellyn. 'n Skrum volg, PUK hak, uit na Schwellnus, wat die agterlyn trek en toe uitgee na Brink, wat soos seep deur 'n gaping seil, 'n paar verdedigers afskud en langs die pale druk. Platbos vervyf. (9 – 8)

Schwellnus se drie.



J. P. C. Schwellnus, Puk-losskakel en latere Burgemeester van Potchefstroom, druk die wendrie teen die gekombineerde span van Oxford en Cambridge in 1951 op Olënpark. Die All Black-vleuel Ian Botting is te laat om hom te keer. Die Pukke was daardie jaar die eerste universiteitspan wat die Ox-Cambs kon klop. (11 - 9). Foto: Davey Robertson.

"Die Britte kan die Pukke nou nie van hulle doellyn af wegkry nie. Eers los Schwellnus 'n steekskoppie en toe weer Piet 'n grondskoppie wat albei byna op drieë uitloop. Toe daar 'n skrum naby die Britte se doellyn is en die Pukke hak, kom Schwellnus vinnig om die steelkant en met byna al die Engelse op sy rug, val hy oor die doellyn. Toe Platbos die vervyfskop waarneem en die bal slaan weer teen die regoppaal vas, blaas die eindfluitjie."

Die berig het darem ietwat oordryf, deur te sê dat "byna al die Engelse" op Schwellie se rug was toe hy die drie gedruk het!

"Nodeloos om te sê", sê Meyer, "dat die vreugde in Puk-geledere groot was oor dié sege wat sy weerklank tot in die buiteland gevind het."

**Nuwe truie?**

Interessant is dat die Pukke dié dag in rooi truie gespeel het. Volgens Hans van Zyl was dit bloot net omdat die Ox-Cambs se truie wit was, maar dis nie heeltemal korrek nie. Feit is dat op hierdie stadium ernstig oorweeg is om die tradisionele wit trui met strepe te vervang met 'n rooie, maar dat op die ou einde hiervan afgesien is.

## 1.5.4 DIE "STEENKAMP-FAKTOR" (1956/57)

**"Saterdag, 12 Mei [1956], was sommer weer 'n rooiletterdag vir die Pukke! Toe Theos so kleingeld maak van die Oukies, was die terugslae van die oggend en die vroeë middagure skoon vergete en kon daar niks bygevoeg word by die blydskap van die Pukkies nie."**


**Ja, dit was nog altyd só: Wie die hoofwedstryd wen, "wen" die intervarsity! Daarvan getuig bostaande beskrywing van intervarsity 1956 terdeë.**

In die voorafgaande botsing tussen die twee universiteitspanne, wat in 1927 vir die eerste keer teen mekaar gespeel het, toe weer in 1938 en eers vanaf 1943 gereeld teen mekaar begin meeding het, was die Puk maar net ses van die vyftien kere aan die wenkant. Die vorige jaar, 1955, is die Kovsies (of Oukies, soos hulle destyds genoem is), met 16-3 die loef afgesteek. Maar intervarsities is onvoorspelbaar …

"Toe Stoney [Steenkamp] presies om 4 nm. sy manne op die pragtige nuwe Vrystaat-stadion op die veld gelei het en geluister het hoe die Alma Mater en die Oorlogskreet aangehef word, was al wat Pukkie was maar baie benoud, maar toe die eindfluitjie blaas, was die hele Puk-massa een juigende, seëvierende menigte toe die oorlogskreet weereens die lug ingedawer het.

"Op watter wonderlike rugby het die Theos ons nie vergas nie! Intervarsity-rugby is altyd mooi, maar dit is lanklaas dat ons rugby gesien het wat kan opweeg teen verlede Saterdag se vertoning van Theos, terwyl ons ook gladnie wil afdoen aan die mooi spel van die Oukies nie. Hulle het puik gespeel, maar die Pukke was net eenvoudig te goed vir hulle."

Theos 1956. Agter: F Blom, B Bothma, P Steinberg, S de Lange, F van Zyl, P Coetzee, H Erasmus, H Bekker. Middel: P Thiel, H vd Walt, P Pienaar, A Engelbrecht, P Maritz, WF Steenkamp, W Putter, C Steyn. Voor: Dr H Venter (breier), C Harrington, S du Toit (Ere-president), JJA Steenkamp (kaptein), dr I Fourie (voorsitter), N Fourie, mnr De Wet (breier).




'n Deel van hierdie "gedenkwaardige wedstryd" het só verloop:

*"Die bal het vinnig uitgekom na Cecil [Harrington] wat dadelik na Hennie [van der Walt] laat loop het. Hy het die bal op die halflyn gekry, gemaak-maak of hy wou uitgee, deur 'n gaping gegly en net toe hy vasgevat word, laat loop na Kort Stoney [Steenkamp] wat soos 'n vetgesmeerde blits na binne gebreek het, die heelagter getrek het en net op die regte oomblik vir Nokkels Fourie wat aan sy buitekant omgekom het, laat loop het om oop te lê doellyn toe vir 'n skitterende drie, wat net so puik deur Lang Stonie [Steenkamp] vervyf is.*

*Vyf minute voor halftyd het Lang Stoney 'n lieflike strafskop van ten minste 45 treë deur die pale geklits om die telling met halftyd 8 – 3 in Puk se guns te maak.*

*"Halfpad in die tweede helfte was dit Cecil Harrington wat, nadat Pine Pienaar om die skrum gebreek het en die bal op die kwartlyn aan Cecil besorg het, skitterend dwarsdeur die hele Oukies-verdediging gebreek het en onder die pale oorgeduik het vir die mooiste drie van die dag. Weereens het Lang Stoney geen fout gemaak nie en die telling was 13 – 3.*

*"Hierna was dit veral die Puk-voorspelers wat met dribbellope en kort aangeë telkens die Oukies gryshare gegee het, maar Theos kon net nie weer deurkom nie. By een geleentheid het [Fanus] Blom lieflik deurgenael, maar die skeidsregter het beslis dat daar vooraf 'n fout begaan is. Tien minute voor die einde het Ferreira [Thinus – later 'n Puk-dosent] vir U.O.V.S. met 'n strafdoel geslaag. Hoewel U.O.V.S. hierna verwoed probeer punte aanteken het, was die Theos-verdediging heeltemal ondeurdringbaar, en was die einduitslag 'n briljante oorwinning vir Theos met 13 – 3."*



Kort Stoney Steenkamp.

Teksboek-rugby, afgespeel in 'n wonderlike gees, op en af van die veld af. SR-voorsitter Tjaart van der Walt het agterna in 'n bedanking aan die Vrystaatse gashere vir die ontvangs dan ook hiervan getuig: "Julle organisasie was puik, julle gasvryheid 'n riem onder die hart, en daardie groot aantal verwelkomers wat ryp en duister getrotseer het om ons op die Bloemfonteinse stasie af te haal, iets onvergeetliks."

**1957**

Lang Stoney Steenkamp, die gewilde Theos-kaptein, wat met sy klassieke agstemanspel ook vir Wes-Transvaal en die Noordelike sowel as die Suid-Afrikaanse Universiteite uitgedraf het, het in 1957 'n onderwyspos in Bloemfontein aanvaar – geen geskikte pos was in Potch oop nie – en vir die Kovsies gespeel. Met rampspoedige gevolge vir die Puk in dié jaar se intervarsity dié jaar in Potchefstroom.



Lang Stoney Steenkamp.

Dit was groot drama, daardie Saterdagmiddag 18 Mei 1957, toe die Kovsies in 'n harde maar aanskoulike wedstryd weerwraak geneem het vir die neerlaag die vorige jaar. Aan die begin het die PUK se Piet Steynberg en John Willemse die lynstane oorheers, losskakel Kerrie Kruger sy agterlyn flink weggestuur; Jan van der Schyff het "twee maal namekaar lieflik gebreek en die bewegings is op die laaste nippertjie gestuit". Na hy 'n redelik maklike skop verbrou het, skep heelagter Toy Dannhauser 'n strafskop van 55 treë "lieflik" in punte om. Kovsies self verbrou enkele kanse om punte aan te teken, maar kort na rustyd druk Vrystaatse skrumskakel Nelie Smith 'n skitterdrie en was die telling gelykop. Die spel het hierna heen en weer oor die veld geswaai en sprankelende agterlynbewegings is gesien, maar deurkomkans was daar van geen kant nie.

En toe, in die doodsnikke van die wedstryd, breek Nelie Smith weer skerp om die skrum en stuur hy die lenige swartkop oud-Puk Stoney Steenkamp oor vir 'n vervyfde drie! Die Pukke kon hul eie oë nie glo nie – dat hulle eie held van 'n jaar tevore nou hulle ondergang bewerkstellig het!

Die Wapad 18 Mei 1957

DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Saterdag 18 Mei 1957. Nr. 7.

# KOVSIES WEN THEOS 8-3!

## *STEENKAMP DRUK WENDRIE VIR U.O.V.S.*

**In 'n baie harde dog aanskoulike wedstryd het die Kovsies weerwraak geneem op hul neerlaag van verlede jaar deur die Pukkies 8—3 te klop. Hier moet ons egter byvoeg dat die wendrie in die doodsnikke van die wedstryd deur niemand anders as Stoney Steenkamp, voorheen Puk se gereëlde agsteman, gedruk is. (Geluk Stoney, net jammer dat jy die punte vir U.O.V.S. moes aanteken!) Sprankelende spel is by tye gelewer en aan opwinding het dit nie ontbreek nie. Veral aan die einde het die spanning hoog geloop.**

In die derde minuut van die wedstryd is 'n strafskop vlakvoor die pale deur U.O.V.S. verbrou. Alhoewel Theos in die eerste kwartier nie veel van die bal te siene gekry het uit die skrums nie, het hulle die lynstane oorheers en die paar kanse wat hulle gekry het, mooi benut en hier het Kruger die agterlyn seepglad weggestuur. Na sowat 'n kwartier het Jan van der Schyff twee maal namekaar lieflik gebreek en die bewegings is op die laaste nippertjie gestuit. Hierna het Theos pragtige samespel begin lewer. Ondertussen het die dirigente hul stryd op die pawiljoen voortgesit. Die ondersteuning van die kant van die pawiljoen het geensins ontbreek nie.

Na sowat 25 minute kry Dannhauser ook 'n kans pale-toe, maar ook hy verbrou die redelik maklike strafskop.

Kort hierna kry hy egter weer 'n kans en sit hierdie keer 'n strafskop van plus minus 55 tree lieflik in punte om. Hierna is sprankelende spel gelewer dog U.O.V.S. verbrou hul kanse gruwelik na 'n mooi breekslag om die skrum deur die Vrystaatse skrumskakel. Met 'n oop doellyn voor, gaan 'n seker drie egter verlore a.g.v. 'n lelike aanslaan. Rustyd breek aan met die telling P.U. 3 — U.O.V.S. 0.

'n Rukkie na rustyd breek Smit, U.O.V.S. se skrumskakel, lieflik weg van 'n vyf-tree skrum en gaan in die hoek oor vir 'n onvervyfde drie.


Die spel het op hierdie stadium heen en weer oor die veld geswaai en sprankelende agterlynbewegings is van stapel gestuur.

Slegte samespel aan beide kante het egter alle deurkomkans in die kiem gesmoor.

**Keerpunt.**

Die keerpunt het egter gekom toe Steenkamp na 'n mooi breekslag en goeie hanteerwerk deur sy spanmaats, langs die pale oorgegaan het vir 'n puik drietjie. Hierdie drie is ook vervyf.

Theos se agterlyn het mooi gespeel en vinnig beweeg en indien hulle meer van die bal te sien gekry het, kon sake dalk anders verloop het. 'n Gelykopbeslissing sou 'n baie goeie weergawe van die wedstryd gewees het.




Puk se drie losvoorspelers het telkens die oog gevang en Steynberg en Willemse het goed vertoon in die lynstane. Hendrik Erasmus het skitterende spel in die heelagterposisie gelewer en sy possisionele spel was puik.

Kovsies, oppas vir volgende jaar.

**NAVY**

Om 3.00 nm. het die Navy op die veld gedraf. Na die skitterende oorwinning van die O/19 was die gees hoog.

Na 4 minute het die heelagter van U.O.V.S., Bobby Wilkens, 'n strafskop van 40 tree deur die pale gelig. Die Oukies het vlam gevat en knaend die doellyn van die Puk bedreig.

Tydens een van hulle aanvalle op die doellyn het die Kaptein van Navy Dick Putter, 'n armbesering opgedoen toe hy op 'n bal geval het en moes die veld verlaat. Hoewel Kotze sy bes gedoen het, is die bestendige Dick gemis.

Die U.O.V.S. het in die halfgebied van die Pukke geboer en hulle moes 'n paar keer benoud dooddruk. Duime van die doellyn af is M. van Zyl by die kantlyn uitgeduik na 'n pragtige lopie. Die een agterlynbeweging na die ander het van die kant van U.O.V.S. gevolg en dit was eers in die laaste 10 minute van die eerste helfte dat die Pukke die greep kon afskud, maar in die laaste minute het Dawfré Roode daarin geslaag om vir die Oukies 'n sierlike skepskop oor die dwarslat te lig. Rustydtelling 6—0 in die Oukies se guns.

Na rustyd het die boerdery in die Puk se kwartgebied voortgeduur en J. Venter het na enkele oomblikke oorgeduik vir 'n onvervyfde drie. Die verdere verloop van die wedstryd was gekenmerk deur die volgehoue aanvalle op die Puk se doellyn en die Pukke se rotsvaste verdediging.

Vyf minute voor die eindfluitjie, het senter Mouton, 'n pragtige breekslag uitgevoer en onder die pale gaan druk vir 'n vervyfde drie. Wilkens, die heelagter van U.O.V.S. het uitstekend gespeel en net voor die eindfluitjie 'n laaste skepskop deur die pale geloods. Eindtelling dus: U.O.V.S. 17, P.U. 0.

**PUK BABAS BOBAAS !**

Onder groot opgewondenheid het hierdie eerste wedstryd van die middag om 1.45 nm. begin. Die spel wou nie eintlik van die begin af vlot nie en die agterlyn kan nie op dreef kom nie.

Tien minute na die begin van die wedstryd het U.O.V.S. se kaptein Strydom sy span bloed laat ruik toe hy 'n maklike strafskop oorgeklits het. Vyf minute later was die Pukke knaend op die aanval en wou net oor die Kovsies se doellyn bars. Na 'n pragtige breekslag deur die Pukke se skrumskakel het die senter Pretorius oorgeduik vir 'n pragdrie. Telling: drie elk.

Minute later val Steyn, voorryman van Puk oor vir 'n verdere drie en Schalk Hoogenboezem vervyf!

Die manne was nou deeglik warm en die Kovsies is beloon toe Strydom weereens 'n eier tussen die pale deurgestuur het. Op hierdie stadium was die telling agt, ses in die Pukke se guns.

Dit was ook die rustydtelling.

Albei die spanne het die tweede helfte vasberade begin, maar dit het meer as vasberadenheid geverg om nou oor die doellyn te kom. Die manne het mekaar deeglik opgekeil, maar hoogtepunte was skaars. Verskeie strafskoppe wat deur die Pukke waargeneem is het misluk — ook 'n maklike een wat in die doodstrekke van die wedstryd deur Hoogenboezem waargeneem is.

Die eindtelling was agt, ses in die guns van die Pukke. Die wedstryd was hard, maar die ander spanne het die middag pragtig ingelei.

Mooiskoot Pukke — julle verdien dit! Kovsies — julle sal nog julle kans kry.

## 1.5.5 "UOVS SE HARDE NEUT GEKRAAK" (1961)

**"PUKKE, DAAR STAAN HY : 11 – 0 !**

**"Dit is 'n lekker gevoel hier by die maag langs en die hart gee bokspringe soos 'n rugbybal op 'n voetbalveld.**

**"Ukovs se neut is gekraak en hy is hard gekraak."**

Só is die oorwinning in die een-en-twintigste of "mondigwordings"-intervarsity van Saterdag 26 Augustus 1961 in die PUK se studenteblad *Die Wapad* aangekondig. Nou was daar darem agt en nie net sewe merkies nie op die Pukke se oorwinnings-kerfstok, teenoor die dertien van die Kovsies.

Piet Bosman en sy manne was met die rug teen die muur en vir die Pukke was 'n wenslag broodnodig, want die Vrystaters was die vorige vier keer elke keer die wenner. "DAG VAN AFREKENING IS HIER / PUKKE MOET MORE WEN, het die studenteblad in vet hoofletters op sy voorblad gemotiveer en 'n titaniese stryd in die vooruitsig gestel. Die stryd gaan vóór beslis word, en "Jan van der Schyff moet môre net nie sy skopskoene by die huis laat lê nie, want elke punt sal goud werd wees", is voorspel.

Op die agterblad is profiele van die span en foto's van 'n aantal spelers geplaas, naas 'n bier-advertensie met 'n "STERKTE!"-boodskap.

En toe hak hulle die knoop deur!


Parksig Eiendomsagentskap
HUISE — PLASE — PLOTTE
BESIGHEDE — STANDPLASE
VIR 'N EERLIKE TRANSAKSIE
SIEN OF BEL
1486 . . . . . . Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven.

die Wapad

UNIE-BAKKERYE
— Bakkers en Banketbakkers —
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES vir alle geleenthede
Spesialiseer in TROU-, VERJAARDAG- EN DOOPKOEKE
Fabrieke te Potch. en Klerksdorp

Jaargang XVI Vrydag, 25 Augustus 1961

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O:

DAG VAN AFREKENING IS

Pukke Moet More Wen

(Van die Hoofredakteur)

'N NEDERLAAG WAT GEWREEK MOET word . . . of 'n vyfkuns. Dit is wat môre op die spel staan wanneer die Pukke en die Kovsies in die een-en-twintigste Intervarsitybotsing op Olënpark teen mekaar te staan kom.

Die Vrystaters was nou reeds by vier agtereenvolgende geleenthede die Pukke se tier en môre gaan hulle alles in die stryd werp om 'n trotse rekord in ere te hou.

Piet Bosman en sy manne daarenteen veg met die rug teen die muur en sal elke greintjie energie in die stryd werp om die buur-universiteit 'n loesing te gee.

Die Pukke is vasberade, en begeesterd met 'n wil om te wen en die Kovsies sal hare op hul tande moet hê as hulle hierdie vyftien man onder die knie wil kry.

... om hierdie twee broers se swenklope te stuit.

WINDHOND

Smous van der Westhuizen het vanjaar sy krag as vleuel herhaalde- (Vervolg op bladsy 2)

REDAKSIONEEL

WELKOM IN PUKLAND!

Stryd Op

Spanne

'n Djallas I

U VOLGENDE HAARSNY:
Kom na
POTCH. HAARKAPPERS
(Langs President Teater)
Kerkstraat 104

die Wapad

Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie . . . spreek dan
EDDIE de BEER
DIAMANTSLYPER
vir u
VERLOOFRINGE
teen bale billike pryse
U soek die diamant en ons set hom na u smaak
BEL: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
OF
E. J. de Beer: 869-1260, Alberton

Jaargang XVI Saterdag, 26 Augustus 1961 Nr. 9/10

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O:

U.O.V.S. SE HARDE NEUT GEKRAAK

P.U. WEN INTERVARSITY

(Van die Hoofredakteur)

PUKKE, DAAR STAAN HY: 11—0!

Dit is 'n lekker gevoel hier by die maag langs en die hart gee bokspringe soos 'n rugbybal op 'n voetbalveld.

Ukovs se neut is gekraak en hy is hard gekraak.

Nou, 'n vreeslike mooi wedstryd was dit nie. Die voorspelers het mekaar opgedreun tot by oom Daantjie in die kalwerhok.

Daar het Herman Venter andermaal bewys dat hy lynstaankoning van die Puk is. Die wyse waarop hy gerank het en die bal menige keer glad aan die agterlyn besorg het, was 'n lus om te aanskou.

Maar Koos Hattingh het gespook soos hy alleen maar kan, en hierdie twee het die bal in die lynstane bemeester.

Daardie voorspelers van die Puk het 'n bars gespeel—soos een man. Willem de Waal het soos 'n jong bulletjie te kere gegaan en aan sy sy het Piet Bingle en Poens Prinsloo gespeel soos Spartane.

Onmiddellik hierna het Johan van der Schyff blitsig 'n skepskop pale toe gemik maar ook dit was mis.

Smous van der Westhuizen is hierna duime van die doellyn af gekeer nadat hy die bal opgeraap het.

In hierdie stadium het die spel heen en weer oor die veld beweeg en die twee spanne het mekaar opgedreun — albei vasberade en besiel met 'n wil om te wen.

Om vyf minute voor drie het Johan van der Schyff pale toe gemik, maar dit was laag en kort.

Die Pukke moes verdedig soos Spartane toe Jacobsz en Koppie Marais 'n pragtige aanval op die Pukdoellyn geloods het.

BYNA-BYNA

Kort voor rustyd was Johan Zietsman weer byna-byna deur, maar die duime van die doellyn af gestuit nadat Van der Westhuizen vir Zietsman geklop het.

Rustyd het aangebreek met die telbord steeds wagtend op punte.

*Piet Bosman, kaptein van die eerstespan.*

'n Djallas Intervarsity, mense!


met . . . djallas foto's

Kom bestel hulle by

PIET FOTOKUNS
TOMSTRAAT 82
POTCHEFSTROOM

Wapad-voorblaaie 25 en 26 Augustus 1961

"Nou, 'n vreeslike mooi wedstryd was dit nie. Die voorspelers het [soos voorspel is] mekaar opgedreun tot by oom Daantjie in die kalwerhok … Herman Venter (het) andermaal bewys dat hy die lynstaankoning van die Puk is … Willem de Waal het soos 'n jong bulletjie te kere gegaan en aan sy sy het



Piet Bosman, Puk-kaptein.

Piet Bingle en Poens Prinsloo gespeel soos Spartane. Piet Bosman het geskitter en 'n glorieryke wedstryd as kaptein van die Puk gespeel … Daardie groot agsteman van die Puk, Koos du Plooy, was nie alleen altyd by nie, maar hy het 'n bars gespeel en dodelik verdedig." Ook Koos Hattingh en Terry Roscher het hulle kant gebring.

Agterlangs het dinge egter gelol en het losskakel Carel Grundlingh die bal te stadig van sy skakelmaat Friedel Swart gekry. Springboksenter Bennie van Niekerk "is telkemale deur Johan en Jan van der Schyff ge-Ryk van Schoor", maar die broerkombinasie het self te min kanse gekry. Vleuel Smous van der Westhuizen het "die wedstryd van sy lewe" gespeel en HB van der Walt en Schalk Hoogenboezem was bestendig. Kortweg saamgevat: 'n reuse-spanpoging.



Bladsy agt — DIE WAPAD — Vrydag, 25 Augustus 1961

# Hulle Moet More die Pap Aanmaak

**Schalk Hoogenboezem**

HEELAGTER

'n Ervare heelagter met goeie hande en voete en 'n stewige verdediging. 'n Besering het hom tydelik uit aksie gestel, dog hy het ten volle herstel en behoort 'n veilige laaste vesting vir die Puk te vorm.

**Friedel Swart**

SKRUMSKAKEL

Met die uittrede van Bok Fourie het sy mantel op Friedel se skouers geval. Sy spel herinner baie aan die van sy voorganger.

**Piet Bosman (kaptein)**

FLANK

Deur sy voorbeeld kan Piet sy manne tot groot hoogstes lei. 'n Nagmerrie vir menige losskakel en 'n man wat weet hoe om die bal uit die losskrums aan sy lyn te besorg. Piet het reeds sy provinsie met welslae verteenwoordig.

**Poens Prinsloo**

VOORRY

Hoewel nie vreeslik groot nie, is Poens één bondel spiere en kan hy 'n woelige voorry se sakies vir hom werk as dit nodig word. Woel lekker in die losspel.

**H. B. van der Walt**

VLEUEL

Hierdie aspirant-predikant speel in die jongste tyd sommer puik. Sy verdediging is dodelik terwyl hy die spoed het om drieë te druk.

**Piet Bingle**

HAKER

Hierdie aspirant-predikant het 'n blitsige haakvoet en speel in die losspel soos 'n driekwart. Saam met Poens en De Waal vorm hierdie drie manne 'n gedugte kombinasie.

**Sterkte!**

**Lion Export Ale**

VZ006124/2

**Eddie („Smous") V. d. Westhuizen**

VLEUEL

'n Onbekende vir Ukovs, dog sy verbysterende systap maak van hom 'n gevaarlike vleuel. As hy nie werk kry nie, soek hy werk.

**Johan v. d. Schyff**

SENTER

Hoewel nog onder negentien is hierdie jong speler reeds een van die staatmakers van die eerstespan sowel as van Wes-Transvaal. Is vinnig, stewig gebou en kan ook met sukses pale toe skop.

**Koos Hattingh**

SLOT

Verlede jaar nog onder-negentien, dog vroeg vanjaar was dit duidelik dat Koos nie uit die eerstespan gehou sou kon word nie. Is verbasend vinnig vir 'n slot en rank hoog uit in die lynstane.

**Terry Roscher**

FLANK

Hierdie fris apteker het dit vanjaar ernstig gemaak met sy rugby en vorm saam met Bosman en Koos du Plooy 'n puik drietal losvoorspelers. Terry is lekker fiks en sy swart kuif is altyd oral op die veld te sien.

U VOLGENDE HAARSNY:

Kom na

**POTCH. HAARKAPPERS**

(Langs President Teater)

Kerkstraat 104

Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.

**Jan v. d. Schyff**

SENTER

Jan speel al sedert 1957 vir die eerstespan sowel as vir Wes-Transvaal, dog vanjaar speel hy seker die beste rugby van sy loopbaan. Behalwe vir sy dodelike verdediging weet hy hoe om gate te slaan vir sy vleuels. Sy skopwerk pale toe is goed.

**Willem de Waal**

VOORRY

De Waal lyk nie juis soos 'n voorryman nie, dog hy is geweldig sterk en ken al die fynere kunsies van sy posisie. Weet hoe om die bal van sy teenstanders af te neem.

Die foto's van Schalk Hoogenboezem en Koos du Plooy op hierdie bladsy is deur Fotokuns geneem.

**Koos du Plooy**

AGTSTEMAN

'n Voormalige vleuel, dog speel tans beter as ooit as agtsteman. Koos kan 'n agterlyn maklik ontwrig en is altyd op sy plek, hetsy op verdediging of op aanval. Ongelukkig om nie gereeld vir Wes-Transvaal te speel nie.

**Carl Grundlingh**

LOSSKAKEL

Hy en Johan Jacobz het al verskei kere teen mekaar gespeel en Carl h nog altyd met eer uit die stryd g tree. Daar word met verwagting ui gesien na die botsing tussen die tw manne. Carl speel vir Wes-Trans vaal.

**Herman Venter**

SLOT

'n Veteraan-eerstespanspeler wat aan verskeie Intervarsities deelgenee het. Die lang, lenige slot is ve puik in die lynstane, dog ook in d losspel gooi hy sy volle gewig in.

**Noordbrug Kontantwinkel**

(Eien. A. J. Botha)

PRESIDENTSKOENE teen d laagste pryse in Potchefstroo en alle STUDENTEBENODIG HEDE

Langs NOORDBRUG-Poskanto

**W. LINDEQUE**

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

KERKSTRAAT 64 TELEFOON 1280

Ook 'n tak binne u bereik, in

**Joubert se Fiets- en Elektriese Dienste**

SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE

Wapad 25 Augustus 1961



Jan van der Schyff – puntemaker se luisterryke laaste intervarsity.

Hoe hard die stryd was, en dodelik die verdediging, blyk uit die feit dat daar rustyd nog geen telling was nie. Twintig minute in die tweede helfte het Jan van der Schyff die telbord met 'n strafdoel geopen en dit 'n rukkie later opgevolg met 'n blitsige skepskop (6 – 0). 'n Minuut later het Piet Bosman na 'n voorspelerstormloop vir 'n drie oorgeval, wat deur Jan vervyf is (11 – 0). Dit was dan ook die eindtelling.

Vir Jan van der Schyff, sê die studenteblad, was dit 'n luisterryke laaste intervarsity met die agt punte wat hy aangeteken het. [Hy het gelukkig toe nie sy skopskoene by die huis vergeet nie!]

## 1.5.6 WENNERS TED SCEALES-TROFEE (1973)


**"Nóg die wind en reén, nóg die forse Tukkie-voorspelers kon Saterdag 29 September op Olënpark die Pukke stuit in hul laaste tree na die Ted Sceales-trofee. Die Pukke het die eindstryd op Potchefstroom met 23-20 gewen nadat hulle rustyd met 13-4 voorgeloop het."**

Met hierdie wenslag het die PUK se eerste rugbyspan geskiedenis gemaak vir die eerste keer sedert die instelling van die kompetisie in 1967 as kampioenspan van die Suid-Afrikaanse Universiteite gekroon te word – die derde span wat die trofee verower het. In 1972 het die PUK in die eindronde teen Tukkies verloor. Hier moet egter bygesê word dat die Maties, Ikeys en ook die Kovsies nie om die trofee meegeding het nie.

In Tukkie-geledere was daar onder meer spelers soos Wynand Claassen, 'n latere Springbokkaptein, Daan du Plessis, wat vir die Springbokke in die voorry sou sak, en bekende Blou Bulle soos Poenie Holm (skrumskakel) en Olaf de Meyer (heelagter). In PUK se span was daar manne soos die amperse Springbok van 'n paar jaar tevore, bulslot Piet Brand, die yster-voorryman Johnny Burger, sterk senter Piet Roodt en die puik lostrio van kaptein Jim van Rensburg, Eric le Roux en James Stoffberg.

Maar dit was hittete of die trofee was op pad Pretoriatoe. Vier minute in beseringstyd, en slegs enkele sekondes voor die einde van die wedstryd, met PUK nog 19 – 20 agter, het vleuel Capie van der Merwe vier Tukkies geklop en die wendrie in die hoek gedruk. Na die mislukte vervyfskop het die eindfluitjie geblaas.

Toe breek daar pandemonium uit soos ondersteuners en spelers uitbundig uiting aan hul vreugde gee. Mnr Johan Claassen, wat reeds naam gemaak het as afrigter van die Springbokke en nou die PUK-span onder hande gehad het, is skouerhoog deur die spelers rondgedra terwyl uitbundig uiting aan die oorlopens toe vol emosies gegee is. Kort hierna het die gewilde en trotse kaptein, Jim van Rensburg, die gesogte trofee voor 'n volgepakte hoofpawiljoen van Olënpark in ontvangs geneem.



PUK I, 1973. Voor:Dries Coetzer, mnr Johan Claasen, Jim van Rensburg (kaptein), mnr Piet Malan, Piet Roodt. Middel: Eugéne van Wyk, Schalk van der Merwe, Gammat Pienaar, Koos Snyman, Teuns van Rensburg, Willie de Bruin. Agter: Frans Kruger, Johan Steyn, Johnny Burger, Piet Brand, Capie van der Merwe, Eric le Roux, Jim van Rensburg. Inlas: Schu Schutte.



Capie van der Merwe het pas die bal agter die doellyn geplant.

Hoewel die PUK se pad na die eindronde nie potensieel groot struikelblokke bevat het nie – oorwinnings is behaal teen UPE (16-12), Natal (34-16) en Rhodes (21-12) – kon die Pukke, na 'n 6-6 gelykop-uitslag in die intervarsity teen die Kovsies, met 'n onoorwonne interuniversitêre rekord spog. Groot hulde is veral gebring aan Johan Claassen, wie se hand duidelik in die vertoning van die PUK-eerstes gesien kon word.



Kaptein Jim van Rensburg ontvang die Ted Sceales-trofee van mnr en mev Corrie Bornman. Regs staan Piet Malan, sportdirekteur van die PUK.




Johan Claasen deel in die vreugde van sy span.

## 1.5.7 KLOP “BESTE KOVSIESPAN VAN ALLE TYE” (1977)

**“PUKKE 30, SPRINGBOKKE 27” ! Só het die plakkate van *Die Transvaler* die uitslag van die intervarsity tussen PUK en die Kovsies op Maandag 22 Augustus 1977 uitbasuin. En op die sportblad staan dit uitgespel: “PUKKE SORG VIR ‘n SKOK / ‘Vrystaat’ kry streepsuiker”. Rapport se opskrif lui: “VRYSTAAT! VIR DIE PUKKE”, en prof Appels Brüssouw, groot rugbyman van die Kovsies, was ook uitgesproke-eerlik en het dit dalk die beste saamgevat: “Julle het die beste Kovsiespan van alle tye geklop!”**



VOORSPEL TOT DIE STRYD

WES-TRANSVALER & OVS-HERALD VRYDAG 19 AUGUSTUS 1977

**Begeesterde Pukke kan Kovsies laat skrik**

**Die intervarsity Saterdag op Olënpark gaan weer vir die Pukke ‘n groot vuurdoop wees. Van hul teenstaanders die Kovsies, word in dieselfde asem as van ‘n Curriebekerkampioen gepraat.**

Net deur na die Shimlas se voorspelers te kyk word dit duidelik watter gedugte taak op die Pukke wag. Sewe van die agt voorspelers - Martiens le Roux, Wouter Hugo, Henning van Aswegen, Theuns Stoffberg, Ross van Reenen, Eben Jansen en Gerrie Sonnekus - speel vir die Vrystaat.

Hierdie voorspelers van die Vrystaat is ‘n kombinasie wat met die beste provinsiale agte-talle in die land klaarspeel. Verlede Saterdag nog het

aand aangekondig word. Met hierdie gedagte in die agterkop sal hulle op die veld draf en versigtigheid om nie beseer te raak nie kan hulle terughoudend laat optree. Onnodige risiko’s sal hulle nie graag wil loop nie en dit kan ‘n belangrike invloed op hulle spel hê.

Die Pukke daarenteen kan hulle volkome in die stryd werp. Behaal die tuisspan aanvanklik sukses kan hulle so aangespoor word daardeur dat hulle die Kovsies met besieling klop. ‘n Begeesterde span het al die grootstes

Smith en Sors Grey... kan die skroef aan... en die snare sty... Met die nodige... steuning van h... maats kan h... moontlik ma... ‘n Uitst... stryd sal di...

**Pukke het nie ‘n kat se kans**

Ongekende belangstelling het die intervarsity van 1977 voorafgegaan en die verbeelding aangegryp soos geen intervarsity voor of na hierdie een nie.

Geen wonder nie, want aan die een kant was daar ‘n span gelaai met Springbokke, Junior Springbokke en Gaselle en aan die anderkant ‘n span met net twee spelers met ervaring van provinsiale rugy.

Uit Bloemfontein is gesê dat De Wet Ras se been lam gaan wees van al die doelskoppe wat hy sou waarneem.

**Kovsie-gif is dodelik**

**Leeu-kaptein moet glad help teen Puk**

**Verteenwoordiger**

BLOEMFONTEIN - Die eeu van wonderwerke is nog nie verby as ‘n

wêreldspan wat eersdaags op Lotus teen ‘n Springbokspan opdraf - gaan dit doen.

Hy en Syd Millar het gister in die Republiek aangekom en toe Bloemfontein toe vertrek.


“Voorspel tot die stryd”

En ja, dit het inderdaad in die Kovsiespan gewemel van draers en toekomstige draers van die Groen en Goud: Gerrie Germishuys, Hermanus Potgieter, Edrich Kranz, De Wet Ras, Theuns Stoffberg en Gerrie Sonnekus. Altesaam elf van die spanlede het vir die Vrystaat uitgedraf en van hulle was ook nog Junior Springbokke en Gazelle. In Bloemfontein was die verwagtinge groot en is die Pukke nie juis ‘n kans gegun nie.

Boonop het die legendariese Britse Leeu-kaptein, Willie John McBride, wat in Suid-Afrika was vir ‘n wêreldspan-wedstryd teen die Springbokke, in die voorafgaande week die Shimlas (Kovsies) met hul voorbereiding gehelp. Dié stukkie sappige nuus het spotprenttekenaar Lou Henning geïnspireer tot ‘n tekening waar ‘n kleuter, met die koerantnuus oop voor hom op die vloer, vir sy TV-kykende pa sê: “Pa …, Haas Das is terug, want DIERELAND se rugbyspan gaan teen die Pukke speel!” **[ Kyk insetsel ]**

Om name in so ‘n wenspan uit te sonder is nie eintlik geoorloof nie – daarom word die spelers van albei spanne se name hieronder opgeneem. In verslae van die wedstryd, egter, duik aan Puk-kant veral die name op van skrumskakel Flippie Venter, heelagter Sors Greyling en agsteman en kaptein James Stoffberg, wat sy spreekwoordelike hart uitgespeel het. Ook die vaste vyf en veral slotte André Markgraaff en Johan Strydom word genoem vir hul stryd teen die befaamde Ross van Reenen en Theuns Stoffberg.

Lou Henning se spottery met leeu-kaptein McBride se hulp aan die Kovsies.




**Die Sondag nadat die Pukke die Kovsies geklop het het 'n sekere dominee op Potchefstroom in die konsistorie gevra: "Broers, kan ons nie maar vandag die diens los en net lofliedere sing nie?"**

Die slotsom van 'n rugbyskrywer van *Die Transvaler* was: " 'n Sterbelaaide Kovsie-vyftiental is in die jaarlikse intervarsity tot in sy fondamente geskok deur 'n span wat oor geen groot name beskik nie en ook nie 'n kans gegun is om die kragmeting te wen nie. Maar soos die Kovsies nou sal weet … dit is nie sterre wat intervarsities wen nie. Nee, dis die Flippie Venters, James Stoffbergs en Sors Greylings."

Nabetragting


**Saterdag 20 Augustus 1977**

**Glorieryke dag vir die Puk! Kovsiekanonne stilgespeel**

DIE P.U.-KANER VRYDAG 26 AUGUSTUS 1977

**Die Pukke het soos 'tiere' gespeel**

Deur Hans van Zyl

**SATERDAG op Olënpark het dit gelyk of die Pukspan vol Springbokke Junior Springbokke en Gaselle was. Die halfeeu-intervarsity tussen die Pukke en die Kovsies het uitgeloop op een van die roemrykste oorwinning in die annale van die Geeltruie.**

Dié soort vasberadenheid het Saterdag gemaak dat die Kovsies nie te ver met balle gehardloop het nie. Hier seil Theuns Eloff met mening onder Springbokvleuel, Gerrie Germishuys in om te verhoed dat hy 'n tree verder versit. (Foto: Kleinjan Celliers, BA Beplanning.)

**DIE SPANNE:**

**KOVSIES : Theo Grunewaldt, Gerrie Gernishuys, Pikkie du Toit, Edrich Krantz, Hermanus Potgieter; De Wet Ras en Danie Fourie; Henning van Aswegen, Wouter Hugo (kaptein), Martiens le Roux, Eben Jansen, Ross van Reenen, Theuns Stoffberg, Hannes Hattingh en Gerrie Sonnekus.**

**PUKKE : Sors Greyling, Gerhard Weitz, Theuns Eloff, Hendrik Crafford, Willie Smith; André Rossouw en Flippie Venter; Ockie Oosthuizen, Pan Coetzee, Boeram Venter, Dries Coetzer, André Markgraaff, Johan Strydom, Judge Venter en James Stoffberg (kaptein)**

**[Die inligting en illustrasiemateriaal vervat in koerantverslae is veral verkry in Hans van Zyl se boek PUK-Rugby 1906-1989.]**



PUK I, 1977. Agter: J Strydom, O Oosthuizen, D Weitz, E le Roux, A Markgraaff. Middel: T Eloff, S Greyling, B de Klerk, J Venter, D van Heerden, P Coetzee, F Venter. Voor: W Smit, mnr P Malan (sportdirekteur), J Stoffberg (afrigter-kaptein), dr W Scott (voorsitter), A Rossouw.

### 1.5.8 "WEGHOLOORWINNING NA 5 JAAR" (RAU, 1983)


PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sport-benodigdhede:
Johan Claassen Broers

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92,
TEL. 4201.
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.
—wapad

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie. Tel. 2-5481, 4267/8, 2-2112 x 570/1.
Jaargang XXXVII, Nommer 10, 3 Mei 1983

RAU-Intervarsity:

**Weghol-oorwinning na 5 jaar**

— Piet Venter —

**Vreugdevure het Saterdag hoog gebrand in die Puk-geledere toe hulle vir die eerste keer sedert 1977 'n Intervarsity gewen het. En wat 'n oorwinning was dit nie! Reeds 'n paar dae voor die wedstryd was daar roeringe onder die P... en het almal begin voorberei vir 'n gróót sp...**

Saterdag by die veld is die voorbereidings voortgesit en dit was asof daar oral 'n gevoel geh... het dat va...

het alles en nog ... gegee. H...

Rugby

**Puk verbrysel RAU**

— Piet Venter —

...wyl RAU met sy meer ...planmatige spel die wed... ...heers het. Hoe... ...spelers

...durend druk toegepas het en dit uiteindelik bekroon is toe die regter vleuel, Gerrie Willer... gedruk het. Die be... begin deur se...

Die opskrifte vertel die verhaal: "WEGHOL-OORWINNING NA 5 JAAR" en 'PUK VERBRYSEL RAU". Die oorwinning van 43 – 6, op Ellispark in Johannesburg, is bestempel as seker een van die grootstes in enige intervarsity en "het duidelik getoon waar die RAU se rugbykrag gesetel is, naamlik in sy 'huursoldate' [nie-bona fide studente].

Daar was vooraf nogal heelwat optimisme dat die PUK vir 'n slag in 'n intervarsity aan die wenkant sou wees. Kaptein Gert Smal is selfs aangehaal dat as sy span nie hier wen nie, die Puk seker nooit weer die knoop sou kon deurhak nie. Gerugsteun deur 'n onderlinge ooreenkoms dat net bona-fide studente sou speel, het die Puk-span nou minstens 'n gelyke kans gehad, was afrigter James Stoffberg se versigtige voorspelling.

RAU moes vanweë die ooreenkoms verskeie hardebaard-staatmakers soos oud-Puk Ockie Oosthuizen, Harry Viljoen en kaptein Tommy Bosch laat uitsit en het, volgens afrigter Pa Pelzer, "die ligste, jongste en onervaarste span sedert 1977" in die veld gestoot. Maar ook die PUK moes hom verlaat op 'n relatief jong span, met nege nuwelinge dié seisoen.

Die Pukke, wat vroeg reeds voorgeloop het, het altesaam ses drieë gedruk terwyl losskakel André Beck 19 punte met sy skopskoen behaal het. RAU het met twee strafdoele geantwoord. Die wedstryd was hard en meedoënloos: "Aan die einde van die eerste helfte het 'n geveg naby die RAU-kwartlyn ontstaan waarin al dertig spelers betrokke was, nadat humeure skielik opgevlam het en vuiste hard geklap het." Vir die studentekoerant se verteenwoordiger was dit egter iets soos 'n bonus: "Dit het die aanskoulikheid van die wedstryd egter baie verhoog"!



Kaptein Gert Smal en Barbara Clemons kyk na die manewales van rasieleiers Konsalik en Gregory Beck voor die wedstryd.



Nog ‘n drie van die PUKKE spel loutere vreugde uit ...



**Een van die RAU-spelers is as gevolg van hierdie relletjie van die veld gestuur. Met nog 'n beseerde wat die veld voor rustyd verlaat het, het RAU die hele tweede helfte net met 13 man gespeel en daarmee die glans van die groot Puk-oorwinning so effens verdof.**

**Daar is, ná hierdie groot oorwinning, met afwagting uitgesien na die ontmoeting met die Kovsies in Augustus, wat te "Dopperstroom" beslis sou word.**

## 1.5.9 "SHIMLAS NA SES JAAR WEER GETEM" (1983)

**"Die 1983-Intervarsity teen die Kovsies was 'n grootse, heuglike Puk-triomf. Na ses jaar het Puk se kind weer die Shimlas op die rugbyveld getem! Vir al die Puk-ondersteuners wat op Olënpark was, was Saterdag 27 Augustus 'n vreugdevolle dag, want nadat die eindfluitjie geblaas het, was die uitslag op die telbord: PUK 24, UV 12. Rustyd het Gert Smal en sy manne 'n voorsprong van 13-9 gehad en die uiteindelike drieëverdeling was 4-0 in hulle guns."**

Só het Hans van Zyl sy en al die Pukke se blydskap in die oudstudenteblad onder woord gebring.

"Met hierdie oorwinning het die Puk sy intervarsity-tweekuns van 1977 herhaal toe hy ook die Raukies sowel as die Kovsies in dieselfde seisoen geklop het. Op een na was vanjaar se oorwinning ook die grootste in die geskiedenis. Net in 1955 toe die Puk met 16-3 gewen het, was die punteverskil groter.

"Merkwaardig van vanjaar se intervarsities is dat geen enkele drie teen die Pukke gedruk is nie. UOVS kon net met vier strafdoele slaag en RAU met twee. Van hulle kant het die Pukke tien drieë in die twee intervarsities aangeteken.



CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92, TEL. 4201.
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken. —wapad

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

PUKKE! Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede: Johan Claassen Broers

Bussie 13, Studentesentrum/Bussie 502, Administrasie. Tel. 2-5481, 4267/8, 2-2112 x 570/1. Jaargang XXXVII, Nommer 15, 23 Augustus 1983

…likheid, asook 'n gevoel van onwaardigheid om in 'n "groot man" soos Lukas se spore te stap, by hom opgekom.

Oor volgende jaar sê Danie dat die nuwe SSR nog daaroor sal moet gesels, maar 'n moontlike tema vir die jaar se werksaamhede kan wees die uitbouing van die leuse van die Universiteit soos die Rektor dit sien: ons is onvoorwaardelik Christene, onbeskaamd Afrikaans. Die nuwe SSR is 'n stewige klomp en hulle sal moet voortbou op hierdie jaar se werk.

Wat party-politieke uitsprake betref, is hulle dit eens dat dit nie op die terrein van die Studenteraad lê nie, hoewel die SSR wel leiding moet gee wanneer dit om prinsipiële sake gaan.

*• Villéne van der Merwe, vanjaar se Karnaval- en Sjampanjenooientjie voorspel hier saam met die hoofrasieleier, Konsalik Swanepoel 'n bloedbad vir Saterdag teen Kovsies. — Foto: Deon Maas.*

### Konsalik voorspel bloedbad vir vyftien twakke

— Zelda Nel —

**"Dit moes dieselfde gevoel op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog gewees het. Daardie ondefinieerbare element in die eter wat die kriewel oor 'n menigte se kopvelle kan jaag. Kovsie-Intervarsity. Hy noem dit, en al wat ware Puk is, se tone begin bloeddorstig krul.**

man met 'n koeksister in sy groottoon in hierdie stadium. Die bloeddorstigheid waarmee hy aanstaande Saterdag se gebeure voorspel, laat Macbeth soos 'n feëverhaal lyk.

Volgens hom het die Kovsie-afrigter voorwaar die Rembrandt-toets gedop: "Hy kon om die dood nie daarin slaag om van vyftien twakke 'n meesterstuk te maak nie." Net soos voor die…

Pukke, maar hy reken dit gaan 'n veel harder wedstryd wees.

Met 'n tikkie weemoed in sy stem het Konsalik bygevoeg dat dit enersyds 'n puik gedagte is dat Intervarsity hierdie jaar op film vasgelê sal word vir die draaiboek van Katjiepiering wat dr Elsabé Steenberg geskyf het, maar andersyds sal dit jammer wees om die kosbare selluloïede te mors op vyftien bebloede…

woordelike rooi sonsondergang en die gelukkige einde bydra.

Konsalik glo dit gaan die Intervarsity van die eeu wees. Indien die Pukke wen, gaan dit die eerste keer in die geskiedenis wees dat die Puk albei die Intervarsities binne een jaar wen. Elke Puk behoort daar te wees om te help skryf aan die geskiedenisboeke en te help beitel aan die Kov…

sê die Pukke kan 'n vernietigende oorwinning teen die Kovsies verwag.

Sy reken die oorwinning wat oor RAU behaal is het daarin geslaag om vertroue van die studente in die Puk-sportmanne daar te stel. Die Intervarsity teen Kovsies is die geleentheid van die jaar en sy hoop die Pukke sal in hulle massa opdaag vir ondersteuning.

**• Sien voorspellings…**

### Belhamels moet ligloop

**Daar rus Saterdag met die Intervarsity teen Kovsies 'n groot taak op die studente van albei universiteite om te bewys dat Intervarsity nog nie uitgedien is nie.**

Volgens Lukas van der Merwe, SSR-Voorsitter 82/83, moet die studente tydens hierdie Intervarsity bewys dat uitbundigheid met verantwoordelikheid hanteer kan word. Daar gaan streng opgetree word teen belhamels, omdat die Pukgemeenskap dit van die SSR verwag, sê hy. Die Kovsies voel ook baie ernstig oor die saak. Volgens prof. Ben de Klerk, het hul rektor, prof. W L. Mouton, tydens die Groot Sweet op Bloemfontein, 'n beroep op die studente gedoen om hul samewerking te gee om 'n sukses van Intervarsity te maak.

**OOREENKOMS**

Daar is 'n ooreenkoms opgestel tussen die Puk en Kovsies wat deur beide rektors onderteken is, wat onder andere bepaal dat geen alkoholiese drank deur studente gebring of gebruik mag word op die kampusse en die sportvelde van die twee universiteite nie, en in besonder nie op Oliënpark en die Vrystaatstadion nie. Geen geörganiseerde aktiwiteite voor die hoofwedstryd sal op die sportveld toegelaat word nie. Elke student kan via sy SSR 'n klag lê teen 'n student wat hom wangedra.

**BONA FIDE-STUDENTE**

Die kwessie van wie rugby mag speel en wie nie, is ook deur die ooreenkoms opgelos. Slegs bona fide-studente wat geregistreer is vir 'n erkende graad, diploma of erkende sertifikate, sal kwalifiseer om as deelnemers van 'n Intervarsityspan gekies te word. Dit elimineer dus personeellede, geleentheidstudente wat vir spesiale of enkele kursusse gerigistreer is, en ook ander kategorieë studente wat vir niegraaddoeleindes geregistreer is.

'n Verdere beperking is dat 'n student volgens die huidige ooreenkoms subsidie-verdienend moet wees. Dit is die rede waarom Nic Nortjé nie vir die Pukke mag uitdraf nie.

Fotografie

Kontak Cobus, Johan of Willem Annandale vir:
★ Dineefoto's
★ Gangfoto's
★ Span en Groepfoto's
★ Portretstudies
Pos boodskap in Bussie 62 agter Inligtings-…

Wapad-voorblad 23 Augustus 1983

"Verlede jaar nog het die Puk albei intervarsities verloor. Vanjaar het die reëling gegeld dat net subsidieverdienende studente mag deelneem, en dit het grootliks daartoe bygedra dat die skaal geswaai het. Die Kovsies se span was ook in 'n paar posisies verswak omdat drie van sy spelers vir die Vrystaat moes speel met intervarsity. Dit doen egter geen afbreuk aan die Puk-oorwinning nie, want dit is twyfelagtig of 'n volle Kovsiespan hom op die dag se spel sou geklop het.

PUK Eerstespan 1983.

**EERSTE RUGBYSPAN 1983**


**Wenner van intervarsities teen RAU en UOVS en van Neser-, Krekeins-, en Piet Bosmanbeker**



Voor:- *Pr. P. Schutte (Voorsitter), N. Nortjé (Kaptein), Prof. J. T. Claassen (President), G. Smal (Intervarsity-kapt.) J. Stoffberg (Afrigter).* Middel:- A. Beck, G. Hanekom, L. Hanekom, B. Terblanche, W. Steenkamp, C. van der Merwe, D. Smith. Agter:- *P. Conchar, P. Liebenberg, D. de Bruin, L. Labuschagne, R. du Preez, F. de Kock.*

## Gert Smal

***Smal het hom die volgende jaar suidwaarts gewend en in 1986 vanuit Maties en die WP sy Springbokkleure teen die Nieu-Seelandse Kavaliers verwerf. Afgesien van sy skitterspel, het 'n volmaakte opstopper van hom, op Kavalier-voorryman Gary Knight, vir Smal geskiedenis laat maak: die eerste Springbok wat in die later so bekende "koelkas" sou beland! Gert het ook met groot onderskeiding die WP-trui gedra en het later as afrigter van die WP, die Stormers en ook as hulpafrigter van die Springbokke gedien. Nog 'n latere Springbok, Robert du Preez, het dié dag ook vir die PUK gespeel.***



"In elk geval bewys die twee intervarsity-uitslae dat die Puk se rugby, gemeet op suiwer studentevlak, van topstandaard is.

"Dit was 'n skitterende vertoning wat die vyftien Pukke teen die Shimlas gelewer het. Elkeen het homself oortref op die aanval en die verdediging wat uitgeloop het op 'n wenpoging wat selfs afrigter James Stoffberg moes tevrede gestel het.

"Kovsies het nie bes gegee sonder eersterangse teenstand nie. Tot 'n kwartier voor die einde het die stryd ook baie gelykop verloop en die telling was slegs 13-12 ten gunste van die Puk. Hier het die skeiding egter ingetree toe die Pukke se druk te veel geword het vir die Kovsies en hulle geswig het.

"Gert Smal se drie was 'n juweel. Hy het die bal uit 'n vaste skrum buite die Kovsies se kwartgebied in die hande gekry en soos 'n tenk daarmee vir hom 'n pad oopgeloop tot agter die doellyn. Agter hom het 'n streep verdedigers op die grond gelê."

# Afdeling 1 :

# SAGES EN GEBEURE

## 1.6 INTERVARSITIES : DIRIGENT-KAPINGS


1.6.1 Proloog" "Dis oorlog, man!"

1.6.2 Koeries van Kovsies (1948)

1.6.3 Aspirant-predikant … op 'n Sondagaand! (1950)

1.6.4 Voordewind-kaping kry wind van voor (1951)

1.6.5 "Oom Tampan, hulle het ons!" (1957)

1.6.6 Hans van Zyl in Kovsieland (1961)

1.6.7 "Bakkies van Wyk gevang" (1964)

# 1.6 Intervarsities : dirigent-kapings

## 1.6.1 PROLOOG : “DIS OORLOG, MAN!”

**Waar en wanneer vloei die adrenalien van studente sterker as die week voor Intervarsity – tydens ‘sing-songs’, die “Groot Brag” of as gekaapte studente van die opponerende universiteit iewers in die omgewing betrap, van hul harige waardigheid ontdoen en dan aan ‘n jillende en gillende massa “vertoon” word! Of nog beter, as jy die hoof-opsweper van die “vyand” kan kaap! Dis oorlog, man!**

Idyll van der Walt, op sy dag later jare self ‘n vermaarde PUK-dirigent en in 1957 adjunk vir Schalk Buys, het dit dan ook – weliswaar met die tong in die kies – in daardie lig gesien: “In die wêreldpolitiek deur die eeue heen het die vraagstuk onstaan. Gestel twee wêreldmagte kom teen mekaar te staan en die een behaal ‘n klinkklare oorwinning; gaan hy dan ook die daadwerklike botsing op die slagveld wen?”

Die antwoord op Idyll se vraag, wat betrekking gehad het op daardie jaar se “diplomatieke oorwinning” oor die Kovsies, word gevind in **afdeling 1.6.5**. In verskeie “oorloë” of “veldslae” voor en na 1957 is soortgelyke oorwinnings in die vorm van kaping van rasieleiers behaal en was kapings of pogings daartoe vir baie dekades lank deel van die ritueel voorafgaande intervarsities tussen PUK en TUKKIES (Universiteit van Pretoria) en PUK en KOVSIES (Bloemfontein).

Kapingspogings is uiteraard voorafgegaan deur deeglike beplanning en spioenering, en dikwels het van hierdie “spioene” in die hande van die vyand geval. Dié arme drommels is dan uiters onprofessioneel deur “haarkappers” reggesien en aan die geesdriftige en opgesweepte massas “vertoon”. Hoewel dié ritueel veel ouer was, het Idyll dit eietyds gedramatiseer: “Met die onthoofdingsplegtigheid het die guillotine gegly en die twee spioene van slegs hulle hare onthoof. Dit het so ‘n indruk op president Tjaart die Langetjie [SR-voorsitter Tjaart van der Walt] gemaak dat hy onmiddellik die doodstraf in die vorm van onthoofding afgeskaf het en ontharing in die plek daarvan ingestel het.”

Die kaping van ‘n dirigent was ‘n aksie wat die verbeelding aangegryp het – veral as dit per ligte vliegtuig geskied [Kyk 1.6.5.] of as jy Hans van Zyl was en deur jou eie rugbykaptein “verraai” word! [Kyk 1.6.6.] Soms het dit ook die tonge los gehad, selfs opslae in die pers gemaak – soos die poging om ‘n aspirant-tokkelok op ‘n Sondagaand net na sy proefpreek te ontvoer! [Kyk 1.6.3]

‘n Sestal kapingspogings in die Intervarsity-geskiedenis van die PUK word vervolgens kortliks van nader beskou.

## 1 6.2 KOERIES VAN KOVSIES (1948)

**"Dit was 'n paar vasberade Pukkies wat in die vaalkar van Kleinpatrysie – die langafstandbomwerper S.D. 890 – die P.U.K.-hoofkwartier verlaat het om 'n waaghalsige inval in die U.K.O.V.S.-vesting te maak. Danksy die vrugbare brein van ou Piet, was planne om die inval te laat slaag volop gewees. Hy is spesiaal saam, omrede hy sy kop so koel kan hou en vir daardie Engelse aksent van hom. Die Ukovers praat nou wel nie Engels nie maar dalk moes ons die rooitaal gooi."**


DIE BESEMBOS 9'

'n Paar Pukkies Val U.K.O.V.S.-Land Binne

DIT was 'n paar vasberade Pukkies wat in die vaalkar van Kleinpatrysie — die langafstandbomwerper S.D. 890 — die P.U.K.-hoofkwartier verlaat het om 'n waaghalsige inval in die U.K.O.V.S.-vesting te maak. Danksy die vrugbare brein van ou Piet, was planne om die inval te laat slaag volop gewees. Hy is spesiaal saam, omrede hy sy kop so koel kan hou en vir daardie Engelse aksent van hom. Die Ukovers praat nou wel nie Engels nie maar dalk moes ons die rooitaal gooi.

Die pad is versier met leë visblikkies,



Die sage van die kaping van Koeries.

Onder die opskrif " 'n Paar Pukkies val U.K.O.V.S.-land binne" word deur een van die waaghalsiges in die studente-jaarbad van die kaping van Kovsies se Koeries in 1948 verder vertel:

"Die pad is versier met leë visblikkies, lemoenskille en 'coca-cola'-bottels … Teen vier-uur was ons binne U.K.O.V.S.-gebied. Eers moes ons slaapplek kry, ons vooruitgestuurde spioen, Nicola, opspoor, en toe was ons gereed. Bloemfontein-strate is stukkend gery op soek na die U.K.O.V.S. 'orasie'-leier. Eindelik was nie alleen sy verblyfplekke nie maar ook sy loopplekke bekend. Ongelukkig was ou Koeries … nie so aan die slaap soos ons gedink het nie. Hy sien ons plan deur toe ons hom van sy 'aster' wil afrokkel. Uit die huis wil hy die aand nie kom nie. Sy skoonfamilie, skoon opgeskeep met hom, moes die U.K.O.V.S. S.S.-troepe laat kom om hom te verwyder. Tussen 'n paar van hulle, in 'n klein Fiat-motortjie vasgedruk, is die arme Koeries daar weg. Met hierdie dingetjie wou hulle die vaal bomwerper ontduik. Die oë wat by die agterste venstertjie uitgegluur het, het getuig van die angs wat hulle verduur het. Terwyl die voortvlugtendes die bewonderenswaardige spoed van 40 myl per uur volgehou het, het die S.D. 890 gemaklik op hul hakke gebly.

"Ons eerste poging het misluk … Die volgende dag is na 'n ander verblyfplek verhuis, en opnuut is planne beraam. Nicola het sommer baie manne gehad, oud-Pukkies wat gewillig was om 'n handjie by te sit.

"Die middag was ons almal in die kar en uitdagend kies ons die pad na U.K.O.V.S. toe. Nadat ons so 'n paar esse orals in hulle grond gegooi het, hou ons voor die hoofgebou stil om met die Kovsies te gesels. Hulle was te bang om te praat en nog banger om nader te kom. Vir onsself was dit nie waagsaam om die kar te verlaat nie, en daarom is die gesprek op 'n afstand gevoer. Eindelik het hulle alarm gemaak en moes ons weer verkas om buite die gronde eers tot stilstand te kom. Og, die U.K.O.V.S.-eerstejaars kon die Pukkie-geselskap nie weerstaan nie! Ons het elkeen voorgekeer, hom vertel wie ons is en sommer


lekker gesels. Dit was nie lank nie of ons sit almal met gespitste ore. Aan ons word vertel dat Koeries in die Volksblad-gebou werk …

"Ons het die aand weer ernstig beraadslaag, ons koppe was byna aan die brand van al die dink. Dit mag nie weer misluk nie. Patrysie, Nicola en Ammi sou Bokkie se hulp gaan inroep, is eindelik besluit. Sy O.D., 'n bruin Ford, moes ons S.D., wat toe al te bekend was, vervang. Lank moes Nico en Piet op hulle wag, terwyl hulle hul in die losiesplek nie kon waag nie – dit het mens onwillekeurig aan die 'Wild West' herinner.

"Om nege-uur die volgende oggend was Bokkie daar. Weereens is die plan in sy volle besonderhede bespreek en alles herhaal … Nico was egter nie gerus nie want deur die venster aan die voorkant gewaar hy 'n man in die kantoor wat na Koeries lyk. Ammi, wat nog by die kar was, word nader geroep. Ja, dit is sweerlik Koeries. Sonder om langer te aarsel storm hulle saam met Nicola, wat intussen bygekom het, die gebou binne. Aanvanklik is daar 'n ligte huiwering maar Nicola verbreek die spanning met 'n bulderende 'vat hom, kêrels'. Die ander drie omies in die kantoor spring dadelik by om Koeries te beskerm, wat die geveg in woestheid laat toeneem. Toe Piet en Patrysie agter uit die gebou as versterkings opdaag, was die stryd weldra gewonne.

"Soos 'n warrelwind het Bokkie die bruin Ford na die voorkant van die gebou gebring en is Koeries daarin gestop. Piet se vinnige oog gewaar nog hoe een van die omies met 'n balk 'n Pukkie 'n noodlottige hou wil toedien, en keer hom blitsvinnig. Daarna het elkeen net gesorg dat hy saam met die kar wegkom. Die twee-honderd-en-veertig-myl segetog na Potchefstroom het begin.

"Vir ou Nicola was die spanning te veel, hy was dan tog so naar. Naby Brandfort het ons twee polisie-motors gekry wat op die uitkyk was na 'n bruin Ford met 'n gebreekte deur. Vier uur later sou die vaalkar Pukkie-land binne snork met die U.K.O.V.S.-rasieleier veilig tussen ons Pukkies. Die manne aan boord S.D.890 het tevrede geglimlag, want hul taak is met sukses bekroon.



Patrys heet Koeries welkom …

" 'n Rukkie later sou Patrys, die dirisjees, vir Koeries voor Postma-huis 'n stywe handdruk gee om hom in Pukkie-land welkom te heet, en hy 'n voorreg smaak wat 'n Kovsie nie aldag geniet nie naamlik om die Pukkies se sang te lei vir die komende 'Varsity'."

## 1.6.3 ASPIRANT-PREDIKANT … OP 'n SONDAGAAND ! (1950)

**Op Sondagaand 18 Junie 1950 het 'n aantal Puk-studente – tweedejaars van Thaba Jäh – probeer om aspirant-predikant Jannie Malan, pas nadat hy 'n proefpreek gelewer het, te ontvoer. Die poging is deur mede-Tukkies gefnuik en die sewe waaghalsige Pukke wat hierop in die hande van hul opponente geval het, het hulle die gramskap van die Tukkie-gemeenskap en ook 'n deel van die publiek op die hals gehaal. Die gevange studente is taamlik rof behandel en moes baie beledigings aanhoor. Daar is ook in die openbaar smalend en neerhalend verwys na die sogenaamde Christelike karakter van die PUK en Tukkies se SR-voorsitter, Willie Maree, het in 'n beswaarbrief aan die PUK-eweknie gesê dat die daad "alle perke van gesonde studentepret" oorskrei.**



Jannie Malan

Ironies genoeg is Maree, 'n latere kabinetsminister, self die Maandagaand deur Pukke ontvoer en na Potchefstroom gebring, waar hy tydens sy "gevangenisskap" gedeel het in die dringende samesprekinge wat op die Malan-voorval gevolg het.

Rektor Ferdinand Postma het oudergewoonte onmiddellik en sterk opgetree om sy universiteit se karakter te beskerm. "Dis 'n skandaal dat so iets moes plaasvind op 'n Sondagaand. Dit het my verskriklik geskok … Ek wil my sterkste protes teen hierdie handelswyse laat hoor …", het hy in 'n persverklaring gesê en terselfdertyd aangekondig dat hy die intervarsity summier afgelas het.

Postma se vinnige optrede het 'n goeie indruk na buite gemaak en uit hoë NG-kringe is lof betuig. Ds DF de Beer het namens die Sinodale Kommissie vir Openbare Sedelikheid van die NG Kerk waardering en dank betuig en daaraan toegevoeg: "Die wêreld mag spot, maar u universiteit het getoon dat hy staan vir die handhawing van die Christelike Rusdag, en dit met 'n klinkende daad bevestig."

Nadat die ontvoerders hul fout om op Sondag op te tree bely het, en die fout ook tydens 'n massa-vergadering erken is, het SR-voorsitter Willem de Klerk en sy raad manmoedig alle verantwoordelikheid op hulle skouers geneem. Die rektor is gelyk gegee in sy tugoptrede en hy is plegtig om verskoning gevra: "Ons besef dat ons u baie teleur gestel het."

Jannie Malan se pa was dankbaar vir rektor Postma se optrede, maar was taamlik bitter – sodat Postma hom moes troos met die feit dat die betrokke studente diep onder die indruk was van die "growwe en laakbare fout" wat hulle gemaak het en dat Jannie self die belhamels hul dade vergewe het. Na verdere gesprekvoering tussen die onderskeie studenterade is goeie verhoudinge weer herstel en het die intervarsity tog wel plaasgevind.

Jannie Malan het toe nie net voor sy eie studente opgetree nie, maar by geleentheid ook die dirigentstaffie lustig aan PUK-kant geswaai!

PUK het die hoofwedstryd met 12-11 gewen. In Augustus het hulle ook UOVS geklop met 11-5. "Daardeur het die jong boetie, die laaste kollege inter pares, deeglik die ouer broers die loef afgesteek."



INTERVARSITY AFGELAS

P.U.K. se Rektor s[e] Skerp Protes

'N POGING van 'n aantal studente van die Potc[h]stroomse Universiteitskollege om die dirigent die Universiteit van Pretoria, Jannie Malan, Sondaga[and] te ontvoer, het tot gevolg dat die Intervarsity tussen twee inrigtings afgelas is. Dit sou Saterdag plaas[ge]vind het.

In Pretoria het hierdie optrede op die Sabbat reeds groot verontwaardiging uitgelok en die Rektor van die Potchefstroomse Universiteitskollege, prof. F. Postma, het hom gisteraand ook sterk oor die voorval uitgespreek.

„Dis 'n skandaal dat so iets moes plaasvind op 'n Sondagaand," het hy gesê. „Dit het my verskriklik geskok en ek het dadelik die Intervarsity afgelas," het prof. Postma gesê. „Ek wil my sterkste protes teen hierdie handelswyse laat hoor en ek is seker die volk sal dit met my deel, want so iets is nie in die

Die geskiedenis van die s… is kortliks soos volg: Ja… Malan, teologiese student … U.P. het Sondagaand sy pr… preek gelewer en ná die dien… dr. Ben Marais se pastorie… gaan waar die preek met pr… sore bespreek is.

Omstreeks halftien is hy s… met 'n vriend en twee vriend… daar weg en is hy buite sk… deur 'n aantal Potchefstroo… studente oorval. Sy vriend… vriendinne het hom alle mo… like hulp gebied, maar in… proses het van sy klere. … meer sy manel. beskadig ge…

Jannie het om hulp gesk…



INTERVARSITY OP POTCHEFSTROOM VIND TOG PLAAS

DAAR sal tog wel môremiddag Intervarsity tussen die Universiteit van Pretoria en die Universiteitskollege van Potchefstroom gehou word.

**Hierdie wending in die hele aangeleentheid volg op vertoë wat van verskeie kante tot die Universiteitsowerheid van die Potchefstroomse Universiteitskollege gerig is, en gistermiddag is daar besluit dat die verrigtings wel sal plaasvind.**

Die openlike verklarings wat deur die voorsitters van die onderskeie Verteenwoordigende Studenterade van die twee inrigtings uitgereik is, waarin spyt te kenne gegee word oor die optrede van sowel die Potchefstroomse as die Pretoriase studente, het ook baie bygedra dat die kragmetings wel sal plaasvind.

VERKLARING

Die volgende verklaring is gister deur die owerheid van die Potchefstroomse Universiteitskollege aan Die Transvaler oorhandig:

„Na die openlike verklaring in die pers deur die voorsitters van die Studenterade van U.P. en P.U.K., en met die oog op die handhawing van die goeie verhouding tussen die studentegemeenskappe, het die Rektor van die P.U.K. besluit om van sy kant die reeds behoorlik-georganiseerde Intervarsity nou wel te laat plaasvind."

FINALE REëLINGS

Aan albei die Universiteite het daar na die bekendmaking groot vreugde geheers, en inmiddels het die Tukkies weer met groot ywer aan die werk gespring om die finale reëlings te tref.

Daar sal môre in groot getalle met busse en motors na die tuiste van die P.U.K. opgetrek word vir die kragmeting en die studentejolyt wat daarmee gepaard gaan.


**Vanaand vind daar ook al 'n kragmeting plaas wanneer die groot sprekers van die twee Universiteite teen mekaar te staan kom. Daar is egter nog 'n derde teenstander, naamlik die Universiteit van Stellen-**

Berigte in pers

## 1.6.4 VOORDEWIND-KAPING KRY WIND VAN VOOR (1951)



PUK-dirigent Wim Voordewind.



**Tukkies te deur die wind om Voordewind te vang**

'n Mislukte poging van 'n aantal Tukkies om die dirigent, Boep Voordewind, na Tukkieland te ontvoer, het gelei tot die gevangeneming van vyf Tukkies gedurende die na-nag van Woensdag 15 Junie. Die Pukke het die besoekers kosteloos en gasvry onthaal, en 'n geleibrief met hulle saam na hulle dirigent, Dawie Kriel, gestuur.

**" 'n Mislukte poging van 'n aantal Tukkies om die dirigent, Boep Voordewind, na Tukkieland te ontvoer, het gelei tot die gevangeneming van vyf Tukkies gedurende die na-nag van Woensdag 15 Junie [1951]. Die Pukke het die besoekers kosteloos en gasvry onthaal, en 'n geleibrief met hulle saam na hulle dirigent, Dawie Kriel, gestuur."**

In *Die Wapad* is verder só hieroor gerapporteer:

"Luidens berig het mnr. W[illie] v.d. Bank op die aand van die 15e van Sientjie via die Kamp in Jan Smutslaan afgekom. Hy het lont geruik toe hy die Tukkie-figure opmerk, en in navolging van die Griek van ouds het hy 'n marathon-wedloop na die Puk-hoofkwartier in rekordtyd afgelê, en die woord Tukkies uitgehyg, en op die geliefde P.U.K.-bodem neergestort. Eerstejaarsgeledere is gemonster, en wagte by die poorte is verdubbel.

"Om presies 10.30 nm. het 'n Mercury met stille gang die Pukke se vesting genader, en voor vier ouhere, t.w. Willem [de Klerk?], Platbos [du Plessis], Fires [van Vuuren] en Bokstra [Bouke Spoelstra], stilgehou, terwyl die insittendes die nederige wens om na 'n neef van hulle beduie te word uitspreek. Ongelukkig vir die deputasie het die bestuurder van die motor te gretig gelyk om weg te spring, met die gevolg dat die dieptes van Gathlandia weereens sy inwoners uitgelaat het om die ou moutertjie toe te sak.

" 'n Korrespondent wat die spektakel aanskou het, het berig dat toe die motor wegvlie 'n sekere ouheer, bekend as Vleisie Norspa [ ? ], van pure skrik regop in die lug gespring het en bo-op die motor te lande gekom het, waarvandaan hy bly was om af kom toe die motor by die geslote hekke voorgekeer is, en die drie insittende Tukkies aangekeer is, om as gaste vir die Pukke op te tree."

Ds "Fires" van Vuuren onthou dat die latere prof Hennie Grobler (Grieks) hulle informant in Pretoria was.

Met die hulp van Wes-Transvaalse spanmaat, vleuel Kuhn, wat op die sentrale gewerk het, is nog twee Tukkies elders aangekeer, "nadat 'n woeste agtervolging deur agterplase en oor heinings heen aanvanklik misluk het". Deur ondervraging het geblyk dat hul missie was om Voordewind te kaap. Die PUK-dirigent het op hierdie tydstip in Dwarsstraat geloseer en die plan was dat 'n niggie van hom, wat student aan Tuks was, hom sou vra om haar te vergesel na Cachet-stasie, sodat sy die nagtrein kon haal. Die kapers sou dan toeslaan …

Voordewind het hierna van slaapplek verwissel: eers in prof Dekker se huis, en toe in Steve van der Merwe se bokamer in Gatland.

"Ondertussen het die Pukke die eerste drie besoekers hartlik verwelkom, deur die stof van Tukkieland af te was [hulle is ietwat hardhandig in 'n bad water ondergedompel!] en die porieë van die vel met haastig geleende skropborsels te reinig. Die ouheer Fires van Vuuren het goedgunstiglik ingewillig om sy talent as haarkapper gratis beskikbaar te stel en die ruie boskasies van die Tukkies ietwat te elimineer ... Ouheer Alwyn Malan kon een van hulle identifiseer, en het as gebaar van vriendskap die letters U.P., vir die Tukkies so dierbaar, op sy hoof gegraveer.

"Nadat elke gas sy vaardigheid as dirigent voor die massa ten toon gestel het, het 'n ligte bakoondjie die verwelkoming afgesluit, en is hulle teruggestuur met 'n brief van Boep aan Dawie Kriel."

Wim onthou een van sy sêgoed dié dag met intervarsity: "Die ander dirigent het 'n lang vervelige storie vertel wat veronderstel was om komies te wees. Toe ek hom antwoord sê ek: 'Dit, Dames en Here, beëindig vandag se markberigte." Die paviljoen het geskater. Hy was egter so vies dat hy nie verder met my wou praat nie."



Haarskeerdery was een van die hoogtepunte van die voor-intervarsity bedrywighede op die PUK kampus. Hierdie foto dateer uit 1958.

## 1.6.5 "OOM TAMPAN, HULLE HET ONS !" (1957)

**Met die verdwaasde eerstejaarswag Davis se uitroep, *"Oom Tampan, hulle het ons!",* is een van die oorspronklikste kapings op rasieleiers in Mei 1957 voltrek. Alva de Klerk oftwel Tampan is naamlik met 'n ligte vliegtuig vanuit Bloemfontein na Welkom geneem, vanwaar hy met rooi D.K.W.-motor na die Pukke se hoofkwartier in Potchefstroom gebring is.**

Tampan word aan die Puk-massa voorgestel.



Oom Tampan pas na sy aankoms besig om te vertel hoe gelukkig hy in Pukkieland voel.

Die kaping was deeglik beplan: "Ongemerk en sonder lawaai is 'n groepie onder J.B. [du Plessis] suidwaarts, later gevolg deur die 'helde van die slag van Welkom'. Saterdagaand moes oom Tjaart [van der Walt, SR-voorsitter] met bekommerde gesigsuitdrukking te kenne gee dat J.B. se groepie 'teëspoede opgetel het", want hulle het in die hande van die Filistyne geval."

Of dit deel van die aanvanklike plan was word nie gesê nie – maar dit word betwyfel. Hoe ookal: "Nadat J.B., Amie [Venter], Buks [Kleynhans] en Willem [van Jaarsveld] in hul slaap oorval en die 'ritueel van die skeermes' deurloop het, was hulle vasberade om nie sonder Tampan terug te keer nie. Op 'n baie oulike manier het hulle die Kovsies om die bos gelei sodat hulle twaalf uur voor die tyd vrygelaat is. Toe het die poppe begin dans.




Schalk Buys, Puk-dirigent.

"Terwyl Tampan en sy 'lyfwag' toeskouers was van 'n voetbalwedstryd teen Spoorweg, het sy vriend en gas, Hennie de Wet, hom oorreed om 'n gratis vliegtuigrit saam met Johan van der Walt te geniet. Selfs die lyfwag se agterdog

het verdwyn toe hulle op die lughawe sien dat dit 'n plaaslike vliegtuig was. Saam met Tampan het 'n eerstejaar, Davis, ingeklim.

"Johan se toneelspel as loods was onverbeterlik. Toe Tampan na 10 minute se ronddraai bokant Bloemfontein wou teruggaan, was die loods se vraag of hulle al 'n mynhoop uit die lug gesien het, een te veel. Die vliegtuig se neus het Transvaal se kant toe gedraai en die mynhope van Welkom was weldra in sig. Toe die ongerustheid weer oplaai, het Johan dit laat verdwyn deur allerhande manewales, want hy moes solank moontlik in die lug bly ten einde die klomp kaalkoppe geleentheid te gee om van Bloemfontein af met die D.K.W. Welkom te bereik.



Johann van der Walt – aan stuur van die ligte kapingsvliegtuig.

"Op Welkom 'was die brandstof gedaan' en moes hulle afduik op 'n vriend se huis wat hulle van brandstof kon voorsien.

"Ondertussen is die Kovsies op Bloemfontein deur die owerhede op die lughawe op 'n dwaalspoor gebring en het hulle tevergeefs na Bloemfontein gejaag, terwyl J.B. se groep besig was om die afstand van 91 myl tussen Bloemfontein en Welkom in 85 minute af te jaag.

"Die vliegtuig het al geland toe die rooi motortjie sy verskyning maak. Met 'n gevoel van magteloosheid het Tampan en Davis besef dat dit "hulle vriende van die vorige nag" is en met 'n droë keel het die voormalige "sandsakslaner", Davis, gesê "Oom Tampan, hulle het ons"!

"Van Welkom af het hulle gebel en is 'n boodskap in kodetaal aan Oom Tjaart afgelewer, waarop versterkings gestuur is om die groep hierheen te vervoer. Tans is die taak om die twee dirigente weg te hou van die hongerige, wraakgierige hande van die Kovsies, geweldig groot."

Vanweë 'n volkspelesaamtrek van Kovsies op Potchefstroom het skeptici onder die Pukke verwag dat "de Heer van Nederland", hoofdirigent Schalk Buys, die wemelende Kovsies ten prooi sou val "en daardie nag elders sou slaap". Dit het egter nie gebeur nie; inteendeel: "Dat die Pukke byna mal geword het toe Tampan aan hulle voorgestel is, is lig te begryp. As 'n mens so na die Pukkies kyk, dan hoef jy nie te vra of hulle 'die Gees' het nie, dit straal uit elkeen se gesig. Almal skud die helde, Johan van der Walt en Hennie de Wet, se blad en probeer met moeite 'n glimlag onderdruk by die verskyning van die hoeddraende viermanskap, en almal is dit een dat hierdie 'n hoogtepunt is in elke opsig."

Idyll van der Walt oftewel "Slurpie", wat oor hierdie kaping in *Die Besembos* verslag gedoen het, meld dat altesaam ses "lede van die Potchefstroomse spioenasienetwerk", naamlik "J.B. die Oue", "Buks die Vreeslike", "Willem die Swyger", "Jan de Wilde", "Hannes de Coligny" en "Amie die Grote", per "**D**onkie **K**rui **W**agen" Bloemfontein toe is, terwyl "Hennie die Wettige" [de Wet] per "Muiswagen" en Johan de Zabel" [van der Walt] "per Lugpos" afgereis het. Net "Jan de Wilde" en "Hannes de Coligny" se identiteit kon nie vasgestel word nie.



Idyll van der Walt of te wel "Slurpie", PUK-hulpdirigent.

"Slurpie" beskryf die oomblik van glorie vir die Pukke só: "Onder groot gejuig en baldadige uitbundigheid is hierdie diplomatieke oorwinning in die Republica Potchefstromensis gevier. Schalkje de Zwartetje [Buys], wat in een of ander inrigting vir studerende dames onder bewaking van sy adjudant Slurpie verkeer het, is toegelaat om sy kollega in camera te ontmoet. 'n Tevrede leier met sy skitterende swart baardstoppeltjies groet 'n verslae, teleurgestelde aanvoerder met sy wasbleek gelaat."



Ammi Venter (links) en sy vriende betrokke by die Tampan-kaping.

"En so", sluit "Slurpie" sy relaas af, "het die Potchefstromertjies oorwinnaars gebly tot Saterdag 18 Mei 1957. Toe het 'n Potchefstromer wat in Bloemfontein genaturaliseer is, die oorwinning oorgeplaas op Bloemfonteinse bodem met 'n pragtige wendrie onder die pale." Die gees in PUK-land was inderdaad prima en optimisme het hoog geloop, dat die vorige jaar se pragoorwinning herhaal sou kon word . Nelie Smith, Kovsie-kaptein en latere Springbokaanvoerder, het egter saam met Stoney Steenkamp, vorige jaar nog aan die voorpunt van Theos, ander planne gehad en die skitterdrie deur die oud-PUK het die PUKKE gekelder. **(Kyk 1.5.4]**

Maar die sage van Tampan se uitsonderlike skaking sou in die annale van die PUK bly voortleef ….

# 1.6.6 HANS VAN ZYL IN KOVSIELAND (1961)

**As PUK-dirigent (of rasieleier) tydens intervarsities was Hans van Zyl in sy tyd en daarna ‘n legende [Kyk 2.15] en het hy vir vyf jaar lank (1959-1963) as assistent- en as hoof-rasieleier die stokkie voor die PUK-massa geswaai. En hulle tot byna raserny gedryf met sy unieke manier van doen. In 1961 het die lot om deur die Kovsies gekaap te word, hom getref.**



Hans van Zyl

Dit was die week voor intervarsity, 1961 en opwinding het oudergewoonte hoog geloop. Hans as dirigent is goed bewaak deur ‘n twaalftal eerstejaars as lyfwagte.

Toe kom eerstespan rugbykaptein Piet Bosman by Hans met ‘n versoek van ‘n groot dagblad van Johannesburg vir ‘n foto van Hans saam met hom (Bosman) en onderkaptein Carl Grundlingh by ‘n ateljee in die dorp.

Nee, maar dis reg so. Piet, Carl, Hans en drie van sy twaalf lyfwagte klim in die motor en sit die stuk in, dorp-toe.

Net nadat ‘n derde foto deur fotograaf Alf’s geneem is, vertel Hans by sy terugkeer op die PUK ná sy ballingskap, “peul Kovsies uit alle hoeke, gate en sleutelgate uit. Op die keper beskou, is ek toe met peper oorrompel. Die volgende oomblik het ek besef ek is gevang en jaag (hulle) teen ‘n snelheid van 80 m.p.u verby alle verkeersligte”.

En daar trek hulle, Bloemfontein toe!

Kom ons kyk wat het Hans baie jare later hieroor aan Niekie van der Berg (SAUK) vertel:


“Ek kan onthou hulle het teen ‘n spoed van ongeveer 60 myl per uur oor ‘n rooilig gejaag om uit Potchefstroom weg te kom. Dit was genade dat ons nie verongeluk het nie. Op pad na Parys het hulle stilgehou om nommerplate om te ruil en op Parys het ons weer brandstof moes kry en toe drink ons elkeen ‘n koeldrankie. Die vyf Kovsies het om my gestaan, maar toe ek my botteltjie leeggedrink het toe gee ek net so twee treë vorentoe om die botteltjie neer te sit. Daardie twee treë was genoeg en ek het aan die hardloop gegaan. Toe hulle hul kry was ek al omtrent so tien treë weg. ‘n Paar blokke verder het ek ‘n ou oom op sy stoep sien sit. Ek het sy erf binnegestorm en geskree dat hy die polisie moet bel want ek word ontvoer. Maar wat, die ou oom het geen reaksie getoon nie. Ek dink hy het hom koud geskrik. Voor hy my kon help en voordat ek in die huis kon kom, toe het my ontvoerders weer op my toegesak, in die motor teruggedwing en daarvandaan is ons Bloemfontein toe.”

Hans se verblyf in die rosestad was beslis nie maanskyn en rose nie. Sy bewaking was nog beter as onder sy eie mense, uit vrees dat hy teruggeskaak word. ‘n Dapper poging om dit wel te doen, is van sy SR se kant gedoen. Voorsitter De Wet Kruger en Koos du Plooy het om vieruur een oggend reggestaan met hul motor, vlak voor Fischerhuis. Toe Hans met die trap afsluip, het ‘n eerstejaarswag hom gesien: “Hy het my net daar met ‘n sandsak oor die kop geslaan en die skakers moes onverrigtersake die aftog blaas.”




Die toneel waar die kapingsdrama hom afgespeel het.

“Om vier dae ‘n gevangene op die Kovsie-kampus te wees was nag”, onthou Hans later: “Hulle het my dag en nag bewaak asof ek kroonwild is. Snags wanneer ek slaap, het hulle my ooglede oopgemaak om te kyk of ek nog daar is!”



Piet Bosman



Ewie Cronjé

Vroeg die Vrydagoggend voor intervarsity het die Kovsies se SR-voorsitter, Ben Roothman, vir Hans teruggeneem Potch-toe. Dit was 'n uitputtende week, vir beide van hulle. Hans het byvoorbeeld vanaf sy kaping die Dinsdag tot met sy terugkeer op die PUK Vrydagmiddag slegs drie uur se slaap gehad. Hy vertel verder: "Toe die son opkom het ons altwee naby Bothaville gelyk aan die slaap geraak en toe ons ons weer kom kry was ons binne in 'n mielieland. Gelukkig het die motor nie enige skade opgedoen nie en kon ons weer verder ry."

Die studentekoerant het Hans se terugkeer daardie Vrydagmiddag só beskryf: " 'n Geesdriftige skare Pukke het Hans van Zyl vanmiddag in die Studentesaal verwelkom. Oorverdowende en langdurige applous het die Studentesaal byna uit sy nate laat bars toe Hans op die verhoog stap."

Nadat hy sy wedervaringe met mede-Pukke gedeel het, het hy só afgesluit: "Ek voel groot dinge gaan môre gebeur. Op die veld gaan ons die Kovsies 'n loesing gee wat in lengte van dae onthou sal word!"

Profetiese woorde, uit die mond van die man wie se oënskynlik vernederende "besoek" aan Bloemfontein dalk net die vonk was wat die PUK-gees laat vlam vat het. Dié vlam het op Saterdag 26 Augustus ook die PUK se eerste vyftiental tot groot hoogtes en 'n skitter-oorwinning van 11-0 oor die Kovsies gevoer. **[Kyk 1.5.5.]**

Wat Hans en die PUK-massa natuurlik nie destyds geweet het nie, maar eers agterna gehoor het, was dat sy kaping deel was van 'n komplot waarby niemand minder nie as sy kaptein Piet Bosman saam met Kovsiekaptein Johan Jacobsz betrokke was. Die gedagte was dat, ter wille van gees, albei rasieleiers gekaap sou word. Aan Ewie Cronjé se kant het die planne skeef geloop en moes ou Hans dit op die ou end alleen ontgeld. Hy het dit soos 'n man gevat!

**Na afloop van hierdie intervarsity het Hans sy uittrede as dirigent aangekondig. Hy sou dit weer die volgende jaar doen, na afloop van intervarsity – voordat hy uitendelik, ná die 1963-intervarsity, sy dirigeerstaffie finaal gebêre het!**

## 1.6.7 "BAKKIES VAN WYK GEVANG" (1964)



Bakkies van Wyk

**"Met fyn diplomasie en oorleg het die Pukke daarin geslaag om die dirigent van Ukovs, Bakkies van Wyk, reeds Maandag te skaak."**

**So berig die PUK se studentekoerant op Vrydag 21 Augustus 1964, die dag voor die gereelde jaarlikse GROOT botsing teen aarts-opponente Kovsies. En, soos gewoonlik, het die geesdrif weer hoog geloop, was die massas aan weerskante tot barstens toe opgesweep.**

"In 1957 het die Puk Ukovs se dirigent (geraasleier) op 'n sensasionele wyse met 'n vliegtuig gevang, maar vanjaar het hulle daarin geslaag om hom sommer met 'n ordinêre motor aan te keer", word daar gespog. En dan word vertel hoe, en deur wie.

"Die paneel 'speurders' wat die slinkse plan ten uitvoer gebring het, is mnre. Hennie van Aswegen, Des Brown en George Goulding. Mnr. Idyll van der Walt is die 'brein' wat die geleentheid geskep het.

# BOODSKAP AAN DIE PUKKIES MET INTERVARSITY

**,,Pukkies gee die Kovsies opdraende pad!'' Sal dit Saterdag bewaarheid word?**

,,Ons het alreeds die eerste ronde teen daardie 'varsity op Vrystaat Vlaktes gewen toe ons vir ou MomBakkies fên Waaik hier in ons geledere opgeneem het — daardie herkouende, armswaaiende, beenwikkelende Beatle van die Kovsies. Lyk my hy is al so tuis hier soos 'n groen brommer op 'n ashoop — maar die brommer het net 'n meer tevrede uitdrukking op sy gesig!

,,Saterdag sal julle ook vir ou ,,Jêk Palance'' vanner Linde in beweging sien, wanneer hy soos 'n klomp tweedegraadse uitloopaartappels uit die goiingsak geskud word Hy is nou eintlik die ,,hoof ou'' van die klomp Kovsies. Ek wil liewer nie sy ondergeskiktes sien nie, want ek dink Tsombe is trotser op sy onderdane as ou Jêk op syne! Arme Tsombe! Ons hoop maar ou Jêkkie kry Saterdag iets reg met daardie KATtekoor van hom — hulle sing mos nes 'n klomp hees kanaries wat drie weke laas ,,birdseed'' gehad het.

,,Pukkies, nou rus die taak op ons! As ons gaan sing — en sommer baie spontaan gaan wees — sal ons rillings langs die Kovsies se ruggrate op en af laat resies hardloop, en ook terselfdertyd ons eie vyftientalle tot groter inspanning aanmoedig. Wat 'n grootse dag sal dit nie wees as ons die Kovsies met hul Kat en al die onderspit laat delf nie;

Laat ons met ons voorbeeldige gedrag, aangename sang en goeie sportmangees vir ons geliefde P.U.K. naam maak.

,,Deur julle samewerking, kan ons van hierdie Intervarsity 'n groot, GROOT dag maak! Geniet elke oomblik daarvan en alle sukses!''

THEO VORSTER.

"Boodskap aan die Pukkies" ...



Prof PAJ Ryke (Dierkunde) ... sou glo belang stel in Bakkies, in verband met 'n vermiste skakel!

"Op die oomblik word Bakkies van Wyk goed bewaak, aangesien prof. Ryke van die departement Dierkunde baie in hom belangstel. Dit het glo met 'n skakel wat soek is te doen.

"Talle Pukke het reeds hulle hare verloor in mislukte pogings en het die hoedemark-aandele gestyg in Potchefstroom. Dit is net baie jammer dat ons so min van Ukovs se dapperes deesdae hier in Potchefstroom raakloop. Miskien is hulle bang.

"Met hierdie geslaagde poging het die Pukke hulle gewreek op die diplomatieke neerlaag wat hulle gelei het toe Hans van Zyl twee [drie] jaar gelede geskaak is."

Op die veld het dit daardie Saterdag minder goed gegaan. PUK het met 19-11 verloor, maar volgens die studentekoerant was die PUK die slagoffer van minstens drie skeidsregtersfoute wat die PUKKE die wedstryd gekos het.

# Afdeling 1 :
# SAGES EN GEBEURE

## 1.7. PER FIETS … OF TE VOET!

1.7.1 Proloog

1.7.2 "Deur Westelike Transvaal, op 'n wiel" (1919)

1.7.3 "Members of the flying squad" (MFS), 30-er jare

1.7.4 "Walvisbaai na Beira - per fiets!" (1969)

1.7.5 Fietse help Bybels versprei (1973)

1.7.6 "Toer met fietse vir SANRA"

1.7.7 "PUKKE ry weer fiets ... en spaar petrol!" (1974)

1.7.8 "Groot droefheid oor 'ou dikwiel'" (1976)

1.7.9 Duif "wen" harte ... met "onvergeetlike ervaring" (1983)

# 1.7 Per fiets ... of te voet!

## 1.7.1 PROLOOG

Met sy groot getal opvoedkundige inrigtings was Potchefstroom tradisioneel ‘n fietsdorp. Vir die meeste skoliere en studente was dit in die jare her tot ongeveer die sewentigerjare ‘n geval van “te ver om te loop ...” – die teendeel synde nie “te naby om te ry” nie, maar eerder “te duur om (per motor) te ry”.

Dat hierdie situasie drasties verander het, verg nie eens te betoog nie: kyk maar net hoe staan die motors van studente soos sardientjies ingepak op die parkeerterreine en in die strate rondom die PUK en op die Bult. En kyk maar net na die lang toue motors (die Hollanders praat van “fieles”!) wat soggens skuins voor agt voor die drie hoofingange tot die kampus inryg!

Die koms en die era van die motor op die PUK-kampus sal in ‘n opvolg-volume van *Sages ...* van nader bekyk word. Hier word nou, in en deur ‘n aantal bydraes oor aspekte van fietse en fietsry, op ‘n manier hulde gebring aan die ridders en ridderesse van die ysterperd oftewel “baaisiekêl”, soos in een van die bydraes daarna verwys word.


Die foto van ‘n “fietsbrigade”, afgeneem tydens die opening van die Teologiese Skool op Potchefstroom in Februarie 1905 ná die verskuiwing vanaf Burgersdorp, getuig onomwonde dat fietsry van meet af deel was van die studente-kultuur op die Bult (of Groenpunt, soos destyds ook na die gebied verwys is). En dit was nie om dowe neute dat nie minder nie as drie firmas reeds in die heel eerste uitgawes van die studentekoerant *Fac et Spera* hulle spogprodukte en diens geadverteer het! **[Kyk 1.7.3]**

In hierdie afdeling word ‘n epiese fietstog van drie studente deur die verre Wes-Transvaal, in 1919 aan die vergetelheid ontruk **[kyk 1.7.2]** en word een en ander ook vertel oor die unieke MFS-klub van die vroeë dertigerjare **[1.7.3].** ‘n Avontuurlike tandem-aanslag op die roete van die wes- na die ooskus van Afrika het nie heeltemal geslaag nie **[1.7.4]** terwyl fietsritte ook vir Bybelverspreiding **[1.7.5]** en die bestryding van drank en dwelms aangewend is **[1.7.6].**

Ons herleef ook weer hoedat die oliekrisis in die vroeë sewentigerjare fietsry op die PUK tydelik laat herleef het **[1.7.7]**. Deel saam met wyle Hans van Zyl in die droefheid oor Ou Dikwiel **[1.7.8]** ... en stap ten slotte saam met Duif du Toit die hele Suid-Afrika plat om harte te wen **[1.7.9].**

## 1.7.2 "DEUR WESTELIKE TRANSVAAL, OP 'N WIEL" (1919)

**"Ons idee was om also beter bekend te raak met streke van Transvaal, en dus ook ons eie opinie te kon vorm oor al die huichel-praatjies van ëen van die 'Backveld's'." Só het 'n jeugdige Frans du Toit, die later bekende ekonoom, diplomaat en eventueel ook kanselier van die PUK, vroeg in 1919 'n heel avontuurlike fietsrit van drie Pukke in 'n notaboekie aangekondig.**



Deur Westelike Transvaal,
Op 'n Wiel.
Ou Basie (J. Anderson), Old Nick (N. Steyn) & S.E. het in begin Maart 'n idee in die kop gekry om bietjie deur Westelike Transvaal met ons baie-sukkels te gaan. Ons idee was om alles beter bekend te raak met streke van Transvaal, & dus ook ons eie opinie te kan vorm oor al die huichel-praatjies van één van die „Backveld's". Ons drie het ons toe daarvoor ingerig. Ons sou Donderdag 27.3.'19 môre heel vroeg daar ook vertrek.
Dinsdag-aand kry ons ou vriend Jannie die treurige berig dat sy suster by huis, Philipstown, ernstig siek is. Pligsgevoel het hom toe laat besluit om ons teleur te stel. Hy is toe die nag naar huis.
Ons het toe lelik rondgeval om

Eerste bladsy van die toerverslag deur Frans du Toit.

Du Toit het na sy studiejare aan die PUK hom verder in die ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch bekwaam, waarna hy terug is na Potchefstroom en hy hom by 'n plaaslike koerant op die joernalistiek toegelê het. Op sy dag self 'n kranige rugbyspeler, het hy in hierdie tyd onder meer as hulpsekretaris van die jong Wes-Transvaalse Rugbyunie opgetree. Teen die middel van die dekade twintig het sy openbare loopbaan 'n aanvang geneem toe hy as Suid-Afrika se assistent-handelskommissaris in Londen aangestel is. Hierna volg 'n luisterryke loopbaan in regeringsdiens en sou hy ook later weer diep spore trap in die geskiedenis van sy Alma Mater.

Die manne was nog jonk en lewenslustig en só het Du Toit en twee vriende, Jannie (Basie) Anderson en Nick Steyn "in begin Maart 'n idee in die kop gekrij om bietje deur Westelike Transvaal met ons baie-sukkels te gaan", op soek na die sogenaamde "backveld" waarna anti-Afrikaners en veral hulle pers destyds so neerhalend verwys het.

Weens siekte tuis op Philipstown kon Anderson nie die rit meemaak nie en is "Vossie" (Vorster, identiteit onbekend) oorgehaal om sy plek te neem. Donderdagmôre 27 Maart 1919 om vyfuur die oggend het die manne hulle fietse gepak. Steyn was verantwoordelik vir die "reparasie-afdeling", wat saam met sy kerkskoene in 'n goiingsuikersak verpak en agter op sy "ponie" vasgemaak was. "Vossie" weer, "het sy hemde, ekstra broek, paar pare sokkies, sakdoeke ens. in 'n 'Liquorice Confectionery' dosie ingepak" en dit deeglik op "sy ou reun" vasgemaak. Du Toit se pakkasie het bestaan uit sy en Nick se klere, wat sorgvuldig in sy "Gladstone"-sak ingepak is: vir elkeen 'n gewone ekstra broek en 'n wit broek, vier hemde, sokkies, sakdoeke, handdoeke en 'n stuk Carbolic seep. En ook nog 'n paar stukkies biltong "wat ons die dag na ou Jannie se vertrek in sy kamer geërf het".




Frans J du Toit, Jannie Anderson en Nick Steyn ... drie musketiers wat fietstoer deur deur Wes-Transvaal beplan het. Anderson het egter onttrek.

So teen ses-uur die oggend het die drie musketiers sak en pak vanaf "die Ramkraal van die bult" koers gekry, in die rigting van Klerksdorp. "Toe ons Potchefstroom verlaat", teken Du Toit aan, "was ons 'Cyclometer' – wat mij edele reun aan sij voorpoot vasgehad het – op 8.1 mijl"; vir die res van die



Die "empaaier-gesinde" genl. Louis Botha in gesprek met 'n "backvelder".



Genl. Louis Botha, die Unie se Eerste Minister. Dat opponente na die "Botha-pes" (vir die Groot Griep van 1918) verwys het, het die tante dwars in die krop gesteek.

toer sou noukeurig aangeteken word hoe ver en teen welke spoed die drietal gevorder het.

Op pad het hulle by twee plase aangedoen, op die een oggendkoffie gedrink en toe op 'n plaas van 'n "geldman van Jewburg – 'n sekere Mnr. Jooste" aangekom, met 'n "Scotsman" as voorman. Ietwat sarkasties word verwys na die "egte Afrikaanse naam" van die plaas, naamlik "Bonnesburn Estate". Maar watwou: " Hier het 'n goeie ou Engelse tannie vir ons 'n koppie egte Chicory koffie laat smaak."

Nadat hulle 'n wyle op Klerksdorp vertoef het, het hulle teen drie-uur weer aangestoot. 'n Uur later was hulle op die plaas van die bekende politikus, die heer JA Neser [Volksraadslid vir Klerksdorp], waar hulle vriendelik ontvang is en onder meer heerlik in 'n groot dam kon swem. Teen sesuur die aand was hulle op 'n oom van Frans se plaas, waar hulle uitstekend onthaal is met 'n indrukwekkende aandete – en laataand met 'n bottel ingelegde vrugte.

Vrydag die 28ste Maart is verder gegaan, maar 'n "sij-paadjie" het hulle baie gemoor. Nee, meer nog, pen Du Toit dit neer: "Nou moet ek die treurige feit konstateer, dat die natuur ons ongunstig-gesind geword het. Ons kon die môre rij, na watter kant toe ons wil, maar die wind was sterk van vóór." Op 'n keer het hulle selfs in 'n digte sandstorm beland.

Hulle doen aan op die plase Klippan en Zendelingsfontein en kom dan op Leeuwkop, by 'n broer van 'n sekere genl Du Toit. "Die ou tante het ons goed ontvang, en tee en brood gegee. Sij kon dit glad nie oor haar hart krij nie, dat die mense die Griep Botha-pes kon noem nie. Ons het maar net 'Ja Tante', geantwoord." Laat-middag deur Wolmaransstad, het hulle skuins voor ses op die plaas Leeuwfontein van 'n mevrou Human aangekom. Haar man is ook in Oktober 1918 tydens die Groot Griep oorlede.

Heel dag al bekommerd oor waar hulle die nag sou slaap, was hulle baie ingenome toe die Humans, ten spyte van 'n vol huis, slaapplek aanbied en hulle in 'n heerlike kermisbed onder die verandah kon oornag. Maar daar was veel meer om te geniet.

By hul aankoms is hulle onder meer aan mej Ella Human ("ons drie se hoop") voorgestel. 'n Lekker koppie tee, toe 'n wassessie met die Carbolic seep by 'n windpomp so 'n entjie van die huis af, en daarna, by aandete, "het ons geregtigheid aan ons maë laat geskied".

Maar Ella was die spil waarom dit gedraai het: "Ella het net oulik waitress gespeel. Dit het gelyk of sy voldoening daaraan gevind het om ons te bedien … Toe ons opstaan was die eer mijne om mej. Ella te help afdek en daarna vir haar die skottelgoed te help was in die kombuis. Die ander twee was in die voorhuis, van waar hulle, net jaloers, 'n paar aanmerkinge laat kom het."

Al was die Humans in rou oor die afsterwe van die hoof van die huis, was hulle tog gesellig en opgeruimd. Mev Human het vir Frans laat dink aan die moeder in die rolprent "Mother O'Mine" terwyl haar seun en twee dogters (die ander een was getroud) die drie fietsryers "met musiek en grappe op egte gesellige wijse" getrakteer het. Teen slapenstyd het "Old Nick", wat dié naam gekry het oor die kwaai hitte daardie dag, "ewe astrant" teenoor mej Ella opgemerk dat die "baby" nog nie sy nagsoentjie gekry het nie. "Hy moes egter tog daarsonder gaan slaap", skryf Frans half selfvoldaan in sy toerverslag.

Daar is swaar afskeid geneem die volgende dag: "Die een was meer lus dan die ander om die oulike Ella bij hom op die rijwiel te laai en saam te neem.

'Skeiding is pijnlik en al wat pijnlik is moet gouw geskied', was ons motto en om 6.45 het ons vertrek van die plaas. 'Old Nick' het die laaste opdrag gekrij om tog nie weer die dag die kole te roer nie. Al omkykende is ons weg. Begerig kijk ons elkeen uit na die dag, wat ons weer 'n aantjie of wat by dié familie deur te bring (sic!)."

En so word daar van plaas tot plaas getoer, 'n draai op die delwerye te Kareepan gemaak (waar hulle "al die fase van 'n delwer se lewe en werke" ondersoek het) en op Sannieshof, Lichtenburg en Ventersdorp aangedoen. Oral is hulle gasvry ontvang en as't ware op die hande gedra. Op 'n sekere roete is hulle bietjie vreemd behandel en blyk die rede later: "Ons lijk so baie na 'diggers'."!

Op een van die plase waar hulle oornag het, was net die man en sy kleinseun op die plaas, maar hulle het dadelik tuis gevoel: "Bij ons aankoms het hij dadelik twee koeie laat melk. Hij het ons toe heerlike boerebrood en die twee koeie se melk voorgesit. Baie lekker [het] ons geëet en bijna nie eers 'n koppie melk laat oorbly nie. Baie aangenaam was dit om met die ou Oom [Stiglingh] oor allerlei onderwerpe te praat. 'n Interessante dispuut het ontstaan toe ou Vos meld, dat sij doel 'advokaat' was. Dit het die ou Oom teen die bors gestuit dat 'n mens kon besluit om te gaan leer om … die waarheid nek om te draai!"

Op besoek by studentemaat Tom Spoelstra en sy mense naby Sannieshof is die drietal "meer dan vriendelik" ontvang en moes hulle opsluit oorbly vir 'n gesellligheid die volgende aand. Die oggend is Frans saam met Tom Sannieshof toe, "om vir verandering 'n trein te sien", en toe breek die aand op De Klipdrif aan.


"Arrie!! Hier was nooiens, net van watter stovasie jij wil hê. Dit was plesierig en jolly heel nag deur. Ou Spoelie en Sixie (CP Venter) het weer net woeste rolle gespeel. Ons was nou vijf Theologie-vente bijmekaar. Die boerkies was van plan om ons vijf eerste te laat vra om op te hou! Maar moet nie glo nie, hulle het om half vijf ander dag môre voorgestel om op te hou."

Met net 'n uur se slaap is die fietsers die volgende oggend weg en doen hulle aan by die sendelingstasie op Rooijantjiesfontein (eerwaarde Schulenburg) en die plaas Hakboslaagte, ook behorende aan 'n Schulenburg. Laasgenoemde het 'n goeie indruk gemaak, as 'n "boer in die egte sin van die woord". So ook die vrou van die huis: "Die aandete het weer soos 'n feesmaal voor ons gestaan. Ons is nou al lang afgeleer om ons te laat nooi en dus het ons weer die saak van geregtigheid aan ons maë helemaal oordrijwe tot die uiterste toe." Die interessantste van die aand was egter die huisgodsdiens wat geheel in Duits plaasgevind het. 'n Paar sulke aande by sulke gasvrye Duitsers, sê Du Toit, dan praat hulle Duits vlot.

Vir Frans du Toit was dit ook aangenaam om weer die plek waar hy tevore vir twee jaar proefonderwys gegee het, te besoek. Prinsipaal Neethling en sy mense was nie tuis nie, maar Frans en sy maats was "stoutmoedig genoeg" om hulle tuis te maak en die nag alleen in die huis te slaap. Die huisbediende het hulle rojaal getrakteer, onder andere met skaapboud – maar darem onthou "dat die Mrs. haar vertel het van die Basie wat nie vlijs eet nie" (Frans). Nadat hulle weer "trommel vol" geëet was, is die aand "met allerhande kattepraatjies en grappies" deurgebring en het hulle toe gaan slaap, "onbesorg oor wat die gevolg van onse astrantheid môre sal wees".

"Môre" was toe Sondag en is die dag rustig aan huis van die eertydse prinsipaal deurgebring, saam met hul seun wat intussen opgedaag het. Maar, soos dit jong mans betaam: "Ons het egter nie vergeet nie om op die tije ons maë





TT Spoelstra en CP Venter. ... "het weer net woeste rolle gespeel, die aand op De Klipdrift".

geregtigheid aan te doen nie."

Vanaf Ventersdorp het hulle, deur kortpaadjies te wou volg, lelik verdwaal en moes hulle ente ver deur mielielande en modderpoele voortploeter voordat hulle weer die grootpad gekry het. By Witpoort, nog twee uur vanaf Potchefstroom, het hulle besef dis nou "last lap" en het hulle laat waai.


Die toer was iets van die verlede: "Om sewe uur het ons bij hierdie liewe ou losieshuis afgeklim, met die cyclometer op 348.2 mijl. Ons het dus vandag die rekord gebreek deurdat ons drie en sestig (63) mijl verslind het. Ons kan ons self nie glo nie dat ons vanaand weer in Potchefstroom sit nie. Dit dan nog bô op sonder één enkele hindernis (behalwe wind en sand) of teëspoed op pad. Dit alles kan nie anders dan ons in 'n dankbare stemming te bring nie."

"Oos, wes; tuis bes!"



Fietsryers in Frans du Toit se foto-album. Die foto is waarskynlik op De Klipdrift geneem, saam met "Ou Spoelie" en "Sixie".

## 1.7.3 "MEMBERS OF THE FLYING SQUAD" (MFS), 30-er JARE



EERSTE RY (Voor): H. Postma, J. P. Bingle (Vise Kaptein) M.F.S., A. Aucamp, J. van Ryssen.
TWEEDE RY: J. Havinga, W. Coetzee S. du Toit (Afrigter), J. du Plooy (Kapt.), A. Venter, D. de Lange.
DERDE RY: P. Rossouw, J. Jonker, J. Schutte, J. van der Merwe, S. van Heerden, W. Stapelberg H. Bingle, M.F.S.
VIERDE RY: C. Vorster, W. L. du Plessis (Sekretaris) M.F.S., J. van der Walt.

THEOS 1931

**Ietwat vreemd, dié letters "M.F.S." agter die name van sommige van die rugbyhelde op hierdie foto van 1931. Die afkorting staan vir "Members of the Flying Squad", 'n paar bevoorregtes wat oor die luukse van 'n fiets op die PUK-kampus beskik het!**

'n Nogal unieke "klub", dié MFS'e van die dertigerjare. Volgens Jan F du Plooy, kaptein van die 1931 span en self nie eens 'n lid van die "klub" nie, het slegs een student iets meer as 'n fiets kon bekostig, naamlik Ernst Malan, wat 'n motorfiets gehad het. Van die rugbymanne was daar slegs drie wat die titel "M.F.S" agter hul name kon skryf, naamlik sekretaris WL (Wynand, bygenaamd Polsier) du Plessis en die Bingle-broers, JH (Hansie) en HJ (Hennie). Twee ander ridders op die ysterperd was latere professore AP Malan en DW ("Daantjie Donder") Krüger.



Fietse by opening van Teologiese Skool in 1905

Hierdie inligting lyk ietwat vreemd as in gedagte gehou word dat reeds met die opening van die Teologiese Skool te Potchefstroom aan die begin van 1905 daar heelparty studente met fietse voor die nuwe geboue geparadeer het. En deur al die jare heen het eienaars van fietswinkels ywerig hul variante rywiele in die studentepublikasies onder die aandag van studente probeer bring. Die skaarste aan hierdie later so gewilde ryding op die PUK-kampus op hierdie tydstip – 1931 – moet waarskynlik toegeskryf word aan die knellende ekonomiese wurggreep wat die hele land in hierdie tyd van depressie en droogtes ondervind het.

Fiets advertensies







In sy latere loopbaan, as dosent maar ook as rektor, het Hennie Bingle die fietstradisie voortgesit en, soos die *PU-Kaner* dit stel, getoon "dat so 'n nederige ryding nie statusgebonde is nie". Ook sy voorgangers, rektore Ferdinand Postma, Joon van Rooy en Chris Coetzee, sou met reg terugwerkend aanspraak kon maak op lidmaatskap van 'n oorkoepelende MFS.

Prof HJJ Bingle met sy fiets, in vroeë sewentigerjare.



## 1.7.4 "WALVISBAAI NA BEIRA – PER FIETS!" (1969)

**Leon Wessels en Kal Barnard se poging in 1969 om vanaf Walvisbaai aan die westelike kuslyn van Suider-Afrika dwarsoor die vasteland tot in Beira op die Ooskus te "tandem" (met 'n dubbelfiets te ry), is ook 'n sage op sy eie – al het die twee avonturiers nie heeltemal in hulle doel geslaag nie. Twee berigte in die studentekoerant destyds vertel die storie van hul avontuurlike rit.**

# Walvisbaai na Beira - per fiets - of bars!

**TWEE PUKKE WIL tydens die Julie-vakansie gemiddeld 150 myl per dag aflê — met 'n dubbelfiets. Dié twee, Kal Landsberg en Leon Wessels, beplan om in 22 dae die afstand van 2700 myl van Walvisbaai tot in Beira af te lê.**

Hulle het 'n dubbelfiets laat maak deur 'n bekende fietsmaatskappy, en hoop om deur een of ander instansie geborg te word.

Die fiets word per trein na Walvisbaai gestuur, vanwaar hulle op 6 Julie sal vertrek. Op 5 Julie vertrek hulle per vliegtuig vanaf Jan Smuts-lughawe na Walvisbaai. Hulle hoop om op 15 Julie in Johannesburg aan te kom, en dan op 27 Julie weer in Salisbury vanaf Beira.

Die twee avontuurlustiges beplan om sowat 10 ure per dag te ry. Die fiets is „Snoopy" gedoop, na aanleiding van die kannie-dood maantuigie van die Appollo-manne, wat nou op pad is son toe. (Die Transvaler, 26 Mei.)

Leon en Kal sê hulle weet nie of so 'n afstand al in so 'n kort tydjie voorheen in Suid-Afrika afgelê is nie. Talle mense het hulle al afgeraai, maar hulle is vasbeslote.

Hulle sal baie fiks moet wees om dit met 'n dubbelfiets reg te kry, en hulle oefen reeds elke dag om lang afstande met die fiets af te lê. Die manne benader die saak nie as speletjies nie, maar as 'n uitdaging vir hulle deursettingsvermoë.



LEON EN KAL HARD BESIG OM TE OEFEN VIR HUL MARATHON-REIS.

*(Foto: Du Preez Martins)*

# Stukkende fietse kortwiek toer

**TWEE PUKKE het die afgelope vakansie gepoog om die bykans 3000 myl tussen Walvisbaai en Beira per dubbelfiets af te lê binne 21 dae. Hulle is Leon Wessels en Kal Landsberg, beide in hul derdejaar Regte.**

Leon en Kal het op Vrydag 5 Julie per vliegtuig vertrek na Windhoek, waarvandaan hulle na Walvisbaai geryloop het. Hulle het oorspronklik beoog om 150 myl per dag af te lê, sodat hulle 21 dae sonder onderbreking sou moes aanhou trap om die afstand af te lê. By hulle op die fiets het hulle 40 pd. bagasie gehad, wat slegs die nodigste bevat het, o.a. slaapsakke en sweetpakke. Hulle het geen voedselvoorraad saamgeneem nie, maar kos gekoop op verskillende dorpe. Volgens hulle, het hulle maar van „brood en water" gelewe!

Op Okahanja het hulle in die gevangenis oornag (as gaste!). Hulle het dikwels die nag saam met joggies by petrolpompe deurgebring.

Voordat hulle vertrek het, het hulle die fietsmaatskappy deur wie hul dubbelfiets vervaardig is, getelefoneer om seker te maak dat die fiets in staat sou wees om die twee én hul bagasie te dra. Die woordvoerder het hulle verseker: „We make tandems, not tricycles!"

Dit het egter gou geblyk dat die fiets begin swaarkry het. Hulle kon slegs agt dae voorspoedig ry, waarin hulle egter reeds 1000 myl afgelê het. Toe het die naaf van die agterwiel gebreek en die voorwil se velling gebuig.

Gevolglik kon die twee reisigers slegs Lourenco Marques bereik. Die laaste 15 myl daarheen is met elf af speke afgelê! Daar moes hulle die fiets op die trein laai en terug ryloop. Die onkoste sou te veel en die tyd te min wees om die roete te voltooi.

Leon en Kal is egter nie teleurgesteld met hul poging nie. As dit van hul eie fiksheid en deursettingsvermoë afgehang het, sou hulle hul doel bereik het. Toe die fiets die eerste keer gebreek het, was hulle reeds voor op hul program.

Die onderneming het hulle ook baie genot verskaf. Volgens Leon was dit die lekkerste van alles wanneer die fiets glad loop en alles goed gaan. Hulle het 'n gemiddelde spoed van 20 m.p.u. gehandhaaf.



Omdat berigte in die pers verskyn en oor die streeknuus uitgesaai is, het mense in Suidwes die twee herken. By die paspoortkontrole is hulle spesiaal vinnig deurgehelp. By die grens op Komatipoort het Portugese die twee toegejuig en hande geklap.

## 1.7.5 FIETSE HELP BYBELS VERSPREI (1973)

**Beira op die Ooskus van Afrika is skynbaar 'n gewilde vertrek- of aankomspunt vir fietsryers. In die wintervakansie 1973 het 'n aantal studente van die PUK hierdie roete van byna 4000 kilometers per fiets afgelê – vir Bybelverspreiding.**

# FIETSRYERS HELP BYBELS VERSPREI

**ONDER beskerming van die Admissiebond het agt studente van die Potchefstroomse Universiteit die afgelope vakansie 3 700 km van Beira na Kaapstad afgelê.**

Dit het 22 dae geduur en in dié tyd het hulle ongeveer 60 000 Bybels en traktaatjies in Tsonga, Zoeloe, Xhosa, Afrikaans en Engels versprei. Die studente is Danie Joubert, Johan Eloff, Dawie Strydom, Christo Krause, Christo Botha, Michiel van den Berg, William du Toit en Etienne Dorfling.

Die Bybels is vooraf na sendingstasies gestuur vanwaar dit met 'n motorvoertuig versprei is. Die mense wat die manne moes versorg met voedsel, medisyne en reparasies, is mnr. en mev. Maree van Vredefort (tot in Durban) en daarna Etienne Fourie en Bennie Heymanns. Die groepie is oral baie hartlik en gasvry ontvang.

Teëspoed was volop. Weens vele opdraandes, winde en siektes, is daar van die kusroete afgesien en deur die Karoo gery. Ander probleme wat ondervind is, was 20 papwiele, gebreekte ketting en as, 2 gebarste bande, gebreekte stuur, 2 valle in woelige verkeer, 'n malaria- en bloedvergiftigingsgeval en verdwalings. Daar is ongeveer 300 km grondpad gery waarvan groot dele baie sleg was. Ten spyte van talle probleme, het die toerspan hulle baie lofwaardig gedra.

Die onderneming is begin toe 'n ruimhartige skenking van R1 000 vir Bybels, van 'n persoon in Virginia, ontvang is. Ander ruim bydraes is ontvang van mnr. Theo Strydom van Parys, 'n kombi; mnr. Alex Lipworth, Johannesburg, R220; mnre. Sustagen, Johannesburg, energiegewende middels; en verskillende gemeentes.

Dr. F. J. Buys, dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit, het fiksheids- en cholesteroltoetse op die fietsryers uitgevoer. Almal het ongeveer 5 kg gewig verloor.

Op hulle toer het die fietsryers 'n boodskap van die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, aan die burgemeesters van ongeveer nege dorpe en stede oorhandig.

Die manne is vol moed om volgende jaar weer so 'n toer te onderneem.

## 1.7.6 "TOER MET FIETSE VIR SANRA"

**"Ons as studente van die P.U. vir C.H.O. het gevoel dat hierdie poging uiters noodsaaklik is, aangesien die getal dwelmverslaafdes en alkoholiste drasties verhoog het. Die koste vir die behandeling van diesulkes is geweldig hoog."**

Met dié filantropiese benadering het 'n sestal PUK-studente teen die einde van 1973 hulle ysterperde bestyg en vanaf Pretoria via Potchefstroom, Bloemfontein, Oos-Londen en Port Elizabeth die kollektebussies geskud, namens SANRA (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Dwelmmiddelverslawing).

Die *PU-Kaner* het die toer effens gemonitor in uitgawes gedurende November en Desember 1973:

# Toer met fietse vir SANRA

**SES studente van die Potchefstroomse Universiteit het besluit om in November/Desember 1973 'n fietstoer te onderneem en daarmee 'n fondsinsamelingsveldtog te loods vir SANRA (Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Dwelmmiddelverslawing).**

Mnr. D. Hugo, een van die studente, het gesê: „Ons as studente van die P.U. vir C.H.O. het gevoel dat hierdie poging uiters noodsaaklik is, aangesien die getal dwelmmiddelverslaafdes en alkoholiste drasties verhoog het. Die kostes vir die behandeling van diesulkes is geweldig hoog."

Die behandeling van alkoholiste duur drie weke en langer. By die dwelmmiddelverslaafdes duur die behandeling etlike maande. Benewens mediese behandeling, moet pasiënte ook nog sielkundige behandeling kry.

Mnr. Hugo het gesê: „Ons vra die publiek se onbaatsugtige samewerking en ondersteuning vir die studente se onderneming ten bate van SANRA. Ons gaan al die organisasies op elke dorp in ons land vra om 'n deeltjie by te dra."

Tydens die fietstoer wat van 26 November tot 12 Desember 1973 sal strek, kan die fondse aan die studente oorhandig word. Hulle sal dit dan aan SANRA oorhandig wat dit pro rata sal verdeel volgens die hoeveelheid wat in elke gebied ingesamel is.

Die roete wat die fietsryers gaan volg, is van Pretoria deur Potchefstroom, Bloemfontein, Oos-Londen, Port Elizabeth tot in Kaapstad. Alle dorpe wat buite die roete val, kan hulle bydrae pos aan SANRA-fietstoer, Posbus 10134, Johannesburg.

Persoonlike bydraes is ook baie welkom. Dit kan ook aan bogenoemde adres gerig word. Dié geld word so ver moontlik aangewend tot voordeel van mense vir die gebied vanwaar dit ontvang is. Dus word 'n volledige adres van die afsender verlang.




**Van links na regs: Louw van der Walt, Danie Hugo, Philip Visser, Hannes van Wyk, Gert de Beer (6e persoon afwesig). Die hempies van die manne is goedgunstiglik met hulp van die Melkraad verskaf.**




Die ses fietsryers van die Potchefstroomse Universiteit wat nou besig is om geld in te samel vir Sanra, het op 26 November veilig en sonder teëspoed op Potchefstroom aangekom waar hulle deur mnr. A. J. Pienaar, direkteur van die Castle Carey-kliniek in Pretoria (links by sy ou motor) en die burgemeester, mnr. Jan du Raan (regs), ontvang is.

**SES STUDENTE van die Potchefstroomse Universiteit is besig met 'n landswye fondsinsamelingsveldtog vir SANRA (Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad i.s. Alkoholisme en Dwelmmiddelverslawing.**

Die veldtog het in Julie begin toe die Direkteur van SANRA briewe aan al die munisipaliteite in die Republiek geskryf het. Hy het hulle gevra om die veldtog in hulle dorp te propageer en 'n beroep gedoen op die verskillende organisasies op die dorpe om funksies te reël om geld vir SANRA in te samel.

Die studente sluit hulle poging af met 'n fietstoer op die roete Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom, Bloemfontein, Oos-Londen, Port Elizabeth, Somerset-Wes. Tydens die toer word die geld wat op dorpe op die roete ingesamel is, deur die burgemeesters aan die studente oorhandig. Persoonlike bydraes kan by daardie geleenthede ook gemaak word. Die dorpe wat nie op die roete lê nie se bydraes word gepos aan: SANRA-PUK-fietstoer, Posbus 10134, Johannesburg.

Op Potchefstroom as tuisdorp van die studente, is die SAVF en ander organisasies hard besig met die reël van funksies. Die Studenteraad van die P.U. het reeds 'n skenking belowe, en Caritas, die Vereniging van die Maatskaplike Werkstudente, doen baie om die veldtog 'n sukses te maak. Die stadsklerk, mnr. S. Olivier en die Stadsraad van Potchefstroom se goedgesindheid is reeds bewys deur vir die studente slaapplek en ete by die Dam te reël met hulle aankoms hier. 'n Donasie is ook gemaak.

Die studente vertrou verder op Potchefstroom se inwoners vir 'n ope hand met hul aankoms om 6 nm. op 26 November by die stadsaal. By daardie geleentheid kan alle fondse wat ingesamel is, aan hulle oorhandig word.

Die Melkraad was so vriendelik om aan die studente hempies te voorsien. Melk word in die groot sentra aan hulle verskaf.

## 1.7.7 " PUKKE RY WEER FIETS … EN SPAAR PETROL!" (1974)

**'n Nogal nie-te-versmaaie oliekrisis in die vroeg-middel-sewentigerjare het 'n merkbare uitwerking gehad op Potchefstroom, tradisioneel 'n fietsdorp maar op daardie stadium besig om dié besondere karaktertrek te verloor. Veral op die Bult, onder die studente, was daar skielik 'n groot opflikkering vir sover dit hierdie geykte vervoermiddel gebruik. Ook die PUKKE het weer fiets gery … voor die voet!**

Só is op 28 April 1974 deur samesteller hiervan in Tydskrif-Rapport verslag gedoen:

"Die Pukke ry weer fiets! Asof met 'n towerstaf, het die hardekoejawel Arabiese oliesjeiks 'n ou-ou tradisie in Potchefstroom in ere herstel. Dit het al net begin lyk asof die motor hierdie tradisionele vervoermiddel, wat tot enkele jare gelede nog aan Potchefstroom die reputasie van '"fietsdorp" besorg het, heeltemal van die kampus af verdring het. Studente met motors het in een van die grootste kopsere van die universiteitsowerhede begin ontwikkel.




Prof Johan Claassen bestyg sy ysterperd, op pad klas toe.

"Toe kom die olie-krisis.

"Met die begin van die nuwe akademiese jaar moes rye en rye fietsrakke, weliswaar verroes ná al die jare van onbruik, oral op die kampus aangebring word. Kyk hoe staan hulle nou weer daar: fiets op fiets op fiets …

"Dit verg mooi loop op die kampus, veral by klaswisselings, om nie deur 'n fiets omgery te word nie. Motors is ook nog daar. Maar om deesdae op die Puk 'in' te wees, moet jy 'n fiets hê en daarmee klas toe ry.

"Jy's nog inner as die fiets 'n ou model is, soos dié van mnr Hans van Zyl, van die administratiewe personeel. Hy ry sedert hy op skool was, met dieselfde fiets! **[Kyk 1.5.8, onder]**



Student Juanita Loftus, ook op pad klas toe.

"Behalwe brandstofbesparing het die herleefde tradisie ook die newe-effek dat die akute parkeerprobleem, waarmee die universiteit die laaste jare in toenemende mate opgesaal was, homself grootliks opgelos het.

"So sê die rektor, prof Hennie Bingle, wat natuurlik self 'n mooi voorbeeld stel. Is die geleentheid daar, ry hy met sy ou model (knopperige saal en al) kantoor toe. Met sy fietsryery sit prof Bingle vanselwers 'n ou-ou tradisie voort: al sy voorgangers, professore Ferdinand Postma, Joon van Rooy en J Chris Coetzee – veral laasgenoemde – was in die jare her ywerige trappers van die ysterperd.

"Talle dosente is deesdae fietsryers. Trouens, daar word spottenderwys vertel dat party dosente reeds vóór die olie-krisis verplig was om vir hulle fietse aan te skaf – die studente met hul motors het al die parkeerplekke ingepalm!

" 'n Syfer kon nie verkry word nie, maar seker goed die helfte van die personeel gebruik op groot skaal fietse. 'n Bekende fietshandelaar op die dorp vertel dat fietsverkope onder die dosente skerp gestyg het. Daar is ook 'n groot vraag na tweedehandse fietse – maar hulle is so skaars soos hoendertande! Bromponies en soortgelyke selfaangedrewe rygoeters is ook baie gewild onder dosente en studente. Dis baie meer ekonomies as motors ...



Geskiedenisdosent ZL Pretorius het pas sy fiets ge-"rak".

"Aan vindingrykheid ontbreek dit 'n student mos nooit nie. Daarvan getuig die mono-fietse van Kleinpiet Prinsloo en Deon Buys en ook die donkie-spaaider waarmee Kobus van der Walt vir Diona Saayman die hof maak. Of hierdie

rygoed, die een uitheems en die ander so tradisioneel soos kan kom, die toets sal deurstaan en hulleself sal kan handhaaf teen die motor en nou ook weer die fiets, is hoogs te betwyfel.

"In elk geval wys dit dat die olie-krisis wel vir baie Pukke 'n saak van erns is."




Drikus Buys en Laurita Prinsloo het hul eie "saamry-klub" gestig en spaar nie net petrol nie maar bonop energie.



Daar staan hulle, in die rakke: fiets op fiets op fiets ...

## 1.7.8 "GROOT DROEFHEID OOR 'OU DIKWIEL' " (1976)

PU-Kaner 21.5.1976

# *Daar is groot droefheid oor Ou Dikwiel*

**(deur Piet van van der Schyff)**

**OP die Bult heers daar droefgeestigheid oor die verlies van wat feitlik historiese erfenis en besienswaardigheid was. Die bekende mnr. Hans van Zyl se ewe bekende fiets is gesteel!**

Ja, dit het sommer net een nag verdwyn, puur en simpel. Uit sy motorhuis, dáár ylakby Potchefstroom-Noord se kerk en die Skooltjie en dit Wit . . . ag ekskuus, die nuwe Sinodesaal. Iewers in Potchefstroom skuur 'n sitvlak op 'n fietssaal wat dit paramanel-waar nie verdien nie. En arme Hans! As hy inflasie wil bestry en nie met die motor ry nie, moet hy voetslaan!

Dit was al amper so 'n bekende gesig soos die akkerbome van Tomstraat, dié van Hans op sy fiets: effens vooroorgeboë met die arms so effens bak en met die bene-skouers-kop-trapkombinasie van links-skuur-regs-skuur-links-skuur-regs . . .

Soggens vroeg, winter of somer. jaar-in en jaar-uit was dit dieselfde storie: op Puk-toe en met etensuur terug, daarna weer werk toe en ná werk weer huis toe. Tussenin kom jy Hans op sy fiets in die dorp teë, of is hy op pad Olënpark toe om sy verpligtings dáár na te kom of om die Pukke te ondersteun. 'n Onafskeidbare kombinasie, dié twee: Hans so vol liefde vir ou Dikwiel, en ou Dikwiel so geduldig, gedienstig, gedwee.

Hul paaie loop al van ver af saam.

Terug in 1953 — Hans was nog 'n standerd 8-klong — toe vra Hans vir sy pa: „Pa, koop vir my 'n fiets, pa." Toe koop sy pa vir hom dié dikwie, 'n Raleigh, kompleet met 'n klokkie, 'n pomp, 'n lig en 'n mylmeter. Skool-toe, en naweke is daar hot en haar in Vryburg se strate gefiets.

Ná matriek is Hans Puk-toe, vir eers sonder die fiets. Spoedig is ontdek dat 'n ryding op die Bult 'n onontbeerlike item was en moes pa vir Ou Dikwiel met die trein aanstuur. Daarna het dit spanne beter gegaan. Maar o, die ou-here het dan 'n manier om net 'n man se ryding op te kommandeer wanneer hulle wil. Soos dié een, wat die middag elders in die dorp moes gaan krieket speel. Anderdagmôre vra Hans ewe skaam-skaam na sy fiets, net om te hoor dat die meneer ná die wedstryd 'n „lift" terug met n motor gekry het! Gelukkig het Hans die fiets nog langs die veld gekry.

Op 'n ander keer was Hans se fiets onder die gewese ou groot bloekoms by Olënpark geparkeer, toe hy skielik 'n opgeskote seun betrap, besig om die dinamo-lig af te haal. By aanhore van die „Haai, wat maak jy?" het die jong knaap hom papnat geskrik!

By 'n ander geleentheid het Hans self vir Ou Dikwiel by die ou Puksportterrein vergeet. Vir die terreinopsigter was dit later darem al te vreemd, dié ta wat daar so met 'n fiets op sy skouer rondstap. Weer net 'n „Haai jy!" en daar val die fiets en hol die dief! Die opsigter het die fiets herken en dit aan sy wettige eienaar terugbesorg.

Dikwels was Ou Dikwiel die prooi van studentepoetse, en moes Hans hom van bó een van die bekende sluite voor die ou Hoofgebou of hoog uit die takke van Tomstraat se akkerbome „red." Goeie en gereelde nasienwerk by Heidema se fietswinkel het gesorg dat Ou Dikwiel ná 23 jaar feitlik nog „spotless" was, hoewel in die proses baie bande en baie sale in die slag gebly het. (As dit só met die *sale* gegaan het, kan 'n mens maar net wonder hoe dit dan met Hans gesteld was!)

Nadat meer as 6 000 myl afgelê is, is die mylmeter gesteel. Miskien was dit net waar Hans die fout gemaak het, deur te besluit om nie weer 'n mylmeter te koop nie („netnou steel hulle dit weer"). Op die ou end word die hele fiets gesteel!

„Maar Hans", vra ek hom die dag ná die ramp hom getref het, „jyt darem seker die diefstal by die Polisie aangemeld. Dis mos iets unieks, 'n soort van historiese gedenkwaardigheid."

„Ja man," sê hy só op sy manier, „dis net waar die probleem inkom. Ou Dikwiel het nooit 'n lisensie gehad nie!"




Mnr.Hans van Zyl op sy geliefde Ou Dikwiel.

## 1.7.9 DUIF "WEN" HARTE … MET "ONVERGEETLIKE ERVARING" (1983)

**'n Hartroerende of, dalk beter gestel, 'n hartverwarmende storie, dié van Duif du Toit.**

**Die verhaal van Duif se epiese staptog is destyds as twee bydraes in die jaarblad van die Geskiedenisvereniging, Vivat Historia, opgeteken.**



Vooraf is intensiewe toetse deur mnr Dawie Malan van die Instituut vir Biokinetika op Duif gedoen.

***DUIF "WEN" HARTE ... EN MAAK GESKIEDENIS!***

Daar was wel 'n titseltjie bekendheid in sy voorkoms, maar die 1984-klasse was reeds 'n geruime tyd aan die gang voordat die dosent in Geskiedenis besef het dat dié mnr. J. de V. du Toit eintlik niemand anders was nie as Duif du Toit, van hartklop-faam!

Dié beskeie, stil groot man het geskiedenis gemaak toe hy in 1983 'n afstand van byna 7 000 kilometers feitlik reg rondom die Republiek te voet afgelê het. In die proses het hy R143 000 vir die Hartstigting van Suid-Afrika ingesamel.

In die motivering vir die stap-projek is daarop gewys

* dat daar elke dag 25 mense in Suid-Afrika aan hartsiektes sterf.

* dat meer volwasse Suid-Afrikaners jaarliks aan hartkwale sterf as aan kanker en in motorongelukke saam.

* dat meer mense aan hartsiektes sterf in Suid-Afrika as op enige ander plek ter wêreld.

Duif se staptoer was aanvanklik geskeduleer om agt maande te duur, maar na sewe maande en vier dae was hy terug by die beginpunt - Kaapstad. Hy het 'n gemiddelde afstand van veertig kilometer per dag afgelê. Volgens die rekenaar moes sy hart tydens die staptog meer as 27 miljoen keer geklop het!

Oral waar hy gekom het, is Duif baie hartlik ontvang en op die hande gedra. In Rustenburg byvoorbeeld het 'n kadetorkes hom deur die dorp begelei, en op baie ander plekke is spesiale programme aangebied om saam te val met sy besoeke.

Voor, tydens en na afloop van die staptog is intensiewe toetse by die Johannes van der Walt Instituut vir Biokinetika aan die PU vir CHO op hom gedoen. Hy het ook vooraf 'n baie intensiewe fiksheidsprogram deurloop - ten spyte van die feit dat hy 'n ywerige sportman is.

Duif was darem nie stoksielalleen nie. Marius du Plooy, van SAUK-faam, het die eerste deel van die toer per woonwa-motor meegemaak. Hierna was vroulief Louise agter die stuur en in voortdurende radio-kontak met hom as hy nie die slag padlangs gestap het nie. Op 'n keer was daar byna paniek toe Duif vir 'n tyd lank spoorloos "verdwyn" het: die radioverbinding was tydelik onderbreek!

Blase onder die voete het na 'n week se stap 'n effense ongemaklikheid tot gevolg gehad. Op 'n keer moes Duif lig loop vir 'n losloper-leeu, terwyl hy dikwels ander wilde diersoorte op sy roete teengekom het.

Die lekkerste deel van sy staptoer, naamlik dié langs die Wildekus van die Transkei, het tegelykertyd ook enkele "noue ontkomings" opgelewer. Daarvan vertel Duif in die meegaande artikeltjie wat spesiaal vir *Vivat Historia* saamgestel is. (Erkenning: Duif du Toit, Potchefstroom Herald, Die Wapad e.a. koerante).

***'N ONVERGEETLIKE ERVARING***

*- Duif du Toit*

Die sewe maande lange staptog van 6 450 km reg rondom die grense van die Republiek van Suid-Afrika het my na die mooiste dele van ons land geneem: die Weskus, Namakwaland, Boesmanland, Kalahari, Noord-Transvaal, Oos-Transvaalse Laeveld, Zoeloeland, Natal, Transkei, Ciskei, Oos- en Wes-Kaap.

Elke gebied het sy eie bekoring gehad, maar daar is tog 'n deel wat ek wil uitsonder omdat dit hoër fisiese eise aan my gestel het as die ander dele, naamlik die Transkeise Wildekus. 'n Paar weke voor my aankoms is vyf stappers van die Rand deur 'n groep swart jeugdiges aangeval en van hul toerusting beroof. Die Transkeise Regering het toe die roete van Port Edward tot Port St. Johns gesluit omdat hulle nie stappers se veiligheid kon waarborg nie. Verder mog niemand alleen 'n staproete aanpak nie. Weens die omvang van Hartklop 83 en met die hulp van die SA Ambassade in Umtata, het ons egter wel die groen lig gekry.

Volgens die vooropgestelde roeteplan het ek tien dae gehad om die sowat 340 km af te lê. Dit was 'n ontsettende uitdaging vir my om dit in so kort tyd as moontlik af te lê en ek het toe uitgewerk dat agt dae genoeg behoort te wees. Dit het beteken dat 'n gemiddeld van 42,5 km/dag gehandhaaf moes word. Padlangs is dit nie baie moeilik nie, maar oor ruwe terrein met geen paaie, beboste koppies, berg- en kransgebied en baie riviere sou dit heel 'n ander storie wees. Ons het so goed moontlik beplan sodat die bystandsvoertuig in die namiddag vir my by 'n sekere rendezvous sou wag. Die voertuig moes elke dag van die kus na die grootpad (soms 80 km ver) en terug sig-sag. Party paaie was egter heeltemal onbegaanbaar en by twee geleenthede moes ek in die veld oornag en die volgende dag na die volgende rendezvous stap.

Die 110 km van Port Edward tot Port St. Johns het drie dae in beslag geneem. Hier het ek van die mooiste strandjies gesien wat daar seker te vinde is. Ander interessanthede langs dié deel is 'n skipwrak wat onder die sand uitsteek; drie watervalle wat direk die see instort waarvan Waterfall Bluff die bekendste en hoogste (sowat 100 m) is; en dan ook die bekende Cathedral Rock. Baie van die kranse vorm loodregte afgronde met die see en meer as een keer moes ek letterlik teen die rotse vassuig om te verhoed dat die sterk winde my van die rotslyste afruk. By Port St. Johns is ek met 'n veerbootjie oor die Mzimvuburivier wat 'n haaiparadys is. Dit was ook opmerklik hoe afhanklik die plaaslike bevolking van die see is vir hul daaglikse kos: die mans vang vis met handgemaakte visstokke terwyl die vroue en kinders die rotse van mossels, oesters en allekrekels stroop.


Die 80 km van Port St. Johns na Koffiebaai het twee dae se stap gekos. By Mngazana is die beste voorbeeld van 'n wortelboommoeras in suidelike Afrika omdat al drie spesies, wit swart en rooi, hier voorkom. Net anderkant Brazen Head loop voetpad vir 'n paar kilometer deur 'n woud letterlik duisende broodbome. Die Hlul Natuurreservaat is 'n groot woud met 'n beskern strandjie en 'n paar houthuisies wat gehuur word. Die stappers slaap in 'n ou kliphuis badgeriewe.

Die rivier by Mtakatye het te sterk gevloei om d te swem en ek moes toe anderhalfuur wag voorda blanke visserman my met sy boot oorgeneem het. Umtatamond het ek wéér met 'n veerboo oorgegaan.



Die 150 km van Koffiebaai tot die Keimond is in dae afgelê. Die grootste teenspoed het ek gekry ek by die bekende Whole-in-the-Wall die rivier gladde ronde klippe moes deur en my linkerv beseer het. Ek het aangesukkel tot by Oeramo waar ek geen ander keuse gehad het as om deur sterkvloeiende rivier te swem nie. Nou is dit so veral die mondings van die groot en diep riviere die Transkei vol haaie kan wees omdat hulle hoogwater agter die vis die rivier in opswem en d aas. Ek het my klere uitgetrek, dit in oorlewingsak saam met my rugsak geprop doodbeangs na die oorkant geswem soos nog n tevore nie.

Daarna moes ek nog ver stap en het eers 19h00, 'n skof van 60 km, by The Haven aangekom w die eienaar my slaapplek in 'n rondawel "Hikers H aangebied het. 'n Bord tuisgemaakte toebrood met koffie het soos manna uit die hemel gesmaak!




Met hoogwater die volgende oggend het ek deur nog 'n rivier geswem en was ek in die Dwessa Wildreservaat. 'n Blanke wildbewaarder het my voorgekeer en ingelig dat die rivier waardeur ek die oggend geswem het, krokodille in het en dat ek maar moet oplet vir die buffels en renosters wat ook in die reservaat is. Vanaf Mazoppabaai was die terrein baie meer begaanbaar en het dit makliker gegaan tot by die Keirivier wat dan ook die suidelike grens van Transkei is.

Van die 65 riviere wat op die kaart aangedui word, is ek deur en oor 44. Die ander was met sand toegeslik as gevolg van die springgety die vorige week. Ek kon kniediep en halflyf deur 37 riviere stap, 4 is met veerbootjies oorgevaar en deur 3 moes ek swem.

Dit was 'n onvergeetlike ervaring. As daar een gebied is waar ek weer wil stap, is dit die Transkeise Wildekus.

Stukkende skoene ... maar ‘n tevrede glimlag!

